



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**‘N PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE
INKLEDING VAN DIE EREDIENS MET DIE DOEL OM
DIE VERSKILLENDE GENERASIES IN ‘N
GESAMENTLIKE FAMILIE-EREDIENS AAN TE
SPREEK.**

DEUR

ELIZABETH CATHARINA WAGNER-FERREIRA

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD**

PhD (PRAKTIESE TEOLOGIE)

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROFESSOR CJA VOS

MEDE-STUDIELEIER: PROFESSOR HJC PIETERSE

APRIL 2008

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	7
1. KEUSE VIR DIE ONDERWERP	7
2. NAVORSINGSVRAAG.....	10
3. DOELSTELLING	10
4. METODE.....	12
5. VOORLOPIGE AFBAKENING	13
6. WOORDKEUSE.....	14
7. TEOLOGIESE FUNDERING.....	15
8. PROBLEEMSTELLING	16
9. DOELSTELLING	17
10. VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK.....	17
HOOFSTUK 1 - FAMILIEBEDIENING IN DIE GEMEENTE – KOSEPTUELE	
RAAMWERK	18
1. “FAMILIE” EERDER AS “GESIN”.....	18
2. ’N DEFINISIE VIR “FAMILIE”	20
3. FAMILIES EN DIE BYBEL	24
4. KERK AS “FAMILIE”	29
5. FAMILIALE LEES VAN DIE BYBEL.....	33
6. DIE GEMEENTE	35
7. FAMILIEBEDIENING.....	36
8. PLEKVINDING VAN DIE JEUG IN DIE GEMEENTE.....	41
9. DIE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE GENERASIES OP DIE FAMILIE-EREDIENS.....	43
9.1. “G1” Generasie	45
9.2. “Silent” Generasie	46
9.3. “Baby Boomers”	47
9.4. “Generasie X”	49
9.5. “Millennium-generasie”.....	53
10. INTERGENERATIEWE BEDIENING	57



10.1. Die behoeftes van die laerskool kind.....	60
10.2. Eiesoortige behoeftes van die tiener	61
10.3. Behoeftes van die ouers	64
10.3.1. Ondersteuning.....	64
10.3.2. Selfontwikkeling.....	69
10.3.3. Familiestrukture ondersteun.....	71
11. DIE ROL VAN DIE GEMEENTELEIERS.....	78
12. FAMILIEBEDIENING BINNE DIE GEMEENTE KONTEKS.....	81
13. FAMILIE-GEMEENTE PROJEK (FGP).....	82

HOOFSTUK 2 - TEOLOGIESE SKRYWE: EREDIENS EN PREDIKING –

KONSEPTUELE SKRYWE.....	92
1. DIE KERK	92
1.1. Situasië in die gemeentes van die NG Kerk.....	93
1.2. Definisie van die erediens	98
1.3. Erediens as kunswerk	100
1.3.1. Observasie.....	103
1.3.2. Interpretasie	104
1.3.3. Antisipasie	105
1.3.4. Transformasie	106
1.4. Verbruikersmentaliteit	106
1.5. Kritiek teen die erediens.....	108
1.6. Preekwerkgroepe.....	111
2. LITURGIE.....	114
2.1. Definisie van liturgie	114
2.2. Faktore wat negatief op die liturgie kan inwerk	117
2.3. Die geskiedenis van die liturgie.....	118
2.3.1. Ou-Testamentiese Tempeldiens.....	118
2.3.2. Sinagogediens	119
2.3.3. Vroeë Kerk.....	120
2.3.4. Reformasie.....	124
2.4. Liturgie as die grondstruktuur van die erediens	127
2.4.1. 'n Raamwerk vir die erediens.....	130
2.4.2. NG Kerk vandag	132

3.	DIE PLEK VAN DIE PREEK IN DIE LITURGIE.....	135
4.	SIMBOLE, METAFORE EN RITUELE	137
5.	VERNUWING IN DIE EREDIENS	140
5.1.	Wat word verstaan onder “vernuwing”?	140
5.2.	Waarom is vernuwing noodsaaklik?.....	143
5.3.	Vernuwing op ‘n dwaalspoor?.....	145
5.3.1.	Erediens.....	146
5.3.2.	Fundamentalisme	147
5.3.3.	Internet preke.....	148
5.4.	Vernuwing binne die gereformeerde spiritualiteit	149
5.5.	Vernuwing van lof en aanbidding	154
5.6.	Verskeie invloede op lof en aanbidding.....	157
5.6.1.	Die “praise and worship” beweging.....	157
5.6.2.	Die “seeker service”	158
5.6.3.	“Contemporary worship” musiek	158
5.6.4.	Ander strominge.....	159
5.6.5.	Verskillende generasies.....	159
5.7.	Vernuwing en luister.....	161
6.	DIE PREEK AS DIE HART VAN DIE EREDIENS	162
6.1.	Hermeneutiese verstaan van die konteks en die teks	165
6.2.	Die hermeneutiek van die hoorder	171
6.3.	Die hart van kommunikasie is dialoog.....	173
7.	PREKE WAT MENSE AANSPREEK.....	176
8.	PREDIKING EN ERVARING.....	180
9.	PREDIKING IN ‘N WÊRELD MET BAIE KONFLIK	183
10.	VERSKILLENDE BENADERINGS RAKENDE DIE PREDIKING	183
10.1.	Preke wat kinders aanspreek.....	187
10.2.	Preke wat tieners en jongmense aanspreek	188
11.	DIE PERSOON EN PERSOONLIKHEID VAN DIE PREDIKER.....	191
12.	BEELDE VAN DIE PREDIKANTE.....	197
13.	SKRIFBESKOUIING VAN DIE PREDIKER.....	198
14.	SPIRITUALITEIT	200
14.1.	‘n Teologiese omskrywing van spiritualiteit	200
14.2.	Gereformeerde Spiritualiteit	206

14.3.	Verskillende vorme van spiritualiteit	211
14.4.	Die spiritualiteit van die leraar	212
HOOFSTUK 3 - KWALITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK		214
1.	HOEKOM EMPIRIESE NAVORSING?	214
2.	VERLOOP VAN DIE EMPIRIESE GEDEELTE VAN DIE NAVORSING	216
3.	LYS VAN KONSEPTE.....	218
4.	OMSKRYWING VAN DIE KONSEPTE	218
4.1.	Verskillende generasies	219
4.2.	Preekwerkgroepe	220
4.3.	Persoon van die prediker	221
4.4.	Familie-erediens.....	222
4.5.	Prediking	223
4.6.	Musiek en sang	224
4.7.	Gereformeerde Spiritualiteit	225
5.	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KONSEPTE.....	226
6.	VERHOUDINGS OF RELASIES TUSSEN DIE KONSEPTE	227
7.	VRAE MET DIE OOG OP DIE HALFGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE	229
8.	AGTERGROND INLIGTING VAN RESPONDENTE	230
8.1.	Agtergrond gegewens van die respondente van NG Gemeente A	231
8.2.	Agtergrond gegewens van die respondente van NG Gemeente B	239
9.	RESULTATE VOLGENS ELKE KONSEP	241
	Tabel 1: Musiek en sang	241
	Tabel 2: Preekwerkgroep.....	245
	Tabel 3: Liturgie	246
	Tabel 4: Prediking.....	248
	Tabel 5: NG Kerk	251
	Tabel 6: Persoon van die prediker	252
10.	SAMEVATTING	253

HOOFSTUK 4 - WISSELWERKING TUSSEN TEOLOGIESE KONSEPTUALISERING EN EMPIRIESE RESULTATE WAT UITLOOP OP 'N VOORGESTELDE PRAKTYKTEORIE	255
1. WISSELWERKING TUSSEN TEORIE EN PRAKTYK	255
1.1. Musiek en sang	255
1.2. Die preekwerkgroep met verskillende generasies.....	259
1.3. Persoon van die prediker	261
1.4. Aard van die Prediking	263
1.5. Liturgie	267
1.6. Gereformeerde Spiritualiteit	269
1.7. Die Familie-erediens	271
2. VOORGESTELDE PRAKTYKTEORIE: RAAMWERK.....	273
3. WERKING VAN DIE KONSEPTE EN HUL RELASIES.....	274
4. SLOT.....	274
5. VELDE VIR VERDERE NAVORSING.....	275
BIBLIOGRAFIE	277
SUMMARY	298
KEYWORDS.....	300

INLEIDING

1. KEUSE VIR DIE ONDERWERP

Na aanleiding van die studies wat die navorser gedoen het vir die graad: MA Teologie (Wagner-Ferreira 2005), was daar 'n behoefte geïdentifiseer met betrekking tot riglyne om 'n erediens as familie-erediens so in te klee dat die verskillende generasies in een gesamentlike erediens aangespreek word. Bogenoemde studie se bevindinge het die probleem wat nou verder ondersoek sal word, uitgewys.

Die missiologiese taak van die kerk is in die eerste plek om die kinders van die gemeente te evangeliseer (vgl. Nel & Thesnaar 2006). Daarna volg die mense buite die gemeente en dan die mense in ander lande.

Wanneer daar gewerk word met 'n inklusiewe gemeente model (vgl. Nel 1982) en beweer word dat die jeugbediening 'n integrale deel van die gemeente bediening is, kan 'n mens nie anders as om te dink aan familie-eredienste nie. Hierdie eredienste behoort intergeneratief te wees.

Vanuit die literatuurstudie is daar verskeie boeke wat die belangrikheid van die familie in die geloofsvorming van die kind beklemtoon. In aansluiting hierby is daar ook verskeie boeke en artikels geskryf wat daarop konsentreer om die kerk meer familie-vriendelik te maak. Die volgende is 'n paar van die boeke wat hierop betrekking het: *Family-based youth ministry* (De Vries 1994); *The family friendly church* (Freudenburg & Lawrence 1998); *Passing on the faith* (Strommen & Hardel 2000); *Jeug-bediening 'n Inklusiewe gemeentelike benadering* (Nel 2001b) en *Familie is 'n werkwoord* (Marais & Marais 2002). By die meeste van die bronne wat nagevors is, is daar op die kerk in die algemeen gekonsentreer. Daar is weining indien enige melding gemaak van die inrigting van die erediens.

Die erediens word as die hart van die gemeente beskou. Daarom het die navorser vervolgens literatuur begin bestudeer wat konsentreer op die erediens en liturgie in 'n poging om meer inligting rondom die inrigting van die erediens as familie-erediens te verkry. Die volgende artikels is onder andere geraadpleeg: Die erediens as 'n omvattende kunswerk – as Gesamtkunstwerk (Kloppers 2003); Homiletics as Theological discipline (Mueller & Graf 2005); Vastheid, variasie en kreatiwiteit in die liturgie (Müller 1987); Die implikasies van P. Ricoeur se handelings-teorie vir die homiletiek (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg 2004); Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking (Pieterse 2005); Lof en aanbidding vernuwing in hoofstroom kerke (Serfontein 2005) en Empirical research in the field of Homiletics: asking for the hearers' voice (Stark 2005b).

Die volgende boeke en verhandelings rakende die erediens en liturgie is geraadpleeg: *Hoe lieflik is U woning* (Vos & Pieterse 1997); *I believe in preaching* (Stott 1982); *Die weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk* (Oskamp & Schuman 1998); *Liturgie voorbij de Liturgiese Beweging* (Barnard 2006); *Preaching the Good News* (Sweazey 1976); Die homilie as wyse van eietydse prediking (Müller 1983); *Die erediens as fees* (Müller 1990); 'n Prakties-teologiese ondersoek na die vormgewing van die preek (Nel 1996); *Liturgy in a postmodern world* (Pecklers ed 2003); *Skrifverstaan en Prediking* (Pieterse 1979); *Proeven van de preek. Een praktisch-teologisch onderzoek naar de preek als Woord van God* (Stark 2005a); *Verwoording en prediking* (Pieterse 1986); *Prediking in 'n konteks van armoede* (Pieterse 2001); *Die Erediens* (Barnard 1981); *Beyond the Worship Wars. Building Vital and Faithful Worship* (Long 2001); *Theopoetry of the Psalms* (Vos 2005); *Vir die erediens 'n handleiding* (Clasen et al 2007) en *Handboek vir die erediens* (1991).

In hierdie bronne is daar verwys na die erediens, maar nie spesifiek na die familie-erediens (of gesinserediens) nie. Die behoefte om riglyne te vind vir 'n familie-erediens is dus nog nie aangespreek nie. Verder is daar 'n behoefte in gemeentes om die liturgie so aan te pas en te vernuwe dat dit die jongmense

en kinders ook sal aanspreek. In 'n soeke na die vernuwing van die erediens is die volgende gevind wat 'n besliste indruk op die navorser gemaak het:

In die ongepubliseerde lesing (Lewende Erediens – Gedagtes oor praktiese erediensvernuwing: Eietydse prediking?) wat Johan van der Merwe op 3 Februarie 2004 aan die Universiteit van Oranje Vrystaat gegee het, wys hy daarop dat “praktiese erediensvernuwing” nie 'n ongekompliseerde saak is nie. Hy gaan verder en maak die stelling dat daar baie mooi gedink moet word oor wat by die liturgie ingesluit en wat weggelaat word (Van der Merwe 2004:1-2). Dit gaan om baie meer as om net die erediens meer “verbruikersvriendelik” en nie so “lewensvreemd” te maak nie. “Die erediens is die gesig van ons teologie.”

Na aanleiding hiervan is daar weer besin oor die gereformeerde spiritualiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk). Die volgende artikels het onder andere hiermee gehelp: Wat is Gereformeerde Spiritualiteit? (Smit 1988); Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit (Jonker 1989); 10 stellings oor gereformeerde identiteit (*Die Kerkbode 10 Junie 2005:11*) en Erediens in Gereformeerde Styl (Burger 1999).

Die navorser is van mening dat dit die gereformeerde karakter (en die gereformeerde spiritualiteit) van die NG Kerk is wat die kerk onderskei van die sogenaamde “vernuwings-” en/of “charismatiese” kerke. Daarom behoort die gereformeerde spiritualiteit altyd as vertrekpunt gebruik te word wanneer daar verskillende moontlikhede ondersoek word om die erediens te vernuwe, veral met die ondersoek om die erediens as familie-erediens in te rig.

Hoewel daar heelwat geskryf is oor die familie en die erediens afsonderlik, is gevind dat daar min literatuur beskikbaar is rondom die inrigting van die erediens as familie-erediens. In sommige van die literatuur wat bestudeer is, is daar gefokus op sekere aspekte van die erediens en/of op spesifieke generasies. Hier word verwys na Calitz (2004) se MA verhandeling met die titel: 'n Praktiese Teologiese ondersoek na ... Die vrye lied as 'n wesenlike deel van die Gereformeerde kerklied in die Nederduitse Gereformeerde Kerk;

Barnard (1988) se artikel: Erediens en prediking met die oog op die bereiking van kinders; Nickols (2004) se MA verhandeling: Liturgie vir die kleuterkerk met die oog op 'n Godsbeleving en Codrington & Grant-Marshall (2004) se boek: *Mind the gap!* Vanuit hierdie werke is waardevolle inligting gekry. Tog het dit steeds nie die behoefte aangespreek om riglyne daar te stel om die erediens as familie-erediens in te rig nie.

Die ondersoek wat die navorser gedoen het, is in die Suid-Afrikaanse konteks oor hierdie onderwerp 'n eerste. Daarom kan slegs die basiese, naamlik die familie-erediens, aangespreek word as 'n beginpunt van ondersoeke binne die gedagte van 'n familiebediening.

As uitgangspunt word die vermoede gestel dat die erediens nie die hele familie (wat bestaan uit verskillende generasies) aanspreek nie. Die doel van hierdie ondersoek is om riglyne daar te stel waarvolgens die erediens ingerig behoort te word om die maksimum effek op die hele familie te verkry.

2. NAVORSINGSVRAAG

Watter konsepte speel 'n sleutelrol by die inkleding van die erediens om dit as 'n familie-erediens in te rig met die doel om die verskillende generasies wat die erediens bywoon, 'n ontmoeting met God te laat beleef?

3. DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n praktykteorie daar te stel wat die predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks in staat sal stel om 'n familie-erediens sinvol te lei en sodoende die maksimum effek op die hoorders wat uit verskillende generasies bestaan, te bewerkstellig.

Vanuit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar baie min literatuur beskikbaar is waar ten minste 3 generasies in een erediens, sinvol bereik word. Vanuit die navorser se praktiese ervaring as leraar en betrokkenheid by die Familie Gemeente Projek sowel as die gesprekke wat kwartaalliks deur die Diensraad vir Gemeente Ontwikkeling van die Noordelike Sinode se taakspan vir Families gereël word, is dit duidelik dat hierdie 'n probleem is wat in verskeie gemeentes voorkom.

Vanuit verskillende oorde word die belangrikheid van die familie in die geloofsvorming van kinders beklemtoon (De Vries 1994; Freudenburg & Lawrence 1998; Strommen & Hardel 2000) en die behoefte om ouers, laerskool- en hoërskool kinders (tienaers) saam in een familie-erediens te bereik.

Die erediens kan ook as die gesig van die gemeente beskou word en is dit die een plek waar die verskillende generasies saam die Here kan aanbid. Tog beleef kinders en tieners dikwels dat die erediens hulle nie aanspreek nie wat tot gevolg kan hê dat hulle kerklos raak en selfs begin twyfel aan hul geloof in God. Daarom is daar 'n dringende behoefte aan riglyne hoe 'n erediens ingerig behoort te word om die hele familie aan te spreek op so wyse dat die gereformeerde karakter van die kerk nie agterweë bly nie.

Met hierdie studie sal daar gepoog word om die behoefte aan te spreek. Vir die doel van die ondersoek, sal daar op die invloed van die volgende konsepte op die familie-erediens gefokus word:

1. Verskillende generasies;
2. Preekwerkgroepe;
3. Persoon van die prediker;
4. Erediens as familie-erediens;
5. Prediking;
6. Musiek en sang;
7. Gereformeerde spiritualiteit.

4. METODE

Die teologies-empiriese metode (Pieterse 1993a:52; Heitink 1993:105) word in die ondersoek gebruik. Die studieveld is kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie waarin die ontmoetingsgestaltes van God en mens, mens en mens, asook die oordrag en opbou van die Christelike geloof in die kerk en samelewing, bestudeer word. Uiteindelik moet hierdie studie die pastorale praksis bevorder in die lig van die eskatologiese dimensie van die Koninkryk van God. Alhoewel dit 'n Christelik-kommunikatiewe praksis vanuit 'n empiriese benadering bestudeer, is dit 'n teologiese vak met 'n eie teologiese identiteit. Hierdie empiriese benadering word vanuit 'n interpretatiewe paradigma beoefen. Interpretasie van empiriese gegewens en verklaring kan binne 'n breë hermeneutiese raamwerk maklik saamleef (Pieterse 1993a:187).

Volgens Pieterse (1993a:25; vgl. Van der Ven 1990) werk die Praktiese Teologie as handelingswetenskap, met 'n teologies-empiriese metode. Empiriese ondersoeke geskied deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring of deur 'n kwalitatiewe inbeweeg in die leefwêreld van die respondente. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Noukeurigheid en geldigheid is van die uiterste belang. By die empiriese benadering is daar ruimte vir sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe ondersoeke binne die Praktiese Teologie, asook vir ander tipes, soos die teoretiese, historiese en literêre ondersoeke.

Vir enige empiriese ondersoek moet daar vooraf of ten minste aan die begin begrippe geformuleer word met die oog op die empiriese ondersoek (Glaser 1978; vgl. Nell 1996:9). Waar daar egter bestaande teologiese teorieë vir die praktyk is moet daar vir verdere ondersoek altyd weer teologiese konseptualisering gedoen word waardeur rigting gegee word aan die vrae in die empiriese ondersoek.

Praktiese Teologie is op die voetspoor van Schleiermacher die teorie van die praxis (Heitink 2003:4). Dit beteken dat 'n mens eers teologiese konseptualisering moet doen ten opsigte van die spesifieke handelingsveld. Konseptualisering loop uit op 'n teorie. 'n Teorie (ook van die praxis) bestaan uit begrippe of konsepte wat in relasie tot mekaar geplaas word met gewoonlik 'n kernbegrip of sentrale konsep waartoe die ander konsepte in die relasie is (vgl. Pieterse 1991:33; Van der Ven 1990). In die praktiese teologie word hierdie teorie van die praxis blootgestel, (in hierdie geval met 'n kwalitatiewe ondersoek), met die oog daarop om die invloed van die geleefde geloof en ervaring in die gewone lewe van mense op hierdie teorie vas te stel (vgl. Heitink 2003:4). Daardeur kan die konsepte van die oorspronklike teorie verstel of verryk word met die oog op 'n adekwate teorie vir die huidige praxis.

In hierdie studie is die doel om 'n konseptuele raamwerk, verryk deur die geleefde ervaring van families wat aan die liturgie deelneem daar te stel as teorie vir die huidige praxis van die familie-erediens.

Vir die doel van hierdie proefskrif, is dit noodsaaklik om te weet wat die families beleef in die eredienste en wat volgens hulle mening die hele familie sal aanspreek binne die erediens. Die families sal dus meewerk om die erediens te ontwikkel in 'n egte familie-erediens in die lig van die gereformeerde teologie. Daarom is besluit om van teologies-empiriese navorsing gebruik te maak. In hierdie studie sal van 'n kwalitatiewe ondersoek gebruik gemaak word, omdat onderhoude met die families gevoer sal word.

5. VOORLOPIGE AFBAKENING

Na aanleiding van die graad MA Teologie (Wagner-Ferreira 2005) wat die navorser verwerf het, het dit na vore gekom dat daar 'n behoefte is aan riglyne vir die inkleding van die erediens as familie-erediens. Daarom is families

genader om deel te neem aan die empiriese ondersoek (Nederduitse Gereformeerde (NG) Gemeente A).

Dieselfde ondersoek is ook in 'n ander gemeente (NG Gemeente B) gedoen wat nie betrokke is by die Taakspan vir Families van die Noordelike Sinode nie en in 'n ander Ring as eersgenoemde gemeente val. Hier is 'n oordeelkundige steekproef geneem deur die leraar van die gemeente te vra om twee families uit te wys wat uit ten minste twee generasies bestaan.

6. WOORDKEUSE

Daar word 'n keuse uitgeoefen om eerder te praat van “familie” as “gesin”, aangesien die opvoeders van kinders in die samelewing vandag veel meer as net 'n vader en/of moeder is.

The family is defined as a group of persons united by the ties of marriage, blood, adoption or cohabitation, characterised by a common residence (household) or not, interacting and communicating with one another in their respective social roles, maintaining a common culture and governed by family rules.

(National Family Policy February 2006:6)

Daar kan 'n wye verskeidenheid versorgers in die familie wees soos byvoorbeeld grootouers, ouers van dieselfde geslag of ander familielede. Selfs kinders kan aan die hoof van 'n familie staan (National Family Policy February 2006:6; Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment 2007:13).

Verder word dit duidelik vanuit die Bybel aangetoon dat families daar nie net beperk was tot die ondersteuning en begeleiding van die kerngesin nie, maar veral daarop gefokus het dat mense hulle verantwoordelikheid teenoor die breër sosiale gemeenskap moes nakom (Van der Watt & Thesnaar 2005:5).

Op grond van bogenoemde is besluit om die woord “familie” eerder as die woord “gesin” te gebruik. Daarom sal na familie-erediens eerder as gesinserediens verwys word.

7. TEOLOGIESE FUNDERING

Die verbondsteologie word as teologiese fundering vir die familie-erediens gebruik. Die feit dat God die kind reeds van die begin af in die verbond insluit beteken dat die kind deel behoort te wees van die erediens. Die verbond is in wese ‘n vaste verhouding tussen God en die familie (gesin) as verbondsfamilie (verbondsgesin), soos gesien in die kinderdoop. Hier word verwys na Johan Heyns (1981) se boek: *Dogmatiek*, sowel as die boek van Adrio König (1986): *Die doop as kinderdoop en grootdoop* en die boeke van Cas Vos (1996c & 1996d): *Die volheid daarvan I en II*.

In baie gemeentes word daar verskillende dienste vir die verskillende generasies gehou. Die vraag kan gevra word of dit die beste moontlikheid is in die lig van die verbondsteologie. In die Nuwe Testament is daar geen voorbeelde van God wat net met ‘n individu alleen werk nie (De Vries 1994:166). Wanneer ‘n persoon tot bekering kom, word hy/sy byna onmiddellik aan ‘n familie verbind (Hand 16:33, 1 Kor 1:16). Die kind is vir die kerk ‘n geleentheid. Dit is ‘n geleentheid en ‘n voorreg om ‘n verbondskind tot ‘n belydende lidmaat te begelei. Al is die kinders voorskools, is hul steeds deel van die verbondsgemeenskap. Dit beteken dat die kind saam met sy/haar ouers die erediens moet bywoon. Dit gaan dus hier om ‘n emosionele ervaring wat ‘n invloed op die kind uitoefen (Vos 1996d:303; vgl. Feenstra 1981:130).

Die doopformulier herinner ons ook daaraan dat God die kind reeds van die begin af in die geloofsfamilie inlyf (Handboek vir die Erediens 1991:60; vgl. Vos 1996d:303). Kinders is nie tweedeklas lidmate nie. Hulle is die kerk van vandag, nie die kerk van môre nie.

Die basiese inhoud van die verbond is dat God uit genade in gemeenskap met sy volk leef (en in gemeenskap met alle mense wil leef), hulle seën en bewaar, hulle lei en vermaan. Die verbond het God nooit met 'n enkeling gesluit nie. Abraham en sy nageslag word opgeroep om God se verbond te hou (Heyns 1981:219; Vos 1996c:98).

Die nageslag van Abraham met wie God die verbond gesluit het sal ook vir Hom 'n volk wees. Hulle sal nie 'n groep los individue of onafhanklike stamme van mekaar wees nie, maar as een volk georganiseer word met 'n eie land, eie teokratiese wetgewing, eie stilering van die lewe – 'n heilige volk onder ander onheilige volke. Lede van die verbond word dus tot 'n volk georganiseer: In die Ou Testament was dit Israel, in die Nuwe Testament, in aansluiting by die historiese heilshandeling met Israel, die kerk van Christus (Vos 1996c:96-99; Heyns 1981:218).

Die verbond beteken in wese 'n vaste verhouding tussen God en die familie as verbondsfamilie (soos gesien in die kinderdoop). Maar ook 'n vaste verhouding met die gemeente as familie van God in Christus. In die lig hiervan is dit duidelik dat die ouers en grootouers, asook ander lede van die geloofsfamilie, 'n bydra kan en moet maak in die lewe van jong gelowiges (dooplidmate).

8. PROBLEEMSTELLING

In die lig van die gereformeerde teologie bestaan daar nog nie riglyne op grond van ondersoek om die erediens so in te klee dat dit die behoeftes van die verskillende generasies in 'n familie-erediens (een gesamentlike erediens) aanspreek nie. Die probleem is dus dat die verskillende generasies meestal

apart in die erediens geakkommodeer word, of dat die kinders en tieners nie in die erediens aangespreek word wanneer die familie die eredienste bywoon nie.

9. DOELSTELLING

Die doel is om ondersoek te doen na die konsepte wat 'n rol speel in die erediens sodat die hele familie in die familie-erediens geakkommodeer en aangespreek kan word.

10. VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

Teologiese konseptualisering en empiriese ondersoek (kwalitatief).

Hoofstuk 1: Teologiese skrywe: Familiebediening in die gemeente – konseptuele raamwerk.

Hoofstuk 2: Teologiese skrywe: Erediens en Prediking – konseptuele skrywe.

Hoofstuk 3: Kwalitatiewe empiriese ondersoek.

Hoofstuk 4: Wisselwerking tussen teologiese konseptualisering en empiriese resultate wat uitloop op 'n voorgestelde praktykteorie.

SUMMARY

This study is about a conceptual framework in order to assist a minister to ensure that the whole family (consisting of different generations) is addressed in the same family service. In many churches different services are held for different generations while, when the family attend a service, the children and teenagers mostly feel that they are not addressed.

Children are part of the family of God and should attend the church service with their parents or caretakers. They are the child's mentors in more than one way and should also guide them to live their lives as Christians. Church leaders increasingly realise that what is happening in the life of a child is directly related to what is happening, or not happening, at home. Leaders recognise that in order to pass on the faith from generation to generation, a new paradigm of ministry is needed – one that is holistic and connects children, youth, family, congregation, community and culture.

The generation theory is a tool to help a minister to understand the family members better. It is not a mechanism to label people. It is more like a dipstick into a period of time that groups people who tend, generally speaking, to think and act in a similar manner under certain conditions. With understanding comes insight as well as vision, and problem-solving may follow.

A sermon group where families are invited to discuss the Scripture reading as well as the message of the text before and after the sermon may help the minister to address the whole family. The sermon group will enhance communication and understanding. It may also help with the building of relationships between the different generations within the family as well as with the minister.

Praise and worship plays an important role in the family service. Traditional worship is word-driven and punctuated by organ music. Contemporary

worship is music-driven with pianos, drums and guitars. In order to accommodate all the generations an integrated style is a possibility to explore. This style integrates all the music instruments and songs of the different generations. In a family service worship should link each part of the liturgy in such a way that the reformed character of the service is not neglected.

The sermon in a family service, as well as the whole service itself, should be short. The minister should use ample metaphors and visual material in the sermon. It is also important to use simple language (and seldom theological terms) in order to facilitate better understanding amongst the children and teenagers.

The person of the minister plays an important role in a family-service. There is always a minister who conducts the service. An honest, transparent and trustworthy minister's message will be accepted by all generations, even if he/she might not be the best orator.

After studying the literature, empirical research was conducted. The original conceptual framework was enriched and broadened by the life-experience interviews of the families regarding the church service.

KEY WORDS

Family service

Sermon group

Reformed theology

Person of the minister

Families

Sermon

Praise and worship

Generation theory

Family friendly church

Empirical research

HOOFSTUK 1

FAMILIEBEDIENING IN DIE GEMEENTE – KOSEPTUELE RAAMWERK

1. “FAMILIE” EERDER AS “GESIN”

Gesinne kan nie meer bedryf word vanuit die perspektief van ‘n “getroude paartjie met kinders” alleen nie (Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment 2007:13). Christus se uitreik na mense van hierdie groep roep ons op tot ‘n breër bediening (Van der Watt & Thesnaar 2005:5).

Vanuit die Skrif word duidelik aangetoon dat families nie net beperk is tot die ondersteuning en begeleiding van die kerngesin nie, maar veral fokus om hulle verantwoordelikheid teenoor die groter sosiale gemeenskap na te kom (Van der Watt & Thesnaar 2005:5).

Families is nie net ‘n masjien nie, maar eerder ‘n sisteem of netwerk van verhoudings. Dit is kommunikasie wat die netwerk aan die gang hou. Die waarheid waarom dit hier gaan, naamlik dat die familie ‘n hermeneutiese ruimte is, beteken dat God in sy wysheid binne verhoudings werk. Sy verbondsmatige handeling met mense onderstreep dit ook. Ouers en kinders is die mees “natuurlike” voorkoms van hierdie verhoudings. Waar die verband vader-moeder-kinders om een of ander rede ontbreek, word die beginsel dat God binne verhoudings mense tot verstaan bring, nie opgehef nie (Nel 1985:14).

Ander verhoudings kan ewe sinvol gevestig word. Dikwels vervul die uitgebreide familie die rol. Wanneer ‘n mens die woord “gesin” hoor, kan dit gebeur dat daar net gedink word aan ‘n vader en moeder en kinders. Hierdie begrip van gesin kan egter problematies wees (Elliot 1986:4). Daarin word

nie ruimte gemaak vir enkelouergesinne of selfs vir grootouers, wat die rol van die vaders en moeders oorgeneem het nie (Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment 2007:13; Peters et al 1996:5-9).

In 'n tyd waar daar soveel verskillende familiestrukture in die samelewing is, word twee-ouer-gesinne steeds as taalnorm gebruik. Daarom word daar algemeen gepraat van “enkelouergesinne”. Die vraag kan gevra word: Waarom is dit nie net 'n “gesin” nie? Families wat deur 'n egskeiding is, word 'n “gebroke gesin” genoem. Op hierdie wyse word 'n etiket op daardie mense geplaas. 'n Mens kan jousef die vraag afvra of daar ruimte gemaak word vir hierdie familie om weer “heel” te word. Die uitdaging is om deur taal te wys dat daar nie net een soort familie toegelaat word om familie te wees nie (Marais & Marais 2002:26; Van Tonder 2006:23-24). “Yet the deceptive simple English word *family* masks a unit of social connection and interaction that is incredibly complex and varied” (Perdue et al 1997:1). Deur van die woord “familie” in Afrikaans gebruik te maak, word 'n poging aangewend om die ruimte te skep vir hierdie verskeidenheid.

Verder is daar ook gay-pare wat toesig en beheer oor kinders het. Waar dit aanvanklik slegs heteroseksuele pare was wat kinders in Suid-Afrika kon aangeneem het, is in 2002 in die konstitusionele hof beslis dat pare “in permanente homoseksuele verhouding” ook aanneemouers mag wees (Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment 2007:13; vgl. Stackhouse 1997:42-43; Peters 1996:11).

Vanuit bogenoemde beskrywing is dit duidelik dat die strukture in die samelewing aansienlik verander het. In 'n poging om alle moontlike vorme van hierdie “gesinne” in te sluit, is besluit om vir die doel van die studie eerder van die woord “familie” gebruik te maak (vgl. Perdue et al 1997).

2. 'N DEFINISIE VIR “FAMILIE”

Met bogenoemde in ag genome kan dit goed wees om 'n definisie vir die woord “familie” te gee. Begripsdeling help om die betekenis van die woord beter te verstaan.

“Virtually all considerations of human behavior operate under the assumption that there is such a thing as a family in every society” (Perdue et al 1997:1). Die begrip “familie” kom oorspronklik van 'n Latynse woord *famulia* wat dui op iemand wat diens doen. Dit kan 'n ondergeskikte persoon soos 'n slaaf wees. Later het dit die betekenis van 'n “huisgenoot” gekry. Mens sou kon sê dat “familie” beteken dat 'n mens op grond van afkoms tot 'n bepaalde groep behoort. Familie is meer as die kernfamilie. Dit kon ook almal insluit wat deel is van die huishouding, almal wat onder die gesag van die manlike hoof (*patria potestas*) van die familie gestaan het (Louw 1989:43; vgl. Osiek & Balch 1997:6).

“Familie” word vandag op verskeie maniere omskryf, een moontlikheid is:

The family is the most basic institution in any society. It is the centre and source of man's civilization. Its nature can best be described on the basis of the purposes it fulfills in human society. The family is the most important 'molecule' in any society. It maintains the continuity of society by producing new individuals in each generation and by passing on through these new members, physical life, knowledge, customs, traditions and intellectual, emotional and spiritual endowments. When assessed on the purpose it fulfills in any human society, the nature of the family can be regarded on the one hand, as essentially a biological unit, centred on the function of reproduction and geared to perpetuating the species; while on the other, the family forms a cultural and social society on its own.

(Malaka, 2005:10)

Die “Department of Social Development” het “familie” soos volg omskryf:

The family is the basic unit of society and is integral to the general well being of individuals in relation to their psychosocial, emotional, physical, spiritual and economic needs. Well functioning families provide members with caring relationships, intimacy, security, as well as mutual support that is sustaining throughout life. With effecting parenting within a family, children are nurtured, supported and provided with opportunities for growth and development into competent, productive, loved and loving adults. It is within an effective functioning family milieu that children are socialized and taught appropriate norms and values.

(Draft 5-year integrated strategic plan for families 2005 – 2010
2006:1)

Die volgende definisie sou dus vir die term: “familie” gegee kan word:

The family is defined as a group of persons united by the ties of marriage, blood, adoption or cohabitation, characterised by a common residence (household) or not, interacting and communicating with one another in their respective social roles, maintaining a common culture and governed by family rules.

(National Family Policy February 2006:6; vgl. Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment 2007:13)

Daar is groot verskeidenheid families wat in Suid-Afrika voorkom. Die volgende “tipes” kan onderskei word:

- Nuclear family: Married or cohabitating: mother and father with own children.
- Cohabitating or married couples without children.
- Single parent family: mother and child / children, or father and child / children.
- Child / youth headed family: one child / youth heading a family.
- Same sex family: same sex cohabiting with / without children.
- Multi-generational family: traditional family with grandparents / parents / children / aunts / uncles / nieces / nephews living together.
- Extended family: traditional family with grandparents / parents / children / aunts / uncles / nieces / nephews / providing support to each other, not necessarily staying together.
- Grandparent/s headed family: grandparents with grandchildren.
- Foster family: child placed through statutory processes in care of a family that is not related to the child.
- Kinship foster family: child placed through statutory processes in the care of a related family member.
- Non-household family: friends staying together in a household.
- Combined / reconstituted family: Biological parent / stepparent / biological children / stepchildren.
- Families with one member living apart due to work circumstances.

(National Family Policy February 2006:6; Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment 2007:13)

Die gejaagde bestaan wat families voer veroorsaak dikwels geweldige spanning. Louw (1989:13) beskou die familie as die “stortplek” vir die “mense emosionele vullis.” Dit veroorsaak dat hulle dikwels in ‘n emosionele oorlewingstryd is en dat daar ‘n behoefte is aan “diepteverhoudinge, medemenslike erkenning, emosionele sekuriteit en interpersoonlike intimiteit.”

Een van die belangrikste take van families vandag is dus om vir die familielede ‘n gevoel van emosionele sekuriteit en “behoort” te gee. Die familie kan egter ook die plek wees waar mense oneindig seerkry. Dit gebeur dat mense by tye voel dat hulle deel is van ‘n familie en dan weer verwerping ervaar. Om die uitdagings van familie-wees die hoof te bied, is goeie kommunikasie van die uiterste belang (Lamanna & Riedmann 1991:280). Binne die strewe van familielede na kohesie (“family cohesion: the emotional bonding of family members”) (Lamanna & Riedmann 1991:281-285) is dit vir hulle belangrik om mekaar te waardeer vir wie en wat elkeen is. Verder beplan so ‘n familie hul tyd om dinge saam te kan doen of soms net te kan saam wees. Positiewe kommunikasie, ‘n sterk verbintenis aan mekaar, sterk religieuse oriëntasie en die positiewe hantering van krisisse dra by tot hierdie gevoel van kohesie binne die familie.

Die familie word ook beskou as die kerk in die klein. Vir baie mense is dit waarlik kerk. Die familie is ‘n gemeentelike uitdrukking van God se teenwoordigheid onder gemeenskappe op aarde. Dit is ‘n klein kerk wat ten volle toegewy is aan Christus en onder sy leiding is (Van Tonder 2006:35-36; De Vries 1994:85).

Met die definisie van “familie” in gedagte sal dit goed wees om te kyk na die wyse waarop families in die Bybel beskou is. In tye van sedeloosheid en verval kan dit gebeur dat mense na vroeëre tye teruggryp en dit idealiseer. Op die manier word daar soms onwaarhede oorgedra (Louw 1989:13).

3. FAMILIES EN DIE BYBEL

Die families soos omskryf in die Ou Testament het anders gelyk as die van vandag (vgl. Dorey 2005; Perdue et al 1997). Daarom is besluit om dit nie vir die doel van die studie na te vors nie.

In die Nuwe Testamentiese wêreld is 'n mens as familie beskou as hulle verwant is aan mekaar vanweë geboorte of huwelik, oor 'n gesamentlike herkoms beskik of wanneer hulle een huishouding gedeel het. Daarom is selfs die slawe onder die gesag en beskerming van 'n spesifieke gesinshoof geplaas (Osiek & Balch 1997:6, 216; Nel M J 2006:3; Louw 1989:35).

Die eerste-eeuse Mediterreense wêreld was anders as vandag en in alle opsigte 'n familie-gesentreerde wêreld. Families het nie net 'n persoon se posisie in die samelewing bepaal nie, maar was ook die primêre ekonomiese, religieuse en opvoedkundige eenheid waarin mense geleef het. 'n Mens sou kon sê dat jou familie jou werkgewer, opvoeder en kerk was (Nel M J 2006:1; Louw 1989:34; Van der Watt 2000:166; Osiek & Balch 1997:37, 216).

Dit moet aanvaar word dat die moderne families doodgewoon nie hulself kan inrig soos families in die antieke wêreld van die Bybel nie. Daarvoor verskil die ekonomiese en sosiale omgewing te veel van die moderne familie s'n. Aan die ander kant kan daar ook nie gesê word dat die Bybel niks vir moderne families kan leer nie. Die waardes waarvolgens die Bybelse families geleef het, soos gesien word in wederkerige liefde, hulpbronne wat gedeel word, 'n klem op harmonie, eenheid en wedersydse respek asook vergifnis, is vandag steeds belangrik vir families. Nuwe Testamentiese gelowiges het hulle families nie alleen in terme van hulle wêreld se heersende kulturele norme gekonstrueer nie, maar ook in die lig van die evangelie (Nel M J 2006:2; vgl. Osiek & Balch 1997:221-222).

Die Bybel is sensitief vir die impak van die veranderende sosiale omgewing op die familie. In die verhale van die Bybel is families eie aan hulle tyd en

vertoon daarom 'n wye verskeidenheid van strukture en funksies. Die Bybel vra nie van Christene om die familiestrukture van byvoorbeeld die klassieke tyd na te volg nie. Die Bybel sien dit wel as taak vir die geloofsgemeenskap om die familie te beskerm teen enige sosiale en ekonomiese uitbuiting wat die individu en die familie sal benadeel. Dit is veral opvallend dat kwesbare familielede soos die weduwees, die wese en die vreemdeling uitgesonder word vir spesiale beskerming (Van der Watt & Thesnaar 2005:88; vgl. Perdue et al 1997).

Soos wat families deur fases beweeg, wissel die rolle van versorging en besluitneming (Perdue et al 1997:167). Aan ouers word 'n leiersposisie in die familie gegee. Hierdie gesag is bedoel om opbouend te wees (Ef 6:1-2), en om vir kinders 'n voorbeeld te wees. Die Bybel handhaaf die interafhanklikheid van verskillende generasies. Sodoende vorm die generasies 'n gemeenskap van sorg wat al die lewensfasies insluit. Die behoefte aan ouerleiding waar ouers toegerus word met vaardighede om hierdie leiersposisie te kan inneem, is krities belangrik (Van der Watt & Thesnaar 2005:89).

Vir baie Christene is die familie die plek waar 'n mens onvoorwaardelike liefde ervaar en kan groei tot volle potensiaal sodat mense hulle skeppingsdoel kan uitleef. Liefde is 'n sentrale Bybelse opdrag wat veral binne die intimiteit van die familie ingeoefen word. Dit kan dan na buite teenoor alle mense uitgeleef word. Om in liefde te leef teenoor alle mense is die belangrikste opdrag aan almal binne die familie van God. Hierdie opdrag tot liefde relativeer alle vorms van blinde gesag en die wyse waarop dit uitgeoefen word sodat dit nie die groei van mense ontmoedig of inhibeer nie (Ef 5:25). Beide die Ou- en die Nuwe Testament is afwysend teenoor enige vorm van gesag in die familie wat verhoudinge sou afbreek (Ef 6:4). Gesag word gegee om ruimtes te ontwikkel waarbinne onvoorwaardelike liefde kan groei (Van der Watt & Thesnaar 2005:87; vgl. Osiek & Balch 1997:121).

'n Mens se unieke gawes - nie geslag, status of ouderdom nie - bepaal die persoon se waarde in en bydraes tot families. Die Bybel se verstaan van

geslagtelikheid het te make met gelykheid en uniekheid. Man en vrou is as gelykes geskape na die beeld van God (Gen 2:27). Dit word nie van mans, vroue en kinders verwag om hulle uniekheid prys te gee nie maar ooreenkomstig hulle gawes tot diens te wees van ander in die familie en die samelewing (1 Kor 12; Ef 4). Hulle posisie en funksie binne die familie word bepaal deur hulle bydrae en uniekheid eerder as hulle geslagtelikheid. Dit beteken nie dat die Bybel geslagtelikheid ignoreer nie, maar wel dat geslagtelikheid nie noodwendig gekoppel word aan spesifieke rolle of eienskappe nie. Hierdie vertrekpunte van die Bybel stel Christene in staat om uniekheid en diversiteit te omarm en te geniet (Van der Watt & Thesnaar 2005:87; Osiek & Balch 1997:120-121).

Families omarm en waardeer alle ouderdomme en verskeidenheid van mense. Kinders is volledig mens – geskape na die beeld van God – en word nie eers mens as hulle volwasse is nie. Net so is ouer mense en gestremdes ook nie minder mens omdat hulle minder funksioneel of ekonomies aktief in die gemeenskap is nie. Hulle verdien daarom dieselfde respek as enige ander mense in die gemeenskap. Onderwys, kinderbeskerming, bejaardesorg en gestremdesorg is almal familiële prioriteite en verdien die ondersteuning van geloofsgemeenskappe (Van der Watt & Thesnaar 2005:88). Die familie-bediening spreek die nood van die eensame en verhoudings-uitgehongerde post-moderne mens ten diepste aan (Van Tonder 2006:37).

Familie is nie alleen die primêre konteks waarbinne geloofs- (en etiese-) vorming plaasvind nie, maar dien as 'n noodsaaklike integrasiepunt vir die inoefening en toepassing van geloof en etiek in die lewe. Die familie speel 'n onontbeerlike rol in die vorming van waardes en die aanleer van dissipline. Daarom moet die kerk die praktyk van geloofsonderrig weg van die familie weer in oorweging neem. In 'n familiebediening word die jeug nie net tot 'n verhouding met God begelei nie, maar ook tot 'n verhouding met ander gelowiges wat as die geloofsgemeenskap of geloofsfamilie van God bekend staan. Geen gelowiges kan immers in isolasie leef nie, maar is deur God

geskep om as volwaardige ledemaat deel van sy liggaam hier op aarde te wees (Rom 12:5; 1 Kor 12:12; Van Tonder 2006:37).

In die Nuwe Testament word die woord *oikos* met “huishouding” of “familie” vertaal (Van der Watt 2000:166; Osiek & Balch 1997:6). Dit verwys na die groter familie en kan selfs bepaalde stamme van Israel voorstel. Dit dui op veel meer as die familie soos ons dit vandag ken, dit sluit die hele huishouding, sowel as die slawe, in (Louw 1989:37; Marais & Marais 2002:34).

In die Nuwe Testament vind daar bepaalde ontwikkeling plaas. Die familie word binne die terapeutiese gemeenskap van die gemeente van God as God se groot huishouding en heiligdom geabsorbeer. Genealogie word vervang deur ‘n nuwe bloedverwantskap, naamlik die bloed van Christus wat mense as broers en susters in een groot familieverband saambind. As deel van God se huishouding word die familie ‘n heiligdom in die klein. Louw (1989:38) beskryf dit soos volg: “Dit is binne die *communio sanctorum* dat die verbondsgesin sy eintlike karakter as God se heiligdom terugvind. Die gesin (familie) in die Skrif is nie bloot ‘n kerngesin (kernfamilie) nie, maar ‘n verbondsgesin (verbondsfamilie). Hiertoelief die doopverbond die gesinslede in God se familie in.”

Christene in die eerste eeu het hulleself as deel van twee families gesien, naamlik deel van hul natuurlike familie en van die kerk. Die kerk was die nuwe, fiktiewe familie. Hierdie familie of huishouding het een hemelse Vader wat hulle beskerm en in hulle behoeftes voorsien (Mat 6:9-15). Daarom is gelowiges mekaar se ware broers en susters (Mark 3:31-35). Dit is dan die ware nageslag van Abraham (Gal 3:23-29) en nie die Jode nie (Nel M J 2006:7; Osiek & Balch 1997:126-128).

In Galasiërs 3:26-28 staan: “Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, moet lewe soos mense wat aan Christus behoort. Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus

Jesus is julle almal een.” Dit beteken dat God se familie groter is as ‘n mens se kernfamilie. Ons is deel van die ganse geloofsfamilie (wat groter is as die plaaslike gemeente) en ‘n uitgebreide huishouding (wat die werkers insluit) (Nel M J 2006:8; Osiek & Balch 1997:128).

As geloofsfamilie behoort ons te leef volgens ‘n koninkryksetos wat sigbaar word deur wederkerige liefde sowel as wedersydse respek en onderlinge vergifnis. Die “familietaal” behoort meer intiem en nie so formeel te wees nie. Die diversiteit en eenheid van die familie moet sigbaar en konkreet wees. Die wisselwerking tussen natuurlike families en die kerk as geestelike familie behoort altyd gesond te wees. Geestelike leiers moet hulle families met liefde dien en versorg. God se familie moet leef soos Hy. Selfs in die beoefening van die ambag moet God se karakter sigbaar wees (Nel M J 2006:9; Perdue et al 1997:182).

In die Nuwe Testament het die natuurlike familie en die geloofsfamilie soms oorvleuel en soms nie. Dit het soms spanning veroorsaak. Terwyl bekering en doop van die hele familie waarskynlik die reël in die vroeë kerk was (Hand 11:14; 16:15, 31-34; 18:8 en 1 Kor 1:16), is gelowiges deur Jesus opgeroep om te kies tussen hulle eie natuurlike families en navolging van Hom (Mat 8:18-22; 10:21, 34-39 en 19:29-30). Om vir die geweldige verlies te vergoed het die dissipels en die kerk as ‘n surrogaat familie gefunksioneer (Nel M J 2006:7; Osiek & Balch 1997:141-142).

Die koms van die Christelike geloof het dus ‘n wesenlike bedreiging vir die voortbestaan van natuurlike families in die tyd van die Nuwe Testament ingehou. Dit is daarom belangrik om in ag te neem dat die Christelike geloof nie per definisie “pro familie” was nie, maar eerder ‘n nuwe gestalte daaraan gegee het. Dit is ook belangrik om te onthou dat die vroeë kerk nie ten doel gehad het om families te verbreek nie. Hiervan getuig die sterk afkeur van egskending in gevalle waar een van die eggenote nie ‘n gelowige was nie (1 Kor 7:11-12). Daar was ‘n wisselwerking tussen natuurlike families en die kerk as geestelike familie. So moes slegs ouderlinge en diakens wat reeds hul eie huise goed versorg het (1 Tim 3:3-4, 11; Ef 5:21-33), verkies word om

die kerk as geestelike familie te dien (Nel M J 2006:7-8; Osiek & Balch 1997:130).

Net soos die Christene in die eerste eeu hulle self as deel van twee families gesien het, vind dieselfde vandag steeds plaas. Die kerk of die gemeente is vir baie gelowiges 'n familie met een hemelse Vader wat hulle beskerm en in hulle behoeftes voorsien (Mat 6:9-15).

4. KERK AS “FAMILIE”

God word op baie maniere in die Bybel beskryf. Tog is daar teoloë (Burger, 1997:14; Heyns 1982:90) wat beweer dat die kern van die evangelie juis is dat God nie net die Heilige en Almagtige God is nie, maar ook 'n Vader vir gelowiges is. Gelowiges kry nie net 'n Vader en word God se kinders nie, maar as ons Hom aanneem maak Hy ons deel van sy familie.

In die Ou Testament word die woord “Vader” as 'n aanduiding of Naam vir God net by hoë uitsondering gebruik, slegs dertien keer. Maar in die Nuwe Testament kom die benaming vir God as Vader, meer as 170 keer voor (Burger 1997:14).

Die feit dat die mens aan God as Vader dink is 'n baie ryk belofte met vele kante. God ons Vader is die Een wat sorg. Wanneer Jesus God aanspreek, gebruik Hy die Aramese woord: “Abba”. Dit kan met die woord “Pappa” vertaal word en as teken van vertroue en sekerheid beskryf word. Dit gee die belewenis van nabyheid, intimiteit, sagtheid, geborgendheid, veiligheid en die gevoel dat jy versorg word (Du Toit 1984:85-86; Burger 1997:15).

God sorg vir sy kinders, soos aardse vaders veronderstel is om vir hul kinders te sorg. God se sorg vrywaar die mens egter nie teen alle teenspoed nie. Dit beteken ook nie dat mense se lewens altyd 'n fees van bergspitservarings en vreugde momente sal wees nie, maar wel dat die Vader ook in donker dale en in skaduwees van die dood by sy kinders sal wees en sy hande hulle in liefde

sal troos en beskerm (Ps 23). Sy sorg beteken dat Hy as Vader altyd daar sal wees en sal toesien dat alles uiteindelik goed uitwerk vir die wat Hom liefhet (Rom 8:28) (Burger 1997:19).

As die Christendom sê dat God die mens liefhet, beteken dit dat Hy ons regtig liefhet. Die unieke van God se liefde lê daarin dat dit 'n genadige liefde is. Dit is onverdiend. Gelowiges weet dat daar niks in hulle is wat die liefde van God verdien nie. Die geheim van God se liefde is dat dit nie deur die voorwerpe van sy liefde ontlok word nie, maar in God self (Burger 1997:25; Heyns 1981:68-70).

Die feit dat daar van God as Vader en van ons as sy kinders op verskeie plekke in die Bybel geskryf word, versterk die gedagte dat ons oor die kerk as familie dink. Gesonde families en gesonde gemeenskappe is interafhanklik van mekaar. Families behoort nie in isolasie te leef nie, maar behoort saam met ander families 'n sosiale gemeenskap van sorg te vorm waarbinne kinders kan grootword en ouer mense versorg kan word. Families is in beide die Ou- en Nuwe Testament 'n hoeksteen vir die bou van 'n gesonde en regverdige gemeenskaplewe en 'n gemeente (Strommen & Hardel 2000:156-157; Van der Watt & Thesnaar 2005:89).

Burger (1997:129) skryf dat die kerk 'n unieke organisasie is wat eintlik met geen ander vergelyk kan word nie. Maar indien dit met iets vergelyk moet word, is die familie die samelewingsverband wat die meeste ooreenkoms daarmee toon. Die kerk kan gesien word as 'n nuwe alternatiewe familie wat deur God tot stand gebring word (vgl. Strommen & Hardel 2000:157-158).

In die Bybel word die begrip kindskap van God baie suiniger en meer gereserveerd gebruik. Hoewel die Bybel duidelik noem dat ons almal skepsels van God is en die Here vir ons almal baie lief is, word die term "kind" uitgesonder vir 'n baie spesifieke groep mense. Kinders van God is meer as net die mense wat deur Hom geskape is – hulle is skepsels wat God se sorg en seggenskap oor hulle lewe aanvaar en gewillig is om met Hom te leef soos kinders met hul Vader. Hierdie onderskeid tussen skepsel en kind verklaar

ook waarom die Bybel in baie sterk taal sê dat geen mens van nature 'n kind van God is nie, maar dat ons dit moet word. Geen mens word as 'n kind van God gebore nie. Daar moet iets gebeur om ons sy kinders te maak! (Burger 1997:117; Du Toit 1984:44)

In die evangelie van Johannes (3:1-2) sê Jesus dit duidelik dat Nikodemus weer gebore moet word as hy kind van God wil wees wat die koninkryk van God kan ingaan (Burger 1997:117). Die inisiatief kom van God af. Die gedagte om van mense kinders van God te maak het nie by die mens ontstaan nie, maar by God. Dit is Hy wat ons in 'n nader verhouding met Hom wou intrek (Burger 1997:119; Vos 1996c:97-98).

In Romeine 8 en Galasiërs 4 verduidelik Paulus hierdie beweging van God met 'n term uit die regswêreld. Dit kan vergelyk word met die proses waardeur weeskinders aangeneem word deur nuwe ouers. God het op sy eie inisiatief 'n saak begin wat die moontlikheid geopen het dat ons as sy kinders aangeneem kan word. Hy het sy Seun in ruil vir ons lewe gegee. Daardeur is die deur nou oop vir mense, vir enigeen om aangeneem te word as kind van God (Burger 1997:119; Du Toit 1984:85).

Dat God mense aanneem as sy kinders is die eerste fase van die proses. Die tweede fase het te make met die mens se reaksie op die inisiatief van God. God het besluit dat Hy van sy kant af die mense lief genoeg het om die prys vir hul vryheid te betaal. Nou moet die mens besluit of hy/sy lief genoeg is vir Hom om deur Hom aangeneem te word. Volgens Johannes 1:12 en Galasiërs 4 sien ons dat God se aanneming van die mens as sy kind opgevolg moet word deur ons aanneming van God as ons Vader (Burger 1997:120; Joubert 2000:25-26).

In Johannes 14:23 word God die Vader se liefde in 'n voorwaardelike stelling gekoppel. Hulle wat Jesus liefhet en sy opdragte uitvoer, vir hulle sal die Vader liefhê. Gehoorsaamheid blyk die basis te wees waarop die liefde funksioneer. Vir hulle sal die Vader ook die *Paraclete* gee (Joh 14:26). Dieselfde struktuur word in Johannes 16:27 gevind waar die liefde vir die

Vader die resultaat is van gelowiges se geloof en aanvaarding van Jesus as die Een wat van die Vader kom (Van der Watt 2000:307).

As die Here mense tot sy kinders gemaak het, begin Hy met 'n helingsproses. Daardeur word mense gereinig en vernuwe sodat hul soos God se kinders kan lyk. God maak sy kinders goeie, opregte mense, onselfsugtige mense, mense in wie se lewe hulle Vader herken kan word (Burger 1997:122-123; Le Roux 2001:36).

As mense glo en hulle laat aanneem, word hulle deel van die familie en in die testament ingeskryf as erfgename van God. Saam hiermee is die vaste wete dat niemand iets kan verander aan die feit dat hulle kinders van God is nie (Burger 1997:123-124; Vos 1996c:97).

Die familiebeeld vra dat daar nuut oor die kerk en gemeentes gedink word. Die mens is deel van 'n nuwe familie wanneer hul in die Vader begin glo. In Efesiërs 2:19 word daar pertinent gesê dat gelowiges lede is van die "huisgesin van God". Daar is ook duidelike huisreëls oor hoe so 'n familie met mekaar behoort te leef. Verder is die familie op sekere punte totaal uniek en baie anders as ander families (Burger 1997:125; vgl. Strommen & Hardel 2000).

Die sentrale plek wat die Bybel gee aan die beskrywing van God as Vader en van mense as sy kinders, versterk die gedagte dat daar oor die kerk as familie gedink kan word. Verder word daar ook baie oor "broers en susters" gepraat in die Bybel wat 'n aanduiding is van die nuwe gemeenskap wat tot stand gekom het. Die gesamentlike maaltye in die lewe van Jesus se dissipels en die rol wat dit in die eerste gemeentes gespeel het kan ook bydra om die onderlinge verbondenheid aan mekaar as 'n soort familieband te sien (Burger, 1997:131; Bosman & Mouton 2003:2-3; Van der Watt & Thesnaar 2005:79-80; Joubert 2000:124).

Dit is noodsaaklik om die metafoor van die kerk wat soos 'n familie is op verantwoordelike wyse te gebruik. Die metafoor kan gebruik word om die

kerk en sy roeping beter te verstaan asook die beeld van intimiteit, rustigheid en warmte van 'n hegte familie, te skep. Dit kan egter ook meebring dat baie mense die kerk nie meer beleef as 'n plek van vernuwing en bekering nie, maar eerder as 'n plek van ontvlugting waar weggekruipt word as mens bang is vir die lewe daar buite. Dit kan ook 'n vrees vir konflik bewerk. Daar sal aan allerlei maniere gedink word om die vrede tot elke prys te bewaar al beteken dit dat daar oor verskille geswyg word. Kerkgroepe wat hulself sien as intieme families, verwelkom gewoonlik nie die verskeidenheid wat deel behoort te wees van die liggaam van Christus nie. Mense wat anders is, bedreig die familie en is nie regtig welkom nie. 'n Kerk wat op 'n veilige hawe konsentreer kweek onbewustelik die houding van onttrekking aan die samelewing van die lidmate. In so 'n situasie word die hart van kerkwees waar lidmate betrokke behoort te wees in die samelewing, verloën (Burger 1997:155-156; Strommen & Hardel 2000:156).

Dit is duidelik dat die Bybel anders praat oor families as wat ons dit vandag verstaan, daarom kan ons nie sommer net reguit lyne trek tussen die Bybelse en hedendaagse situasie in die familie nie (Marais & Marais 2002:32). Die Christen sal dus weer die Bybel moet lees vanuit ons konteks met 'n familiële bril om riglyne te kry vir die tyd waarin ons leef en probeer familie wees.

5. FAMILIALE LEES VAN DIE BYBEL

Die familiële perspektief om die Bybel te lees, is natuurlik nie die enigste perspektief waaruit die Bybel gelees kan word nie. Indien dit so beskou word, kan daar van die familie 'n ideologie gemaak word (Marais & Marais 2002:36).

Vanuit die familiële perspektief is die verbondsteologie 'n verhoudingsteologie. Sonder die perspektief van die familie sou die verbondsteologie wetties, hiërargies en strak kon wees. Baie klem sou gelê word op gesag en struktuur sonder om raak te sien dat die verbond in al sy verskillende vorme die hele tyd gaan om die herstel van verhoudings. Die verbondsverbintenisse staan in

wese in diens van verhoudings (Marais & Marais 2002:36; vgl. Vos 1996c:97; Van der Ven 1990:18).

Die familiale lees van die Bybel bring ook 'n nuwe perspektief op God. God is 'n verhoudingswese. Hier kan gedink word aan Johannes 17 waar Jesus bid dat ons een sal wees soos Hy en die Vader een is, asook in Getsemane waar die Seun met sy Vader worstel (Marais & Marais 2002:36; vgl. Vos 1999a:106-108).

Dit is ook opmerklik hoe belangrik Jesus se eie familie vir Hom was in sy lewe op aarde. Van Sy geboorte tot met sy sterwe was Hy deel van 'n aardse familie. Die kruisiging is nie net 'n gebeurtenis in die heilsgeskiedenis nie, dit raak ook Jesus se eie familie. Jesus sien die pyn van sy familie raak en stel 'n nuwe familie saam (Joh 19:25-27) (Marais & Marais 2002:37).

In Jesus se bediening was die tema van families baie belangrik. Hy trek kinders, vrouens en bediendes in as deel van sy familie (Joubert 2000:118-119). In Jesus se lering rondom die gelykenisse kom die families ook sterk na vore. Dink maar aan die gelykenis van die verlore seun (Marais & Marais 2002:38-39; Osiek & Balch 1997:126).

'n Familiële kyk na die verlossing in Christus gaan nie in die eerste plek of jou saak met God reg is nie, maar of daar 'n verhouding is en wat die aard van daardie verhouding met God is. Verlossing is nie net uit sonde nie, maar tot kindskap, tot gemeenskap met God (Marais & Marais 2002:39-40; Joubert 2000:59; vgl. Vos 1999a:107).

Die uitdaging is om vanuit die perspektief van die familie die Bybel opnuut te ontdek. Dan soek ons nie meer die "ideale" familie nie, maar ontdek ons die Bybel se fokus op *koinonia*. Binne die gemeente kom hierdie *koinonia* op 'n besondere wyse tot sy reg.

6. DIE GEMEENTE

Die Christusgelowiges wat deur die verkondiging van die evangelie geroep en gered is, wat saamgebring en opgebou is in die geloof, vorm 'n gemeenskap, wat die hart van die gemeente as liggaam van Christus uitmaak. Dit is die *koinoniale* gemeenskap. Die gemeente is dus 'n gemeenskap van Christusgelowiges, in gemeenskap met God en met mekaar, met Christus as hoof wat sy gemeente deur sy Woord en Gees versorg en regeer (Pieterse 1991:83; Nel 1994:15).

Die gemeenskap in die gemeente word gestig deur God se verbondstigende liefde en genade. Hy neem die mens in sy verbond op. Verbond beteken gemeenskap van die gemeente met God en daardeur heen met mekaar. Die gemeente as gemeenskap beteken dus verbondsgemeenskap. Die nuwe gemeenskap word deur God geroep deur die heilswerk van Christus en die aanvaarding in geloof daarvan. Dit is die liggaam van Christus, die gestalte van Christus in die wêreld (Pieterse 1991:83; Van der Ven 1990:18).

'n Gemeente moet verstaan waar hulle vandaan kom en waar sy historiese wortels geleë is. Verder is dit ook belangrik dat 'n gemeente moet weet waar hulle op die oomblik is. Die gemeente moet luister na die Woord en Gees om te kan hoor waarheen die Here wil hê hulle moet gaan. Die moderne mens wil as gelowige nie meer in die kerk sit waar hulle met alles bedien word sonder om self betrokke te wees nie. Gelowiges het nodig om geestelik gesond te bly en te groei deur aktiewe medewerkers in 'n gemeente te wees en as 'n lewende getuie in die wêreld te leef (Hendriks 1992:11-12; Nel 1994:148-168).

Mense dink verskillend oor kerk- en gemeente-wees. Elke gemeente se bedieningspraktyk word kontekstueel bepaal. Dit is maklik om in te sien dat die Israëliete in verskillende situasies, soos gedurende die uittog uit Egipte, hulle verblyf in Palestina en die ballingskap, hulle godsdienstige lewe verskillend ingerig het. Dieselfde gebeur in die Nuwe Testament waar die

jong gemeentes na aanleiding van plaaslike omstandighede, aansienlik van mekaar verskil. Op dieselfde wyse sal die bedieningspatroon van verskillende gemeentes opmerklik van mekaar verskil. In verskillende situasies vra die Here van die kerk verskillende benaderingswyses en beklemtonings. Wanneer daar groot veranderinge in 'n gemeenskap intree, is dit dikwels noodlottig om op ou en geëkte maniere in die kerk te probeer voortgaan (Hendriks 1992:12; vgl. Nel 1994:151-153).

Die gemeente gebruik in 'n bepaalde kontekstuele situasie sekere metafore uit die Bybel. Die betrokke metafoor spreek dan baie direk en leidinggewend tot daardie kerk se situasie. Wanneer so 'n beeld oor en oor gebruik word, word die gemeente se kerkbegrip in terme van die beeld gevorm. Die beeld word gewoonlik ook uitgebrei en eintlik verder ontwikkel as wat die Bybel dit self gebruik. Dan word so 'n beeld 'n model. 'n Model veralgemeen en orden in die proses die kerkbegrip binne die raamwerk van 'n Bybelse beeld (Hendriks 1992:13; vgl. Strommen & Hardel 2000:156-158).

Modelle kan veralgemeen word om beter insig te verkry in kerkbegrip en tipes bedieningspraktyke. Maar 'n model kan 'n vaste orde en prosedure ontwikkel wat geleidelik die gemeente se kerkbegrip en kerklike praktyk kan beheer. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat so 'n bepaalde vorm spontane lewe en vernuwing kan verhoed (Hendriks 1992:13; Burger 1997:155-156).

Die metafoor van die gemeente as geloofsfamilie kan 'n model wees waar die familiebediening die middelpunt is.

7. FAMILIEBEDIENING

Die kerk wat fokus op 'n familiebediening se hoofsaak behoort te wees om ouers betrokke te kry met die geloofsvorming van hulle kinders. Dit geld nie net vir die kategese nie maar ook vir die jeugbediening (Marais & Marais 2002:91; Strange 1999:142).

Wanneer daar van 'n familiebediening gepraat word, is dit nodig om 'n intergeneratiewe bediening te skep, waar die verskillende generasies kans kry om mekaar beter te leer ken. Die groot uitdaging is om in die eredienste en ander byeenkomste die kinders te verwelkom as kinders, en bejaardes moet soos in 'n familie verwelkom word as gewaardeerde lede van die familie waarsonder die viering van die feeste nie volledig sou wees nie (Marais & Marais 2002:90-91; Strommen & Hardel 2000:156-157; Vos 1996d:303).

As basisteoretiese uitgangspunt word hier gehandhaaf dat die kinders van verbondsmense, mense in 'n verhouding met God en met mekaar, integraal deel is van die geloofsgemeenskap van die gemeente in al sy "gestaltes". Gedurende die jeugfase van die mens, waar verhoudings oorheersend belangrik is, is dit van wesenlike belang dat die jeugbediening ekklesiologies/somaties verantwoord is. Binne die verhouding met ander groei die jeug geestelik en leer hulle dat hulle deel is van 'n dienende gemeenskap van gelowiges (Nel 2001b:18; Strommen & Hardel 2000:156).

Binne die familie word die jongmense se geloof gevorm en leer hulle hoe om dit uit te leef. Daarom behoort die vorming van familiewaardes in gesonde families en rolmodelle in die uitgebreide families van die gemeentes, die belangrikste fokusarea te wees. "Teaching children and teenagers to have Christian values and character takes a village (the whole community)" (Freudenburg & Lawrence 1998:88). Families moet gehelp word om hul identiteit in Jesus Christus te ontdek en positiewe verhoudings te beleef. Ander rolmodelle in die gemeentes sal help sodat die jongmense deel sal wees van die positiewe bediening van die kerk (Van der Watt & Thesnaar 2005:6; Strommen & Hardel 2000:16-17). Die erediens kan in die lig van die familiebediening beskou word as die een geleentheid waar die hele familie, wat uit verskillende generasies bestaan, saam is om God te ontmoet.

Dit was vir my 'n groot vreugde om in die nuutste boek van Gerben Heitink (2007:241), die opskrif te lees: "Kinderen horen erbij". Die benadering tot die familie-erediens wat die navorser inneem en waarmee in die ondersoek gewerk word, word dus gesteun deur die siening van Heitink.

Heitink (2007:246) is van mening dat kinders deur afsonderlike dienste eintlik van die kerk vervreem word. “De vraag moet gesteld worden of huidige praktijk een werkelijke bijdrage levert aan de godsdienstige opvoeding. Zijn we met de kerklijke apartheid van kinderen niet bezig kinderen voor hun verdere leven van de kerk te vervreemden?” Hy is van mening dat die erediens wat vir die volwassenes gehou word “omgebouwd” moet word tot “toegang alle leeftijden.”

Duisende kinders word nie meer in tradisionele gesinne groot nie, maar is deel van enkelouer gesinne en kom uit gebroke huise. Die ouers speel die belangrikste rol in die lewe van die kind, ten opsigte van geloofsvorming. Wêreldwyd word daar teruggekeer na families in die jeugbediening (Olson & Leonard 1996:64; De Vries 1994; Gäbler 1985). Hierdie feit moet in die bediening ten volle verreken word. Die indruk moet nie geskep word dat iemand binne ‘n familie ‘n voorsprong op God se genade het nie (Nel 2001b:20-21). Tog kan die belangrike invloed van die familie nooit onderskat word nie.

Binne die familie word God en sy handeling op die mees natuurlike maniere aan huisgenote geïnterpreteer. In hierdie hermeneutiese ruimte kom jy op die mees spontane en “natuurlike” wyse tot verstaan. Dit beteken nie dat God aan hierdie ruimte gebind is nie. Die familie stel nie perke aan God se vermoë om Homself aan mense te openbaar nie. Tog vra die tyd waarin ons leef, besondere sensitiwiteit vir die krisisse van families (Nel 2001b:18; vgl. Vos 1996d:303).

Freudenburg & Lawrence (1998:10) beskryf die rol van die ouers soos volg: “Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for building faith in young people and for passing faith on from one generation to the next”. Hiermee stem Gäbler (1985:15) saam: “Zo zal het jonge kind ook het geloof van de ouders aannemen.”

Binne hierdie ekklesiologiese (korporatiewe) ruimte van die kerk is daar 'n kleiner eenheid aan wie God op 'n besondere wyse 'n hermeneutiese funksie gee – die familie. Die unieke rol van die familie kom duidelik na vore wanneer daar verwys word na die paasmaaltyd (Eks 12) en die bekende gedeelte in Deuteronomium 6 aangaande geloofsopvoeding en families (Potgieter 2003:57). Kinders moet tot die verstaan kom van wie God is, hoe Hy met mense handel en dit vind op 'n besondere wyse binne die familie plaas (vgl. Strommen & Hardel 2000:18).

Met hierdie stelling stem Nel (1985:14) saam. Hy skryf: “Vir jare reeds word dit aanvaar dat ouers die grootste invloed op kinders het en dat ongeveer 90% van 'n kind se lewensbeskouing deur oorname by sy ouers (of in kontras met sy ouers) bepaal word.”

Die kernfamilie is in die kerklike jeugarbeid van primêre belang, nie net omdat die sosiologie dit bevestig en uitwys nie. Die familie is in die kerk belangrik, aangesien dit God behaag om sy verbondsgenade in en deur families bekend te maak. Dit is 'n opdrag aan ouers om binne die familie as ouers die groot daad van God aan kinders oor te dra en in te skerp. Verbondsonderrig binne die familie vloei uit die harte van verbondsouers (en ander opvoeders) wat God ken, liefhet en dien. In só 'n familie is verbondopvoeding en -onderrig nie 'n ekstra nie. Dit is deel van 'n leefwyse. Sulke ouers (opvoeders) is wat hulle sê; leef wat hulle voorskryf; verduidelik met hulle lewens wat hulle hul kinders voorsê om te doen. Hulle woorde verklaar hulle daad en hulle daad ondersteun, maak waar dit wat hulle sê. So loop God se verbond van geslag tot geslag (Nel 1985:15; vgl. Gäbler 1985:14-15; vgl. Ook Gäbler-Kaindl 2000).

Dikwels dra gemeente programme eerder by om “familieversnippering” te bewerk en staan voor in die ry om die eenheid wat as die waardevolste beskou word, te ondergrawe. Enige gemeente-program wat by die ouers (of opvoeders) oorneem, gaan te ver. Dan kan dit in die kerk gebeur dat die ouers voel asof hulle op die kantlyn staan wanneer dit kom by die vorming van

hul kinders se geloofslewe (Freudenburg & Lawrence 1998:10; vgl. Strommen & Hardel 2000:7).

Die familiebediening is nie 'n "nuwe" bediening of iets ekstra vir die gemeente wat dit kan bekostig as al die ander bedieninge in plek is nie. Dit is 'n perspektief waaruit die hele bediening in die gemeente plaasvind. Dit kan soos volg gestel word:

Family ministry is not a 'new' ministry, something 'extra' for the church which can afford it, the last program to be added when the worship and Bible study and music program are in place.... The challenge for congregations, therefore, is to adopt family ministry as a perspective from which to view the entire life and activity of the congregation, not just those programs that carry content readily identifiable as 'family'.

(Olson & Leonard 1996:64)

Elke gemeente kan 'n verskil maak in die kwaliteit van die lewe van families, deur:

- 'n Familie-vriendelike kultuur te skep in die gemeente en die gemeenskap.
- Families te help om hul unieke taak as lede van die groter huishouding van God te ontdek.
- Families toe te rus.
- Die verhouding tussen die ouers te versterk.
- 'n Bediening vir alleenlopers te ontwikkel waarin hul gerespekteer en ingesluit word (Olson & Leonard 1996:65; vgl. Strommen & Hardel 2000:37-71).

'n Familiebediening maak ruimte vir verskillende soorte families om tuis te voel. So sal die musiekbediening van die familie-vriendelike kerk uit persone

van verskillende geslagte en generasies bestaan. Verder sal daar ongeveer ewe veel mans as dames betrokke wees by vrywillige werk, omdat daar baie dubbelloopbaan families is. Daar sal ook voorsiening gemaak word vir kinders wie se ouers geskei is en wat nie so gereeld die kategeese kan bywoon nie. Die gemeente kan families help deur die met dieselfde behoeftes in kontak met mekaar te bring sodat hulle kan begin “netwerk” (Olson & Leonard 1996:72-73).

Binne die familiebediening is daar ook ruimte vir diversiteit en sal daar aandag geskenk word aan die spesifieke behoeftes van tieners, laerskool kinders asook hul ouers.

8. PLEKVINDING VAN DIE JEUG IN DIE GEMEENTE

Die Jeug-tot-Jeug beweging van die NG Kerk in die sewentigerjare van die vorige eeu, het hernude fokus op jeugwerk geplaas. Daar is baie moeite gedoen om die jongmense te bereik deur programme, kampe, aksies en materiaal. Terugskouend is dit duidelik dat hierdie fokus ook aanleiding daartoe gegee het dat die jeugbediening in ‘n groot mate los van die hoofstroom gemeentelike bediening ontwikkel het. In ‘n sekere sin het die jeugbediening ontwikkel as ‘n “teenoor-die-res-van-die-bedieningebeweging binne die gemeente”. Dit het aanleiding gegee tot ‘n sekere stryd wat gestry moes word, naamlik die jeug versus die res in die gemeente; die jeug versus die volwassenes (Thesnaar 2003:18).

Tans is die realiteit dat die kinders en jongmense nie betrokke is by die kategeese en ander kerklike aktiwiteite nie. Die vraag ontstaan: Wat het daartoe gelei dat die jeugbediening in die NG Kerk die afgelope 30 jaar in ‘n groot mate nie kon slaag om die kinders en jongmense te laat beseef dat hulle lidmate in eie reg is nie? Is dit moontlik dat die jeugbedieningstrukture generasiegapings aangehelp het? (Thesnaar 2003:18). Verder word aangedui deur ‘n studie van George Barna (Barna 2006:30-31; vgl. Freudenburg & Lawrence 1998:11-12) dat die waardes van tieners en

volwassenes wat in Christus glo nie werklik onderskei kan word van die wêreld se waardes nie. Dit lyk dus of die Christelike kerk se invloed op sy lede al hoe kleiner raak.

Kinders en jongmense is onvervreembaar deel van die gemeente (Nel 2001b:19). Malan Nel skryf in sy boek: “Jeug en Evangelie” (1982:29) dat ‘n mens nie kan praat van gemeente en jeug nie, maar eerder van gemeentėjeug. Jeugbediening is deel van ‘n omvattende gemeentebediening en geen grootheid opsigself nie. Die geheel is die gemeente en binne hierdie geheel het die jeug en jeugbediening ‘n kritiese en belangrike plek. Die jeug is dus nie ‘n losstaande groep mense in die gemeente nie. Hulle is ‘n integrale deel van die gemeente (vgl. Vos 1996d:303).

Dit wil voorkom of dit nodig is dat daar meer klem gelê word op die feit dat die jeugbediening deel is van die sentrale holistiese bediening van die gemeente, wat familiebediening as basis het. Onder familie word dan verstaan dat dit ‘n veilige plek is waar al die lede van die familie die ervaring van “behoort” het, dat hulle sorg dra vir mekaar, saamgebind word deur hul stories en wandel in die teenwoordigheid van die Here en dit na buite uitleef (Thesnaar 2003:19; vgl. Strommen & Hardel 2000:15-16).

Kinders en jongmense is nie net ‘n paar jeugliefhebbers in die gemeente se verantwoordelikheid nie. Die jeug is die gemeente se verantwoordelikheid. Malan Nel (2001b:83) noem dit “plekfinding”. Dit behels dat die gemeente meer jeugbewus en -sensitief gemaak word terwyl die jeug meer teologie en gemeente-sensitief en -bewus gemaak behoort te word (vgl. Vos 1996d:311).

Dit bring die volgende belangrike vraag na vore, naamlik: “Wat leer ons ons kinders?” (Pretorius 2005:131-134). Kan dit gebeur dat daar aan jongmense ‘n verdraaide teologie oorgedra word? Of dalk oordrewe aksente op sekere aspekte van die genadeboodskap oorbeklemtoon word? Wat is die teologie wat ons vir ons jongmense leer en toelaat dat hulle geleer word? Dalk is daar die moontlikheid van “verdraaiinge” wat “geleer” word? (vgl. Vos 1996d:313)

Die geloofsvorming wat tydens die kleuterjare plaasvind, is dikwels bepalend vir die verloop van die latere geloofsvorming van die kind en jongmens (Du Toit & Prins 1999:64). Daarom behoort die “skepping”, of die “hiernamaals” of die sogenaamde “doen-teologie” (“Christus het so baie vir jou gedoen, wat doen jy?”), nie oorbeklemtoon te word tydens onderrig aan jeug nie (Pretorius 2005:131-134).

Dit is beter om vir kinders te leer dat geloof alleen red en dat vergifnis die goeie nuus is en nie sondebelydenis nie. Die mens is dankbaar vir dit wat God gedoen het en daarom doen gelowiges dinge anders. Die teologie wat aan kinders oorgedra behoort te word, behoort hulle te help om in vryheid hulle geloof te beoefen en om in die regte verhouding met Jesus Christus te leef (Pretorius 2005:134; Vos 1996d:313).

Om die doel te bereik, sal dit goed wees om die verskillende generasies met hul spesifieke behoeftes verder te bespreek. Wat ook al die samestelling van ‘n familie is, daar is gewoonlik meer as een generasie betrokke. Elke generasie het hul eie konteks en behoeftes wat tydens ‘n erediens verreken behoort te word.

9. DIE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE GENERASIES OP DIE FAMILIE-EREDIENS

Margaret Mead was waarskynlik die eerste persoon wat met die generasieteorie en generasiegaping vorendag gekom het, maar dit was Morris Massey wat dit populêr gemaak het in die sewentigerjare met ‘n reeks lesings wat hy gehou het met die titel: “Who you are is what you were when ...”. Hy het probeer om die Amerikaanse professore te help om wat ons vandag as die “Baby Boom” generasie beskryf, te verstaan. Dit is skole, universiteite, kerke, weermagte en werkplekke wat die meeste sukkel wanneer mense van verskillende ouderdomme en houdings mekaar moet leer of opdragte van mekaar moet ontvang. Hoewel Massey groot werk gedoen het, was dit eers nadat twee Amerikaners, William Strauss en Neil Howe in 1991 ‘n boek

geskryf het met die titel: “Generations, the history of America’s Future, 1584 to 2069”, dat daar eintlik aandag geskenk is aan die hele teorie rondom die generasies (Codrington & Grant-Marshall 2004:15).

Baie studies word deesdae oor die verskillende generasies gedoen. Mense word rofweg in generasies deur middel van karaktertrekke en kwaliteite, gedefinieer. Die verskillende generasies word op grond van historiese gebeurtenisse geklassifiseer. Die klassifikasie kan nie in kanne en kruike gegiet word nie, want dit is maar ‘n veralgemening. Tog is dit sinvol om te veralgemeen, omdat daar eienskappe is wat ooreenkom by spesifieke generasies. ‘n Generasie beslaan normaalweg ‘n periode van ongeveer 20 jaar (Van Wyk 2002:168; Codrington & Grant-Marshall 2004:10).

In verskillende wêrelddele word die groepe in verskillende tydgleuwe ingedeel. Vir die doel van die studie is besluit om te volstaan by die indeling wat Codrington & Grant-Marshall (2004:18) gebruik:

GI: Gebore tussen 1900 en 1920
Silent: Gebore tussen 1920 en 1940
Boomer: Gebore tussen 1940 en 1960
X’er: Gebore tussen 1960 en 1980
Millennials: Gebore tussen 1980 en 2000

Elke geslag het hul eie waardes, houdings, lewensopvattinge en dinge wat hulle motiveer. Dit is asof elke geslag ‘n ander kultuur is (Brink & Brink 1999:8). Een van die groot uitdagings is om vanuit hierdie diversiteit gemeenskaplikes te vind sodat die verskillende generasies in die familie-erediens aangespreek kan word. Deur hierdie generasies van nader te bekyk kan dit help om die leefwêreld van die verskillende generasies beter te verstaan. Dit gee ook meer insig in die wyse waarop die verskillende generasies die erediens ingerig wil hê, sodat hulle beleef dat hulle daardeur aangespreek word.

9.1. “GI” Generasie

Die oudste generasie wat tans leef word die “GI” generasie genoem. Die afkorting staan vir “Government Issue” of “General Issue”. Dit verwys na die klere wat die soldate gedurende die Tweede Wêreldoorlog gedra het.

Die “GI’s” is gebore in ‘n tyd toe die manne sterk was en die vroue fraai en fyn. Die vroue het gemiddeld 12 of meer kinders gehad. Gedurende hul kinderjare was die Eerste Wêreldoorlog in volle swang en hul lewensverwagting was maar ongeveer 47 jaar. Hulle was die mannekrag komponent van Wêreldoorlog II en die groot depressie (Codrington & Grant-Marshall 2004:26-27).

Dit was hierdie geslag wat nuwe voorstede ontwikkel het na Wêreldoorlog II en mense aangemoedig het om hul kinders groot te maak by hul families in huise met tuine. Hulle het medisyne ontwikkel wat mense gesond gemaak het wat andersins sou gesterf het (Codrington & Grant-Marshall 2004:28).

Hulle is vandag nog baie gesteld op hul voorkoms en voel dat hulle altyd netjies moet wees, mans met baadjies en dasse, vroue met netjiese haarkapsels. Hulle sal selfs op hul oudag nog lang ente gaan stap en rolbal speel om fiks te bly. Codrington & Grant-Marshall (2004:29-35) meen dat hulle redelik welaf is, omdat hulle baie spaarsamig geleef het.

Soos die ander generasies sien die “GI” generasie ook vir God soos wat hulle hul vaders gesien het. Hierdie generasie se vaders was gereserveerd, afsydig en teruggetrokke. Dit is dan die manier waarop baie van hulle God sien. Soos hulle van hul vaders verwag het om hulle te beskerm, so verwag hulle dit ook van God. God is vir baie van hul iemand na wie toe hulle kan gaan in tye van nood. Om kerk toe te gaan is/was dikwels iets daarvan dat hulle hul deel van die kontrak nakom. Vir die meeste van hulle is/was dit ‘n tradisionele en formele belewenis waarvoor hulle beste klere aangetrek het (Codrington & Grant-Marshall 2004:235).

Die “GI” generasie hou van ‘n formele erediens waar daar niks onverwags gebeur nie. Alles moet baie ordelik geskied. Hulle glo dat “God die mense help wat hulself help.” “They prefer no-nonsense preaching that lays down a clear morality and allows no compromise or shades of grey” (Codrington & Grant-Marshall 2004:236).

9.2. “Silent” Generasie

Hulle is tydens baie moeilike omstandighede gedurende die Groot Depressie en Wêreldoorlog II gebore. Na die depressie van die Eerste Wêreldoorlog het die 1920’s gekom waar dit aansienlik beter met die ekonomie gegaan het. Hulle word deur ernstige en pragmatiese ouers grootgemaak wat hulle probeer beskerm. In Brittanje en dele van Europa is kinders van ouers weggestuur om hul veiligheid te probeer verseker. Hierdie hartseer kinders het dit alles aanvaar en stabiliteit en standvastigheid verwelkom. Hulle is geneig om terug te trek, baie versigtig te wees en is oor die algemeen nie baie verbeeldingryk nie. Hulle het geleer dat dit nie help om te kla oor jou lot nie, maar dat dit maar net aanvaar moet word (Codrington & Grant-Marshall 2004:31-33).

Hierdie generasie betree nou bejaardheid en met hul vriendelike aanslag bly hulle in kontak met die jeug. Selfs na aftrede is daar baie van die geslag wat nog hard werk en spaar. Daar is tog ook die van hulle wat na aftrede leer om te ontspan en hulself te geniet (Codrington & Grant-Marshall 2004:34).

In die tydperk tussen 1930 tot 1940 het die “Silent” generasie vertroosting en vrede gevind in die erediens deur gesamentlike aanbidding. Gedurende en selfs na Wêreldoorlog II was die kerkbywoning baie goed. Hulle het die kerk as skuilplek of toevlugsoord beskou. Dit is wat baie van hulle vandag steeds van die kerk verwag. Dit moet ‘n plek wees van vrede en stabiliteit in hierdie chaotiese veranderende wêreld. Hulle hou van ‘n erediens met ‘n vaste

roetine en liedere wat met 'n orrel gesing word. Die erediens moet ook binne 'n vasgestelde tyd klaar wees (Codrington & Grant-Marshall 2004:237).

Die "Silent" generasie is baie getrou aan die kerk en gaan nie so maklik uit 'n kerk soos ander jonger generasies nie. Hulle hou nie van verandering nie en hou van orde en struktuur. Hulle hou van in-diepte Bybelstudies en geniet preke wat fokus op teologie en die eskatologie met 'n sterk onderrigende toon. Lofprysing moet gestruktureerd en ordelik plaasvind (Codrington & Grant-Marshall 2004:239).

9.3. "Baby Boomers"

Dit is die geslag wat in die interessante en voorspoedige jare tussen 1940 en 1960 gebore is. Hulle het optimisties grootgeword. Mense het in hul eie vermoë geglo om deur die wetenskap, medisyne en tegnologie die wêreld se probleme op te los (Van Wyk 2002:170).

Gedurende die "Boomers" se ontwikkelingsjare as jong volwassenes het hulle grootskaalse ekonomiese groei beleef. In hierdie generasie se tyd vind van die wonderlikste tegnologiese ontwikkelinge plaas, soos byvoorbeeld die eerste hartoorplanting en die eerste man wat op die maan loop (Van Wyk 2002:170; Codrington & Grant-Marshall 2004:8).

In Suid-Afrika was dit 'n tyd van voorspoed. Die Blanke Afrikaners het die politieke mag gehad. Morele waardes is deur wetgewing beskerm. Streng sensuurwetgewing het bepaal wat gelees en na watter films gekyk kon word. Dit was vir ouers maklik om morele waardes vir hul kinders te leer. Dinge was reg of verkeerd. Die kerk het 'n sterk rol gespeel in die handhawing van morele waardes en die kerk het mense wat daarvan afgewyk het, onder tug geplaas. Die gesag van die kerk was by die meerderheid mense bo verdenking. As die kerk gepraat het, het die volk, die regering, die skoolhoof en die skoolkomitee geluister (Brink en Brink 1999:13).

Brink en Brink (1999:13) wys daarop dat die “Boomers” in die dekade van seksuele rewolusie groot word waar vrylik met seks en dwelms geëksperimenteer is. Die jonger geslag was ontnugter deur dit waarvoor hulle ouers gestaan het. Hulle het jeugkulture soos die hippies en blommekinders wat op stadspleine leeglê, gevorm. Vrye liefde is wyd en syd verkondig en beoefen.

Dit is nogal ironies dat hierdie “rebelse” generasie vandag die kampvegters is vir die reëls van die samelewing wat hulle verbreek het. Hulle is nou die kampvegters teen dwelms en sigarette. Verder probeer hulle om die seksuele promiskuitheid en pornografie in toom te hou. Dit is die generasie wat vandag belangrike plekke in die politiek, regering en besighede beklee (Codrington & Grant-Marshall 2004:41).

Die “X’ers” raak toenemend gefrustreerd met hierdie dominerende “alwetende” geslag van die “Boomers”. Dit is vir hulle baie moeilik dat die “Boomers” nie wil oud word nie. Hulle weier om rustig en grasieus af te tree. Hulle het die grense vir ouderdom ook verskuif. Dit was gewoonlik so sestig, sewentig jaar. Die “Boomers” noem dit nou die middeljare en die middeljare het hulle hernoem na die “middeljeug”. Mans van hierdie generasie kleur omtrent net so gereeld soos vroue hul hare. Die vroue is voortdurend besig met oefening om langer jeugdig te bly (Codrington & Grant-Marshall 2004:42).

Die “Baby Boomer” generasie se vroegste belewenis van geloof en godsdiens is gebaseer op die “Silent” generasie se klem op struktuur en institusie, waar die kerk die middelpunt van die gemeenskap was. Hulle het groot geword met hoë verwagtinge van die kerk, van hoe goed gedoen behoort te word. Sommige van hul drome en ideale is egter verpletter deurdat die kerk nie volgens hulle, hul genoeg of toepaslik ondersteun het in tye van nood nie. Baie van hulle rebelleer teen die “styfheid” van hul godsdienstige ervarings in hul jeug en in die proses rebelleer hulle ook teen die kerk en God. Daar is baie wat glo dat hulle al die antwoorde op probleme het en nie die kerk nodig het nie. Onder die streng leiding van die programgedrewe “Silent” generasie het daar tog ‘n klomp “Boomers” teruggekeer na die kerk. Baie van hulle juis

omdat hulle hul kinders wil groot maak met geestelike en morele waardes (Codrington & Grant-Marshall 2004:240).

Die “Boomers” wil ‘n visionêre en vinnig bewegende gemeente hê. Hulle sal die meeste aangetrek word deur ‘n kerk wat opsigtelik optree en waar die visie duidelik gekommunikeer word. Hulle hou van spanwerk en om deel te wees van die beplanning en implimentering van die visie. Dit is vir hulle belangrik dat die personeel by die kerk professioneel, effektief en doeltreffend is. “Boomers” is aksie-georiënteerde mense wat preke wil hoor van “how to”, eerder as “vervelige verklarings en analyses.” Kragtige predikers wat die tegniek van motiveringsprekers gebruik sal die meeste aanklank by hulle vind. Musiek is vir hierdie generasie baie belangrik. “Rock ‘n roll” was omtrent van altyd af deel van hul lewens en hulle het die musiek ook in die kerk ingebring. Vir hulle moet die musiek lewendig, “upbeat and uplifting” wees. Wat hulle egter as “up-to-date” musiek beskou is al ongeveer twee dekades oud. In ‘n poging om ander generasies te bereik sal die “Boomers” sensitief moet wees vir die musieksmaak van jonger generasies (Codrington & Grant-Marshall 2004:243).

9.4. “Generasie X”

Die datum vir die begin en einde van die generasie verskil baie. Van Wyk (2002:171) kies vir die datums 1960 tot 1990. Dit is baie moeilik om die generasie te definieer. Sommige noem hulle die “Dertiende Generasie”, ander “Generasie X” en ander “Baby Busters”.

Van Wyk (2002:173) skryf dat letterlik in elke boek en artikel waarin daar oor die generasie geskryf word, verhoudings as hoofeenskap uitgelig word. Hierdie geslag word groot in ‘n wêreld waar intieme, standvastige verhoudings die uitsondering is. Egskeidings is aan die orde van die dag, intieme familieverhoudings bestaan nie meer nie. Besige, afwesige of werkende ouers dra daartoe by dat die generasie ‘n honger na verhoudings het. Dit het dikwels gebeur dat hierdie kinders in leë huise aankom in die middag na

skool. Verder is/was baie van hierdie generasie elke tweede naweek by 'n ander ouer se huis. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dat hulle baie skepties oor verhoudings is, maar tog 'n diepe behoefte aan gesonde verhoudings het, al weet hulle nie hoe om dit te hanteer nie (Codrington & Grant-Marshall 2004:49).

Die "X'ers" probeer hulle bes om iewers in te pas. Hulle hoofdoel is om mense te oorreed om vir hulle lief te wees. Met die media wat verkondig dat liefde gevind word deur seksuele intimiteit, word die konsep van "veilige seks" gepropageer, want die argument bestaan dat daar geen manier is waarop hierdie jongmense verhoed kan word om seks te hê nie. Die generasie leef dus in 'n kontradiksie: "They want stable, moral marriages and open sexual relationships" (Van Wyk 2002:174).

Die hoë egskeidingsyfer en die feit dat só baie ouers met hul eie lewens besig was en hul kinders verwaarloos het, veroorsaak dat hierdie generasie ander mense nie maklik vertrou nie. Hulle is deur omstandighede gedwing om op hulself staat te maak. As gevolg van die feit dat hulle al dikwels in die verlede seergekry het, verbind hulle hulself nie maklik tot enige saak nie. As hulle hul aan iets verbind is dit op korttermynbasis met bereikbare doelwitte wat aan 'n sperdatum gekoppel is (Van Wyk 2002:176).

As gevolg van die hoë egskeidingsyfer, gebroke gesinne, verwaarlosing en afgeskepte verhoudings dra hierdie generasie baie emosionele pyn. Hulle voel dikwels soos slagoffers en gedra hulle ook so. Hulle sal enige iets doen vir slegs 'n paar oomblikke van "bevryding" soos: alkohol, dwelms, seks, harde musiek, rook; enigiets wat die simptome kan verlig (Van Wyk 2002:177).

Vir die generasie is verandering 'n konstante. Hulle is suspisies teenoor alles wat dieselfde bly. Hulle word gou verveeld en soek daagliks na iets nuuts. Vir hulle is dit nie die waarheid en rede wat tel nie, maar pragmatisme. Dit gaan vir hulle daaroor dat iets prakties 'n verskil in hulle lewe moet maak. Hulle soek antwoorde op lewensvrae (Van Wyk 2002:179).

Die Christelike geloof is nie meer die enigste geloof waaraan hulle blootgestel word nie. Die jongmense is nie van nature godsdienstig nie en is ook nie geïnteresseerd in institusionele godsdiens nie. Hulle is geïnteresseerd in New Age, okkulte, ensovoorts. Vir hulle is dit nie ter sake of iets reg of verkeerd is nie. Hulle steur hulle nie aan morele grense nie. Die hele kwessie van sonde is vir hulle geen probleem nie. Daarom soek hulle nie na oplossings of antwoorde op sonde nie. Dit beteken ook dat hulle nie 'n Verlosser nodig het nie (Van Wyk 2002:179).

Hierdie generasie het groot geword in 'n wêreld sonder 'n padkaart. Al kan hulle met paradokse saamleef, is hulle ook moeg vir 'n wêreld van totale vryheid en chaos. Hulle is op soek na iemand om vir hulle die weg te wys, maar nie sommer enige iemand nie. Waar die "Boomers" gesag aan 'n persoon se posisie gekoppel het, gaan dit vir dié generasie oor persoonlike gesag, nie posisionele gesag nie. Gesag word verdien. Hulle aanvaar gesag van diegene wat dit verdien deur hulle karakter en verhouding met hulle, nie as gevolg van posisie of titel nie (Codrington & Grant-Marshall 2004:53).

Baie van hulle het meer tyd voor die televisie deurgebring as saam met hul ouers. Die tegnologie maak dit moontlik om die media met hulle saam te dra waar hulle ookal gaan ("walkmans", "laptops", selfone). Hulle ken die krag van die media en is skepties oor wat hulle in die media sien, omdat hulle weet dat selfs die nuusbuletin gemanipuleer kan word. Die werklike lewe en die lewe op die televisie is vir hulle twee verskillende dinge (Codrington & Grant-Marshall 2004:53).

Hul waardesisteem is in hul vroeë kinderjare vasgelê. Daarom sal hul 'n baie beter balans hê tussen werk en ontspanning as die "Boomers". Hulle is nie bang om kanse te waag nie en hou van uitdagings. "X'ers" wil 24/7 kan kommunikeer en as iets nie op die internet is nie, dan tel dit nie vir hulle nie. Hulle het 'n behoefte aan outoriteit maar dit moet van die regte mense af kom. Die 'nou' maak meer saak as die toekoms. Verhoudings is vir hulle die belangrikste. Hulle lewens verander voortdurend en hul omhels verandering.

Hulle vlakke van pyn en woede neem steeds toe. Hulle is op soek na geestelike ervarings en glo in die bonatuurlike (Codrington & Grant-Marshall 2004:53-54).

Die “X-ers” se ervaring rondom hul kindjare van gebroke verhoudings (egskeidings) het die gevolg dat die “kleingroep-gedagte” in die kerk vir hulle aantreklik is, veral as daar klem gelê word op families en verhoudings. Op dié manier kan hulle iets beleef van geloof in aksie (Codrington & Grant-Marshall 2004:245).

Sommige groot kerke het in ‘n afsonderlike gebou vir die “X-ers” begin kerk hou, apart van die res van die gemeente. In hierdie sogenaamde “jeugdiens” is die aanbiddingstyl baie verskillend van die by die volwassenes. Die preek en sang verskil heelwat. Daar is ook kerke wat nie soveel ruimte het nie, wat dan op verskillende tye vir die verskillende generasies probeer akkommodeer. Dit mag op hierdie stadium lyk na ‘n oplossing, maar kan op die langtermyn ‘n probleem wees. Wanneer hierdie jongmense universiteit toe gaan word daar dikwels gevind dat hulle nie genoeg in gemeen het met die erediens soos die volwassenes dit hou nie en dan verlaat hulle die kerk (Codrington & Grant-Marshall 2004:245-246; vgl. Heitink 2007:246).

Die “X-ers” verskil van die “Boomers” wat die aanslag het van “bigger is better”. Hulle hou meer van ‘n individualistiese aanslag ten opsigte van godsdiens en spiritualiteit. Hulle lê baie klem op ‘n individuele verhouding met God en wil geborge wees in hul eie omgewing met hul eie musiek (Codrington & Grant-Marshall 2004:246).

Hulle verstaan nie hoekom gebroke mense kerk toe gaan met hul netjiese Sondagklere en maak of niks verkeerd is nie. Hulle beskou God as die groot Geneesheer en die Een wat ‘n Vader is vir die vaderloses. Hulle verkies lofprysing en aanbidding bo prediking. Predikers moet ook meer gebruik maak van multimedia en groter interaksie toelaat tydens die prediking om hulle te bereik. Hier kan gedink word aan stories, dramas, debatte, voorlesings en besprekings. Prediking wat fokus op sistematiese, analitiese

verduidelikings sal vir hulle te intellektueel en sonder emosie wees. “X-ers” verkies prediking wat bemoedigend en gerusstellend is. Hulle hou van meer informele dienste waar kinders ook welkom is. Hulle hou nie daarvan om op te tof vir kerk nie en vermy titels. Hulle hou meer van voorname en sal op die korttermyn betrokke raak in die bediening (Codrington & Grant-Marshall 2004:247).

9.5. “Millennium-generasie”

Hierdie generasie word die “Millennials”, “Millennium-generasie” of die “Generasie Y” genoem (Brink & Brink 1999:19).

Ongeveer 50% van die kinders se ouers is geskei (Brink & Brink 1999:19-23; vgl. Codrington & Grant-Marshall 2004:58-59). Hulle dra die wonde van gesinsgeweld en seksuele molestering (dikwels deur iemand baie na aan hulle). Baie het probleme met hulle verhoudings met hul ouers en dit is vir hulle ‘n teer saak. ‘n Deel van die gesukkel is maar die normale waardeur alle tieners gaan, maar baie daarvan is ook veel dieper. Die tieners wat probleme beleef, praat baie moeilik met ander. Hulle wil nie die indruk skep dat dit nie goed gaan by die huis nie. Ander dra swaar aan die emosionele las wat in baie gebroke gesinne op kinders gelaai word. Wanneer ‘n mens met hierdie kinders praat wens jy dat jy hulle heeltemal uit die situasie kan wegneem waarheen hulle moet teruggaan.

‘n Groot groep van die “Millennials” is wanhopig oor die toekoms en voel ongemotiveerd want hulle het die idee dat daar in elk geval nie werk vir hulle gaan wees nie. Baie word groot in huise waar hul elke dag negatiewe gesprekke oor die toekoms van die land hoor, waar hulle hoor hoe sleg dit met die ekonomie gaan en hoe min hoop daar vir die toekoms is (Brink & Brink 1999:23).

Betekenisvolle verhoudings raak al hoe skaarser. Die “Millennials” word groot in ‘n tyd waar gesins- en groter familieverhoudings agteruitgaan. Gesinne

moet vandag baie meer moeite doen om tyd te kry om dinge saam te doen, want die geleenthede raak skynbaar al hoe minder. In die meeste huise moet beide ouers werk om die pot aan die kook te hou, dikwels ver van die huis af, sodat beskikbare tyd saam met die kinders al hoe minder raak. Baie kinders word in enkelouerhuise groot. Dit dra alles by dat die generasie 'n behoefte het aan egte en intieme verhoudings. Brink & Brink (1999:24) beskryf die "Millennials" as 'n "verhoudingshonger generasie".

Hulle bestee nie ure agter boeke nie en kuier min in die biblioteek. Hulle is kinders vir die elektroniese era. Vir die meeste is televisie en grootskermflics in volkleur met vinnige wisseling, kwartofoniese klank, ongewone spesiale effekte en rekenaarspeletjies hulle ontspanning. Die internet is 'n groeiende bron van inligting. In tydskrifte wat op die jeug gerig is, val die klem op kleurvolle bladsy-ontwerp en kreatiewe uitleg eerder as inhoud (Brink & Brink 1999:24-25; Codrington & Grant-Marshall 2004:60-62).

Twee of drie dekades gelede het aspirant-onderwysers al geleer dat jy baie min onthou van wat jy net hoor, heelwat meer wat jy hoor en sien en byna alles van wat jy hoor, sien en dan doen. Daarmee is die lesingmetode van die oordrag van kennis heel onder aan die lys van onderrigmetodes geplaas – "ondoeltreffend" is daarvan gesê. Onderwysers is aangemoedig om kinders te help leer deur ontdekking of selfdoen. Hierdie beginsels is nie nuut nie, maar meer as ooit van toepassing op die "Millennials". Hul luistervaardighede is uiters beperk. Hul aandagspan baie kort. Lang toesprake en preke werk nie vir hulle nie. Hulle leer wanneer hulle doen, wanneer hulle deel is van 'n proses. Baie van die boodskappe wat na hulle kom is in prentjies met baie kleur, beweging en klank. Vir hulle is die wêreld kleurryk en hulle leef in 'n tyd waar daar so baie dinge is wat aanspraak maak op hulle aandag dat doodgewone woorde moeilik 'n indruk op hulle maak (Brink & Brink 1999:24; vgl. Codrington & Grant-Marshall 2004:248-249, 131-132, 122).

Dit beteken dat 'n mens ure kan bestee om vir tieners en kinders alles te leer oor die Christelike geloof en oor waardes. Maar hulle gaan dit eers leer wanneer hulle deur 'n mens se lewe gewys word dat dit werk en daar vir hulle

geleentede geskep word waar hulle dit in hul eie lewe kan ontwikkel (Brink en Brink 1999:24).

Die “Millennials” word meer blootgestel as enige ander geslag voor hulle. Hulle hoor van verskillende geloofsoortuigings, van ander lewensopvattinge en het baie meer moontlikhede waaruit hulle kan kies as enige vorige geslag. Vir hulle is die wêreld klein. Alles in die wêreld is binne hul bereik – goed en sleg. Hulle is meer ingelig vir hul ouderdom as enige geslag voor hulle. Hulle leef voorwaar in ‘n baie opwindende tyd met oneindig baie geleentede (Brink & Brink 1999:25).

Die ander kant van die saak is ook waar. Hulle word oorval met inligting, opsies en verskillende waarhede. Hulle is oorgestimuleerd. Baie van hulle ly aan die “klaar gesien – klaar gedoen” mentaliteit en raak oor bittermin meer opgewonde. Daar word selfs beweer dat daar baie van hulle is wat aan sogenaamde keuse-verlamming ly (Brink & Brink 1999:26). Dit beteken dat hulle aan soveel verskillende moontlikhede blootgestel word dat dit uiteindelik vir hul byna onmoontlik is om ‘n keuse uit te oefen.

Die “Millennials” is die mees elektronies blootgestelde, “gekoppelde” geslag ooit. “Walkmans”, groter keuse van televisiekanale, videomasjiene sowel as rekenaar- en elektroniese speletjies het vir baie in die “Millennium-generasie” ‘n kunsmatige en oppervlakkige tuiste geskep. Boonop is dit ‘n tuiste in die afwesigheid van hul ouers. Vir baie kinders kan hul ouers dalk daar wees, maar iewers op die agtergrond of emosioneel afwesig. Hierdie elektroniese wêreld het vir baie van hulle ‘n familie geword. Dit het die plek geword waar hulle meer gemeen het met die wêreldkultuur wat deur die media geskep word as met die volwassenes wat saam met hulle onder dieselfde dak bly (Brink & Brink 1999:27; vgl. Codrington & Grant-Marshall 2004:60-61).

Hierdie generasie is voortdurend besig met die tegnologie om te kommunikeer en sal baie teleurgesteld wees as die kerk nie ‘n webblad het nie en die leraar nie per e-pos of sms met hulle kan kommunikeer nie. Hulle hou daarvan dat die pas redelik vinnig is (Codrington & Grant-Marshall 2004:248-249).

Hulle is gedurig besig met rekenaarspeletjies. Die tema van baie van die speletjies is om soveel as moontlik mense dood te maak. Wanneer mens hierdie goed sien, ruk die weersin in jou op. Maar vir die kinders en tieners wat daarmee speel is dit nie so erg nie. Hierdie onbeheerde blootstelling aan virtuele geweld moet op die lang duur 'n negatiewe invloed op 'n mens hê. Dit skreeu in alle opsigte teen alles waarvoor die Christelike liefde staan. Talle ouers wat baie vir hul kinders omgee, is onbewus van al hierdie geweld waaraan hul kinders blootgestel word. Dit laat 'n mens besef dat kinders nie sonder enige toesig of beheer in hierdie elektroniese wêreld losgelaat kan word nie (Brink & Brink 1999:27-28; Codrington & Grant-Marshall 2004:60).

Die “Millennials” is die eerste generasie wat onder die swaard van MIV-Vigs grootword. Ongeveer 6 miljoen Suid-Afrikaners sal waarskynlik teen 2010 MIV-positief wees. Dit beteken een uit elke tien persone. Die grootste toename gaan onder dié generasie wees. Baie van hulle sal ouerloos gelaat word of self op jeugdige ouderdom sterf. Presies wat die impak hiervan sal wees, sal net die tyd kan leer. MIV-Vigs het ook 'n geweldige invloed op die manier waarop volwassenes vandag met kinders oor hul seksualiteit praat. Die werklikheid van tieners wat seksueel aktief is en met die MIV-virus besmet kan word, het aanleiding gegee tot groter openhartigheid oor die onderwerp wat vorige geslagte nie geken het nie. In Christelike kringe word jongmense gewys op die Bybelse beginsels dat seks vir die huwelik bedoel is, maar ook bygevoeg dat as hul wel besluit om seks te hê, hulle asseblief 'n kondoom moet gebruik (Brink & Brink 1999:29-30).

Baie van hierdie jongmense betree die arbeidsmark op 'n baie vroeë ouderdom, aanvanklik as deeltydse werkers. Hierdie jongmense bevraagteken alles; hulle is erger as die “X'ers” wat dit betref. Om hulle te leer is 'n uitdaging. Die klaskamers is lawaaierig en soms weet die kinders meer as die onderwysers. Onderwysers moet vrae vra om die probleem aan die kinders te stel. Hulle moet ook van verskeie mediums van kommunikasie gebruik maak om die kinders se aandag te behou (Codrington & Grant-Marshall 2004:111-112).

Waar die “Boomers” op ‘n stadium opgestaan het en verklaar het dat “Jesus die antwoord is”, sal “Millennials” daarop reageer deur te vra wat die vraag was. Hulle wil nie maklike antwoorde hê as hulle nie eers die vraag behoorlik verstaan nie. Hulle verkies om self inligting te ontdek eerder as om iemand te hê wat vir hulle vertel. Dit is ook deels hoekom hulle die “why generation” genoem word. Hulle wil wegbeweeg van “seeker sensitive approaches” by die kerk wat die erediens stroop van sy unieke karakter en misterie. Hulle wil met God ontmoet op ‘n geestelike wyse. Kerke wat ‘n sterk maar relevante liturgie het sal dus ‘n voorsprong hê met die “Millennials” (Codrington & Grant-Marshall 2004:249).

Volgens ‘n artikel wat Johan Rossouw in die *Beeld* (22 Oktober 2005) geskryf het, haal hy die boek van Dany-Robert Du Four met die titel, *L’Art de Réduire les têtes* wat in 2003 verskyn het aan, en noem dat hierdie generasie ‘n geweldige behoefte het aan waardes. Daar is ‘n soeke ook na Christelike waardes. Die “Millenials” soek iemand wat staan vir die waardes waarna hulle soek. Dit maak hulle oop en ontvanklik vir die evangelie (vgl. Codrington & Grant-Marshall 2004:216-218).

Hierdie uiteenlopende behoeftes van die verskillende generasies veroorsaak dat ‘n intergeneratiewe bediening ‘n groot uitdaging is.

10. INTERGENERATIEWE BEDIENING

In ‘n intergeneratiewe bediening is nie net die familie nie, maar ook die hele gemeente in verskillende ontwikkelingsfases van hul lewens en het hulle verskillende behoeftes. Die ontwikkelingsfase van die persoon kan veroorsaak dat mense binne dieselfde generasie se behoeftes mag verskil.

Die uitdaging vir die prediker is om die verskillende generasies tydens die familie-erediens aan te spreek. Die jongmense wil boodskappe oor seks hoor. Die persone tussen die ouderdom van dertig en veertig jaar wil van

huwelike en families hoor, terwyl die senior lidmate leiding verlang rakende die ouderdom (Codrington & Grant-Marshall 2004:250; Vos 1996d:311).

Die “Millennium-generasie” word groot in ‘n diverse, integrerende konteks en sal teleurgesteld en ongemaklik wees met kerke wat homogeen is (kerke wat afsonderlike eredienste en bedienings vir die verskillende generasies het.) Hulle verwag om mense van verskillende kulture, ouderdomsgroepe, geslagte en sosiale status saam in die eredienste en gemeente te sien (Codrington & Grant-Marshall 2004:249).

Kerkleiers behoort op die volgende 4 sleutelareas te konsentreer in ‘n poging om die verskillende generasies gesamentlik aan te spreek (Codrington & Grant-Marshall 2004:250) :

- Ontwikkel ‘n atmosfeer in die gemeente van liefde en eenheid.
- Goeie kommunikasie waar die leierskap gereelde terugvoer vanaf die gemeente ontvang, is noodsaaklik.
- Verandering moet goed bestuur word.
- Die visie moet voortdurend beklemtoon en kommunikeer word.

Ten einde ‘n intergeneratiewe bediening in stand te hou, behoort die volgende plaas te vind (Codrington & Grant-Marshall 2004:250):

- Volwassenes moet bereid wees om mag en verantwoordelikheid te deel met die jongmense.
- Jongmense moet bereid wees om verantwoordelikheid te aanvaar.
- Verskillende generasies moet oor die vaardighede beskik om saam te werk.

Met ‘n intergeneratiewe bediening is dit nie net ‘n geval waar volwassenes jongmense toelaat om gebeurtenisse wat hulle gereël het, by te woon nie. Die jongmense moet aktief betrokke wees by die reëlings van aktiwiteite en gerespekteer word (Codrington & Grant-Marshall 2004:250).

Hoewel daar aan die bedieningsbehoefte van die mense aandag gegee word, is dit ook goed om in gedagte te hou dat die smaak en voorkeure van die mens nooit die deurslaggewende saak is nie. Die kerk is nie 'n demokrasie waar die meerderheidsgevoel van die volk die inkleding van die erediens bepaal nie. Die kerk is 'n teokrasie (Godsregering) waarin sy Woord die riglyne vir die erediens bied (Victor 1996:243; vgl. Brink & Brink 1999:168).


Die huidige inkleding en vormgewing van die erediens hou waarskynlik nie genoegsaam rekening met die kind en jongmens in die fases van hul groei nie. (Dit mag dalk wees dat die kerk die klem wat die kind betref op die kategetiese onderrig plaas.) In die kerk en die erediens spesifiek word daar dikwels baie klem op die rasonele geplaas en die affektiewe en emosionele word soms onderbeklemtoon (Victor 1996:238; vgl. Brink & Brink 1999:161-165).

Kinders en tieners kan deel van dieselfde generasie wees, maar tog verskillende behoeftes hê, soos byvoorbeeld wanneer die een in die laer- en die ander in die hoërskool is. Ten einde 'n beter begrip vir die familie se behoeftes te ontwikkel kan dit sinvol wees om die lede van die familie sowel as hulle behoeftes te beskou vanuit die Familie Ontwikkelingsteorie en die Familie Lewenssiklus (Lamanna & Riedmann 1991:44).

Volgens die Familie Ontwikkelingsteorie word die tipiese fases van die familie lewe gekenmerk deur:

1. Die byvoeging of wegneming van sekere familie lede (bv. deur dood, geboorte en huisverlating);
2. Die verskillende fases in die lewe van kinders;
3. Veranderinge in die familie se verbintenis met ander sosiale sisteme (bv. aftrede) (Lamanna & Riedmann 1991:44).

Die volgende staan bekend as die Familie Lewenssiklus (“Family life cycle”):



(Lamanna & Riedmann 1991:44)

Vir die doel van die studie sal hoofsaaklik gekonsentreer word op die families met skoolgaande kinders. Daarom sal daar vervolgens gefokus word op die behoeftes van die laerskool- en hoërskool kind (tiener) sowel as die van die ouers gedurende die fases.

10.1. Die behoeftes van die laerskool kind

Kinders is baie leergierig. Hulle wil alles leer en ontdek. Hulle kom na die eredienste in hierdie ontvanklike lewensfase. Hulle is uiters ontvanklik vir egte en blywende indrukke. Hulle is oop vir goeie indrukke, veral vir die van die evangelie en die geloof. Die hartseer is egter dat die kinders dikwels in die erediens vergeet word. Die leraar en die kerkraad is baie keer nie eers bewus van die kinders se teenwoordigheid in die eredienste nie. Die liturgie word opgestel en aangebied vir volwassenes (Barnard 1988:351-352; vgl. Brink & Brink 1999:163-164).

As gevolg van die feit dat kinders dikwels nie bereik word in die erediens nie, kan die wonderlike gebeure van die erediens en die prediking by hulle verby gaan. Dit veroorsaak dat die erediens die bekoring en bewondering van die kind verloor. Die kind kan maklik afskakel en die erediens word onaantreklik en vervelig. Dit kan ook lei tot negatiewe gevoelens van weerstand en verset by die kind. Die kinders word hierdeur vervreem van die kerk en verset teen

die prediking en erediens vind plaas. Kinders word dan onder die prediking “uit die kerk gepreek” (Barnard 1988:351-352; Brink & Brink 1999:161-162).

Kinders is deel van die erediens omdat hulle saam met die volwassenes deel is van die gemeente van Christus. Die gemeente word in die Bybel gesien as ‘n korporatiewe eenheid, as liggaam van Christus (Barnard 1988:358; De Klerk 2002:262; Vos 1996d:311).

Die diepste grond vir die eenheid tussen volwassenes en kinders is die verbond van God met sy volk/kerk. God werk nie slegs met los enkelinge nie, maar met die mense in hulle verbande, met die opeenvolging van die geslagte van die gelowiges. Die kind leef in die dampkring van die verbond met al sy beloftes, seëninge en verpligtinge. Die verbond is die basis vir die erediens. In die erediens word die verbond vernuwe en herbeleef, die beloftes van die verbond word steeds toegesê aan gelowiges en hulle word opgeroep om daaruit te lewe. Die kind is deel van die verbond (Barnard 1988:358; Nel M J 2006:3; De Klerk 2002:262-263; Heitink 2007:241-246).

Verder sien die Bybel die familie as eenheid. Die kind kry ‘n besondere plek in die familie en is onlosmaaklik deel daarvan. Die ouers kry kragtens ouerskap en die verbond die taak om die kinders op te voed en te onderrig, maar ook om hulle in te oefen in die reëls van die verbond. Die hele familie moet saam die Here dien. Die opvatting dat die kerk ‘n familie is, dra by om die standpunt te versterk (Potgieter 2003:56; Barnard 1988:358).

10.2. Eiesoortige behoeftes van die tiener

Hoewel tieners eiesoortige behoeftes het en spesifieke aandag nodig het, moet hulle steeds as wesenlike deel van die intergeneratiewe bediening benader en bedien word. Die tieners is die gemeente se verantwoordelikheid.

Die adolessent worstel met die vraag: “Wie is ek?” Saam hiermee kom ook die vraag na die sin van die lewe. In hul soeke na antwoorde vra die

adolescent algemeen-geldende reëls en lei dit dikwels tot introspeksie. Waar die kind gewoonlik die standpunt van die ouers en familie aanvaar sonder om dit te bevraagteken, begin die adolescent vrae vra oor hoekom goed op 'n bepaalde manier gedoen word. Hierdie vrae kan onderwerpe insluit oor morele waardes, die bestaan van God, die godsdienstbeoefening van die gesin en die dood (Newton 1995:86).

Die mens se behoefte aan God bly sy diepste nood. Binne die Christelike geloof bely ons dat die mens se behoefte aan God ook sy hoogste vervulling is. Die teologie van 'n persoon rig sy proses van personalisering. Die integrasie wat binne hierdie proses plaasvind, word gehelp deur die waardesisteem van die persoon. Hierdie sisteem word vir gelowiges deur geloof en liefde gevorm en ontwikkel. Terwyl die integrasieproses ingewikkeld is, speel die God-konsep en die self-konsep van die persoon 'n bepalende rol in die vorming van die waardesisteem wat die ego help om te integreer. Binne hierdie integrasieproses is dit uiters belangrik om aanvaar te word en versorg te voel (Nel 2001a:26). Dit is hier waar die geloofsfamilie in die gemeente 'n baie belangrike rol kan speel. Tieners kan juis binne die gemeente van Christus hierdie aanvaarding en versorging beleef, ongeag wat die omstandighede in hul ouerhuise mag wees.

Daar is hoofsaaklik 4 dinge in die ouer-tiener verhouding wat 'n invloed het op die ontwikkeling van identiteit by die adolescent. Dit is die ouers se belangstelling en betrokkenheid, die emosionele intensiteit van die familie se interaksie, die aard van die familie se lewenswyse en die aard van die ouers se gesag. Die mees suksesvolle adolescentse ervarings is waar die belangstelling, betrokkenheid en intensiteit van interaksie gematig is. Dit is gewoonlik gesinne waar tieners hul sienings vrylik kan bespreek en aktief kan deelneem aan besluitneming. Demokratiese ouers moedig hul kinders gewoonlik aan om deel te wees van besluitneming, hoewel hulle die finale besluite neem (Seiffert & Hoffnung 1987:688).

Die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en tiener het 'n groot invloed op die tiener se vorming van identiteit. Waar ouers tieners help om hulself te

sien as uniek, spesiaal, bekwaam, onafhanklik en in staat om die volwasse wêreld te betree, sal dit beslis 'n positiewe bydra maak tot die vorming van identiteit (Louw 1982:217). Selfs in gevalle waar die tiener probleme mag ervaar om teenstrydighede in sy/haar identiteit te integreer, sal die bydrae steeds positief wees. Waar die ouers se eie beperkings hul weerhou om so positief oor die tiener te wees, word dit vir die tiener nog moeiliker gemaak om 'n geïntegreerde persoonlikheid te ontwikkel. Dit is juis hier waar ander volwassenes in die kerk 'n bydra kan maak in die vorming van die identiteit van hierdie tieners. Deur middel van gesprekke met ander ouers kan ouers gehelp word om die lewensfase waarin hul tieners is, beter te verstaan.

Op 'n morele vlak sal die adolessente begin om die gesag van die ouers, skool en kerk te bevraagteken. Soos hulle meer selfvertroue kry sal hulle dit wat eintlik die fundamente vorm van hul geloof begin bevraagteken. Die proses sal groei soos meer intellektuele kennis ingewin word. Deur hierdie konflikgesprekke sal nuwe denkprosesse ontwikkel waarmee hulle hulself op 'n ander wyse as hul ouers sal probeer definieer (Newton 1995:86).

Die vermoë om ander mense se denke te verreken ten opsigte van 'n eie verwysingsraamwerk, vorm die basis van die adolessent se egosentriese denke. Aanvanklik is dit vir die adolessent moeilik om te onderskei tussen sy/haar eie denke en dié van ander persone. Wanneer die adolessent die ouderdom van 15-16 jaar bereik, verander die egosentriese denke na meer volwasse denke. Dit is dan meer buigbaar en 'n groot mate van ewewig word bereik (Louw 1982:220). As gevolg van kognitiewe veranderings begin die adolessent dan meer belangstel in die gemeenskap as geheel. Hier kom daar weer 'n groter belangstelling in die kerklike aktiwiteite. Tieners dink dan nie meer net aan hul eie denke en gevoelens nie, maar ook aan die van ander persone. Gedurende dié tyd kan die tieners begin om op hulle beurt ook 'n bydra te maak in die lewe van ander gemeentede.

Met die oog op 'n familie-erediens is dit goed om die uitdagings waarmee die tiener worstel in gedagte te hou. Opvoeding van tieners en kinders stel besondere eise aan ouers en daarom behoort daar ook aan hul behoeftes aandag gegee te word.

10.3. Behoeftes van die ouers

Ouers dra die basiese verantwoordelikheid om kinders groot te maak in navolging van God (Pretorius 2005:135). Ouers is bewus daarvan dat hulle kinders in 'n broos en onseker wêreld grootmaak. Hulle het 'n behoefte aan strukture wat hulle kinders se opvoeding, sosiale lewe en veral geestelike vorming vanaf 'n vroeë leeftyd kan ondersteun (Die Kerkbode 23 Junie 2006:9).

Ondersteuning

Lidmate se familielewe is onder geweldige druk. Ouers is maar alte bewus van die ontsettende eise wat aan hulle gestel word wanneer hulle kinders grootmaak. Enkelouergesinne raak al hoe meer. Bedieninge wat huwelike kan ondersteun en aan enkelouers broodnodige emosionele ondersteuning sowel as 'n tweede tuiste vir hul kinders bied, voorsien in 'n reuse behoefte van die ouers (Die Kerkbode 23 Junie 2006:9).

In 'n tyd waar gemeentegrense 'n kleiner rol speel begin lidmate toenemend spesifieke keuses oor gemeentes maak. Talle lidmate stel dit onomwonde dat hulle deel van 'n gemeente word waar hulle kinders van kleins af behoorlik geestelik versorg word. Daar kan dalk gesê word dat dit die presiese reaksie van die moderne mens is om hulle verantwoordelikheid op die gemeente te wil afskuif. Tog kan die kerk die ruimte skep om ouers te help om hul kinders in geloof te laat groei. Daarom neem die gewildheid van familie-eredienste, wat spesiaal ingerig

word vir die kleiner kind, toe (Die Kerkbode 23 Junie 2006:9; vgl. Brink & Brink 1999:176).

Baie getuienisse word gehoor van ouers wat weer betrokke raak by kerke omdat hul kinders die “kerk” so geniet. Dit lyk dus of ‘n effektiewe kinderbediening ook ‘n heel effektiewe vorm van evangelisasie is. Daarom is dit ook nie vreemd dat ‘n effektiewe kinderbediening op die stadium ‘n baie sentrale plek in ‘n dinamiese gemeente inneem nie. Kinders is nie die kerk van môre nie, hulle begin al meer verstaan dat hulle deel is van die kerk vandag (Die Kerkbode 23 Junie 2006:9; vgl. Freudenburg & Lawrence 1998:91).

Die familie en spesifiek die ouers, speel ‘n sleutelrol op die geloofspad van die kind. Strommen & Hardel (2000:9) verwys daarna in hul boek: *Passing on the faith*. Volgens hulle bestaan daar ‘n vennootskap tussen ouers en kerke waar dit primêr die ouer se verantwoordelikheid is om geloof by die kinders te ontwikkel. Hulle het navorsing gedoen waarin bevind is dat al hoe minder kerkgesinne se kinders werklik toegewy is aan die verlossingsboodskap van Jesus Christus (Strommen & Hardel 2000:14). In ‘n poging om die vraag: “Hoekom dit gebeur?” te beantwoord, is hulle van mening dat dit nie meer in die ouerhuise gebeur nie. Ouers en kinders praat nie meer oor hul geloof nie en daar word in bitter min huise nog huisgodsdienst gehou.

Müller (2002:54) stem hiermee saam. Volgens hom is daar ouers wat te veel steun op die kerklike struktuur en -sisteem vir die Christelike opvoeding van hul kinders. Hulle dink dat die programme wat die kerk/gemeente aanbied (jeugaktiwiteite en kategese) genoeg is om die kinders se geloof te vorm. Hy meen dat die kerk die afgelope dekades gefouteer het deur meer aandag aan sulke kerklike aktiwiteite te gee as aan die taak van die ouers (vgl. Brink & Brink 1999:164-165).

Nuwe navorsing bevestig nou die ou wysheid dat die familie die grootste potensiaal het van alle instellings om die geestelike en morele lewe van

kinders te vorm. Daarom is die beste voertuie vir die oordra van geloof na kinders eenvoudige gesinsrituele (soos Bybellees, bid en kerkgang), diensprojekte deur die gesin (waar die gesin betrokke raak by dienslewering in die gemeenskap of kerk) en betekenisvolle gesprekke met kinders in die huis. Uit die aard van die saak het dit 'n goeie vennootskap tussen gemeente en ouerhuis, sowel as stabiele huwelike wat hou, nodig (Müller 2002:54).

Strommen & Hardel (2000:15-16) meen dat die Bybel twee begeertes van God ten opsigte van families uitspreek. In die eerste plek is verhoudinge baie belangrik. Ongeag hoe die familie lyk, moet daar 'n goeie verhouding tussen ouers (opvoeders) en kinders wees. In die tweede plek is prioriteite baie belangrik. 'n Sterk lewensveranderende familie moet nie net 'n goeie verhouding met mekaar hê nie, maar ook met God. Die belangrikheid van die ouers in die geloofsvorming van die kind kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Die "Search Institute" maak die volgende aanname:

For a congregation in today's world to be effective in teaching the faith, it must have in place the following essential ministry components:

- a congregational sense of families;
- strong, life-shaping families;
- goal-oriented Christian education; and
- a Christian youth subculture.

(Freudenburg & Lawrence 1998:21)

Indien daar gepoog word om bogenoemde te laat gebeur behoort die kerk se strukture en programme so ingerig te word dat dit ouers en families bystaan in hul rol en taak as die primêre opvoeders van geloofsvorming by kinders.

Dit wil voorkom of families wat 'n verskil maak in mekaar se lewens, die volgende lewenswyse onderskryf (Freudenburg & Lawrence 1998:24):

- Ouers leer die kinders van geloof;
- Ouers, veral die vaders, versorg die kinders;
- Families bemagtig mekaar om hul gawes te gebruik;
- Families leef hul geloof in elke dag se lewe uit;
- Persoonlike grense word gestel;
- Effektiewe dissipline word beoefen;
- Kwaliteit interpersoonlike verhoudings word gehandhaaf (met familie, vriende);
- Families beskik oor die vermoë om met kinders van alle ouderdomme te kan speel;
- Ouers kan mentors wees;
- Ouers beskik oor die vermoë om lewensvaardighede oor te dra aan hul kinders (bv. grassny, kook).

Sekere waardes behoort nagestreef te word. Families wat 'n verskil maak in mekaar se lewens, onderskryf die volgende waardes (Freudenburg & Lawrence 1998:24):

- 'n Positiewe leeromgewing;
- Klem word gelê op die uitbou van 'n Christen se karakter;
- Lewenslange verhoudings;
- 'n Goeie ondersteuningstelsel;
- Persoonlike identiteit;
- 'n Gevoel van behoort;
- Skep geleenthede vir geloofsgroei.

Ten einde bogenoemde te bereik, kan dit goed wees vir die kerk om daarop te fokus om geleenthede te skep waar ouers en kinders saam aan aktiwiteite kan deelneem. Verder kan daar ook met behulp van seminare of gespreksgroepe vir ouers gehelp word om sekere kennis aan hul kinders oor te dra. Hierdie geleenthede het dan die uitsluitlike doel voor oë om ouers te ondersteun en deel te maak van die bediening van die evangelie aan hul kinders (Freudenburg & Lawrence 1998:20; vgl. Strommen & Hardel 2000:17).

Hierdeur beweeg die kerk van "church-centred, home supported ministry" model na 'n "home-centred, church-supported ministry" model. Ouers is dan die primêre opvoeders van geloof in hul kinders se lewens. Die familie is dan die "God-ordained institution" vir geloofsgroei. Die ouers neem die verantwoordelikheid om geloof oor te dra van een geslag na die

volgende en die kerk ondersteun hulle in die reuse taak (Freudenburg & Lawrence 1998:28; Strommen & Hardel 2000:16).

Selfontwikkeling

Terwyl die kinders deur die adolessente fase beweeg, is die ouers dikwels in die middeljarefase. Hierdie fase word deur sommige as 'n tweede adolessensie beskryf. Die ouer gaan in hierdie tyd weer deur 'n stadium waarin hulle verward is en soek na identiteit. Dit is ook 'n tyd wanneer tieners ouers uitdaag om ou standpunte te heroorweeg en te ontwikkel in hul eie menswees. Müller (2002:67) is van mening dat as die ouers vasskop en weier om hulle te laat inlig en leer deur hul kinders, daar geweldige verset ontwikkel by hulle kinders en dat die ouers hulle "reg en voorreg" verbeur om hulle kinders deur hierdie moeilike tyd te begelei.

Verder kan die ouer/s se eie onopgeloste identiteitskrisisse weer na die oppervlakte kom wanneer hul tieners daarmee worstel (Seiffert & Hoffnung 1987:687). Dit kan gebeur dat die ouers bekommerd is oor die tieners se eksperimentering met seks en soms selfs jaloers kan wees op hulle, veral in die lig van ekonomiese voordele en geleenthede wat die kinders het, asook die vryheid wat hulle self nie as tieners beleef het nie. Dit is belangrik om te onthou dat 'n deel van die moeilikheid tussen ouers en tieners niks met die tieners te doen het nie, maar met die ouers se eie pynlike ontwikkelingsfase (Müller 2002:66; Louw 1982:224).

Ouers van tieners word juis in hierdie tyd gekonfronteer met die verhale van hulle eie gesinne van oorsprong. Wanneer ouers voor moeilike keuses te staan kom en hul tiener hul ouerskap uitdaag, is dit asof die ouer se eie ervaring teruggeroep word. Dit kan ook gebeur dat sekere gedragspatrone net herhaal word. Dit is vir die ouers 'n groot uitdaging om op 'n volwasse wyse, nuwe maniere te vind om probleme op te los (Müller 2002:67).

'n Ander faktor wat ongetwyfeld 'n bydrae kan maak tot die wyse waarop probleme hanteer kan word, is meer insig in die verskillende wêreldes waarin die onderskeie geslagte grootword en grootgeword het. Die verskillende generasies is vroeër in die hoofstuk bespreek.

As gevolg van die feit dat die samelewing meer gefragmenteerd en stresvol raak, word gesinsnetwerke sterker ingespan om lewenseise te hanteer. Die kerngesin word dikwels die stortplek van "emosionele afval" wat in die openbare sektor opgedoen word. Die verhoogde egskeidingsyfer bring 'n intensivering van ouerbetrokkenheid mee. Ouers moet nie net die pyn van hul eie kinders hanteer nie, maar is dikwels ook betrokke by die versorging van hul kleinkinders en hulle probleme (Louw 2005:431; vgl. Strommen & Hardel 2000:157).

Die lewensfase 55-65 is dikwels 'n wendingspunt ten opsigte van fisieke kragte en emosionele stabiliteit. Dit is 'n bewuswording van eie broosheid en liggaamlike begrensing wat geweldige eise aan volwassenheid stel. Die lewe word begrens met 'n verskerpte besef van die eindigheid (Louw 2005:431). In hierdie fase gaan dit minder oor die ortodoksie (die regte geloof met die oog op 'n sinvolle geloofsverstaan) terwyl die ortopraksie sterker na vore kom (die regte handeling met die oog op 'n sinvolle toepaslike geloof). Spiritualiteit verkry 'n soepelheid en beweeg weg van rigiditeit. Dit is natuurlik waar dat indien mense minder emosioneel volwasse is, angs vir verandering en veroudering hul meer rigied kan laat optree en in fundamentalistiese denkskemas laat dink (Louw 2005:432; vgl. Louw 1982:224-225).

Dit is juis gedurende hierdie veranderende lewensfases waar ander lede van die geloofs familie vir mense van groot waarde kan wees. Persone wie alreeds deur hierdie lewensfase is, kan vir ander met soortgelyke ervarings baie beteken. Mense het soms net die behoefte om te weet dat hulle nie die enigste is wat oor sekere sake wonder en daarmee sukkel nie. Deur die bemiddeling van ander families kan tieners en ouers gehelp word om mekaar beter te verstaan. Binne die kerk en die familie-erediens

kan die hele familie ondersteuning en bemoediging vanuit die Woord beleef (vgl. Strommen & Hardel 2000:157).

Familiestrukture ondersteun

As sisteem het families sekere reëls waarvolgens hulle opereer. Daar is ook sekere gesagspatrone, strukture en rituele wat gevolg word. Families het eie behoeftes en doelwitte wat nagestreef word. Dit het ook 'n invloed op die gemeenskap in die breë. So kan daar na aanleiding van families se behoeftes in 'n woonbuurt 'n dagsorgsentrum vir kleuters of sekere sportklubs ontwikkel. Familielede wat leiersfigure in die gemeenskap is, dra by tot hierdie ontwikkeling (Olson & Leonard 1996:65).

Die ondersteuning van familiestrukture in die bediening beteken om die familie in beheer te plaas van die sorg en diens wat hulle ontvang. Dit beteken dat hulle behoeftes, drome en doelwitte geïdentifiseer moet word voordat daar sekere programme vir hulle ontwikkel word. Die bediening binne hierdie raamwerk van ondersteuning aan die families, beteken:

1. Om te luister na wat families sê omtrent hul lewens;
2. Om te glo in die kapasiteit van Christene om uit te reik na mekaar en vir mekaar om te gee (Olson & Leonard 1996:65-66).

Die familie is die heimat van die geloof. Dit is die plek waar 'n mens leer glo en bid en vertrou (Marais & Marais 2002:8; Ammerman & Roof 1995; Hanekom 2000:7). Hanekom (2000:6) stel dit so sterk: "Daar is geen manier hoe jy jou verantwoordelikheid om jou kinders op 'n pad van geloofsvorming te begelei kan vryspring nie. God gee hierdie verantwoordelikheid in die eerste plek aan die ouers."

Vanuit die Bybel (Deut 6) blyk dat God aan die familie as't ware 'n ereposisie toeken wanneer dit kom by die oordrag van geloof. Kerklike

programme (Kinderkrans, Sondagskool, KJA, VCSV, ens.) het deur die jare wonderlike aanvullende werk gedoen, maar kan en mag nooit die rol van die familie vervang nie. Die tyd wat die kinders by die programme deurbring is net te min dat dit 'n dampkring vorm wat hulle leef- en denkwêreld bepalend kan beïnvloed (Hanekom 2000:18; Brink & Brink 1999:164-165).

Dit lyk egter of daar 'n krisis in die families is. Families het geen vaste grond om hul huise op te bou nie, eenvoudig omdat die ondersteuningstelsels wat voorheen daar was nie meer bestaan nie (Marais & Marais 2002:12).

Die huidige generasie ouers, familieberaders en ander belangrike rolspelers dink dikwels nostalgies oor die familie. Iets van: "Toe ons nog kinders was ... So moet die familie wees waarin my kinders ook grootword." Hierdie soort romantiek kan die families juis verlam. Kinders word dan grootgemaak vir 'n wêreld wat nie meer bestaan nie (Marais & Marais 2002:13; vgl. Ammerman & Roof 1995).

Die volgende faktore word genoem wat verander het en veroorsaak dat die ouers kinders anders behoort groot te maak :

- **Ekonomie**
Albei ouers moet dikwels werk. Ouers verander meer gereeld van werk en is nie seker van hul werk nie.
- **Geslagsoorlog**
Die vrouebeweging om vroue te bemagtig het druk geplaas op die sogenaamde patriargale familie. Sommige vroue het egskeiding begin sien as bevryding van onderdrukking.

- Gesag
Gesag word nie meer outoritêr toegepas nie. Soms wonder mens of daar nog hoegenaamd enige vorm van gesag is.
- Politieke transformasie in Suid-Afrika
Sedert 1994 het daar baie veranderinge binne die politieke bestel van Suid-Afrika gekom. Dit het 'n geweldige invloed op die families.
- Lewensritmes
Huse verander dikwels net na 'n plek waar daar geslaap, gewas en geëet word. Baie min tyd word by die huis deurgebring.

(Marais & Marais 2002:14-16)

Vir die ouers vandag is bogenoemde 'n realiteit. Ouers word "gedwing" om soveel ure by die werk deur te bring dat hulle nie meer tyd het om met hul kinders te praat nie. Kinders spandeer baie tyd voor die televisie en op die internet. Ouers weet nie hoe om die aanslag op die kinders ten opsigte van terrorisme, MIV-Vigs, toenemende dwelmmisbruik, korrupsie en onbetroubaarheid van leiers aan kinders te verduidelik nie (Marais & Marais 2002:16). Ouers is ook dikwels magteloos, omdat hulle weet dat iets fout is, maar hulle weet nie wat nie (vgl. Brink & Brink 1999:152-153).

Daar kan nie voorgegee word dat daar nie probleme en uitdagings in families is nie. Die volgende is 'n paar daarvan:

- Families is nooit heel nie, want die lede is altyd aan die groei vanuit die een fase in 'n volgende fase in. Dit geld vir ouers sowel as kinders.

- Die grootte van die familie wissel ook namate die kinders bykom, trou en grootouers sterf.
- Daar is gewoonlik meer as een generasie in 'n familie.
- Daar is ook verskillende geslagte in die familie.
- Verder gaan die familie deur verskillende seisoene soos: beginjare, vestigingsjare, afskeidsjare, ensovoorts (Marais & Marais 2002:25; Lamanna & Riedmann 1991:44).

Al hierdie faktore beteken dat familiestrukture nooit staties is nie, maar soos 'n boom altyd besig om te verander en te groei. Die kerk kan 'n betekenisvolle rol speel in die lewe en geloof van families tydens die veranderinge wat plaasvind. Afhangend van die kerk se struktuur en programme kan die impak negatief of positief wees (Marais & Marais 2002:25).

Om verskeie redes het mense en kinders se kennis van die Bybel die laaste klompie jare dramaties agteruitgegaan. Baie redes kan hiervoor aangegee word. Kinders word geprikkel deur video's, televisie en rekenaars. Gevolglik ervaar hulle die meer tradisionele vorms van onderrig as vervelig. Hulle lees al minder en soek voortdurend nuwe stimulu. Die vraag is hoe ons te werk moet gaan om kinders die basiese konsepte en feitelike waarhede van die Bybel te leer (Pieterse 2005a:415; Codrington & Grant-Marshall 2004:111-112).

Die volgende kan moontlik hiermee help:

- Die Bybel moet weer 'n sentrale plek in die huis inneem.
- Begin al op 'n baie vroeë ouderdom vir die kind van Jesus leer.

- Leer jou kinders om elke dag Bybel te lees.
- Hou dit kort. Daar is navorsers wat beweer dat jy nie van die kind moet verwag om meer minute te konsentreer as wat hulle oud is nie.
- Hou dit eenvoudig.
- Gebruik hulle linker- en regterbrein. 'n Multidimensionele benadering verhoog die leergeleentheid van die kind.
- Maak ruim gebruik van stories.
- Dit wat 'n mens kinders probeer leer moet in jou hart leef.
- Onderrig vind nie vanself plaas nie. Dit verg baie opoffering (Hanekom 2000:38-42; vgl. Codrington & Grant-Marshall 2004:120-121).

Goeie oordeel kom dikwels eers saam met ervaring. Ervaring word gebore uit situasies waar jy swak geoordeel het. Daar word beweer dat 'n mens 10% onthou van wat jy gehoor het, 30% van wat jy gesien het en 60% van wat jy self ervaar het (Hanekom 2000:44).

Die kerk staan in die brandpunt. Daar is baie lidmate wat oneindig lief is vir die kerk en 'n positiewe ervaring van die kerk het. Dan is daar ander wat sê dat hulle niks goeds by die kerk kan beleef nie. Dit is van kardinale belang dat kinders van kleins af 'n positiewe ervaring van die kerk moet hê. Geloof hoef nie iets te wees wat net swaar en oninteressant is nie. Die boodskap staan sentraal, maar dit is ook belangrik dat die kinders mooi herinneringe van die kerk moet hê (Hanekom 2000:44-45; vgl. Brink & Brink 1999:176).

Dit is nodig om kinders deur praktiese dade van diensbaarheid te leer. Diens wat op ander gerig is, leer kinders om weg te kyk van hul eie belange. Diensbaarheid leer 'n mens ook om nederig te wees (Hanekom 2000:51; vgl. Brink & Brink 1999:43).

Dit is wonderlik as die familiestrukture in plek is en die familie goed kan funksioneer. Gelukkige families noem Ewald van Rensburg (Kerkbode 9 Junie 2006:9) “dissipelfamilies.” Volgens hom het hulle tien dinge in gemeen:

1. Dissipelfamilies aanvaar mekaar met onvoorwaardelike liefde. Hulle gee aan elkeen wat 'n fout gemaak het, 'n kans op 'n nuwe begin. Dit doen hulle omdat God hulle in genade vergewe.
2. Dissipelfamilies dien mekaar in liefde en neem mekaar se behoeftes ernstig op. Hulle het begrip en waardering vir mekaar. Dit kan hulle doen omdat God hulle belange op die hart dra.
3. Dissipelfamilies bly lief vir mekaar ten spyte van moeilike tye en probleme. Hulle maak beloftes aan mekaar en kom dit na. Hulle kan dit doen omdat God die goeie werk wat Hy in hulle begin het, sal klaarmaak.
4. Dissipelfamilies beskerm mekaar en maak so van hulle familie 'n veilige plek waar almal veilig en geborge voel. Dit kan hulle doen omdat God hulle elke dag bewaar en beskerm.
5. Dissipelfamilies kan fees vier oor mekaar en mekaar vertroetel. So laat hulle elke familielid spesiaal en belangrik voel. Dit kan hulle doen omdat God oor hulle juig en jubel.
6. Dissipelfamilies verfris, versterk en ondersteun die familieband met liefde sodat familielede elke dag weet dat hulle aan mekaar behoort. Dit kan hulle doen omdat God elke dag getrou is.

7. Dissipelfamilies het die goeie in mekaar lief en leef saam met die segte. So ervaar elke lid van die familie lewenslange toewyding en vriendskap. Dit kan gedoen word omdat God hul beste Vriend is.
8. Dissipelfamilies waardeer elke familielid as 'n geskenk van God en glo dat hulle familie armer sou wees sonder elke spesifieke lid. So weet die familielede dat hulle uniek is en op 'n besondere wyse in die wêreld leef. Dit kan gedoen word omdat God elkeen uniek geskape het.
9. Dissipelfamilies aanvaar mekaar nie as vanselfsprekend nie en werk daaraan om nader aan mekaar te groei en mekaar beter te leer ken. Sodoende groei die band tussen hulle sterker. Dit kan gedoen word omdat God hulle so oneindig lief het.
10. Dissipelfamilies aanvaar elke familielid soos hy/sy is met al hul goeie en minder goeie eienskappe. Daarom ervaar familielede dat wie hulle is, belangriker is as wat hulle doen. Hulle hoef nie te presteer om deel te wees van die familie nie. Foute maak hulle nie minder aanvaarbaar nie. Die familie bly lief vir hulle. Dit kan hulle doen omdat God hulle aanvaar het soos hul is (Kerkbode 9 Junie 2006:9).

Gelowiges se verbintenis aan mekaar as familie is soos Jesus se verbintenis aan Sy Kerk. Die Bybel sien die onderlinge verhoudinge van die familie groei vanuit die verbond van God met Israel, en deur Jesus Christus met sy kerk. Vir Christene is die kruisdood van Christus die voorbeeld van wat 'n opofferende lewensverbintenis beteken (1 Joh 4:10). Familiële verhoudings is daarom vir die Bybel verbondsverhoudings waar 'n selfopofferende lewensverbintenis gemaak word. Hierdie verbintenis is belangrik vir Christene om iets te verstaan van die huwelik en die verhouding tussen ouers en kinders. Dit is in kontras met die verheerliking

van individualiteit in die samelewing en sal vra dat Christene moet pleit vir 'n balans tussen die regte van 'n individu en die van verskillende vorms van gemeenskap soos die familie (Van der Watt & Thesnaar 2005:86; Vos 1996c:97-104).

Met die uiteenlopende behoeftes van die verskillende lede van die familie is dit die gemeentelieers se uitdagende taak om dit op verskeie wyses te ondervang, onder andere binne die familie-erediens.

11. DIE ROL VAN DIE GEMEENTELEIERS

Gemeentelieers staan voor die uitdaging om hul eie wese weer te vind binne die Christelike reformatoriese wese van die gemeente as gemeente van Jesus Christus. Elkeen wat gegryp is deur die groter werklikheid en plan van God vir die gemeente, weet sy/haar rol het verander. Die leier word opleier, afrigter en regisseur van 'n span wat deur God gekies is en met gawes geseën is (Potgieter 2003:33).

Nel (2004:27) skryf dat: "gemeentelieers eerstens hul diens-identiteit moet herontdek." 'n Mens sou dit ook die gelowige se bedieningsidentiteit kan noem. Die gemeente in die wêreld is besig om 'n herontdekking te maak van hoe God in en deur hulle besig is om sy wêreld heel te maak (Hybels 2004:26).

Die toets vir bedieningsverstaan is wat Maandag tot Saterdag, weg van die gemeente-sentrum, gebeur. Dit vra na 'n reformatoriese verstaan van die kerk. Reformasie is tegelyk om te word wie en wat die gemeente reeds is, naamlik "gemeente van Christus." In Suid-Afrika is dit nie maklik om kerk te wees nie. Vir 'n geruime tyd was die gemeente vir mense baie ander dinge, alles behalwe "gemeente van Christus", dalk eerder 'n kultuurklub, gesagsinstituut, handhawer van tradisionele waardes, ensomeer (Nel 2004:27-28).

Dit wil voorkom of dit nodig is dat gelowiges weer bewus gemaak moet word van die feit dat hul ligdraers in die wêreld moet wees. Doug Fields (1998:50) skryf dat God aan elke gelowige sekere gawes gee wat in sy diens gebruik moet word. Hierdie gawes het nie 'n ouderdomsbepanking nie. Jongmense behoort nie te wag om by die bediening betrokke te raak totdat hulle eers volwassenes is nie. Hy meen dat die leiers van 'n gesonde jeugbediening jongmense voortdurend sal help om te ontdek wat hul gawes is en hoe dit in die bediening en met uitreike gebruik kan word. Jongmense geniet dit om hul gawes te ontdek en te besef dat God hulle wil gebruik. Hulle is per slot van rekening nie die kerk van môre nie, maar die kerk van vandag. Daarom behoort hulle uitgedaag te word om betrokke te raak en nie eers te sit en wag tot hulle eendag "groot" is nie (Fields 1998:173-174).

Die "Millennium-generasie" wil weet dat die volwassenes in hul gemeenskap en kerk hulle menswaardigheid hoog aanslaan. Daarom is dit noodsaaklik dat kinders van kleins af moet weet dat God hulle spesiaal saam met 'n besondere familie in een huis geplaas het om mekaar te ondersteun. Ouers moet probeer om voortdurend te onthou dat hul optrede en woorde positief en opbouend teenoor kinders moet wees. Kinders moet ook verstaan dat hulle woorde en handelingte teenoor huisgenote net so opbouend behoort te wees (Brink & Brink 1999:41-42).

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat jongmense en kinders kan beleef dat hul menswaardigheid bevestig word wanneer hulle ervaar dat hulle 'n sinvolle bydrae tot die samelewing en kerk maak. Dit kan gedoen word deur aan hulle sekere take in en om die huis en by die kerk te gee. Groter kinders en tieners hou daarvan om by diensprojekte betrokke te raak. Dit is waar hulle leer om ander hoër as hulself te ag en dat die navolging van Christus daarin lê dat jy diens lewer teenoor mense wat in nood is. Die "Millennium-generasie" glo dat geloof nie net 'n gepraat moet bly nie, maar dat mense iets moet begin doen (Brink & Brink 1999:43; vgl. Hanekom 2000:5). Die uitdaging vir die leierskap lê daarin om die energie van die jongmense in die regte kanale te kanaliseer.

Dit is noodsaaklik dat kinders van jongs af leer om met ander oor die weg te kom en vir ander om te gee. Dit sal kinders leer om in sosiale situasies op hul gemak te wees. Ouers leer 'n kind van kleins af om bewus van ander mense te wees en hulle in ag te neem. So leer hulle dat 'n mens sensitief vir ander se gevoelens moet wees. Verder is dit ook nodig om kinders te leer om hulself in ongemaklike situasies te handhaaf. Hulle moet geleer word om nie te sê wanneer iemand van hul iets verwag wat hul nie wil doen nie en 'n gevoel van nêe by hul opkom. Die kind moet geleer word om waarde aan sy eie oordeel te heg. Dit kan ook help dat hul beter toegerus is teen ongesonde en negatiewe groepsdruk (Brink & Brink 1999:51-52).

Doelgerigte diens aan die tieners beteken dat daar 'n kultuurverandering binne die tradisionele opset in baie kerke behoort plaas te vind. Dit bring mee dat die tieners begelei word om Jesus se waardes en etiese lewe hul eie te maak. Dit word "dissipelskap" genoem. Daar is dus 'n nuwe spiritualiteit wat onder die gemeente se jeug geskep moet word, een van dissipelskap (Potgieter 2003:33).

Die era waar programme aangebied word by die kerk en jongmense net toeskouers is, is verby. Die klem behoort op verhoudingsbou te wees. Dit neem tyd om verhoudings te bou. 'n Verhoudingsgebaseerde jeugbediening vereis 'n langtermyn verbintenis van die gemeente. Die gemeente moet bereid wees om te belê in jeugleiers, predikante en kategete wat ernstig is oor die jeugbediening en bereid is om baie tyd hieraan te spandeer. Jongmense soek steeds rolmodelle wie hulle kan vertrou en hul lewens mee kan deel. 'n Verhouding kom van twee kante af en is deelnemend en interaktief. Jongmense soek intimiteit en 'n gevoel van "behoort aan" by hulle gemeentes. Hulle wil eerder sit en gesels by die kerk as om na lesings te luister. Jongmense wil praat met mense wat hulle kan vertrou. Vermaaklikheid en aktiwiteite by die kerk kan 'n middel tot die doel wees om verhoudings te bou (Van der Westhuizen 2000:7-8).

Die kerk is die plek waar die evangelie en die kultuur by mekaar uitkom. Dit beteken dat die evangelie juis in en deur die kerk so verwoord en uitgeleef moet word, dat dit vir die breër gemeenskap sin maak (Du Plessis 2005:9).

Dit is gemeenteliekers wat energiek en passievol die visie van God vir die gemeente moet uitdra. Eers dan kan hulle ander motiveer om saam met hulle hierdie visie uit te dra (Hybels 2004:36-37). Die belangrike rol wat die leiers in die gemeente speel kan op geen manier oorskakel word nie.

12. FAMILIEBEDIENING BINNE DIE GEMEENTE KONTEKS

Net so belangrik soos dit vir die kerk is om die familiebande te verstewig, is dit vir die gemeente om meer soos 'n familie te word (Strommen & Hardel 2000:156).

Die term “geloofs familie” kan gebruik word om die keuse wat 'n gemeente gemaak het, om vanuit die perspektief van 'n familiebediening te werk, aan te dui. Dit beteken dat die bediening aan families nie net 'n ad hoc belangstelling van die gemeente is nie, maar dat families die sentrale perspektief is waaruit die gemeente opereer (Human 2005:21; vgl. De Vries 1994:72).

“Geloofs familie” beteken dat die gemeentelike saamgebind word deur hulle “geloof” in Christus. Al is daar verskillende agtergronde, beroepe en sieninge vorm die gemeente 'n eenheid. Die menslike verskille en verdeeldhede mag nie hierdie eenheid verbreek nie. Gemeentelike is mekaar se geloofsbroers en –susters in Christus en tree dus teenoor mekaar op met liefde wat alle verhoudinge in die gemeente kenmerk. Die kerk van die Here Jesus Christus behoort nie aan 'n bepaalde groep mense nie. Alle mense van watter agtergronde, verbande en gemeenskappe ookal is welkom in die “geloofs familie” (Human 2005:21; vgl. De Vries 1994:41).

Die term “geloofs familie” dui verder daarop dat die gemeente soos ‘n familie is. Familielede gee om vir mekaar in alle omstandighede. Familielede staan bymekaar en is lief vir mekaar. Hulle kritiek is om mekaar te help. Hulle het respek en ruimte vir mekaar. Die gemeente sien sy verskeidenheid as ‘n bate. Sonder een van die huislede is die familie onvolledig. Familie soek mekaar op om die band wat hulle aan mekaar bind te versterk. Hulle praat met mekaar om mekaar beter te verstaan. In die familie is een nie belangriker as die ander nie. Vir elke familie is die kinders die belangrikste. Hulle moet toegerus en geleer word vir die lewe (Human 2005:21-22; Van Tonder 2006:36-37; vgl. De Vries 1994:43).

Die kerk mag nie slegs na binne gerig wees op die instandhouding van die kernfamilielewe nie, maar moet die groter uitdaging van die breër familie van God verstaan en geleenthede skep vir wyer betrokkenheid. Hier kan gedink word aan die statistiek oor die stand van families in Suid-Afrika en die unieke uitdagings wat dit byvoorbeeld tans in terme van die MIV-Vigs pandemie beleef. Dit bied dus aan die gemeente konstruktiewe geleenthede om die roeping as familie van God uit te leef (Van der Watt & Thesnaar 2005:22; vgl. Barth 1939; Bosch 1991).

In 2003 is die Familie-Gemeente Projek geloods. Die Buro vir voortgesette teologiese opleiding (Buvton) in samewerking met die AJK (Algemene Jeugkommissie) van die NG Kerk en die Hugenote Kollege in samewerking met nog ‘n paar ander rolspelers, was aan die roer van sake.

13. FAMILIE-GEMEENTE PROJEK (FGP)

Vanuit die familienavorsingsgroep, wat reeds vanaf die laat 1990’s deur Buvton gekoördineer is, het daar (veral vanaf 2000 spesifiek) ‘n sterk behoefte ontstaan aan ‘n familie-gefokusde bediening in die NG Kerk. Dit is veral gerugsteun deur die ontwikkeling (van Buvton) van die (agt) familiegewoontes-kursus. Vanuit die werk wat gedoen is tydens die navorsingsbyeenkomste en die terugvoering wat ontvang is tydens die

familiëgewoontes-kursusse, het dit duidelik na vore gekom dat die stand van families in die kerk ernstige aandag nodig het (Van der Watt & Thesnaar 2005:1).

Hiermee saam het dit ook duidelik geword dat die kerk op daardie stadium nie gefunksioneer het as 'n familie in terme van die akkommodering en ondersteuning van alle mense in die familie van God nie. Hierdie gewaarwording het Buvton genoop om dit aan te spreek en die kerk uit te daag om familiaal te dink. Sodoende is begin om gemeentes se aandag te vestig op die familie as 'n geïntegreerde perspektief op alle bedieninge. Ander rolspelers is geïdentifiseer wat hierdie familiale fokus saam kon dryf op gemeentelike vlak (Van der Watt & Thesnaar 2005:1; vgl. Strommen & Hardel 2000:16-17).

Teen 18 Januarie 2002 was daar reeds twee groepe – 'n familie-navorsingswerkgroep en 'n jeug-groep wat al vir 'n paar geleenthede bymekaar gekom het om te besin oor die stand van sake met betrekking tot die jeug en gesinne in gemeentes (Van der Watt & Thesnaar 2005:1).

Een van die belangrikste oortuigings van die groepe was juis dat die familiebediening 'n proses sou wees en nie net 'n program nie. Aanvanklik was daar dus 'n strategiese besluit dat families baie belangrik is, en as prioriteit beskou behoort te word op gemeentelike vlak. In die lig hiervan is die Hugenote Kollege in die proses betrek, veral weens die feit dat hulle ook ernstig wou besin oor die vraag of jeugbediening enigsins verder moontlik sou wees sonder 'n geïntegreerde familiebediening (Van der Watt & Thesnaar 2005:2; Human 2005:21; vgl. De Vries 1994:72).

Met die vergadering van 18 Januarie 2002 was daar eenstemmigheid dat 'n Familie-Gemeente Projek (FGP) geloods moet word. Die volgende besluite ten opsigte van die FGP is geneem:

1. Die vergadering was oortuig dat die familiebediening behoort te fokus op die ontwikkeling van 'n gemeenteteorie en praktyk vanuit 'n "familiale" perspektief.
2. Die FGP het beoog om gemeentes oor 'n tydperk van 3 jaar te begelei om 'n gemeentebediening te ontwikkel, geskoei op die perspektief dat familie 'n perspektief bied van waaruit gemeenteteorie en -praktyk bedink kon word. Die transformasie is dus van 'n familiebediening in die gemeente na 'n familiale gemeentebediening, of van 'n program na 'n proses.

(Van der Watt & Thesnaar 2005:2-3)

Die moontlike impak van die projek is soos volg beskryf:

Ons is van oordeel dat ons na afloop van die projek in 'n posisie sal wees om die proses te kan beskryf wat gemeentes moet maak om uit te breek uit die geïsoleerde jeugbediening na 'n jeugbediening wat groei en gevoed word vanuit die familie.

(Van der Watt & Thesnaar 2005:11)

Die driejaar Familiële gemeente-proses in 'n neutedop uiteengesit, is die volgende:

- **Jaar 1**

1. Bewusmaking van 'n kerngroep in die gemeente oor die behoeftes van die familie. Hier word gefokus op 10% van die gemeente.
2. Ontwikkel die vlak van dringendheid ten opsigte van die familielewe.
3. Stel 'n projekspan saam.
4. Ontdek die familieprofiel van die gemeenskap.
5. Beoordeel en ontwikkel die gemeente se familiegereedheid.
6. Ontdek die familiële karakter van die Bybel.

- **Jaar 2**

1. Ontwikkeling van leierskap deur middel van 'n familiële visie vir die gemeente.
2. Opleiding en toerusting aan gemeentelede in familiële vaardighede. Fokus op 25% van die gemeente.
3. Integrasie van die totale gemeente bediening ten opsigte van die familiële visie.

4. Bou aan organisatoriese kapasiteit ter ondersteuning van die families se lewens.

- **Jaar 3**

1. Implementering en integrasie (inkulturalisering) van familiale visie ten opsigte van die totale bediening van die gemeente. Fokus op die res van die gemeente en gemeenskap.
2. Ontwikkeling van aksieplanne.
3. Bemagtiging van familielewe in gemeente en gemeenskap.

(Van der Watt & Thesnaar 2005:9)

In die proses sal daar 'n deurlopende evaluering van die familie-gereedheid van die gemeente wees.

Die jaar 2004 is internasionaal gevier as die jaar van die familie. Dit was daarom nie toevallig dat die regering homself ook verbind het tot die viering van die nasionale familiejaar in Suid-Afrika nie. Die regering se doel was om meer doeltreffend aandag te gee aan die huidige nood en uitdagings van familiesisteme in Suid-Afrika. In die lig hiervan het die kerk in die breë haarself ook verbind om in 2004 te fokus op families, in samewerking met die staat. Die NG Kerk het hierdie geleentheid in samewerking met ander kerkgroepe aangegryp deur verskillende projekte te loods om haar verbintenis aan familielewe te herbevestig (Van der Watt & Thesnaar 2005:24; vgl. National Family Policy February 2006).

Al hierdie inisiatiewe het egter nog nie beteken dat die geleentheid in alle gemeentes benut is nie. Die unieke uitdaging in 2004 is aan gemeentes gestel om landwyd (op grondvlak) hulleself te verbind om ware familie van

God te wees. Gemeentes is aangemoedig om saam die geleentheid te benut om alle generasies te betrek om sodoende familie-wees te vier en hulle verantwoordelikheid na te kom in die breër gemeenskap van Suid-Afrika. Dit was dus 'n unieke geleentheid om 'n konkrete bydrae te maak om die nood van families in Suid-Afrika te verlig (Van der Watt & Thesnaar 2005:24-25; vgl. Codrington & Grant-Marshall 2004:249).

Die Familiejaar 2004-inisiatief en die fokus van die FGP het die taakspan en gemeentes wat betrokke was, 'n eerlike blik gegee op die stand van familiesake in Suid-Afrika en veral op die gebrokenheid van families in die NG- en Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK). Navorsing (statistieke uit 'n Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing-dokument) van die regeringsdepartement van sosiale ontwikkeling het dit bevestig. Die FGP het besef dat noodsaaklike vaardighede en waardes dringend gevestig moet word om 'n alternatiewe realiteit te skep en uit te bou in ons land. Daarom is besluit dat die FGP moet fokus op die inrigting van holistiese familie-gerigte benaderings tot gemeente-wees. Gevolglik is dit nie beskou as 'n bestuursprojek nie maar eerder as 'n metafoor vir, of perspektief op gemeente-wees. Dit gaan daaroor om die gemeente-kultuur te transformeer eerder as om net bloot 'n paar programme te implementeer (Van der Watt & Thesnaar 2005:33; vgl. National Family Policy February 2006).

Die FGP onderskryf ook 'n missionêre fokus en 'n gerigtheid op gemeenskapstransformasie. Gemeentes wat funksioneer as 'n familiesisteem is dus missionêre of gestuurde gemeentes. Families word beskou as die voertuie waardeur die missionêre fokus en gerigtheid van gemeentes konkreet gestalte vind in die koninkryk van God. Wanneer gemeentes as families funksioneer kan dit nie anders as om missionêr gerig te wees nie. In hierdie sin wil die twee benaderings (missionêr en familie) tot gemeentelike bediening mekaar aanvul om beide inklusiwiteit en 'n na-buite-gerigtheid te vestig en uit te bou (Van der Watt & Thesnaar 2005:34; vgl. Strommen & Hardel 2000:303-304).

In terme van die algemene sinode van die NG Kerk (2004) se fokus op die jeug en intergeneratiewe bedieninge, word die bediening aan die jeug beskou as integraal deel van 'n holistiese familie-benadering. Die sinode het onderstreep watter krag daar lê in 'n inter-generasionele benadering. Dit het energie losgemaak wat benut moet word. Daar behoort 'n deurlopende fokus te wees op die toerusting van die jeug as deel van families. Jongmense se stemme behoort meer gehoor te word in die kerk, en dit bly konstant 'n uitdaging om vir hulle 'n tuiste te skep waarbinne hulle vryelik kan kommunikeer, ernstig opgeneem en versorg word. Verder behoort hulle geleer te word om verantwoordelikheid te neem vir hulle roeping in die kerk as deel van God se geloofsfamilie (Van der Watt & Thesnaar 2005:34; Codrington & Grant-Marshall 2004:250).

Die FGP het bevind dat daar 'n groot behoefte is na kontekstuele en relevante materiaal wat vaardighede kan help ontwikkel ten einde gemeentes werklik familie-vriendelik te maak. Voorstelle is gemaak dat navorsing uitgebou moet word deur te leer by gemeentes wat wel iets regkry in terme van die funksionering van die gemeente as 'n familie. Verder is uitgelig dat gefokus moet word op leierskap en besluitnemingsmeganismes binne gemeentes – dat liggame in gemeentes wat besluite neem self behoort te lyk soos en funksioneer as familie (Van der Watt & Thesnaar 2005:35).

Dit impliseer dus nie bloot die implementering van familie-gerigte programme nie, maar veral die toerusting van families om gesonder families te wees. Verder behoort daar gesoek te word na bronne wat gemeentes kan leer hoe om teologies oor familie-wees te dink (Van der Watt & Thesnaar 2005:35).

Die familie behoort ook gesien te word as 'n klein gemeente op sy eie wat inskakel in 'n groter bedieningsgeheel. Die ontwikkeling van 'n spiritualiteit binne families kan mense ook help om die effek wat die nood in die wêreld op hulle het beter te hanteer en dit te beskou as 'n geleentheid vir groei (Van der Watt & Thesnaar 2005:53; Van Tonder 2006:35).

In Februarie 2005 het die FGP amptelik ten einde geloop (Van der Watt & Thesnaar 2005:29). Daar is verskeie paradigmaskuiwe wat gemaak is en gemaak behoort te word in die vordering op weg na 'n familie-gerigte bediening in die gemeente. In kort kan dit soos volg saamgevat word:

Skui van ...	Na ...
Families is verbruikers van gemeentebronne.	Families word deur God geseën en geroep om 'n verskil te maak.
Families is die bron van vrywilligers vir die gemeente.	Families en die gemeente is vennote om hulle roeping uit te leef.
Families moet as gespesialiseerde groepe bedien word deur die gemeente.	Gemeentes bestaan uit inter-ouderdom groepe waar geloof gevorm en hul roeping missionêr uitgeleef word.
Definieer familie as 'n getroude paartjie met kinders (indien hulle het).	Definieer familie as die mense wat hulleself toewy om familie te wees vir mekaar.
Definieer familie-gerigte bediening n.a.v. die programme wat die kerk bied vir families (bv. huweliksverryking, ouerbegeleiding).	Definieer familie-gerigte bediening as 'n potensiële fokus/perspektief wat elke aspek van die gemeentelike bediening vorm.
Vertrou op die Sondagskool en ander kerk-programme vir geloofs-opvoeding.	Sien familie-verhoudinge as 'n meer invloedryke bron vir geloofsvorming as opvoedkundige programme.
Beskou menslike ontwikkeling as 'n proses waarin 'n mens die familie verlaat in die proses van rypwording (volwassenheid).	Beskou families as belangrike kontekste vir individuele rypwording, met potensiaal om lidmate se etiese en geestelike groei (deur die lewenspad) te ondersteun.
Evalueer families deur die gebruik van "kliniese" taal (bv. funksioneel vs. disfunksioneel).	Evalueer families deur die teologiese konsepte wat ruimte maak vir sonde en verlossing, seën en misterie.

(Van der Watt & Thesnaar 2005:31-32)

Na aanleiding van die FGP is gevoel dat daar nou leidrade is oor wat die spesifieke bedieningsterreine is waaraan gemeentes moet aandag gee. Daar is vasgestel dat gesegmenteerde benaderings wat vanuit 'n familie ekklesiologie gedryf word, groter potensiaal het in terme van die volhoubaarheid daarvan (Van der Watt & Thesnaar 2005:34).

Na afloop van die projek is 'n opvolgprojek voorgestel. Die breë doelwitte van die opvolgprojek sou dan wees om uit te wys wat die praktiese implikasie van familie-wees vir eredienste, kategeese en intergeneratiewe bedieninge en sorgsisteme binne gemeentes is (Van der Watt & Thesnaar 2005:35). Dit val egter nie binne die veld van hierdie ondersoek nie. Verdere ondersoek sal hieroor gedoen moet word.

Die volgende behoeftes wat aandag behoort te kry, is uitgelig as daar gefokus word op die volgende vier (missionêr gerigte) kernareas:

1. Eredienste

Vanuit die FGP het dit duidelik geword dat daar 'n toenemende behoefte is aan intergeneratiewe bediening in gemeentes. Dit vra kreatiwiteit in die omgang met liturgie en leer tydens die erediens. Die opvolgprojek sou graag wou fokus op eredienste wat gebaseer is op die waardes van 'n familie-perspektief en 'n intergeneratiewe benadering.

2. Kategeese

Dit vra dat kategeese verhoudingsgerig behoort te wees. Die klem op verhoudings impliseer 'n wesenlike integrasie tussen leer en lewe. Geloofsoordrag behoort deur ouers, individue, groepe en mentors plaas te vind. Die vraag word gevra: Hoe lyk 'n kategeese-sisteem gedryf deur die waardes van 'n familie-gerigte benadering?

3. Sorgsisteme

Dit is duidelik dat die familielewe in SA in 'n krisis verkeer. Dit word onderstreep deur die hoë egskeidingsyfers, huishoudelike geweld, armoede, werkloosheid, MIV-Vigs, materialisme, ekologiese vernietiging, ensovoorts. Dit word algemeen aanvaar dat families boustene vorm vir 'n gesonde samelewing. Onderlinge sorgsisteme funksioneer dikwels nie doeltreffend nie, maar gemeentes behoort toerusting te ontvang om sulke sisteme te skep en te wees vir mekaar. Hierdie sisteme is nie net individueel nie, maar dit bestaan ook uit families vir mekaar, gemeentes vir mekaar (skep veilige ruimtes vir weerloosheid).

4. Families vir ander

Gegewe die Suid-Afrikaanse konteks is dit veral gefokus op grenservarings en blootstellings vir families – op gebiede van ras, klas, geslag, seksuele oriëntasie, ens. Dit wil sê families behoort te leer hoe om familie te wees binne inklusiewe, heterogene netwerke van ondersteuning wat gestuur is om mekaar te omarm.

(Van der Watt & Thesnaar 2005:35)

Hierdeur kan gemeentes verder gehelp word om die nodige vaardighede en waardes te ontwikkel om die familie-benadering geïntegreerd in hulle plaaslike gemeente te implementeer.

In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik aandag gegee aan die familie, hul behoeftes en die familiebediening in die kerk. Ten einde die erediens as familie-erediens in te rig, sal daar in die volgende hoofstuk na die kerk, erediens en liturgie gekyk word.

HOOFSTUK 2

TEOLOGIESE SKRYWE: EREDIENS EN PREDIKING – KONSEPTUELE SKRYWE

1. DIE KERK

Vanuit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat God Homself op 'n besondere wyse in en deur die familie aan die kind deur sy Woord en die werk van die Gees openbaar. Daar is ook klem gelê op die gemeente as deel van die familie van God. Die erediens is die geleentheid in die gemeente waar die biologiese familie en geloofs familie God op 'n besondere manier kan ontmoet, onderrig kan ontvang en Hom saam kan aanbid (vgl. Heitink 2007:241-247; Vos 1996d:303).

Die volgende definisie kan vir die kerk gegee word:

A congregation can be perceived as both a sacred and a social institution. In a mysterious and wonderful way, it is the body of Christ that lives by His grace. It is a unit of society that interacts with other units of society, such as other congregations, organisations, people, institutions, etc. As such, it is subject to all social mechanisms to which all institutions in society are subject. As an institution, a congregation is formed by people who are related to one another, who experience conflict, growth, challenges, who need leaders, ect.

(Hendriks 2004:70)

1.1. Situasië in die gemeentes van die NG Kerk

Statistieke dui daarop dat die NG Kerk se getalle daal. Sondag sit daar in sommige kerke net 'n handjievol bejaarde lidmate. Jongmense uit NG Kerk huise sluit aan by ander, dikwels meer charismatiese kerke (Viljoen 1995:10; Du Plessis 2004:3). As 'n mens mismoedig oor die kerk wil voel, is daar meer as genoeg rede. Die indruk word geskep dat die kerk die afgelope dertig tot veertig jaar baie veld verloor het. Die hartseerste vir die kerk is dat daar 'n groter wordende groep mense is wat beweer dat hulle geloof in God en Christus sinvol vind, maar sê dat hulle hul nie kan vereenselwig met die institusionele kerk nie. Onder die jonger generasie X'ers sien ons veral die patroon. Dit is "in om te soek na godsdienstige ervarings en na God", maar die bestaande kerke is volgens hulle van die laaste plekke waar hulle dit soek (Burger 1983:1).

George Barna praat oor hierdie groep mense as die "revolutionaries." Hy beskryf hulle soos volg:

These people are devout followers of Jesus Christ who are serious about their faith, who are constantly worshipping and interacting with God, and whose lives are centered on their belief in Christ. Some of them are aligned with a congregational church, but many of them are not. The key to understanding Revolutionaries is not what church they attend, or even if they attend. Instead, it's their complete dedication to being thoroughly Christian by viewing every moment of life through a spiritual lens and making every decision in light of Biblical principles.

(Barna 2006:8)

Barna (2006:7) stel dit baie duidelik dat hulle wil leef volgens Bybelse beginsels maar hulle nie wil besig hou met allerlei "godsdienstige speletjies"

nie: “They are not willing to play religious games and aren’t interested in being part of a religious community that is not intentionally and aggressively advancing God’s Kingdom.”

Die vraag kan gevra word of bogenoemde dalk een van die redes kan wees waarom daar soveel mense en veral jongmense die afgelope tyd die NG Kerk verlaat.

In 1980 het 91% van alle Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika aan een van die drie Afrikaansprekende Reformatoriese susterskerke behoort. Met die 2001 sensus het die getal gedaal tot 51%. In die vroeë tagtigerjare was daar ongeveer 450 000 dooplidmate in die NG Kerk. Die getal het tot 300 000 gedaal. Hou verder in gedagte dat statistieke wys dat bykans 50% van die name “op die boeke” die kerk verlaat deur óf kerklos te raak óf by een of ander “charismatiese” of “vernuwingsgroep” aan te sluit (Hanekom & Esterhuizen 2005:17).

Volgens die Kerkspieël van 2004 (Schoeman & Bisschoff 2004:31) het die aantal dooplidmate in die NG Kerk van 2000 tot 2004 met 10,75% (33 699) gedaal. Die katkisanter in die junior kategese daal in die tydperk met 32,9% en die in die senior kategese met 28,3%. Die daling van die katkisanter in die kategese is meer drasties as die daling in dooplidmate. Daar is waarskynlik in die omgewing van 34 000 dooplidmate wat veronderstel is om in die kategese te wees wat nie daar is nie. Dit kan ook wees dat van die dooplidmate op ander maniere begelei word as deur die formele kategese stelsel.

Wat die erediensbywoning betref, is gevind dat min of meer ‘n derde van die lidmate gedurende Februarie 2004 die oggenddiens bygewoon het (33,50%). Dit is ‘n daling van 4 persentasiepunte van 2000 af en min of meer op dieselfde vlak as 1981 (Schoeman & Bicschoff 2004:45-46). Die presentasie is al dekades min of meer dieselfde, wat ten minste daarop dui dat daar min oplewing en vernuwing is.

Die aanddiensbywoning is meer as die helfte swakker as 2000. Die erediensbywoning van die aanddiens vir Februarie 2004 was maar 3,60%. Behalwe dat daar in baie gemeentes nie meer 'n aanddiens gehou word nie, word die erediens baie swak bygewoon. Dit is die swakste sedert daar met die navorsing begin is in 1985. Op daardie stadium was dit 9,97%. Indien dit voortgesit word sal die aanddiens in sy huidige formaat waarskynlik verdwyn. Dit is ook moontlik dat daar net 'n paar gemeentes sal wees wat sal voortgaan met aanddienste (Schoeman & Bisschoff 2004:46). Een van die redes hiervoor kan wees dat veral ouer mense vanweë die gebrek aan veiligheid nie graag saans hul huise wil verlaat nie.

Dreyer (2003:24) meen dat gevestigde kerke te lank geleef het met die idee dat hulle bestaan uit 'n groep eendersdenkende middelklasmense wat saamkom om hul eie lewenswyse te vier, met uitsluiting van ander met wie hulle nie assosieer nie. Een van die kenmerkende kulturele skuiwe vandag is die wegbeweeg van "kultuurhomogeniteit" na 'n kultuur waarin verskille eerbiedig word. Dis in 'n samelewing met so 'n uiteenlopende verskeidenheid dat die kerk sy roeping as missionêre gemeenskap moet vervul. Kerkleiers sien in die veranderende omstandighede dikwels nie kans om hul los te maak van 'n bestaande kultuur waarin hul funksioneer nie. Hulle kan in die versoeking kom om die "regte" antwoorde te gee om alle partye in die gemeente gelukkig te hou. Dis ook te verstane, want lidmaatskap van die gemeente is 'n vrywillige saak. As lidmate (van wie die leiers en gemeente finansieël afhanklik is) ongelukkig raak, raak hulle weg.

Om nie te verander nie, hou die meeste mense die meeste van die tyd gemaklik. Verandering maak die meeste mense die meeste van die tyd ongemaklik. Maar vir leiers om in 'n kultuur van verandering nie te verander nie en op mense se geluk en bevrediging te fokus, is gevaarlik. So 'n ingesteldheid is 'n resep vir agteruitgang en die uiteindelijke verdwyning van die kerk (Dreyer 2003:24). 'n Moontlikheid sou kon wees om onder leiding van die Heilige Gees op 'n verantwoordelike wyse na die stem van die gemeente se behoeftes te luister.

Gemeentes kan op verskillende maniere op al die veranderinge wat besig is om plaas te vind, reageer. Die volgende moontlikhede het redelik algemeen by gemeentes voorgekom volgens navorsing wat Dudley en Ammerman (2002:7-8) gedoen het:

- Gemeentes kan net voortgaan soos hul dit nog altyd gedoen het. Hulle lidmaattal sal stadig verminder totdat hulle hul deure moet toemaak of met 'n ander gemeente moet saamsmelt.
- Sommige gemeentes sal trek. Hulle sal na 'n plek gaan wat vriendeliker lyk vir hulle bediening. Dit gebeur gewoonlik nadat hulle 'n behoeftebepaling gedoen het.
- Daar is ook sommige gemeentes wat dood in die gesig staar en dan besluit dat hulle nie sal gaan lê nie. Dit gebeur dikwels onder die leierskap van 'n leraar wat die gemeente help om van vooraf te begin met 'n nuwe bediening en 'n nuwe styl van aanbidding.
- Sommige gemeentes sal soek na 'n nuwe identiteit in die bediening en groter klem lê op die gawe van bediening. Hulle sal ook 'n nis vind.
- Sekere gemeentes sal kies om met ander saam te smelt. Gemeentes wat dit suksesvol doen, skep 'n nuwe kultuur en 'n nuwe nis.

Dudley & Ammerman (2002:1) beweer dat gemeentes nou 'n baie belangrike funksie het om te vervul. In 'n bewegende en gefragmenteerde wêreld is dit juis die gemeente wat 'n geestelike huis kan wees, 'n bymekaarkom plek waar daar liefde en betroubare verhoudings ervaar kan word. Die wêreld waarin ons leef verander voortdurend en dit vind ook binne die gemeente plaas. Kerke beskik nie meer oor stabiele gemeenskappe en mense wat lojiaal is aan hul gemeentes nie (Dudley & Ammerman 2002:2-3).

Dit wil voorkom of ons meer diepsinnige denke in die kerk nodig het, maar veral ook daade, diens en gehoorsaamheid. Dit alles begin by nuwe denke. Die evangelie veronderstel dit en die Bybel sê dit uitdruklik. Evangelie beteken goeie nuus, dit is verrassende nuwe informasie met ingrypende implikasies. Dit vra van ons dat ons van voor af sal begin dink oor die wêreld en oor alles wat ons dink om te weet oor onself, oor ander en oor God. Ons moet nuut en anders begin dink oor sake (Burger 1983:8-9).

Dit lyk of die meeste Protestantse kerke (gereformeerde kerke ingesluit) lank geneig was om die belangrikheid van prakties-teologiese refleksie oor die kerk te onderskat. Die probleem is dat korrekte en goeie dogmatiese insigte oor die kerk nie nadenkend genoeg vertaal is in praktiese terme nie. Dit mag wees dat leraars nie geleer is om prakties-teologies te dink nie. Hulle moes dalk self dit wat hulle geleer het, gaan toepas in konkrete situasies en nie almal kry dit ewe goed reg nie (Burger 1983:19; vgl. Schulze 1995:6-8).

Daar behoort ruimte te wees vir elke stukkie eerlike, relevante menslike inligting wat ons kan help om die liggaam waarvan ons as gelowiges deel is, die gemeente, beter te verstaan en meer effektief te laat funksioneer. Die kerk is in die eerste plek 'n geestelike realiteit wat teologies verstaan en beskryf moet word. Daarna kan die teologiese teorie aangevul en verfyn word met ander insigte (Burger 1983:22; Schulze 1995:7).

Verhale word gehoor van mense wat vir 'n lang ruk gevoel het dat die kerk vervelig is. Dikwels kom hierdie mense ook hulp aanbied by die kerk maar ervaar dan dat hul vaardighede nie in die kerk aangewend kan word nie. Hierdie mense beskryf hulself as "deeply spiritual", maar woon nie gereeld die eredienste by nie (Barna 2006:2-3). Dit is dikwels na hulle wat Barna (2006:8) verwys as "revolutionaries".

Die kerk is in baie opsigte nie veel anders as ander menslike instansies of organisasies nie. Daarom is dit nodig om meer bewus te raak van die konteks

waarin die kerk is om werklik 'n impak te kan maak in die gemeenskap (Burger 1983:11; vgl. Vos 1996c:9).

Ten spyte van al hierdie dinge, is daar ook goeie nuus vir die kerk. Nie omdat die kerk wonderlik of iets besonder is nie, maar omdat die kerk aan die Here behoort. Ons is nie blind vir die foute van die kerk nie, maar weet dat daar agter die kerk 'n groter mag is – die God van die Bybel en die evangelie van Jesus Christus (Burger 1983:3; vgl. Vos 1996c:9).

Dit kan met die kerk net goed gaan as die kerk sy plek onder God gevind het en nie God probeer speel nie (Burger 1983:15-16). Die kerk is in die kragveld van die Gees wat in die eerste en laaste plek gedra word deur die werk van die Heilig Gees (Burger 1983:25).

Wanneer daar aan 'n kerk gedink word, is die eredienste gewoonlik die eerste wat in 'n mens se gedagte opkom. Die eredienste word op verskillende maniere beskryf. Dit kan as die gesig of die hartklop van die gemeente beskou word. Wat ook al die beeld is wat gebruik word maak nie saak, maar die erediens speel 'n deurslaggewende rol in die kerk.

1.2. Definisie van die erediens

'n Mens kan die vraag vra, wat word bedoel met die woord "erediens". Dit kan soos volg gedefinieer word. "Eredienst is die reële ontmoeting tussen die mens als lid der gemeente en God, op grond van Gods kome tot de mens, in prediking, sacrament en gebed" (Oskamp & Schuman 1998:71). Die woord "erediens" word gebruik om "uit te druk wat bedoel word as die Christene gesamentlik God in die openbaar eer en verheerlik" (Barnard 1981:58; vgl. Vos 1996d:217).

Barnard (1981:61) beskou die erediens as die gesig van die kerk. In die erediens sien ons die duidelikste die openbaring van die kerk. Nêrens tree die geestelike lewe van die kerk sterker en sigbaarder na vore as in die

erediens nie. Die erediens is nie net die gesig nie, maar ook die hart van die gemeente. Hier voel 'n mens die pols en krag van die gemeentelike lewe en arbeid. “Die erediens is nie slegs die blikpunt of hoogtepunt nie, maar die organiese middelpunt in voortdurende verbinding van die heen en weer met alle ander gebeure van die kerk” (Barnard 1981:62; vgl. Vos 1996d:217).

Die reformatoriese erediens is wesenlik getipeer as 'n groot gesprek. Dit is 'n gebeure van “woord en weerwoord” wat plaasvind. Die “woord en weerwoord” rus egter op 'n daad of handeling van God en ook op die daad of handeling van die mens. Die ware dialoog, die tussen die Here en sy gemeente is egter 'n diep geestelike werklikheid, wat die hele bestaan van die mens omvat, maar wat nie so direk raakgesien word nie (Barnard 1981:395; Vos 1996d:229; vgl. Stark 2005b:91).

Volgens Barnard (1981:63) is daar 'n duidelike verband tussen die erediens en die kerk. Indien daar verval in die erediens kom, werk dit deur tot verval van die kerk. Waar daar allerlei probleme is in die kerklike lewe, sal dit ook in die erediens na vore kom in 'n stuk dooie tradisie of mooi ritueel sonder lewe. Die altaar wat 'n brandende gloed moet versprei, is dan net 'n krater waar slegs die as van die vuur sigbaar is. Waar dit in 'n kerk nie goed gaan met die erediens nie, daar is die kerk in sy hart siek. Herstel van die kerk wat doods en verval geraak het, moet daarom ook vanuit die hart, vanuit die wese van die erediens geskied en dit geskied waar die kerk weer die Woord gehoorsaam. Gemeentebou kan nie sonder die erediens plaasvind nie. “Die erediens is die plek waar die geloofsgemeenskap sy drome droom, sy visie verhelder, sy gemeenskap versterk en diens aanvaar” (Vos 1996d:238-239).

Die vraag kan gevra word wie die deelnemers aan die erediens, wat 'n ontmoeting en gesprek met God is, moet wees. Die basis hiervoor is die verbond. Die verhouding tussen God en sy volk wat in die genadeverbond vasgelê is, kry 'n sigbare gestalte in die erediens. Die erediens is dan 'n verbondsbyeenkoms van die verbondsvolk van die Here (Victor 1996:246; Heyns 1981:226-228; vgl. Vos 1996d:230).

Die getuigenis in die Bybel is velerlei dat die kind vanaf die vroegste ouderdom deel was van die ontmoetingsgebeure tussen God en sy volk. Op grond daarvan kan gesê word dat die kind wesenlik deel van die gemeente is. Na aanleiding van die genadeverbond van God het gedooptes volledig deel aan God se verbondsgemeenskap. Daarom behoort hulle ook volledig deel te hê aan die erediens wat die verbondsonthoofing en –gesprek is tussen God en sy verbondsvolk (Victor 1996:248; vgl. Vos 1996d:312).

In die erediens kom verskillende mense saam. Hulle verskil in ouderdom, opleiding, agtergrond en Bybelkennis. Tog is hulle saam die familie van God. Hulle is een gemeente wat God se teenwoordigheid erken en vier. Hier is een nie belangriker as die ander nie. Die teenwoordigheid van kinders maak 'n verskil aan die inkleiding van die liturgie en die prediking (De Klerk 2002:262; vgl. Heitink 2007:246; Vos 1996d:306).

Alle mense verwag om in die erediens 'n lewende ontmoeting met God en sy gemeente te beleef. Jongmense is besonder sensitief vir egtheid, warmte, liefde, blydskap en betrokkenheid. Hulle het 'n intense behoefte aan die egte lewe en wil dinge beleef (Nel 1985:21; vgl. Vos 1996d:311). In die vorige hoofstuk is baie aandag gegee aan die verskillende generasies se behoeftes en verwagtinge van die erediens. 'n Erediens wat mense aanspreek, is voorwaar 'n kunswerk!

1.3. Erediens as kunswerk

Die erediens word dikwels uitgelewer aan uiterstes. Enersyds is daar liturgiese geïktheid en andersyds vind daar soms soveel eksperimentering plaas dat daar byna geen vaste punte of hoofemas is nie. Lidmate kom met uiteenlopende verwagtinge na die erediens. Daar is ook 'n sterk aandrang op liturgiese vernouing. Tog kom mense na die erediens met 'n verwagting dat die gebeure sal sin maak. Die erediensgebeure maak eers werklik sin binne 'n bepaalde mate van orde – wanneer al die handeling, spreke, tekste,

beelde en musiek sinvol by mekaar aansluit (Kloppers 2003:80; Nicol 2005:5; vgl. Nicol & Deeg 2005:13).

Die begrip “Gesamtkunstwerk” is veral deur die komponis Richard Wagner gebruik ten opsigte van drama. Daarmee is die samespel van alle aspekte van musiek, klank, spreke, beelde, lig, handeling en dies meer tot eenheidswerk getipeer. Vanuit die postmodernisme blyk die beginsel en idee van “Gesamtkunstwerk” ten opsigte van sekere kenmerke aanvaarbaar en ten opsigte van ander weer onaanvaarbaar te wees. Dit sluit egter aan by die gegewe dat die postmodernisme nie eenduidig beskryf kan word nie (Kloppers 2003:83; Nicol 2005:29-31).

In sekere gevalle is die postmodernisme ‘n reaksie op en teen die modernisme en in ander gevalle is dit die radikale deurvoer van aspekte van die modernisme tot in die verste konsekwensies (Dreyer 2003:44-46). Die postmodernistiese eienskappe van fragmentasie, diskontinuiteit, versplintering en dies meer is egter ook kenmerke van die modernisme. Dit is juis hierteen wat die idee en begrip “Gesamtkunstwerk” reageer (Kloppers 2003:83).

Teenoor die huidige tendense in die inrigting van die eredienste, waar lidmate dikwels nie weet wat die rigting en afloop van die erediens gaan wees nie, vind daar dikwels eindelose eksperimentering plaas. Eenheid, binding, sentrum en struktuur kan ontbreek. Die indruk word soms gekry dat daar geen oorkoepelende tema bestaan nie en asof die musiek en tekste lukraak bymekaargegooi is. In sulke gevalle lyk dit of die “kuns” verwater tot ‘n veelheid van massamedia waar die kunstgestalte van die erediens besig is om verlore te gaan. ‘n Mens sou byna kan sê dat die erediens “mass entertainment” geword het. Daarom pleit teoloë toenemend vir die herwinning van die kunstgestalte in die erediens (Kloppers 2003:83; Nicol 2005:38-40).

Die begrip “Gesamtkunstwerk” kry dus in die teologie en in die besonder in die liturgiewetenskappe ‘n nuwe en dringender betekenis. Die erediens as die kultiese handeling van ‘n gemeenskap van mense is op sigself die kunsvorm van geloof. Dit is ‘n kompleks van vorme wat betekenis buite hulleself omdra

en wat verlede, hede en toekoms in 'n kreatiewe spanning ontsluit. Deur die kuns en die erediens as "kuns" kry ons 'n nuwe perspektief op die werklikheid. 'n Kunsvolle inrigting van die liturgie kan die verbeelding prikkel en tot nuwe geïnspireerde en verbeeldingryke verstaan van tradisionele simbole aanleiding gee (Kloppers 2003:83-84; Nicol 2005:38).

In die erediens as kunsvorm word die geloof op 'n besondere wyse verklank en sigbaar uitgebeeld. Wanneer al die menslike sintuie en ervaringsdimensies in die erediens dus geïntegreerd met alle dimensies van kuns in 'n "Gesamtkunstwerk" ter sprake kom, word daar ruimte vir kreatiewe geloofservaring geskep en word 'n geheel gevorm wat voorheen nie bestaan het nie (Kloppers 2003:84; Nicol & Deeg 2005:154-155).

Die kuns kan juis volgens Vos (2005:292-297) die luisteraar se beleweniswêreld oopsluit om iets van hierdie "Gesamtkunstwerk" te beleef. Die digkuns, skilderye, musiek, stories en flims noem hy die vensters op hierdie wêreld. Deur middel van die digkuns kan die diepte van menslike bestaan omskryf word, maar ook die hoogtepunte van die lewe. Hiermee kan die lewe op elke vlak beskryf word. Dit laat mense toe om te droom ongeag hul omstandighede. Musiek is deel van 'n mens se bestaan. Dink maar aan die kraai en huilgeluide van 'n kind. So het stories 'n manier om lesers saam met hulle te neem en iets daarvan te laat beleef. Daar is sekere temas wat gou op die voorgrond tree en die leser of hoorder aanspreek. Deur films ervaar 'n mens iets van hul eie wêreld en ook sy donker sy. Verhale van helde is so oud soos die mensdom self. Dit is dikwels meer as bloot vermaak. Dit verskaf ook soms sosiale kommentaar op gebeurlikhede.

Cilliers (2004b:2) meen dat die estetika van wesenlike belang is vir die liturgie. Volgens hom is dit juis vanuit die kuns van die estetika van *anasthesis* (waarneming) dat ons werklik, teologies, kan sien wat om ons aangaan en die realiteite van ons konteks (armoede, werkloosheid, vigs, ens.) op 'n liturgiese verantwoordelike wyse in die erediens gereflekteer kan word. Liturgiese estetika voer ons dus nie weg na esoteriese, kontekslose ruimtes nie, maar verbind ons met die werklikheid op 'n manier waarop woorde alleen dit nie kan

doen nie. Soms is die werklikheid te verskriklik vir woorde, en sê beelde daarvan inderdaad meer as 'n duisend woorde. Dit spreek mense aan op vlakke wat woorde nie kan nie (vgl. Nicol 2005:30).

Vervolgens sal liturgies gekyk word na die vier konsepte: observasie, interpretasie, antisipasie en transformasie uit die wêreld van die estetika (Cilliers 2004b:3; vgl. Cilliers 2004a).

Observasie

Waarneming of observasie is so 'n sentrale konsep in estetika dat daaruit 'n hele onderafdeling ontwikkel het, naamlik resepsie-estetika. Die uitgangspunt hiervan is dat “waarheid”, “betekenis” en “sinvolheid” nie alleen verborge lê in die oorspronklike skepper of sender nie, maar ook in die ontvanger daarvan. In elke teks leef alreeds 'n implisiete leser wat mede-konstituerend is vir die teks daarvan.

Estetiese denke stel ons fyner in op die prosesse en realiteite van die resepsieproses. Kunstenaars het nog altyd die vermoë gehad om dieper en verder as die oënskynlike te kyk, om onderskeidingsvermoë aan die dag te lê, waar die kerk en teologie dikwels misluk het. Met hulle waarneming (*anasthesis*) het kunstenaars die kerk telkens daaraan herinner om nie te vergeet nie (Cilliers 2004b:4; vgl. Nicol 2005:32-33).

Teologies gesproke beteken estetika om die realiteit van God in die konkrete van ons bestaanswêreld raak te sien. Die mooi van die skepping staan saam met die afgryslieke, die lelike van die terreur. Verwondering en verwonding is meestal twee sye van dieselfde muntstuk. Estetici het 'n fyn aanvoeling vir hierdie twee sye van ons bestaansmunt (Cilliers 2004b:5; vgl. Vos 1996d:135-136).

Die kuns van die estetiese teologie, en daarom van 'n observerende liturgie, is om die vleeswording van die evangelie in hierdie wêreld te

onderskei en om God se verhouding tot die skone en die verskriklike waar te neem. Die erediens speel binne hierdie publieke ruimte af en indien daar verantwoordelike liturgie beoefen wil word, behoort dit hierdie inkongruente realiteit te reflekteer. Liturgie is immers die ruimte waar ons in die Godsontmoeting aan die aarde verbonde bly. Dis die ruimte waar ons God en die aarde of beter: God-op-die-aarde (Immanuel, God by ons) in die oog kry. Hierdie “in die oog kry” of estetiese observasie word al hoe meer waardeer as ‘n onmisbare element van die liturgie. *Cognito, audio* en ook die *visio* moet saamwerk in die geïntegreerde kunswerk wat die erediens is. Die beweging is tans weg van moet-luister na wil-self-sien. Dit plaas druk op die tradisionele van die liturgie. Dit word al hoe meer verstaan dat sien singewing voorafgaan (Cilliers 2004b:7; vgl. Nicol 2005:41-43).

Interpretasie

Sien is belangrik, maar dit is nog nie die somtotaal van die proses nie. Observasie moet oorfloei in interpretasie. Estetiese interpretasie het veel te make met kreatiwiteit, dit wil sê met die vermoë om verbande te lê wat voorheen nog nie so ingesien of verstaan is nie. Kreatiewe interpretasie (transendering) open nuwe roetes in geykte patrone. In hierdie sin help dit die liturge om uit vaste posisies te skuif sodat standpunte weereens evalueer (getranslokeer) kan word.

Hierdie translokering is egter nie ‘n vorm van liturgiese ontsnapping of ontvlugting van die werklikheid nie, maar juis ‘n geleentheid om nuwe ontdekkings te maak. Ontdekkings wat veral verband hou met die nabyheid en nederigheid van God in die alledaagse, maar ook in die lelike van die mens se bestaanswerklikheid. Dit is juis die unieke gawe van kreatiwiteit wat ons help om die werklikheid te ontdek of te konstrueer wat dieper lê as alle waarneembare realiteite of beelde om ons te skok tot ‘n ervaring van die misterie, verskriklikhede en skoonhede van die lewe (Cilliers 2004b:8-10; vgl. Vos 1996d:139).

Estetiese interpretasie nooi 'n mens uit om die hernude ontmoeting tussen God en die werklikheid, die openbaring van die Lig in die duisternis, te verwag en inderdaad ook liturgies te bemiddel. Liturgie sou in hierdie terme beskrywe kon word as die kreatiewe verwoording en uitbeelding, dit wil sê estetiese interpretasie, van God se teenwoordigheid in die publieke realiteit van ons bestaan. 'n Liturgie wat nie esteties is nie, stol op voorspelbare formules, en vind gerusstelling in vasgelegde volgordes. Dit is nie sensitief vir die verrassing van die ontmoeting met God in die publieke realiteit nie. Dit gryp terug na geïkoneerde frases en rituele, wat as sodanig nie verkeerd hoef te wees nie, maar wat ontroep is aan die oomblik, die tyd van God se openbaring in die huidige realiteit, 'n oomblik en tyd wat vra om die kuns van interpretasie (Cilliers 2004b:11-12; vgl. Nicol 2005:61).

Antisipasie

Die estetiese proses hou egter nie by die interpretasie van die werklikheid op nie. Indien interpretasie slaag, wek dit antisipasie van 'n beter, getransformeerde werklikheid op. In antisipasie word "voortgryp na hierdie werklikheid en verteenwoordig hierdie voortgrype alreeds 'n stuk lewe-in-die-getransformeerde-werklikheid" (Cilliers 2004b:12).

'n Liturgie wat die werklikheid ernstig opneem (observeer) en wat die teenwoordigheid van God in hierdie werklikheid onderskei (interpreteer), kan nie anders nie as om tekens van 'n alternatiewe werklikheid op te rig nie (antisipeer). Dit moet aan die een kant die broosheid van ons bestaan reflekteer, maar aan die ander kant veral ook die hoop reflekteer. Liturgie is immers wesenlik eskatologies en behoort daarom ook deurdronge te wees van die voortdurende beweging tussen broosheid en hoop (Cilliers 2004b:13-14; vgl. Vos 1996c:228-229).

Transformasie

Observasie sonder interpretasie is sinneloos. Interpretasie sonder antisipasie kan tot hopeloosheid lei. Net so behoort antisipasie uit te mond in transformasie, anders bly die estetiese proses sweef in die esoteriese (vgl. Vos 1996c:229). Cilliers (2004b:14) meen daar is 'n baie noue verband tussen estetika en etiek.

Dit is juis binne die estetika dat etiek bevry word van die altyd-dreigende gevaar van moralisme. Moralisme verstaan dikwels nie kuns nie. Estetici is selde moraliste. Estetici wil nie monumente oprig nie, maar eerder momente fasiliteer, ervarings bewerkstellig waarin iets van die "mooi-wording van God" in die wêreld, veral ook in en teenoor die lelike gestalte kry (Cilliers 2004b:14).

Om die lied, verootmoediging en boodskap inmekaar te laat invloei is 'n kuns. Die liturg behoort ook rekening te hou met die verbruikersmentaliteit van die mense wat die erediens bywoon.

1.4. Verbruikersmentaliteit

Die verbruikersmentaliteit word talle kere as die kultuur van ons tyd beskryf. Dit is beslis iets waarmee rekening gehou moet word wanneer daar aan die familie-erediens gedink word, aangesien dit 'n groot invloed op die belewenis van die mense het wat die erediens bywoon.

Die verbruikersmentaliteit onder mense word soms as die ideologie van ons tyd beskryf (Conradie & Pauw 2002:408). Tipies van 'n ideologie word talle aspekte van 'n verbruikerskultuur as vanselfsprekend aanvaar, ten spyte daarvan dat dit tot ingrypende (eko)sistemiese verwringing aanleiding gee.

Louw (1989:17) meen dat die meningsvormer nie meer die familie as die hart van die volk is nie. Binne die verbruikerskultuur waarin ons leef, word dit vervang met die “hartklop van die ekonomie.” Die instrumente vir die strukturering van die samelewing word die tegnologie, handel, industrie en nywerheid. Die familie word al hoe meer self ‘n “verbruikersartikel” in ons samelewing.

Dit wil voorkom of die oplossing nie net in opvoedingsprogramme, meer wetgewing of nuwe vorme van tegnologie lê nie. Die probleem is eerder een van ‘n gebrek aan morele visie, verbeelding, wil en leierskap. Aangesien moraliteit in die reël deur godsdienstige oortuigings beïnvloed word, wil dit voorkom of ons hier ten diepste met ‘n godsdienstige probleem te make het (Conradie & Pauw 2002:409).

Die vraag is egter of die kerk nie self maar ‘n manifestasie van ‘n verbruikersamelewing is nie.

A theology of consumption began to invade our culture, and our churches. Slowly we wandered away from the foundational teachings of Jesus and began to identify our worth with how much money we made or how many possessions we owned. On any Sunday more people visit shopping centres than centres of worship. The gospel of Matthew warns us that: ‘Where your treasure is, there your heart will be also.’ All too often our treasures lie tucked away in the department store sale.

Conradie en Pauw (2002:408)

Nel (1994:38) is ook oortuig daarvan dat die kerklike samelewing aangetas is deur verbruikersmentaliteit. Hy skryf: “Ons het dit almal onder lede soos kinders kindersiekte onder lede het, selfs al is daar nog geen ‘uitslag’ nie.” Almal vra bewus of onbewus: “Wat is my gebied? Wat kan ek daaruit kry? Hoe pas dit my? Hoe is die diens – goed of sleg?” Die klem op die individu

en die behoeftes van die individu verskerp die sosiologiese werklikheid en die konsekwensies daarvan vir die kerk.

Om kerk toe te gaan of nie, word 'n persoonlike keuse. Gemeentes word deel van die privaatlewe van mense waar persoonlike smaak en behoeftes die deurslag gee. Dit gebeur by die erediens en daarbuite. Dikwels word die groepie kleiner, want die enigste manier waarop die selfsugtige motief kan oorleef, is op die intimiteit van 'n klein groep eendersvoelendes. Hierteenoor staan die gemeente as 'n gemeenskap wat wel in en van die bepaalde samelewing is, maar wat tog uniek is en anders dink omdat hulle samelewingsgenote is wat bely dat hulle in Christus is. Die gemeente is nie in die sin 'n organisasie wat met ander organisasies kompeteer om die behoeftes van mense te bevredig nie (Nel 1994:38).

Aan die ander kant is dit ook waar dat die kerk nie die behoeftes van die gemeente en gemeenskap kan misken nie. Die karakter van die evangelie "verplig" die kerk tot doelgerigte betrokkenheid by die mens en sy behoeftes. Godsdienst en spesifiek die erediens beteken nie dat God as't ware in diens van die mens en sy behoeftes te staan kom nie. Die groot diens- en erediensvraag is daarom nie: "Hoe kan God meer vir my beteken nie?" Die kernvraag vir kerkwees en menswees bly: "Hoe kan ek meer en meer diensbaar word en wees in God se Ryk op aarde?" (Nel 1994:38; vgl. Victor 1996:243).

Die verbruikersmentaliteit onder sommige mense dra by tot van die kritiek wat teen die erediens uitgespreek word.

1.5. Kritiek teen die erediens

Die kritiek wat teen die erediens uitgespreek word, loop oor 'n breë linie (Beukes 1987:2-3; Beukes 1994:148-149; Du Plessis 2004:4-6; Cilliers 2004a:15-16; Vos 1996c:1-5; Brink & Brink 1999:161-162). Dit kan soos volg uiteengesit word:

Een van die kernpunte is die feit dat die erediens die moderne mens nie meer aanspreek nie. Daar word beweer dat die taal wat tydens die erediens gebruik word, nie dieselfde is as dit wat daagliks deur die lidmate gebruik word nie. Die lidmate ervaar dikwels dat die taal van die prediker onverstaanbaar is. Die lidmaat luister na onder andere die preek, maar “hoor” nie wat die prediker sê nie. Die gebed kan dalk met die lippe saam gesê word, maar die persoon se hart is op ‘n ander plek, omdat hy/sy nie verstaan wat die prediker sê nie.

Die sang word beskryf as te dood. Dit is veral die melodie wat uit die gryse verlede kom. Die tempo is te stadig en uit pas met die sang wat veral die jongmense aan gewoond is om elke dag te sing.

Teen die prediking word veral baie kritiek uitgespreek. Die predikant preek en die lidmaat bly passief en onbetrokke sit. Die grootste deel van die erediens is die lidmaat onbetrokke. Die prediking handel dikwels oor temas wat vir die mens lewensvreemd is. In die prediking word nie die antwoorde op die lidmaat se vrae gegee nie. Die erediens is afgeskerm van die alledaagse lewe. Die preek staan aan die rand van die polsende lewe en daarom is dit tydloos en onaktueel, lewensvreemd en irrelevant, selfs vervelig. Soms ervaar mense dat dit bloot ‘n teologiese lesing is wat glad nie grond vat in hul wêreld nie. In hulle wêreld moet hul moreel-etiese besluite neem en daar is dit baie moeilik om God raak te sien.

Naas die prediking en sang kom die gebed ook soms onder die voorhamer van kritiek. Afgesien van die taalprobleem, is die gebede dikwels te lank en te lewensvreemd. God en sy lof word volkome besing, maar die mens en sy nood word hanteer asof dit nie bestaan nie.

Skerp kritiek word uitgespreek teen die kerk se manier van aanbidding. Moderne tegnieke en hulpmiddels word dikwels nie gebruik nie.

Waar die kritiek soms gerig is teen 'n enkele aspek van die erediens word die hele vorm van die erediens soms bevraagteken. Dit word beskryf as 'n "one man show" waar een mens aktief betrokke is en die res meedoen sonder dat hulle weet wat hulle doen. Dit word beskryf as 'n koue, hartelose, formalistiese byeenkoms. Hier is alles in vaste vorms gegiet. Spontaneïteit is volkome onmoontlik. Die mense is harteloos teenoor mekaar – waarskynlik onbewus van mekaar se vreugde en leed.

Die erediens word ook beskryf as "Geesloos". Dit lyk asof hier nie plek is vir die besondere werking van die Heilige Gees nie. Die mens beplan alles en bereken self die resultate. Sommige mense voel dan dat die werking van die Heilige Gees aan bande gelê word. Daar is mense wat meen dat hulle nie vooraf sal weet hoe die Gees hulle sal lei nie en hulle wil Hom nie aan bande lê nie. Hierteenoor voel die liturg van die NG Kerk dat dit nie die geval is nie. Daar word juis gevoel dat hul gevoelig is vir die Heilige Gees en dat sy werking nie aan bande gelê word in die kerk nie (Barnard 1981:496; vgl. Vos 1996c:105).

Wanneer daar in gedagte gehou word dat in die kerklike bediening al meer gevra word hoe mense en hul kinders na die eredienste gelok kan word, kan dit ook veroorsaak dat daar "'n spul afgode" die erediens binne genooi word (Dreyer 2003:49). Vir 'n missionêre kerk is dit fataal om aanbidding te beplan rondom die behoeftes van mense wat die Here nie werklik ken en liefhet nie. In die gemeente se aanbidding behoort die fokus op God te val en nie op die prediker of lidmate nie. Die prediking, liturgie en sang moet die mens rig op God op sy heiligheid en liefde. Erediensleiers is nie akteurs nie maar gebruik hulle gawes om die gemeente te begelei om God te aanbid (vgl. Vos 1996c:160).

Om bogenoemde te bereik is dit juis noodsaaklik om krities na die kritiek te luister en dit te evalueer. Dit is noodsaaklik om die mense binne hul konteks aan te spreek in die idioom wat hul aanspreek.

Die betekenis van die kerk as geloofsgemeenskap word konkreet waar mense God se teenwoordigheid ervaar en dit 'n verskil maak in hulle verhouding met God en in hulle optrede teenoor mekaar. Vanuit hierdie ontmoeting met God is die kerk deur sy getuigenis hoorbaar en sigbaar betrokke om 'n verskil te maak in die Naam van Christus (Dreyer 2003:49).

Die kerk se lidmate in 'n postmoderne konteks vertoon 'n groot verskeidenheid mense wat self na hul geestelike lewe omsien. As hulle 'n erediens bywoon is dit 'n bonus. Postmoderne mense het 'n behoefte om hulle weer te verbind aan hulle wortels, aan 'n bo-natuurlike Oorsprong. Die kerke wat die beste vaar in die postmoderne kultuur is die wat telkens vir die "soekers" nuwe, kreatiewe moontlikhede kan bied om hulle identiteit te herontdek (Dreyer 2003:50; Van Tonder 2006:21).

Preekwerkgroepe kan een van die "nuwe" kreatiewe moontlikhede wees om die behoeftes van die mense aan te hoor.

1.6. Preekwerkgroepe

Die idee van Habermas dat kommunikasie op gelyke voet plaasvind en dat beide subjekte in die proses 'n vrye inset het, het die insig gebring dat die preekproses nie net beweeg van die teks na die preek nie, soos die ouere homiletiek dit gehad het nie, maar dat daar interaksie is tussen die teks as subjek en die hoorder as subjek. Dit het 'n wending ook na die hoorders van die preek teweeggebring (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg 2004:91; vgl. Van der Ven 1990:57-61).

Die wending na die hoorders van die preek het 'n besondere aktuele, konkrete en bevrydende prediking teweeg gebring. Talle homiletici (byvoorbeeld: J.H. Van der Laan, H.J.C. Pieterse, G.D.J. Dingemans en C.J.A. Vos) het die implikasies hiervan uitgewerk. Die idee van preekbesprekings met gemeentelede, preekwerkgroepe en liturgiese werkgroepe in die gemeente by die voorbereiding van 'n erediens en die

ontwikkeling van 'n hermeneutiek van die hoorder het gevolg (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg 2004:92; vgl. Pieterse 1991).

Preekwerkgroepe (Pieterse 1986:135; Wagner 1983:97) het die kommunikasievermoë van die preek verhoog, of verbeter. 'n Empiriese ondersoek wat deur Pieterse gelei is, het aangetoon dat predikers nie presies weet wat die vlak van kennis, die verstaan, die assosiasies en interpretasies van gemeentede is nie. Daarom vind predikers dit moeilik om vir die gemeente die teks toe te pas en konkreet te maak (Pieterse 1986:131). Dit is ook nodig om konkreet uit te vind hoe die gemeente voel en dink oor 'n teks wat die prediker vir 'n spesifieke preek gekies het.

Pieterse (1991) wys daarop dat dit die tendens vandag is dat daar gesoek word na 'n prediking wat niemand uitsluit nie. Die boodskap moet tot almal in die gemeente en daarbuite kom. 'n Prediking wat niemand uitsluit nie, beteken ook dat die gemeente as deelnemers aan die preekgebeure beskou moet word. Daar sal dus ruimte geskep moet word waar die gemeentede in gesprek met die leraar kan tree.

Dit is goed om van die hoorders self insette te kry. Dingemans (1991:185) noem dit "preekvoorbereidingsgroepe en preekvoorbereidingsgesprekke". Dit is groepe gemeentede wat hulself verdiep in die preekteks en hul kommentaar daaroor gee. Daarna kan die predikant dit in sy/haar preek verwerk. Na die preek is dit goed as hulle weer die teks bespreek sodat hulle kommentaar kan lewer op die boodskap. Hierdeur is die gemeente daadwerklik betrokke by die preek en preekvoorbereiding. Die preekwerkgroep help ook die prediker om vas te stel as daar sekere blokkasies is wat verhinder dat die hoorders nie kan verstaan wat die preekteks sê nie (Dingemans 1991:190; vgl. Van der Ven 1990).

Sweazy (1976:55) meen dat hierdie "sermon reaction meetings" verskeie vorms kan aanneem. Een van die eenvoudigste vorms hiervan is om enige persoon in die gemeente te nooi om na die tyd agter te bly en oor die preek te praat. Die prediker kan ook 'n groep hê wie se reaksie hy graag wil hoor, om

‘n “talk back group” te vorm. Dit is niks anders as ‘n preekwerkgroep nie. Daar is ook ander predikers wat een keer per maand so ‘n geleentheid reël waar die afgelope maand se preke bespreek word. Die voorstel word ook gemaak dat ‘n bandopname van die gesprek gemaak kan word, sodat die prediker later weer daarna kan luister.

Vir die preekwerkgroep wat ‘n preek bespreek voordat dit gelewer word behoort die prediker ‘n buitelyn van die preek aan ‘n groep gee vir voorbereiding. So ‘n byeenkoms kan aan die hand van die volgende vrae geskied (Sweazy 1976:55):

- Wat probeer die prediker bereik?
- Watter verskil sal die boodskap aan jou maak?
- Wat sou jy gesê het?
- Is daar iets waarmee jy verskil?
- Is daar enige ander gedagtes wat by jou opkom?

Mense wat deel is van ‘n preekwerkgroep word opgewonde oor die preek en raak aktief betrokke by die erediens. Hulle denke word verbreed en verhelder deur die gesprekke. ‘n Spesifieke groep mense behoort nie permanent deel van ‘n preekwerkgroep te wees nie. Hulle behoort van die begin af duidelik te weet dat hul betrokkenheid vir ‘n beperkte tyd sal wees. Daarna behoort ‘n nuwe groep lidmate weer by die preekwerkgroep betrek te word (Sweazy 1976:56; vgl. Wagner 1983).

Wanneer verskillende generasies wat deel is van ‘n familie betrek word by ‘n preekwerkgroep, kan die prediker meer insig kry in hulle behoeftes.

2. LITURGIE

2.1. Definisie van liturgie

Die woord “liturgie” is afgelei van die Griekse terme *leitourgia* en *leitourgein* (Vos & Pieterse 1997:4; Barnard 1981:53). Volgens Vos en Pieterse (1997:4) was *leitourgia* aanvanklik ‘n polities-staatregtelike begrip. In Griekeland was liturgie ‘n openbare dienslewering van die welgestelde burger tot die stad of staat. Die koning in die antieke tyd was ook ‘n priester en die oorspronklike polities-staatregtelike begrip het ook ‘n kultiese betekenis gekry.

Die woord *leitourgia* word in die Septuagint en in die Nuwe Testament gebruik om die Ou Testamentiese offerdiens mee aan te dui. *Leitourgia* is saamgestel uit *leitōs* (wat “volk” beteken) en *ergon* (wat “werk” beteken). ‘n Mens sou dus etimologies kon sê dit beteken: “diens van die volk” of “werk in belang van die volk” (Barnard 1981:53; Oskamp & Schuman 1998:90).

Leitourgia in die Nuwe Testament omvat die volgende begrippe (Vos & Pieterse 1997:5):

- Die Ou Testamentiese tempeldiens (Luk 1:23; Heb 8:2, 9:1, 10:11);
- Persoonlike liefdesdiens aan mense (Fil 2:25, 30; Rom 15:27);
- Diens aan Christus (Rom 15:16; Fil 2:17);
- Samekoms van die dissipels om te bid (Hand 13:2).

Barnard (1981:51) meen dat die woord liturgie gebruik word om die Christelike erediens mee aan te dui. Die liturgie omvat al die woorde en handeling van die volle erediens, met insluiting van die preek, en die nagmaal; sowel as ander handeling soos die doop, die openbare belydenis van geloof, die

bevestiging van ampsdraers; ook van ander dienste soos gebedsdienste, Bybelstudie deur die gemeente, huweliks- en begrafnisdienste (Barnard 1981:52; vgl. Van der Ven 1990:48; Vos 1996c:150-151).

Daar word soms van “liturgie” gepraat asof dit bloot na die orde van ‘n erediens verwys. Liturgie sluit die orde waarin die erediens verloop in, maar is baie meer as net die orde. Liturgie is die diens aan God wat telkens weer vorm aanneem in ‘n bepaalde erediens. Dit is ook een van die hoogste vorme van diens aan die medegelowige, want waar hande gevat word en saam gestem word in aanbidding voor die lewende God, word werklik ‘n diens aan die medemens bewys (Müller 1987:34; vgl. Vos 1996c:192).

Nickols (2004:23) skryf dat liturgie nie net bloot ‘n toevalligheid is nie. Liturgie staan in ‘n organiese verband met die geloof van die gemeente van Jesus Christus. Liturgie probeer dus nie om die prediking te vervang nie, maar probeer die prediking in ‘n verband plaas. Liturgie is ook nie net ‘n eksperimentering van individue binne die erediens met die oog op die ordelike verloop van sake nie. Liturgie is ‘n saak van die gemeente van Christus en moet plek skep vir die verkondiging van die Woord. Liturgie bind die gemeente in die erediens saam en veronderstel ‘n wisselwerking. Die liturgie het nie ‘n individualistiese karakter nie, maar dit bind die gemeente saam tot die gesamentlike aanbidding en aksie (Vos 1996d:229).

Wat in die liturgie gebeur is dus die diepste uitdrukking van geloofsvisie en geloofservaring. Liturgie word nie iewers (in ‘n kommissie of sinode) gemaak nie, dit groei saam met die kerk (Barnard 1981:486).

Hoewel “liturgie” die handeling in die erediens omskryf, het dit nie baie inslag gevind in die omgangstaal van die NG Kerk nie. Erediens en samekoms word in die algemene spreektaal veel meer gebruik. Die Griekse woord *sunergesthai/sunagesthai* beteken “samekoms” (Heb 10:25). Die erediens kan dan omskryf word as die “Christelike gemeente wat saamkom in die Naam en teenwoordigheid van die Drie-Enige God” (Vos & Pieterse 1997:6).

Liturgie word verstaan as die samekoms van God se volk as hoor-, leer-, terapeutiese- en feesgemeenskap. God se volk ontvang en vier by hierdie samekomste die heil wat Hy aan hulle skenk. Die volk besef tydens die viering voortdurend die teenwoordigheid van God as die Heilige, die Almagtige en die Genadige. Die viering bestaan uit die diens aan God deur aanbidding, verering, lofprijsing, boetedoening, belydenis, dankseggingswoorde en –handelinge. God se diens aan sy volk word ook in die erediensviering gevier (Vos & Pieterse 1997:6).

Die volk word aan God se heilstdiens aan hulle herinner tydens elke liturgiese handeling. Die viering van God se diens aan die mens en die mens se diens aan God, word deur die rykdom liturgiese patrone moontlik gemaak. Hierdie diens van God aan mense en mense se diens aan Hom in die erediens inspireer mense om mekaar te begenadig en te dien in die erediens van die lewe (Vos & Pieterse 1997:6-7).

Liturgie is nie 'n vertoning nie. Dit is 'n "gebed." Dit is 'n manier om kontak te maak met 'n misterieuse God ver bo ons begripsvermoë, nie net met ons verstand nie, maar met die totale menswees (Merton 1981:v-vi).

Vir sommige mense is die belewenisaspek van groot belang. Dit word deur Pecklers (2003:18) soos volg gestel: "The uniqueness of the liturgy is that it gives pride of place to 'experience'. Experience comes first, and while reflectio, analysis, explanation and systematization might be necessary they must follow after experience".

Die liturgie kan vergelyk word met 'n dans. Die passies daarvan moet aangeleer word, dit moet geoefen word en die ritme van die musiek moet fyn waargeneem word en dit behoort spontaan te vloei (Long 1986:91).

2.2. Faktore wat negatief op die liturgie kan inwerk

Verskeie faktore kan negatief op die liturgie inwerk. Volgens Müller (1987:35-36) is tradisionalisme, ritualisme en wettisisme egter die gevaarlikste.

Tradisionalisme is die verabsoluttering van die tradisie. Tradisionalisme sou beteken dat liturgiese handeling en spreke tot die tydlose verhef sou word en byna onaantasbaar word (Müller 1987:35).

Liturgiese ritualisme beteken dat gebruik of handeling in die erediens, ongeag die betekenis daarvan, gehandhaaf word. Dan word die rite bloot beskerm ter wille van die rite, sonder dat daar gevra word na die betekenisinhoud (Müller 1987:35).

Liturgiese wettisisme ontstaan wanneer die gestalte van die erediens in ritueel wettiese sin verstaan word. Die gangbare liturgiese orde word verstaan en beleef as 'n onverbreekbare wet. So kan ware liturgie stadig maar seker dood gewurg word (Müller 1987:36).

Die doel van die erediens is om God te ontmoet. Die doel van die liturgie sou dan wees om die dialogiese ontmoeting met God sinvol te orden. In die liturgie is daar dus verskillende deelnemers en 'n dialoog vind tussen God, die prediker en die gemeente plaas (Nickols 2004:24; Vos 1996c:145).

Long (1986:88) noem dat een van die maniere om die integriteit van die liturgie te toets is om te kyk of die opeenvolging van die elemente 'n storielyn volg. "First God spoke, calling us to worship. Overwhelmed by God's presence, we sang a song of awe and praise, but even as we did we became aware of our unworthiness to do so, and so we confessed our sin ..." Indien dit nie die geval is nie, is daar heel waarskynlik elemente wat misplaas is.

Selfs in gemeentes waar die orde van die erediens 'n goeie dramatiese struktuur het, is dit ook nodig om die gemeente daarvoor op te voed. Selfs die

tydjies tussen die verskillende elemente is gevul met verwagting van wat gaan kom. 'n Ander aspek waaraan aandag gegee moet word is die “presidential style”. Dit verwys na die gees en wyse van bv. eerbied waarop die aanbidding plaasvind. Die mense se stemme, liggaamshoudings en gebare moet 'n weerspieëling van die gebeure wees (Long 1986:88-89).

Ten einde die liturgiese handeling beter te verstaan, is dit goed om na 'n kort geskiedkundige verloop daarvan te kyk.

2.3. Die geskiedenis van die liturgie

Die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens kan nie as geïsoleerde gebeure gesien word nie. Deur die geskiedenis sien ons dat verskillende omstandighede en geloofstradisies 'n invloed gehad het op die erediens. Vervolgens 'n heel kort oorsig van die oorsprong daarvan om die invloed op die huidige liturgie aan te toon.

2.3.1. Ou-Testamentiese Tempeldiens

Die Ou-Testamentiese tempeldiens se invloed op die erediens kan soos volg saamgevat word (Vos & Pieterse 1997:10; Barnard 1981:66-84):

1. Daar is direkte gebruike oorgeneem, byvoorbeeld die weeklikse dagindeling asook die indeling van die jaar en datums van belangrike feeste (Paas- en Pinksterfees);
2. Die invloed van die Psalms in die Christelike erediens;
3. Die lees van die Ou Testament in die erediens;
4. Die wyse van gebedsformulering;

5. Die teosentriese fokus van die kultus;
6. Die teenwoordigheid van God in die kultus;
7. Die realiteit en effektiwiteit van die versoening.

2.3.2. Sinagogediens

Die Sinagogediens is verbind aan die Ou-Testamentiese tempeldiens en kan waarskynlik teruggevoer word na die ballingskap in Babilonië (Vos & Pieterse 1997:10).

Die volgende patroon van die Sinagogediens oefen 'n invloed uit op die Christelike erediens (Vos & Pieterse 1997:10-12; Barnard 1981:86-102; vgl. Oskamp & Schuman 1998:28):

1. Die lees en uitleg van die Tora het 'n belangrike plek ingeneem. Die Tora-tekste wat Sabbat vir Sabbat gelees is, is in perikope (*parasjot*) verdeel. Die hele Tora is in die siklus van drie jaar deurgelees. Verder is die profetiese boeke (*nebiim*) en die geskrifte (*ketubim*) ook gelees. Met fees- en roudae was daar Ester, Rut, Hooglied, Klaagliedere en soms Job, gelees. Die gebruik om die "Skryfte" voor te lees is ook in die Christelike kerk nagevolg.
2. Die homilie (preek, verklaring, onderwysing) is nou met die lesing van die "Skryfte" in die sinagogale erediens verbind. Die preek was deel van die erediens.
3. Die reëlmatige sing van Psalms was gebruiklik in die sinagoge sowel as in die vroeë kerk.

4. Response soos “amen” en “halleluja” het as beaming en bekragtiging van woorde, gebede of voordragte van die voorganger gedien. Daar was ook ander response bekend, soos *Kuri eleison, maranata sanctus abba* en *hosanna*.

Die Sinagogediens is aangevul deur die nagmaal. Die ontwikkeling van die eie aard van die Christelike godsdiens bestaan nie in die sinagogale Woorddiens nie, maar in die maaltyd wat Jesus ingestel het. Die gebeure is so ingerig dat dit alles rondom die Persoon en werk van Christus gegaan het. Dit wat die eerste dissipels geleer het, het hulle beoefen, uitgebou en verder deurgegee (Barnard 1981:153). Byna onmiddellik na die Paastyd het Jesus se volgelinge vir ‘n gemeenskaplike maaltyd byeengekom. Die samekoms het in die huise van gemeentelede in Jerusalem plaasgevind (Hand 2:46) (Vos & Pieterse 1997:11).

2.3.3. Vroeë Kerk

In die Ou Testament is ‘n offer gebruik om ‘n verhoudingsbreuk te herstel. Dit word tot ‘n hoogtepunt gebring in die Nuwe Testament in Hebreërs as Jesus as die finale offer vir die sonde van die mensdom gebring word. Vanuit hierdie gebeure, die heilswerk van Christus het die hele rituele sisteem van die vroeë kerk voortgevloei, te wete die liturgie as ontmoeting tussen God en mens. Vanaf die vroegste tye was rituele rakende skuld en versoening deel van die liturgie van die kerk en het dit onder andere bestaan uit die doop, die boete, die eucharistie, verkondiging van die Woord, die voorbede van solidêre broers en susters en die bid van die Onse Vader (Wepener 2003a:234; vgl. Vos 1996d:217-219; Vos & Pieterse 1997:30-33).

Vanuit die Nuwe Testament, die Evangelies en Handelinge word mense uitgenooi om hulle te bekeer en te laat doop (Mark 1:15; Luk 4:18; Hand 2:38). Die doop word hier ‘n teken van bekering wat plaasgevind het (Wepener 2003a:235).

Ingebed in die Pase gaan die nagmaal oor die sentrale heilsgesbeure van die Nuwe Testament, die verlossing van Jesus se soendood aan die kruis vir sondige mense wat met God en mekaar versoen moet word. Dit wil voorkom of die nagmaal heelwat veranderinge ondergaan het. Aanvanklik was dit waarskynlik 'n egte maaltyd wat aan tafel plaasgevind het. Daar is ook vir die wat afwesig was van die gawes bewaar. Verder is gawes ingesamel vir die armes, siekes en vreemdelinge. Mettertyd het die nagmaal ontwikkel in 'n diens rondom Skrif en tafel (Wepener 2003a:238-240; vgl. Oskamp & Schuman 1998:29-30).

Die prediking het van die vroegste tye 'n sentrale plek ingeneem. Die geskiedenis van die prediking kan afgelei word van die posisie van die preekstoel binne die liturgiese ruimte (Wepener 2003a:240). Dit is veral duidelik sigbaar by van die ouer kerkgeboue. In baie gemeentes is die preekstoel vandag uitgehaal of dit word nie meer in die nuwe geboude kerke ingesit nie (Vos 1996d:217).

Tot en met die derde eeu was daar geen algemeen aanvaarde sisteem ten opsigte van die boete in gebruik nie. Tog het die kerk baie geworstel met sonde en boete. Die boete het aan onvergeeflike sondaars soos moordenaars, egbrekers en afvalliges nog een kans gegee na 'n baie lang weg van vernedering. Hierdie onvergeeflike sondes was sondes teen die gemeenskap waarmee die sondaar weer versoen moes word en is ook publieke sondes genoem (Wepener 2003a:241).

In die vroeë kerk en gedurende die vroeë Middeleeue is die Wet of Dekaloog nie in die erediens aangetref nie (Barnard 1981:544). Dit het waarskynlik eers na die reformatie 'n plek in die liturgie gekry. Dit wil voorkom of Israel dit as 'n spesifieke weergawe van God se verbondsregulasies gesien het in 'n spesifieke, konkrete situasie (Joubert 2003:48; vgl. Vos & Pieterse 1997:234-238).

Volgens Joubert (2003:50) het die wet hoofsaaklik 3 funksies:

1. Die wet dwing die mense na Christus en sy oordeel;
2. Die wet bedwing goddelose mense;
3. Die wet is aan gelowiges gegee om hul 'n dieper verstaan van die wil van God te gee en hulle aan te moedig om daarvolgens te lewe.

Barnard (1981:544-545; vgl. Vos & Pieterse 1997:234) meen dat die wet in die erediens hoofsaaklik die volgende twee funksies het:

- Die wet is die spieël vir die kennis van die sonde. Die wet maak mense bewus van die heiligheid van God en van die eise wat Hy stel aan sy dissipels. Verder is die bedoeling dat die besef van sonde die gemeente moet bring om na Christus se verlossing te gryp. Dit is dan “'n tugmeester na Christus” volgens Galasiërs 3:24.
- Die wet is ook 'n reël van dankbaarheid. Die wet druk God se wil vir sy volk en sy kerk uit. Die gemeente luister na die wet met die bedoeling om dit in nougesetheid na te volg in die konkrete lewe. God se aanspraak op sy verbondskinders kom tot uitdrukking waar hulle sy wet aanhoor en gehoorsaam.

Samevattend (Barnard 1981:159-160; Vos 1996d:223-228) kan die volgende beeld van die erediens in die vroeë kerk gekry word:

- Sondag is die dag waarop die gelowiges bymekaar kom, want dit is die dag waarop Christus uit die dood opgestaan het.
- 'n Voorstander of prediker neem leiding by die diens.

- Die bediening van die Woord en die nagmaalsdiens vorm 'n eenheid en is onlosmaaklik verbind.
- Daar word gelees uit die Evangelies of die Profete.
- Uit die onmiddellike Skriflesing volg 'n preek of toespraak.
- Voorbidding word gedoen vir mense met hul behoeftes. Die gemeente bevestig die gebed met 'n "amen".
- Die "vredeskus" (by die doopdiens) vorm die oorgang na die nagmaal.
- Die brood en die beker met wyn word na die voorganger gebring.
- Die voorganger doen die eucharistiegebed: lofprijsing, gebed en danksegging. Dit is 'n vrye gebed en word gerig aan die Vader in die Naam van die Seun deur die Heilige Gees.
- Die diaken bedien die brood en wyn aan almal teenwoordig en vat dit ook na die huise van diegene wat afwesig is.
- Net die raamwerk van die diens word gegee en daar is nog geen voorgeskrewe teksgedeeltes of gebede nie.
- Die orde is eenvoudig en net die wesentlike dinge kom voor.
- Die invloed van die Joodse diens kan in die vormgewing en gebede gesien word.
- Geld word ingesamel om die nood van ander te verlig.

- Eucharistie word losgemaak van die agape.
- Deur die eucharistiegebed word die brood en wyn verander in die liggaam en bloed van Christus en dit gebeur deur Christus.

Die liturgie is verder beïnvloed deur die Oosterse en Westerse Kerke. Volgens Barnard (1981:266-267) vergelyk dit soos volg met mekaar:

- Die Oosterse Kerk was byna tydloos en het feitlik geen wisselende dele gehad nie.
- In die Westerse Kerk was daar 'n vasstaande deel, naamlik die sogenaamde "*ordinarium*" en 'n wisselende deel, die sogenaamde "*tempore*". Hier was daar wisseling wat die skriflesings, gebede en liedere betref.
- Die Oosterse liturgieë is gekenmerk deur oorfloedige seremonies en woordrykheid in die gebede. Die Roomse liturgie word gekenmerk deur korthed, soberheid en ordelikheid wat so eie is aan die gees van Rome en van die Latynse taal.
- In die Oosterse liturgieë is gemeen dat die verandering van die elemente brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus, geskied deur die konsekrasie en die epiklese weg en word die verandering van die elemente gesien as die werking wat uitgaan van die konsekrasie. So verkry die konsekrasie 'n strakke wetmatigheid.

2.3.4. Reformasie

Die mis het in die tyd voor die Reformasie die verval van die kerk die duidelikste vertoon. Daarom kan verwag word dat die Reformasie hier sou begin. Die kritiek van Luther en andere teen die aflaatstelsel en teen die

offergedagte van die mis, asook die herontdekking van die regverdiging deur die geloof sonder die Roomse leer van verdienstelikheid, was die begin van die Hervorming. Die erediens en alles wat daarmee saamhang was vir die reformatore van die grootste belang. Die sieninge van die reformatore van die erediens hang ten nouste saam met hulle teologiese beskouinge (Barnard 1981:248-249).

Al die kritiek van die reformatore teen die mis loop uit op die nuut ontdekte boodskap van die Bybel van die regverdiging van die mens uit genade as geskenk in Christus wat in geloof en vertrouwe aanvaar moet word. Die sentrale boodskap van die Reformasie word: deur geloof alleen, deur genade alleen en alles deur die Skrif alleen. Dit word as die bron beskou waaruit die erediens vernuwe is (Barnard 1981:251).

Die reformatore het baie sterk klem geplaas op die betekenis van die prediking en daaraan 'n vaste plek in die erediens gegee. Voorheen was die prediking verwaarloos en is dit soms vervang met verhale van heiliges en legendes. Die herontdekking van die prediking het hand aan hand gegaan met die herontdekking van die Bybel. Daar het groot onkunde geheers oor die Bybelse waarhede en die ware wese en inrigting van die erediens. Daarom het die reformatore groot klem gelê op die lerende en didaktiese in die erediens. Hierdie klem het na vore gekom in die verskillende liturgiese formuliere, in die prediking, in die gebede, in 'n aantal vaste stukke naamlik die Apostolicum, die Tien Gebooue, die Onse Vader en in die hele opset van die erediens self (Barnard 1981:251-253; vgl. Vos & Pieterse 1997:247-249).

Die reformatore het in verset gekom teen die vorm van die erediens in die Roomse Kerk, die mis. Hulle het teruggegaan na die bronne van die erediens en het by die Bybel begin. Verder het hulle aangesluit by die erediens van die vroeë kerk (Barnard 1981:255; vgl. Vos 1996d:292).

Hoewel die reformatore onderling verskil het oor die wyse waarop Christus in die erediens en veral by die nagmaal teenwoordig is, het hulle nie

getwyfel of verskil oor die feit dat Hy teenwoordig is nie. Verder het hulle ook saamgestem dat die kerk nie beskik oor die teenwoordigheid van Christus nie. Christus skenk dit aan die gemeente deur sy beloftewoord (Barnard 1981:256; Vos 1996d:291-292).

Met die Roomse mis was die vorm van die erediens baie belangrik. Alles is spesifiek gereël: die Skrifgedeeltes wat gelees is, die gebede, keuse van liedere, elke liturgiese stuk en die gebare wat die handeling begelei. Vir die reformatore was die vorm nie so belangrik soos die inhoud nie. Die vryheid wat Christus gee het groot klem gekry en dit moes in die erediens tot uitdrukking kom. Hoewel die vryheid beklemtoon is, was daar nêrens 'n willekeurigheid of ongebondenheid by hulle ten opsigte van die inrigting van die erediens nie. Die liturgie is nie as bysake beskou nie. Vormgewing by die erediens was vir hulle inderdaad 'n gewigtige saak. Gedurende die tyd van die reformasie is elke aspek van die erediens deeglik geëvalueer en veranderinge ten opsigte van die erediens het plaasgevind (Barnard 1981:256; Vos & Pieterse 1997:3).

Die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens mag nooit as 'n geïsoleerde gebeure gesien word nie. Met die reformatoriese beweging het verskillende persone in verskillende stede met verskillende gedagtegang 'n invloed op die erediens gehad. Die invloed was nie slegs van een kant af nie, maar wederkerig. Daar was groei en verdieping. Vanuit die insigte van ander kon geput word om meer perspektief oor sekere opsigte te kry (Barnard 1981:291; vgl. Vos 1996d:232; Vos & Pieterse 1997:9-10).

Deur die kort blik op die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens is die verskillende omstandighede en geloofstradisies wat 'n invloed op die erediens gehad het, aangetoon.

2.4. Liturgie as die grondstruktuur van die erediens

Die erediens is die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van 'n Christelike gemeente. Die erediens gaan oor die ontmoeting tussen God en sy gemeente. God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God. Hy neem die inisiatief in hierdie ontmoeting om die gemeente se geloof te versterk en op te bou. Hierop antwoord die gemeente (Clasen et al 2007:11).

Alle diens in en van die gemeente is veranker in die dienswerk van Christus. Diens of bediening is 'n handeling wat in die Naam van Christus plaasvind. Sy offerhande, sy "voortreflike priester-diens" (*leitourgia*) open die weg na God vir die Nuwe-Testamentiese gemeente en sy erediens. Die gemeente wandel op "hierdie weg wat Hy vir ons gebaan het deur die voorhangsel heen." Jesus Christus se *leitourgia* gee betekenis aan die liturgie, die *leitourgia* in die erediens. Tot hierdie diens waarbinne en waardeur God geëer word, moet die gemeente begelei word. Alle diens van en in die gemeente vind sy hoogtepunt in die gesamentlike erediens van die gemeente (Nel 1994:37; Vos & Pieterse 1997:4).

Die erediens voed tegelyk weer die totale *diakonia* van die gemeente. Diens aan God en diens aan mense kan Bybels nooit geskei word nie. God word juis gedien deur die diens aan mense. Godsdien en naastediens hoort bymekaar. 'n Erediens sonder hierdie ingeboude perspektief op die *diakonia* en sonder 'n daaruit voortvloeiende *diakonia*, mag vroom klink, maar is 'n miskenning van die karakter van die erediens en sy liturgie (Nel 1994:37; Vos & Pieterse 1997:7-8).

Vanuit die erediens word die gemeente gebou. Dit is egter ook waar die gemeente wat erns maak met gemeentebou vernuwing sal ervaar. Daar is 'n baie nou verweefdheid tussen die verskillende bedieninge as handeling in diens van die kommunikasie van die evangelie, sodat die Vader, Seun en Gees verheerlik word (Nel 1994:38).

Uit verskillende oorde word die begeerte uitgespreek om by alles verby te gaan en die grondvorm of die grondstruktuur van die erediens bloot te lê (Barnard 1981:521). Barnard (1981:522-528) (vgl. Vos 1996d:223-228) het die volgende strukture aangetoon:

1. 'n Viervoudige struktuur word aangetref in die “Orden voor de Eredienst van de Gereformeerde Kerken” in Nederland. Daar word gemeen dat as daar 'n klassieke grondstruktuur vir die erediens bestaan, dit die volgende sou bevat:
 - intog
 - verootmoediging
 - diens van die Woord
 - diens van die offerande en nagmaalsviering.

Hierdie struktuur word nie net so in die Skrif of in die geskiedenis aangetref nie, maar kan slegs gedeeltelik so saamgevat word. Dit kan egter as baie kunsmatig beleef word en 'n mens sukkel om al die elemente daaronder tuis te bring. Een van die besware is dat daar van die intog te veel gemaak word terwyl die gemeente reeds in die kerk op hulle plekke sit.

2. J Calvyn gaan uit van Handeling 2:42 waar hy hierdie vier grondelemente onderskei:
 - prediking van die Woord
 - gebede
 - nagmaal
 - dankoffers

Calvyn word hierin gevolg deur die Heidelbergse Kategismus (Sondag 38) (Handboek vir die erediens 1991:217) wat by die uitleg van die vierde gebod dit stel dat die gelowiges op die rusdag saam met die gemeente ywerig moet opkom “om die

Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here aan te roep en aan die armes Christelike liefdesgawes te bring”.

3. Die erediens is 'n lewende gesprek tussen God en mens. Barnard (1981:526) stel dit duidelik dat daar nie vanuit die Skrif 'n duidelike grondstruktuur aangewys kan word nie. Daar is duidelike elemente van die erediens en onder die elemente kan 'n paar van die belangrikstes uitgelig word, naamlik die prediking, die sakramente, die gebede en die diens van barmhartigheid.

Uit die Skrif is die wese van die erediens vasgestel as 'n lewende gesprek tussen God en sy volk. In hierdie gesprek vind daar 'n wonderlike ontmoeting met die Here plaas, sodat die gemeente dit kan beleef en met ware aanbidding kan antwoord (vgl. Vos & Pieterse 1997:7).

As gesprek begin die erediens by 'n bepaalde punt en op 'n bepaalde wyse, dit verloop in die vorm van woord en weerwoord, wat elkeen sy plek in die gesprek het. Daar is verskeie belangrike momente, waarvan die belangrikste seker is wanneer God deur sy Woord mense aanspreek en die mens daarop antwoord.

Daarom word hier nie uitgegaan van 'n struktuur nie, maar van die wesentlike van die erediens wat volgens bepaalde grondbeginsels 'n vorm moet verkry. Daar word dus nie een of ander struktuur uit die geskiedenis of van elders in die erediens ingedra nie of van buite opgelê nie, maar daar word gepoog om vanuit die wese van die erediens die grondelemente in so 'n orde te plaas dat dit die beste bedoeling van die Skrif vertolk.

2.4.1. 'n Raamwerk vir die erediens

Die volgende sou as raamwerk vir die erediens gebruik kon word (Barnard 1981:527-528; Clasen et al 2007:18-49; Handboek vir die erediens 1991:9-24):

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die wet
5. Verootmoediging en skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging en retensie
7. Sang
8. Gebed om die opening van die Woord
9. Skriflesing
10. Preek
11. Sang
12. Lees van die nagmaalsformulier
13. Sang
14. Geloofsbelydenis
15. Gebed om seën by nagmaal
16. Uitdelingsformule
17. Uitdeling en kommunie
18. Lofprysing
19. Opneem van offergawes
20. Slotsang
21. Seën

Binne hierdie raamwerk is daar elemente van die liturgie wat op verskeie plekke in die erediens gebruik sou kon word. Hier kan bv. gedink word aan die geloofsbelydenis, wet, doop en nagmaal.

In die lig van die Skrif, die gereformeerde belydenis, die liturgiese tradisie en van logiese verstaanbaarheid, kan ses hoekstene in 'n bepaalde volgorde neergelê word. In hierdie hoekstene word die mees wesenlike van die verhouding tussen God en sy verbondsgemeente uitgedruk. Müller (1990:53) praat van hoekstene en boustene. Volgens hom is die hoekstene ononderhandelbaar terwyl die boustene afgewissel kan word.

Hoekstene

Boustene

1. DIE AANVANG EN GROET

1.1. Voorbereiding

Votum

Seëngroet

Lied

2. VEROOTMOEDIGING EN VRYSPRAAK

2.1. Skuldbelydenis

Vryspraak

Lofliedere

Wet

3. PREDIKING

4. SAKRAMENTE

4.1. Doop

4.2. Nagmaal

5. ANTWOORD

5.1. Geloofsbelydenis

Gebed

Offergawes

Antwoordlied

6. WEGSENDING

In die liturgie is die basiese hoekstene onontbeerlik vir die suiwer liturgie volgens Müller (1990:53). Hierdie hoekstene word nie geskep nie, dit het in die kerk deur die eeue ontwikkel. “Liturgie word nie gemaak nie, dit groei.” Liturgiese vernuwing is daarom in die eerste plek ‘n ontdekkingstog; daarna kan die kreatiewe aktiwiteite volg (Nikols 2004:26).

Die basis van die liturgie is geërf van die Reformatoriese erediens en het verskeie krisisse en lewenshoudinge van die verlede weerstaan (bv. die verligting). Die rede hiervoor is waarskynlik omdat dit op die Skrif gebou is.

2.4.2. NG Kerk vandag

‘n Hedendaagse omskrywing van die Reformatoriese liturgie vind ons by Muller (1999:56-57). Hierdie basiese standpunt oor die erediens word deur sterk hedendaagse liturgie uitgebou. Long (2001:47) toon die ekumeniese konsensus oor die vierdelige struktuur van die erediens aan: “Gathering, Word, Eucharist, Sending”. Long (2001) toon aan dat hierdie struktuur bedoel is om die verhaal van die evangelie elke keer in die liturgie te vertel (vgl. verder die nuutste sieninge van die liturgie Barnard 2006; Barnard & Shuman red 2002; Oskamp & Shuman red 1998).

Die liturgie binne die erediens van die NG Kerk word vandag deur ‘n verskeidenheid van benadering hanteer. Wanneer die eredienste van verskillende kerke met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat daar hoofsaaklik vier fases in die verloop van die erediens onderskei kan word.

Hierdie fases kan op verskillende maniere en handeling tot uiting kom (Clasen et al 2007:13; sien ook Long 2001).

Die fases kan soos volg beskryf word:

- **Die aanloop of toetrede**
God versamel sy gemeente en die eerste reaksie van die gemeente word verwoord.
- **Die Woorddiens**
Die Woord van God word ge lees en in die prediking aan die gemeente verkondig.
- **Die tafeldiens**
Die nagmaal word as sakrament aan die tafel van die Here tot geloofsversterking aan die gemeente bedien.
- **Die afloop of uitsending**
Die gemeente reageer op die Woord en die sakramente en word daarna na die gewone gang van die lewe teruggestuur.

(Clasen et al 2007:13)

Binne die gereformeerde erediens sal die votum en die liturgiese groet (seëngroet) waarskynlik gebruik word tydens die aanloop- of toetree fase. Hierop sal die gemeente antwoord met die sing van lofprysings- en aanbiddingsliedere. Deur die gemeente se verwondering oor God kan die gemeente gelei word tot verootmoediging en/of skuldbelydenis sowel as die toe-eiening van God se genade. Die wet, geloofsbelydenis sowel as die doop sou ook deel van hierdie fase kan wees (Clasen et al 2007:13-14).

Binne die Woorddiensfase is die Skriflesing en prediking die sentrale momente. Gebed in verskeie vorme word gewoonlik hier gebruik. Die

moontlikheid dat die doop in die fase gebruik kan word, is nie uitgesluit nie (Clasen et al 2007:14).

By die tafeldiensfase is die klem op die bevestiging van God se verlossingswerk in Christus deur die bediening van die nagmaal. Hoewel die namaal in die meeste gereformeerde eredienste nie elke Sondag gevier word nie, bly dit 'n ideaal wat sedert die Kerkhervorming nagestreef word. Die instellingsverhaal en –woorde, die bediening van die brood en wyn, geloofsbelydenis, voorbidding, offergawes en lofprysing sou deel van die fase kon uitmaak (Clasen et al 2007:14-15).

Tydens die afloop- of uitsendingfase kan 'n laaste lied gesing word waarmee die ontmoeting met God bevestig word. Hierdie fase kan ook 'n geleentheid skep vir 'n laaste reaksie van die gemeente voordat hulle met die seën van die Here en die opdrag om Hom te dien teruggestuur word na die normale gang van die lewe. Die aankondigings kan 'n manier wees om konkrete gestalte te gee aan die diensgeleenthede wat uit die gebeure van die erediens voortspruit (Clasen et al 2007:15).

Op grond van die verbondsteologie is alreeds genoem dat kinders 'n integrale deel van die gemeente is. Hierdie werklikheid kan op verskillende maniere hanteer word. Tradisioneel is daar in die NG Kerk ongeveer een keer per kwartaal 'n gewone erediens as kinderdien ingerig. Dikwels is daar vir kinders afsonderlike dienste gehou. Die ideaal bly steeds om die familie as geheel in die erediens te bereik, sonder om die eiesoortige behoeftes van die volwassenes en kinders te misken (Clasen et al 2007:187; vgl. Heitink 2007:241-246).

Visuele hulpmiddels, eenvoudige taalgebruik, bekende liedere en 'n ontspanne atmosfeer kan bydra om die familie-erediens (gesinsdienste) sinvol in te rig. Kinderbetrokkenheid kan op verskillende maniere bevorder word soos byvoorbeeld deur Skriflesing, gebede, die bediening van die nagmaal en opneem van offergawes (Clasen et al 2007:187; vgl. Long:2001).

3. DIE PLEK VAN DIE PREEK IN DIE LITURGIE

Die preek word dikwels gesien as die enigste wesenlike deel van die liturgie (Cilliers 2002:33). Die res van die erediens word soms beskou as 'n blote aanhangsel. Dit is egter nie die waarheid nie. Prediking moet nie oorskat of onderskat word nie. Die gemeente is meer as die erediens en die erediens is meer as die preek.

'n Preek is 'n religieuse diskoers wat in 'n bepaalde tyd plaasvind. Dit word deur 'n prediker gekommunikeer en is bestem vir hoorders. Die preek as taalgebeure het 'n verwysende funksie in die sin dat dit na God verwys. Dit maak toegang tot en kommunikasie met God moontlik sonder dat God sy plek prys gee. God neem sy eintlike plek in deurdat Hy die hoorder se bestaan uitlê en verlig. Die funksie van die preek as religieuse rede is ook om die hoorder se ervaringe in die lig van God se Woord te beoordeel, sy woorde te relativer en sy beperkings uit te wys. Die preek vestig die hoorder se aandag op God se Koninkryk. Op die wyse word 'n nuwe wêreld ontsluit en 'n geloofsbeslissing van die hoorder gevra (Vos 1996a:63).

Preke is ook nie slegs kort, beskeie tekste nie. Dit is verbindende tekste tussen die Bybelse getuïenisse van wat God gedoen het en die dae wat Hy tans in ons lewens mee besig is (Cilliers 2002:33).

Beukes (1987:21) stel dit duidelik dat die prediking 'n wesenlike deel van die erediens is, maar nie die enigste deel nie. Die liturgie van die erediens vorm 'n eenheid. Elke element van die liturgie vervul 'n funksie en het 'n doel. Om die erediens werklik sinvol te maak, moet die voorganger aan elke deel van die liturgie in die erediens die nodige sorg bestee. Die liturg se voorbereiding en aanbidding moet van so 'n aard wees dat die gemeente onder die indruk verkeer dat die ander elemente ook 'n wesenlike deel van die erediens is (vgl. Cilliers 2002:33).

Van der Merwe (2004:3) stem hiermee saam wanneer hy noem dat die gereformeerde kerke vir 'n geruime tyd die preek as hoogtepunt van die erediens beskou het in 'n poging om op die sentrum te konsentreer. Hy beskou die erediens as 'n gemeenskaplike of gemeentelike ruimte – 'n kragveld van die beloftes van God. Hierdie kragveld kan gesien of nie gesien word nie. Dit kan beleef of nie beleef word nie. Oor die teenwoordigheid van God kan in verwondering gestaan word of Hy kan skouer-optrekkend geïgnoreer word. Maar hierdie teenwoordigheid van God en die kragveld van die beloftes van God kan nie deur ampsdraers of wie ook al aangebring, aangehelp of vernietig word nie. Dit kan bloot ontdek word. Ongelukkig kan swak liturgie dit ook bedek. Goeie liturgie aan die anderkant kan die ruimte oophou vir hierdie selfopenbaring van God in die erediens.

'n Goeie preek hang nie af van die hoeveelheid homiletiek wat gedoen is nie, maar dit gaan eerder oor 'n brandende begeerte wat die prediker het om te sê wat die gemeente moet hoor (Sweazey 1976:1).

Die prediking kan soos volg omskryf word:

Preaching is the word of God which He Himself has spoken: but He makes use ... of a man who speaks to his fellowmen, in God's name, by means of a passage from Scripture ... It is this man's duty to proclaim to his fellowmen what God Himself has to say to them by explaining in his own word a passage from Scripture.

Sweazey (1976:16)

Simbole, metafore en rituele kan in die liturgie gebruik word om die boodskap van God oor te dra.

4. SIMBOLE, METAFORE EN RITUELE

Beelde speel 'n al hoe belangriker rol in die samelewing. 'n Mens word letterlik vandat jy jou oë soggens oopmaak totdat jy saans gaan slaap gekonfronteer met hierdie “beeldegalerie” (Cilliers 2004a:9). Godsdienstige rituele en beelde het dieselfde funksie as die alledaagse. Dit bring menslike emosies en ervaring tot uitdrukking (Vos 1999a:100).

Dit kan gebeur dat beelde die werklikheid oorneem. Dit gaan die werklikheid vooraf wat dit veronderstel is om uit te beeld. Dan raak die werklikheid maar 'n afskynsel van die beeld. Die advertensiewese het 'n gespesialiseerde wetenskap geword wat 'n mens teen wil en dank oorreed om 'n produk te koop. Die ironie is dat mense afgestomp raak en dat beelde wat werklik moet saakmaak soms by mense verbygaan. Af en toe kom daar 'n beeld op jou pad wat tog 'n indruk maak (Cilliers 2004a:10-12).

Dit kan gebeur dat mense soms met die nie-verbale sterker met en oor God kan kommunikeer as verbaal. “Ritualiteit” kan as koepelterm gebruik word vir rites en simbole (Uys 2005:100; vgl. Vos 1999a:100).

'n Simbool is 'n teken met meerwaarde en oop vir verskillende betekenisse. So is elke simbool 'n teken, maar nie elke teken is 'n simbool nie. 'n Teken sal 'n enkelvoudige en onmiddellike betekenis hê wat nie 'n dieper betekenis het of enige verdere besinning vereis nie. Simbole het meervoudige betekenis en kan heenwys na 'n dieper betekenis. 'n Rite of ritueel is simboolhandelinge in woorde en gebare. Mites is weer religieuse simboolhandelinge. “Mense sou dus kon sê dat rites of rituele die taal is van simbole en simbole die boustene is van mites” (Uys 2005:100-101).

Ons lewens is besaai met simbole en rituele. Elke handelsnaam of kenteken is 'n simbool. Die landsvlag is 'n simbool en vir sommige mense is die motors waarin hulle ry of die huise waarin hulle woon, ook simbole. Ons het ook almal klein ritueeltjies (bv. met iemand se verjaarsdag, of met etes, ens) wat

ons lewens volmaak. Simbole en rituele is ietwat anders in die moderne as in die tradisionele samelewings. Daar is rituele wat waardes in stand hou, identiteit aan die gemeenskap of groep gee en die goeie orde handhaaf. Dan is daar ook rituele wat nuwe waardes vorm en aanleer. Simbole en rituele het geweldige dinamika en kommunikasie-moontlikhede wat goed gebruik kan word om ons kinders te leer glo (Hanekom 2000:57-58; vgl. Vos 1999a:100).

In die NG Kerk is die waarde van simboliek herontdek. Die kruise en kerse het geleidelik weer hul verskyning gemaak. Kerse het die wonderlike simboliek van die lig van die evangelie en die lewe in Christus. Die paaskers is vandag algemeen in ons gemeentes en behoort die hele jaar tydens die erediens te brand, behalwe met die Vrydagherdenking van die kruisiging van Jesus. Intussen het die doopkers wat in die Lutherse tradisie bewaar gebly het, ook by ons in gebruik gekom (Pieterse 2006a:1).

Simbole kan in 'n proses van kreatiewe interpretasie die hoorders tot beter verstaan lei. Simbole het ook beperkings en kan nooit absolute kennis gee nie (Vos 1996b:68; vgl. Vos 1999a:100). Groter klem word geplaas op wat Babin (Uys 2005:74) noem "new languages of communication." Mense in die Informasie-era dink meer in terme van prentjies en skoonheid as in argumente en blote rasionaliteit.

Simbole het wortels in 'n nie-linguistiese werklikheid wat metafore nie het nie. Die simbool is gewortel in die psigiese, kosmiese en taalmatige dimensies. In taalgebruik waar sonde byvoorbeeld bely word, gebruik ons simbole soos sonde as vlek, las, afwyking, ensovoorts, wat uit bogenoemde dimensies kom. Waar sulke simbole voorkom, is dit duidelik dat dit nie ons is wat hier oor taal beskik nie, maar "die taal wat oor ons beskik." "Die simbole oefen 'n greep uit op ons verstaan" (Vos 1996b:68).

Die semantiese geladenheid van simbole is so ryk dat dit nie maklik uitgeput kan word nie. Die krag van simbole bestaan onder meer in die onthulling van meervoudige betekenis waaruit verbeelding groei (Vos 1996b:68-69; Vos 1999b:122-123; Vos 1996c:35).

Vos (1996b:69) meen dat naas die onthullende funksie van simbole daar ook 'n "verhullende funksie" is. In die teologie, net soos in die literatuur, help simbole dat die werklikheid "ont-dek" kan word. Daar is egter altyd 'n element van misterie rondom simbole. Hierdie struktuur van 'n dubbele betekenis vereis 'n interpretasie wat prinsipieel oop en onuitputlik is. Die simbool wek nie net denke nie, maar lei ook tot verstaan. Die rede hiervoor is dat simbole begrip daarstel; tegelykertyd voorkom dit verwarring en wanvoorstelling (vgl. Vos 2005).

Daar is geloofsimbole en in die preek is daar simbole soos brood en wyn wat 'n wêreld van genade en vergifnis beteken. Die simbole verteenwoordig ook krag wat die hoorder se geloof versterk. Simbole laat die hoorder oor die betekenis daarvan "be-sin" en "na-dink". Dit lei hulle tot verstaan. Hierdie proses van verstaan wat in 'n geloofsgemeenskap 'n geloofsverstaan is, laat begrip tot stand kom (Vos 1996b:69; Vos 1999b:122-123).

Die metafoor kan soos volg omskryf word:

It is an extension of denotation by a transference of labels to new objects which resist the transfer. Thus a painting can literally be said to be grey and metaphorically to be sad. Metaphor is nothing other than the application of a familiar label to a new object which first resists and then surrenders to its application.

(Vos 1996b:71)

Binne die omskrywing is metafoor meer as net 'n woord. Die betekenis van die metafoor staan nie klinkklaar vas nie en die uitwerking daarvan kan nie presies voorspel word nie. Die metafoor kan taalspanning skep. Dit skep 'n "stereoskopiese visie" en bind al twee die helftes (byvoorbeeld God en rots) saam in 'n komplekse spanning wat beide die ooreenkomste en verskille erken (Vos 1996b:71; Vos 1999b:123).

Die trefkrag van illustrasies in die preek kan moeilik oorskat word. Met navorsing wat Wagner (1983:76-101) in 1982 rondom preekwerkgroepe gedoen het, was een van die vrae wat gevra is: “What specific point can you personally take with you from this sermon?” Die antwoord hierop was telkens die een of ander vorm van illustrasie (hetsy dit simbole, metafore of rituele was) wat tydens die preek gebruik is. “The average hearer’s attention is most held by the illustrative, supportive materials in the sermon” (Wagner 1983:101).

Metafore, simbole en rituele kan met groot vrug in die erediens gebruik word om vernuwing te bewerkstellig.

5. VERNUWING IN DIE EREDIENS

In verskeie gemeentes het die erediens al verandering ondergaan en byna alles het ‘n vernuwing ondergaan: die musiek, taal, styl, preek atmosfeer, die fisiese omgewing, eredienstye, leierskap en selfs die kleredrag van die kerkgangers. Vir die gemeentes is die veranderinge net deel van die “more comprehensive redefinition of what it means to be a church in relationship to the culture, a pattern of change so sweeping that people are beginning to speak of them as ‘new paradigm’ churches” (Long 2001:1-2).

Selfs in gemeentes waar verandering redelik stadig plaasvind, is daar toenemend die gevoel dat die eredienste nie meer op die dieselfde wyse kan voortgaan soos wat dit in die verlede gedoen is nie (Long 2001:2).

5.1. Wat word verstaan onder “vernuwing”?

“Vernuwing” is een van die woorde wat deesdae op almal se lippe is. Daar kan ‘n klomp vrae oor “vernuwing” gevra word. Ben du Toit het ‘n artikel in “Die Kerkbode” van 22 April 2005 (bl. 7) geskryf met die titel: “Wanneer is

vernuwing, vernuwing?” In hierdie artikel raak hy ‘n paar belangrike aspekte rondom vernuwing aan.

Hy skryf onder andere dat in die naam van “vernuwing” die karakter van gemeentes oral oor die land verander. Sommiges beskryf dit as diversiteit in die kerk. Ander praat van transformasie in die kerk. Vir sommige is hierdie verskynsel ontstellend en voel hulle al hoe meer vreemd in die kerk. Ander beleef dit as ‘n bedreigende verlengstuk van die politieke transformasie in die land. Dan is daar die vir wie dit ‘n teken van lewe is en wat van mening is dat hierdie nuwe energie in die kerk nie alleen aanvaar moet word nie, maar ook verwelkom behoort te word (Die Kerkbode 22 April 2005:7; vgl. Long 2001:1-2; Van der Merwe 2004:1).

Dat hierdie geskakeerde gesig van die kerk ‘n realiteit is, is nie te betwyfel nie. Die vraag is: wanneer het vernuwing en andersheid dalk ‘n alternatiewe spiritualiteit – en dus ‘n ander uitdrukking van die Christelike geloof geword? (Die Kerkbode 22 April 2005:7; vgl. Van der Merwe 2004).

Sommiges vra, hoekom moet ons so besorg wees oor ons identiteit? Gaan dit nie vandag oor groter sake nie? Gaan dit nie oor groter samehörigheid en toleransie nie? Moet ons nog steeds vasval in ou kategorieë soos Gereformeerd en Rooms-Katoliek? In baie gevalle sal die vercharismatisering van die NG Kerk dan juis gesien word as ‘n wegbreek uit hierdie ou sieninge. Vandaar die populêre siening onder baie dat vernuwing in die NG Kerk onder meer gemeet kan word aan die volgende (Die Kerkbode 22 April 2005:7):

- ‘n Erediens-atmosfeer met klem op staande sang en dikwels ook Engelse liedere met begeleiding deur ‘n orkes.
- ‘n Klem op ervaring en ekspressiewe handeling soos hande opsteek met emosionele meevoering.

- Die begeerte wat baie lidmate het om herdoop te word.
- Die beoefening van die besondere gawes soos profesie en spreek in tale.
- Demonstratiewe bid vir siekes en bevryding van bindinge met gepaardgaande manifestasies. Hier word sterk klem gelê op die individu se ervaring.

In hierdie konteks is sinode en kerkverband dan nie gewilde begrippe nie. Mens “wil net aan die Here gehoorsaam wees” laat baie hoor en dit word gebaseer op eie spirituele ervarings. Enige spirituele ervaring word as ‘n ware openbaring van God en as bepalend beskou, daarom word kerklike kontrole en gesag met agterdog bejeën (Die Kerkbode 22 April 2005:7).

God se wil is voortdurende vernuwing van sy gemeente tot effektiewe doelvervulling. Hiermee saam moet onthou word dat baie van die groei en vernuwingstekste wat so gemaklik in preke en Bybelstudies op individue van toepassing gemaak word ten diepste gemeentetekste of kerktekste is. Die enkelgelowige funksioneer in die Bybel sterk in terme van die geheel van die gemeente. Enkelinge behoort aan die Here in die verband van sy gemeente. Wie bely dat God individue tot vernuwing roep, moet gewoon aanvaar dat God gemeentes en binne die gemeente alle individuele gelowiges tot vernuwing oproep (Nel 1994:15).

Kerke leef nie dit wat hulle bely altyd genoegsaam uit nie. Die geloof dat God regeer en dat Hy met sy skepping na die voleindiging en voltooiing op weg is, is hier ter sprake. In die lewe van die individuele gelowige word die volgende waarheid onvervals gehandhaaf: “jou lewe moet daaglik vernuwe word, jy moet groei en verander”. God is besig om die volle betekenis van Christus se verlossingswerk in die mens se lewe waar te maak. Die gemeente leef dikwels nie onder die Bybelse waarheid dat God vernuwend, helend, herstellend en veranderend met sy skepping op weg is na die einde toe nie.

In die op weg wees vernuwe God die gemeente en vernuwe Hy ook deur die gemeente (Nel 1994:15-16).

Vernuwing soos dit in gemeentebou aan die orde kom, vra na die oopmaak van 'n nuwe uitsig op God en wat Hy besig is om in en deur sy gemeente te doen. So 'n uitsig verlos die gemeente van 'n krampagtigheid waarmee die verlede, dikwels ten koste van vernuwing in die hede vasgehou word. Begeleiding van hierdie vernuwingsproses en spontane en georganiseerde verandering in lyn met die wese en doel van die gemeente is nie maar net om 'n sosiologiese katalisator ("change agent") in die gemeente te wees nie. Begeleiding vloei voort uit die basis dat God aktief in die wêreld besig is en voortbeweeg. Om kerk te wees is om elke dag by God se vernuwende aktiwiteite betrokke te wees. Stagnasie is daarom vir die gemeente onaanvaarbaar. Kerkwees is om in pas te wees met Hom wat besig is om alles nuut te maak (Nel 1994:16).

Vernuwing in die erediens kan moontlik hanteer word deur die beste uit die nuwe beweging te integreer in die tradisionele, dog ekumenies-vernuwende dienste sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis van die kerk te verwerp. Die een ononderhandelbare teologiese uitgangspunt van die reformatoriese erediens is dat die gemeente kerk toe kom om God te ontmoet. Daarom moet die onderliggende narratief van die erediens, naamlik die verhaal van die evangelie, nie prysgegee word nie. God se aktuele Woord volg in die preek op so 'n wyse dat die siutasie van die gemeente en die vrae van die dag aangespreek word en nuwe moontlikhede oopgebreek word. Verder is sang en musiek veral vir die jonger generasies van groot belang. Daarom behoort die erediens deur sang en musiek gedra te word (Pieterse 2006b:1; Long 2001).

5.2. Waarom is vernuwing noodsaaklik?

Die vraag of die NG Kerk as gereformeerde kerk, vernuwing of hervorming nodig het, is oorbodig. Die *semper reformanda* (altyd reformeer) wat uit die

dramatiese gebeure van die Reformasie stam, is vandag steeds geldig. Hierdie vernuwing is 'n aanpassingsproses met duidelike verwysingspunte: “na die Skrifte reformeer” (Die Kerkbode 27 Oktober 2006:6).

Vernuwing is altyd nodig, maar dit is besonder dringend noodsaaklik wanneer 'n gemeente sy betrokkenheid op en by God en God se wêreld verloor. Dit gebeur soms dat gemeentes negatief teenoor vernuwing staan, weens die “goeie ou dae sindroom.” Hierdie tendens word bevestig as dieselfde leiers vir 10 jaar of meer prominente rolle vervul. Hoe langer mense dieselfde ding doen, hoe meer is die verknogtheid aan die verlede. Saam hiermee gaan dikwels die rede van onvervulde drome. Teleurstelling maak plek vir frustrasie en kleingeloof. Dit wis byna die uitsig op God as Skepper-Versorger- en Voleinder uit (Nel 1994:17; vgl. Gibbs & Coffey 2001:41-43; Dreyer 2003:16-20).

Dit kan tot konflik lei wanneer begaafde gelowiges wat glo dat hulle deel van God se werkspan en -plan is, bots met 'n predikant wat sy/haar rol en “gesag” nie dienend handhaaf nie. Die meeste mense probeer konflik vermy en trek net terug. Wanneer die gevoel van verwerping sterk genoeg is, is die kans goed dat hulle óf net sal verdwyn óf na 'n ander kerk sal soek waar hulle hul gawes kan gebruik (Nel 1994:17; Gibbs & Coffey 2004:73-74).

Gemeentevernuwing is nie 'n menslike aktiwiteit in die eerste plek nie. Dit is primêr God se werk waarmee Hy volgens sy geopenbaarde wil reeds en steeds besig is. In afhanklikheid van God word die wil van God vir sy gemeente gesoek en met leë hande word die vernuwende werk van die Heilige Gees biddend gevra. Vernuwing en gemeentebou begin met 'n gebedsbediening in diepe afhanklikheid van God (Nel 1994:19; Gibbs & Coffey 2004:228; Dreyer 2003:94-97).

Die persoon en persoonlikheid van die leier is dikwels deurslaggewend om sukses te behaal. 'n Besondere liefdes- en vertrouensverhouding is nodig vir die suksesvolle begeleiding van die gemeente op 'n weg van vernuwing en groei. Modelling is en bly dan een van die belangrikste take en metodes

van leierskap. Dit is as't ware indiensopleiding. Dit is liggaamsleierskap. Die leier is gebind aan diegene vir wie hy moet lei en vanweë die karakter van die gemeente verbind tot verhoudingsmatige leierskap. Ongeag hoe sterk daar ook al by geleentheid gelei moet word, bly dit primêr verhoudingsbou. "Om te wees" is in die verband net so belangrik as om te doen (Nel 1994:77-78; vgl. Dreyer 2003:74-76).

Die leier wat hom-/haarself as geleerde herder beskou van 'n onmondige kudde, deel moeilik indien enigsins sy leierskap met die gemeente. Wanneer leiers egter die gemeente as mondige, belydende lede van die liggaam van Christus beskou, word 'n bediening waaraan almal deelneem 'n imperatief. Hierdie beskouing van die gemeente saam met die regte insig in die feit dat die gemeente uit begaafde mense bestaan (gemeenskap met charismata) verplig die leiers tot 'n "shared and mutual ministry" (Nel 1994:79; vgl. Gibbs & Coffey 2004:73; Van der Merwe 2004:21-22).

Dit is die taak van die leiers om die fases en vlakke van die vernuwingsproses te koördineer en die verloop daarvan op 'n gesinchroniseerde wyse te monitor. Dit is primêr mense wat opgebou word en nie aksies of programme nie. Die veranderingsproses by gelowige mense vra deeglike begeleiding, kontrole en koördinering van die elemente, fases en vlakke van die proses. Gereelde kontrole word eintlik die begeleidingswagwoord (Nel 1994:80).

5.3. Vernuwingsproses op 'n dwaalspoor?

Vernuwingsproses is 'n proses wat met groot omsigtigheid hanteer moet word. Van der Merwe (2004:1-3) skryf met reg dat praktiese erediensvernuwingsproses nie 'n ongekompliseerde saak is nie. Hy noem dat daar hoofsaaklik 3 dwaalspoore is waarop 'n mens kan beland.

5.3.1. Erediens

In die eerste plek kan 'n mens dink dat die besluite oor praktiese gestaltegewing van die erediens 'n blote kwessie van eietydse styl is, dus teologies neutraal is en bloot daarop gerig is om meer “verbruikersvriendelik” en minder “lewensvreemd” te wees. Wat dan in die liturgie ingesluit of uitgesluit word, word na willekeur besluit na gelang van die individu se smaak. Dit is nie maar om't ewe watter veranderinge ons in die erediens aanbring van Sondag tot Sondag nie. Van der Merwe haal Noordmans aan wat waarsku dat 'n mens met klein liturgiese veranderinge weliswaar onnadenkend en onbedoeld teologiese sieninge en beelde van God “insmokkel”, wat ons sou laat skrik as dit vir ons eksplisiet duidelik sou wees. Die erediens is dus die gesig van ons teologie (Van der Merwe 2004:1-2).

Die tweede dwaalspoor sou die pragmatisering van die erediens genoem kan word. Om die erediens doelmatig in te rig sodat 'n mens met mense 'n bepaalde resultaat of uitkoms kan bereik, is teologies verdag, ten minste as 'n persoon vashou aan die reseptiewe modus van die gereformeerde *sola fide*. Die erediens is nooit 'n primêr menslike handeling nie, maar bly die manier waarop God Homself aan ons prysgee. Ons reageer in ons telkens nuutgevonde Christelike vryheid met geloof, hoop en liefde (Van der Merwe 2004:2).

Die derde misverstand kan ontstaan weens die gebruik van die term “vernuwing” van die erediens. Die indruk kan gewek word dat die erediens as sodanig aan die een of ander gebrek of tekortkoming ly wat aangevul behoort te word en in ernstige gevalle selfs heeltemal oorontwerp behoort te word. Dit sou neerkom op 'n fundamentele wantroue in die teenwoordigheid van God wat deur sy Gees in Woord en Sakrament 'n egte ontmoeting met sy gemeente in die erediens bewerk. “Erediensvernuwing” is dalk eerder 'n verrassende ontdekkingsreis, of 'n herontdekkingsreis, as een of ander 10-punt hervormingsprogram. “Om te

ontdek is letterlik om die deksel van iets af te haal sodat dit wat binne is, tot verskyning of tot nuwe werking kan kom” (Van der Merwe 2004:2-3).

Vernuwing wat ontspoor het, is soos volg beskryf: “Die orkes moet die mense in die regte stemming bring met musiek en sang. ‘As die gemeente sing, vlug die duiwel’ word gesê” (Marais 2001:53-58). Hierdeur kan die indruk gewek word dat God nie deur sy Woord en Gees in ‘n erediens teenwoordig is nie, maar deur lofprysing en aanbidding daarheen “gelok” moet word (Marais 2001:55).

5.3.2. Fundamentalisme

‘n Ander uitdaging waarvoor die prediking te staan kom is die Fundamentalisme.

Vos (2006:1) beskryf Fundamentalisme soos volg: “Dit is die lees van die Bybel wat uit eerbied vir die gesag van die teks niks meer wil sê as wat die teks self sê nie, ook al word die sin wat die teks sê, nie ten volle verstaan nie. Maar om die gesag van ‘n teks te erken sonder om aan sy seggenskap gehoor te gee, beteken ten diepste weinig of geen eerbied vir die teks nie.”

Fundamentalisme verheerlik die aard van die boek met al sy volkomehede (Vos 2006:1). Hulle benadering van objektiewe akkuraatheid laat weinig plek vir ‘n ander interpretasie. Eerbied vir die teks vra ‘n openheid vir die mening van die ander of die teks. Wanneer ‘n mens iets van ‘n teks wil leer of hoor, moet jy jou deur die teks laat sê. Die andersheid van die teks moet ook erken word. Die andersheid van die teks bied ook die moontlikheid om ‘n mens se siening of mening te wysig of te verander. Die letterlike en fundamentalistiese verstaan, haal poësie, misterie en verwondering uit die Bybel (vgl. Van Wyk 1995:249; Lion-Cachet 1995:36).

Adrio König (Die Kerkbode 8 Desember 2006:7) sluit hierby aan en meen dat Fundamentalisme die krities-denkende mense van die kerk kan vervreem. Verder kan dit ook veroorsaak dat mense op klein besonderhede vashaak en die groter prentjie van die Bybel se boodskap uit die oog verloor.

5.3.3. Internet preke

Waarom beweeg en selfs manipuleer predikers met min of geen goeie eksegetiese inhoud, 'n hele gemeente? Waarom is daar ander, wat met die beste bedoelings en inhoud denkbaar, net nie kontak maak met baie (soms die meeste) van die gelowiges in die erediens nie? Wat is die verhouding tussen persoon, persoonlikheid en prediking? Dan vra Nel (2001a:6) met reg: “Waarom is dit so?”

In 'n poging om te vernuwe en preke te preek wat die gemeente meer aanspreek, is daar predikers wat preke van die internet aflaai.

Dit is nodig dat 'n preek “deur jou moet gaan voordat jy dit aan andere kan gee.” 'n Gereformeerde spiritualiteit maak erns met sy lewende tradisie en die Skrif. In die liturgie kom jou spiritualiteit aan die lig (Vos 2006:1).

Prediking is basies en sentraal in die opbou van 'n gemeente. Dit raak 'n geloofsgemeenskap aan en bring hulle in beweging in God se rigting vir die gemeente as God se geroepenes binne 'n bepaalde konteks (Vos 2006:1). Deur preke van die internet af te laai, gaan die preek nie “deur” jou nie en word die eie bepaalde konteks van die gemeente ook nie in ag geneem nie. Verder kan daar baie vrae gevra word oor die teologie van sekere van die preke.

Miskien is die grootste probleem dat “vernuwing” maklik met “verandering” verwar word. Dalk behoort 'n mens meer in die rigting van “verdieping” te dink. Ou waarhede en gewoontes word “nuut” gesien, gebruik en

geïntegreer in die manier van kerkwees en erediens hou. Dit is nie 'n invoer van 'n ander spiritualiteit nie, maar 'n ontginning of herontdekking of intenser waardering van die genadeskatte wat alreeds aan ons toevertrou is. Vernuwings behoort dalk meer daarvoor te handel om dieper te dink as om anders te doen in die erediens. Egte vernuwings in die kerk is 'n vernuwings van gees (Rom 12:1-2), 'n verandering van lewe (2 Kor 5:11-21), wat sigbaar word in werke van liefde en genade in die lewenskonteks van die gemeente (Rom 12:9 vv). Egte ewangeliiese verandering vind plaas wanneer tekens van hoop opgerig word in die lewens van stukkende, verwaarloosde, gebroke en sondebelaaste mense (Die Kerkbode 22 April 2005:7).

Vernuwings is nie 'n saak wat ligtelik ongeneem kan word nie. Verder is dit noodsaaklik dat vernuwings binne die sfeer van die gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk sal plaasvind.

5.4. Vernuwings binne die gereformeerde spiritualiteit

Ten einde verantwoordelik met vernuwings om te gaan, is dit goed om weer te kyk na wat verstaan word onder die gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk.

Volgens Immink (2003:89) het die gereformeerde tradisie die werk van God in die mens voor oë. Die Heilige Gees is die inwendige leermeester en die gemeenskap met Christus noem hy die inwoning van Christus. Die genade word deur Christus toegeëen. Die mens aanvaar God se vryspraak en dit kry gestalte in die hart en lewe van die mens. Die gedagte is dus dat die mens werklik tot nuwe lewe kom deur die geregtigheid van Christus. Die Woord wek nuwe lewe.

Verder meen Immink (2003:102-103) dat die *kenfunctie* 'n belangrike rol speel in die gereformeerde tradisie. Die mens leer God se goedheid ken met die Heilige Gees as die interne leermeester. Wie Christus ken deel in sy

weldade. Die kennis van God se barmhartigheid word deur die Gees aan ons verstand en hart bekend gemaak. Die Gees rig ons emosies en verstand op die beloftes van God en dan sien ons daarin die liefdevolle ontferming van God.

Die essensie van gereformeerde is 'n vraag wat nie so eenvoudig is om te antwoord nie. Burger (1999:2-3) meen dat die vraag redelik eksklusief in dogmatiese taal beantwoord is in die verlede deur die soganaamde sola's of ander kombinasie van gereformeerde dogmas. Hy werk met vyf grondmotiewe wat hy as die "evidensie binne die Gereformeerde wêreld" het, naamlik:

- Coram Deo: Mense leef nie voor die oë van die kerk nie, maar voor die oë van God.
- Die God voor wie se oë ons leef, is die Lewende God wat Hom in sy Woord aan ons openbaar.
- Die Lewende God roep ons nie uit die lewe weg nie, maar lei ons om in die wêreld vir Hom te leef.
- Die massiewe realiteit van die sonde dreig om elke plan van God en elke poging van mense te verydel.
- Die grootheid van God se genade, krag en heerlikheid, sien ons daarin dat dit telkens groter en meer is as die sonde.

Piet Naudé (Die Kerkbode 10 Junie 2005:11) het 'n artikel geskryf waarin hy poog om 'n duidelike en verstaanbare profiel te teken van 'n gereformeerde verstaan van die evangelie. Dit word in die volgende tien punte saamgevat:

1. Uit 'n historiese perspektief is dit belangrik om te weet dat gereformeerdes stam uit die Protestantisme met sy oorsprong in die 16de-eeu in Europa. Dit ontstaan vanuit die "protesteerders" teen die destydse Rooms-Katolieke Kerk in 'n poging om dit van binne te hervorm. Na 'n bittere stryd loop dit later uit op die vorming van 'n nuwe kerk, aanvanklik die Lutheraanse Gereformeerde kerke en later vele ander.

2. Die Christelike geloof het uit 'n hele paar tradisies ontwikkel, elk met sy eie kenmerke:
 - In die Katolieke en Ortodokse tradisies staan die sakramente sentraal. Die kerklike tradisie is normatief en die kerklike gesag word hiërargies vergestalt.
 - In die Pentekostalistiese tradisie staan die vrye werking van die Gees sentraal. Dit is profetiese insig wat normatief is in elke nuwe tyd. Die kerkverband word onderbeklemtoon ten gunste van vrye individuele gemeentes met sterk leiers.
 - In die Gereformeerde tradisie staan die Bybel sentraal en is die belydenisskrifte, omdat dit met die Bybel ooreenstem, normatief. Die kerklike gesag word Christologies en binne die kerkverband verstaan (Christus is die enigste hoof en kerkleierskap is posisies van diens en nie van heers nie.)
3. Een van die bondigste maniere om die kern van gereformeerde uit te druk, is deur die vier “sola’s”:
 - Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie en teenoor die natuurlike kennis van God, staan ***sola Scriptura*** (“net die Skrif”).
 - Teenoor die bemiddeling deur die priesteramp, staan ***solo Christus*** (“net Christus”).
 - Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan ***sola gratia*** (“genade alleen”).
 - Teenoor enige vorm van goeie werk om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan ***sola fide*** (“geloof alleen”) (vgl. Burger 1999:2).

Hierdie “sola’s” gee uitdrukking aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrif moet reformeer (*semper reformanda*). ‘n Verstokte gereformeerde kerk is dus ‘n teenstrydige begrip.

4. Gereformeerdes wil die Bybel ernstig opneem en glo dat die evangelie nuut in elke tyd en plek gehoor moet word. Daarom is prediking as getroue Skrifuitleg die hart van die erediens.
5. Die kontekstuele verstaan van die Bybel is baie belangrik en die gereformeerde tradisie is die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom.
6. Gereformeerdes lees die Bybel as historiese en literêre dokument, ingebed in die kulturele wêreld van die Bybelse tyd. Dit versterk juis die belydenis dat die Bybel God se Woord in mensetaal is.
7. Sou ‘n mens ‘n hermeneutiese sleutel kies waarmee gereformeerdes die Bybel lees, sou die verbondsperspektief ‘n goeie keuse wees. Dit stel gereformeerdes in staat om albei testamente ernstig op te neem, die Drie-eenheid in hul eenheid en onderskeidenheid te aanbid, die verbondsdooop as beste uitdrukking van God se genade te beskou en die doop en nagmaal as twee verbondstekens te gebruik.
8. In die 20ste eeu was daar ‘n sterk opkoms van die Pentekostalistiese tradisie. Daar is beslis klemverskille tussen die pentekostaliste en die gereformeerdes:
 - Betreffende die werking van die Heilige Gees, is daar vir gereformeerdes ‘n enger verbintenis tussen die Gees aan die een kant en God se bekendmaking in Jesus Christus en die Woord aan die ander kant.

- Betreffende die rol van gevoel en emosie staan gereformeerdes versigtig dat die objektiewe beloftes van God as bron en grond van ons geloofsekerheid nie vervang kan word met hoe naby mense aan die Here voel of hoe emosiebelaaie lofprysing en aanbidding is nie.
 - Betreffende die doop staan gereformeerdes by die verbondsdoopte as beste uitdrukking van God se liefde buite ons eie wil en keuse.
 - Betreffende die gawes van die Gees, verwerp gereformeerdes een gawe (bv. spreek in tale) as die uitsluitlike teken van Geesvervulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ens) tot opbou van die gemeente sal wees, omdat God se Gees self 'n Persoon en dus onverdeelbaar is.
 - Betreffende die opvatting van die plaaslike gemeente, is die gereformeerdes altyd kerk-in-verband en staan hulle afwysend teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband, en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.
9. Daar is talle lysies beskikbaar van wat “tipies gereformeerde” sou wees. Een terugkerende motief is dat gereformeerdes (op die voetspoor van Calvyn) vas glo dat God se heerskappy oor die ganse skepping en elke dimensie van die samelewing strek. Hier is 'n sterk koninkryksperspektief met 'n wil om die regswese, die opvoeding, politiek en ekonomie so te omvorm dat dit altyd weer beter aan die Here se wil sal beantwoord.
10. Gereformeerdes het dwarsdeur hulle geskiedenis 'n sterk rol in die ekumene gespeel. Hier is 'n sterk afwysing van 'n sektariese gees

van afskeiding en kerkskeuring, 'n openheid om by ander te leer, en 'n eksplisiete teruggryp op die simbole van die vroeë kerk, te wete die Belydenisse van Nicea en die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Die gereformeerde spiritualiteit is die sentrale teologiese konsep waaruit vernuwing binne die NG Kerk behoort plaas te vind. Dit is belangrik veral wanneer daar na lofprijsing en aanbidding gekyk word, want oor hierdie aspek van die erediens is daar groot kontroversie.

5.5. Vernuwing van lof en aanbidding

Daar is 'n baie sterk verband tussen lof en aanbidding en die boodskap van die preek (Long 1988:81). Alles wat Christene doen is geanker in lof en aanbidding. Daar is ook sterk elemente van rituele in 'n erediens van lof en aanbidding. Met rituele word bedoel dat daar sekere elemente is wat redelik vas en onveranderlik bly. Dit sluit nie net die lof en aanbidding in nie, maar ook die hele liturgie (Long 1988:84-86).

Sang en musiek is 'n wesenlike deel van die erediens. Deur die loop van baie eeue het dit op verskillende maniere 'n baie prominente rol in eredienste van verskillende kerke en denominasies gespeel. Die prominente plek wat die orrel as uitvoering- en begeleiding instrument steeds in baie kerke (o.a. NG Kerk) inneem/ingeneem het, is 'n duidelike bewys van die wesenlike aard van musiek in die diens (Calitz 2004:1; vgl. Brink & Brink 1999:161).

Calitz (2004:2-3) meen dat daar spanning onder die "Gereformeerdes" en die "Charismate" in die NG Kerk is. Die "Gereformeerdes" dui op gemeentes en individue wat sang en musiek gebruik soos dit oor dekades soms eeue in die gereformeerde kerk ontwikkel het en deel geword het van die tradisie van die kerk. In hierdie verband dui "charimate" op gemeentes of individue wat afwyk van die tradisionele gebruik van musiek en gebruik maak van nuwer vorme van musiek asook die gebruik van 'n verskeidenheid musiekinstrumente. Daar word ook soms verwys na gemeentes wat "tradisioneel" en "vernuwend"

is. Dit kan meebring dat gemeentes kies om “tradisioneel” of “vernuwend” te wees (vgl. Long 2001:1-2). Verskillende eredienste word gehou en die verskil lê dikwels by die tradisionele liturgie, of die liedere wat gesing word van die amptelike bundels is al dan nie en of die begeleiding met ‘n orrel plaasvind of nie. Bogenoemde kan konstruktief wees asook ‘n verryking en verruiming in albei benaderings veroorsaak. Dit kan egter ook destruktief wees en lei tot onversoerbare praktyke en gebruike binne die kerk (vgl. Heitink 2007:246).

Die kerklied het ‘n eie liturgiese aard. Gevolglik behoort nie enige geestelike lied in die erediens gebruik te word nie. ‘n Himnologiese keuring behoort plaas te vind. Die keuring vind na aanleiding van die volgende plaas (Vos 1996d:233-234):

1. Daar behoort rekening gehou te word met die geloofsgemeenskap se reg en opdrag om sy geloofsuitdrukking deur middel van musiek en teologie te artikuleer.
2. Daar behoort na die preparatiewe waarde van die liedere gevra te word. Watter horisonne open die liedere? Wat dra die liedere by tot die verruiming van die bewussyn en identiteit van die gemeente?
3. Die melodie behoort die draer van die teks te wees. Dit moet die teks dien. Die teks behoort verstaanbaar en toeganklik te wees.

Die verdeeldheid rondom sang en musiek in die erediens sou afgewentel kon word na ‘n aantal sake wat deel vorm van ‘n gemeente se kerksang:

- **Musikale aard van die liedere**
Musiekvorme wat tans in die erediens aangetref word, wissel van die Gregoriaanse liedsoort, Anglikaanse “chant” Kantillering en Populêre musiek tot selfs Rock musiek by sekere geleenthede.

- **Inhoud van die liedere**

Die inhoud van die liedere wissel ook baie. Daar is liedere waarvan die teks woordeliks oorgeneem is vanuit die bepaalde Skrifgedeeltes, liedere wat gebaseer is op die boodskap van 'n bepaalde teksgedeelte (parafrase) asook liedere met 'n totaal vrye inhoud.
- **Spiritualiteit gedra deur die liedere**

Verskeie gestaltes van spiritualiteit is tans te bespeur in die NG Kerk. Die kerklike styl ondergaan ingrypende veranderings en 'n populêre aanslag waarby op die individuele godsdienstige ervaring gekonsentreer word, tree op die voorgrond. Hier het die “konserwatiewe evangeliskalies-metodistiese vroomheid” die vernaamste invloed.
- **Instrumente wat gebruik word om liedere te begelei**

Aan die een kant is daar diegene wat meen dat slegs die kerkorrel geskik is vir die begeleiding van die kerklied. Terwyl daar aan die ander kant 'n verskeidenheid instrumente is wat tans in die gemeentes saam met of selfs in plaas van die orrel gebruik word. Daar is selfs talle gemeentes wat die orrel verwyder het uit die kerkgebou.
- **Liggaamsbewegings tydens sing van liedere**

Liggaamsbewegings tydens sang en musiek is baie nou verwant aan die musieksoort, kultuur asook spiritualiteit. Liggaamsbewegings wissel tans van 'n gewone staan- of sithouding tot oë wat gesluit is en hande wat geklap word of in die lug gesteek word.
- **Funksie van lied in liturgie**

In die verskillende kerke of gemeentes word die kerklied verskillend aangewend. In sommige gevalle het die lied 'n simboliese funksie, in ander gevalle 'n retoriese funksie en daar is ook plekke waar dit selfs 'n ekstadiese funksie het (Calitz 2004:12-13; vgl. Barnard 2006).

Calitz (2004:12) meen dat sang en musiek in die gereformeerde kerke tans in 'n krisis is: “Vanaf die sewentigerjare het talle gesprekke, plaaslik en oorsee, gehandel oor die krisis waarin Protestantse kerkmusiek geraak het.”

5.6. Verskeie invloede op lof en aanbidding

Die afgelope aantal jare kan verskillende invloede op die lof en aanbidding (voortaan sal net verwys word na aanbidding) van die NG Kerk opgemerk word. Volgens Serfontein (2005:21-22) kan die volgende strominge wat deur die kerk gevloei het en hul merk gelaat het, onderskei word:

5.6.1. Die “praise and worship” beweging

Die wortels van die “praise & worship” beweging lê in die Metodistiese Herlewing van die “Holiness Movement”, wat sedert die middel en laat 1800's in die VSA ontstaan het, asook “African American Worship”, wat 'n uitvloeisel was van slawerny. Die aanbiddings-kenmerke van hierdie beweging was veral 'n klem op die ervaring van die Gees tydens aanbidding. Dit het gepaard gegaan met emosionele, uitbundige en deelnemende aanbidding, asook die gebruik van die liggaam.

Die “praise & worship” beweging het in besonder tot uitdrukking gekom in die charismatiese beweging en die “evangelical spirituality.” Die aanbidding in beweging was selfs meer radikaal as tevore en het onder andere praat in tale, profesie, “sing en lag in die Gees” en die toevoeging van dans behels. Alhoewel hierdie beweging in die jaar 1900 begin het, het dit veral sedert die 1960's 'n groot invloed wêreldwyd gehad – ook op die hoofstroomkerke. Dit is as 'n vars bries beleef teenoor die styfheid wat in hierdie kerke aan die orde was. Die elektroniese media van ons tyd speel 'n rol in die musiek en die aanbidding van die erediens. Die elemente wat hoofstroomkerke hieruit geneem het, was veral die gebruik

van musikale vloei (“free flowing praise”), die beskouing van “worship” as ‘n ontmoeting met God, ruimte vir die gawes van die Gees tydens “worship” en deelnemende “worship” (liggaamlike gebruik) (vgl. Barnard 2006:47-51).

5.6.2. Die “seeker service”

Willow Creek word algemeen beskou as die geboorteplek van die “seeker-beweging”, wat sy wortels het in die herlewingsprediking en evangelisasie in koloniale Amerika. Dit is ‘n benadering wat poog om relevant te wees vir mense buite die kerk, onder andere deur kultureel relevant te wees in hul kommunikasie. Hulle probeer dus iets bied wat die hoorder reeds ken en maak in hierdie opsig veral gebruik van multi-media, die kunste, kontemporêre musiek en tematiese prediking. Hierdie kerke maak ook effektief gebruik van bemarkings- en kerkgroei tegnieke in die proses om nuwe hoorders te bereik.

Die invloed van die “seeker-beweging” op hoofstroomkerke is ooglopend. Verskeie van die kenmerkende elemente uit hierdie benadering word (dikwels onkrities) deur kerke en gemeentes oorgeneem in ‘n poging om kerklos mense te bereik. Die “seeker-beweging” lei in ‘n groot mate tot die relativering van liturgiese tradisie en vra ‘n meer pragmatiese vraag: “Will the liturgy help unbelievers to Christ?” (vgl. Long 2001:5-9).

5.6.3. “Contemporary worship” musiek

Sedert 1970 het “worship” musiek wat beïnvloed en gevorm is deur populêre musiekstyle, stadig maar seker toegang begin kry tot kerke van alle denominasies. Die merkwaardige kenmerk van “contemporary worship” musiek is dat die oorsprong daarvan buite die grense van enige kerkverband lê – dit kom van kommersiële platemaatskappye wat ‘n netwerk van liedjieskrywers, vervaardigers en uitgewers gebruik.

Sedertdien het verskeie kerkgroepe hul eie etiket van “contemporary worship” musiek begin en liedere vir hul eie denominasie begin vervaardig.

Die “contemporary worship” mark is lank reeds die bron vir “worship” musiek in charismatiese kerke en die “seeker-beweging.” Dit het ook reeds ‘n groot invloed op die liedereskat van die hoofstroomkerke en word deur duisende lidmate gesing en geluister. Omdat hierdie musiek ‘n noue assosiasie het met die populêre kultuur is dit gewoonlik gewild onder die jeug, en het dit ongetwyfeld ‘n vormende invloed op hul Godsbeeld en ingesteldheid teenoor aanbidding.

5.6.4. Ander strominge

Ander strominge wat ook moontlik ‘n invloed het op die aanbidding in die hoofstroomkerke word kortliks genoem:

- Etniese en kulturele verskuiwings in die Protestantse wêreld vra vir liturgiese inkulturasie.
- Die Post-Modernisme, met sy klem op ervaring en beeldkultuur, stel bepaalde eise.
- Die populêre kultuur stel ‘n standaard waaraan kerke moeilik voldoen, maar waarmee die kerk tog moet probeer aanklank vind ten einde geloofwaardig te wees vir baie mense.

5.6.5. Verskillende generasies

Saam met dit wat hierbo genoem is kan die verskillende generasies se voorkeure ten opsigte van aanbidding nie misgekyk word nie. In die vorige hoofstuk is die invloed van die generasies breedvoerig bespreek. Daarom word hier net enkele aspekte uitgelig.

Waar ouer generasies bekende liedere wil sing saam met die orrel, wil die “Millenials” “medleys” sing met nuwe koortjies wat herhaal word en deur elektriese kitare, “keyboards” en tromme begelei word. Die jonger generasies wil ‘n meer intieme aanbiddingstyl hê met liedere wat tot God spreek (<http://www.futurechurch.co.za/?itemid=49>).

Die “Boomer-generasie” hou van lewendige, harde musiek “that celebrates God.” Van die ouer generasies hou daarvan om meer formeel oor God te sing. Kerke wat verskeie generasies saam bedien, moet hard werk om iets vir almal daar te hê. Dit lyk asof gefokus moet word op kwaliteit en sensitiwiteit, verskeie style vermeng behoort te word en dat die oue en die nuwe in mekaar vloei. Dit sal ook nodig wees om die verskillende generasies te leer om sensitief te wees vir mekaar en mekaar se voorkeure te respekteer (<http://www.futurechurch.co.za/?itemid=49>).

Long (2001:11-12) is van mening dat “blended worship” nie ‘n goeie opsie is nie. Hy is ‘n voorstander vir totale integrasie. Op die wyse kan die beste uit die nuwe (charismatiese) beweging integreer word met die tradisionele wat ekumenies-vernuwend is sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis te verwerp. Dit is nie net ‘n stukkie van die een en ‘n deeltjie van die ander nie, maar ‘n volle organiese integrasie. Dit sou beteken dat ‘n verskeidenheid intrumente en die orrel saam in harmonie ‘n groot verskeidenheid musiek kan beoefen (Pieterse 2006b:1). Op die wyse kan verskillende generasies en spiritualiteite aangespreek word tydens die erediens (vgl. Long 2001:61-64).

Die NG Kerk word beslis deur bogenoemde tendense en strominge beïnvloed en dit is noodsaaklik om die implikasies en uitdagings daarvan deeglik te verreken wanneer daar gekyk word na ‘n familie-erediens. Dit wil voorkom of die groot uitdaging daarin lê om te vernuwe, sonder om die identiteit van die kerk in te boet. Soms gebeur dit dat ‘n mens voel dat daar onder die vaandel van “vernuwing” afgewyk word van die gereformeerde belydenis en identiteit.

Dit wil voorkom of Long (2001:11-12, 61-64) met sy **integrasie** moontlikhede op die tafel plaas wat werkbaar kan wees om die balans tussen die uiterstes te vind. Deur die integrasie van die verskillende musiekstyle kan ouer mense nuwe musiek en liedere leer en die jonger mense kan die skatte van ons tradisie leer ken en waardeer en met oorgawe sing (Pieterse 2006b:1).

Om werklik te vernuwe is dit nodig om God se stem te hoor.

5.7. Vernuwning en luister

Ons het geen natuurlike belangstelling in God nie. Vanuit onself is ons nie geneig om na God te luister nie. Inteendeel dit ontbreek ons aan enige geregtigheid. Ons is “doof” vir God. Daarom is “luister na God” nie ‘n tegniese saak nie. Dit gaan nie oor meditasietegnieke of beter leesmetodes nie. Mense kan en wil dikwels nie na God luister nie. Luister is genade. Dit begin by God wat Homself hoorbaar maak. Hy is ‘n God wat praat. Dit word “openbaring” genoem. Die moontlikheid om te luister bestaan net omdat God deur die skepping, Christus en die Skrifte met ons praat. Selfs dan is dit geen waarborg dat die mens op aandag spring en “luister” nie. Selfs die wil om te luister kom van God wat die wedergeboorte in die mens bewerk (Naudé 2006:5).

Luister is harde werk, veral in ‘n erediens. Om aktief te kan luister en die stem van die Here wat die mens kom ontmoet te onderskei van, en te integreer met al die stemme in en om jou is baie moeilik. Soms moet ‘n mens ‘n klomp goed eers vergeet om te kan luister (Wepener 2006:35).

Wepener (2006:35) meen om werklik te luister in die erediens en so God te kan hoor wat die mens daar wil ontmoet, is vergelykbaar met goeie navorsing: “om iets te wil uitvind waarvan jy nie alreeds self die antwoord ken nie.” En as jy nie weet nie en moet uitvind, beteken dit dat jy fyn moet luister.

Daar is ten minste drie plekke waar daar in die erediens probeer moet word om na God te luister (Wepener 2006:36). Hierdie drie plekke is:

- eerste die Bybel,
- daarna die wêreld en
- dan die mense rondom jou in die erediens.

In die erediens spreek die gebed by die opening van die Woord (epiklese) daarvan dat ons die Bybellees en preekluister saam met die Heilige Gees doen. Hierdie gebed help ons om 'n werklike oorgawe te maak en 'n oorgang vanaf net ek alleen, na God, my naaste en ekself, voor ons God se Woord hoor om so die Heilige Gees toe te laat om aan ons 'n houding van nie-weet-nie te gee. 'n Mens hoor die wêreld in die erediens en die verskillende realiteite waarin ons leef en besef dat ons wêreld nie die enigste is nie. Ons ontmoet die mense rondom ons alreeds in die Woord en in die getuïenisse en gebede waar ons die wêreld hoor (Wepener 2006:36).

Egte vernuwing van die erediens veroorsaak vernuwing in die kerk. Waar egte vernuwing in die kerk kom, werk dit ook deur na die erediens. Barnard (1981:63) meen dat die geroep om die vernuwing van die erediens eintlik 'n roep na vernuwing van die kerk is.

Verantwoordelike vernuwing sal waarskynlik by die prediking begin, want dit is die hart van die erediens.

6. DIE PREEK AS DIE HART VAN DIE EREDIENS

'n Preek is veel meer as die oordra van religieuse informasie of as die woorde op 'n geskrewe manuskrip. Dit is eerder 'n woord – en Woordgebeure. God se stem word gehoor in 'n preek. Dit is nie staties, gefikseer in tyd en plek nie, maar histories, kontingent, lewend en verlossend. Preke is meer as begrippe of waarhede op papier. Preke is eerder 'n woord wat tot stem wil kom en so die stemming van die koninkryk van God wil skep (Cilliers 2002:37).

'n Preek is ten diepste dat 'n mens voor God se aangesig kom en deur God persoonlik aangespreek word. Die boodskap van die Bybel vorm die hart van die prediking en so is die prediking weer die hart van die liturgie (Stark 2005b:5).

Onmiddellik na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag begin Petrus om te preek. Die apostels het aanhou preek totdat evangeliste, herders en leraars by hulle oorgeneem het en tot vandag toe in die christelike gemeentes preek. Die inhoud van die prediking is al gou deur die apostels geformuleer (Hand 2:22-36; 3:13-26; 4:8-21). Dit is 'n prediking wat die woorde en dade van God se heilsweg met mense uit die Ou Testament en die woorde en dade van Jesus Christus, soos dit neerslag in die Nuwe Testament gekry het, oordra aan die mense van elke tyd en konteks (Pieterse 2001:18).

Die Gereformeerde siening van die preek is dat dit die verkondiging van die Woord van God is, in die modus van die uitleg en toepassing van die teks, binne die gemeente. Die begrip "uitleg" dui daarop dat 'n gedeelte uit die Bybel verstaan moet word in die konteks van die totstandkoming van die teks, dat die bedoeling van die spesifieke teks verstaan moet word, en dat die boodskap van die teks binne sy verband in die Skrif vasgestel moet word. Die begrip "toepassing" dui daarop dat die spesifieke boodskap wat deur die eksegeese vasgestel is, binne die konkrete situasie van die gemeente as 'n Godswoord vir die hoorders hier en nou aktualiseer moet word (Pieterse 1988:73; vgl. Vos 1999b:120-122).

Prediking is ten diepste nie die verskynsel van 'n bepaalde kultuur wat met verskuiwinge in 'n kultuur met ander kommunikasiemiddele vervang kan word nie. Die plek van die *kerugma* in die gemeente is net soos die gemeente self normatiewe gegewenhede van God aan sy kinders. Ons is met die Woord en die gemeente op weg saam met God (Pieterse 1991:83; Vos 1999b:121).

Daar is geen plaasvervanger vir die persoonlike verhoudinge en persoonlike omgang wat in die pastoraat met gemeentede opgebou en onderhou word

nie. Die prediker behoort in die mense se huise te kom met pastorale besoeke. Daar word die omstandighede van die mense gesien en die nood en behoeftes van aangesig tot aangesig beleef. 'n Pastorale hart en solidariteit met die mense wat aan die prediker toevertrou is, is onontbeerlik. Met die eie konteks moet daar dan 'n spesifieke teks gekies word om uit te preek. Die keuse van 'n teks vir 'n spesifieke Sondag kan volgens 'n leesrooster wees, verband hou met die kerkjaar of dit kan 'n vrye keuse wees. Die prediker moet die Bybel goed ken. As daar spesifieke omstandighede is, moet die prediker die hand vinnig op die regte teks kan lê om dit aan te spreek (Pieterse 2001:19-20; Pieterse 1994:46; vgl. Pieterse 2005a). Stark (2005b:95) stem saam hiermee. Sy beweer dat daar 'n definitiewe korrelasie is tussen die positiewe evaluasie van 'n preek en persoonlike pastorale kontak tussen die pastor en die mense.

Elke luisteraar en elke prediker het hul eie idees rondom prediking. Daar is ervarings, indrukke en so 'n gevoel van algemene kennis teorie oor wat effektiewe prediking is. Hierdie is egter dikwels alles baie vaag (Stark 2005b:95).

Dit wil voorkom of daar 'n paar definitiewe rigtingwysers is van wat oneffektiewe prediking is (Lloyd-Jones 1994:50-52). 'n Preek is nie 'n verhandeling nie. 'n Verhandeling word geskryf om gelees te word, terwyl 'n preek bedoel is om voorgedra te word sodat daarna geluister kan word. 'n Preek is ook nie 'n lesing nie. In 'n lesing word 'n hoeveelheid inligting oorgedra.

In een preek onstaat het tema of het leerstuk vanuit de tekst en de context, en deze illustreren het thema. Dus een preek moet niet beginnen met het onderwerp als zodanig; ze moet beginnen met de Schrift waarin een leerstuk of thema vervat is. En dit leerstuk moet vervolgens behandeld worden tegen die bepaalde achtergrond.

(Lloyd-Jones 1994:51)

Verder is 'n preek ook nie net die verklaring of kommentaar van die teksverse nie. Dit is slegs 'n deel van die preek. 'n Preek behoort oor 'n duidelike vorm of struktuur te beskik waarvan die uitleg slegs 'n deel vorm (Vos 1999b:120-122). Lloyd-Jones (1994:51) vergelyk 'n preek met 'n simfonie: "Een symfonie heeft altijd een vorm, ze heeft haar stemmen delen."

Die betrokkenheid van die preekteks en die werklike situasie van die gemeente is in 'n onlosmaaklike en wisselwerkende verhouding tot mekaar en uiters belangrik. Hier het 'n mens te doen met die hermeneutiese proses, wat die beweging van die inherente dinamiek van die preekteks van die Skrifgeworde Woord tot die verkondigde Woord, begelei. As dit goed geskied, kan die preek 'n egte Woordgebeure wees. Dit is die ontsluiting van die boodskap van die preekteks in die taal en situasie van die konkrete gemeente op so 'n wyse dat die Woord van God in die teks tot spreke kom en deur die gemeente gehoor en geglo word. Hier het ons te doen met 'n paar groothede, naamlik die preekteks (Bybelgebondenheid van die prediking), die gemeente in sy situasie (gemeente-gerigtheid van die prediking), die persoon van die prediker en die gemeentelide as persone. Die prediking word dus nie net deur die teks bepaal nie, maar ook deur die gemeente en die persoon van die prediker (Pieterse 1986:15-16).

Hierby het Martin Luther in die *Deutsche Messe* in 1526 ook die werk van die Heilige Gees beklemtoon (Davis 1983:120): "Unless spiritual knowledge and the Spirit himself speak through the preachers ... the final result will be that everyone preaches his own whims, and instead of the gospel and its exposition we shall again have sermons on blue ducks."

6.1. Hermeneutiese verstaan van die konteks en die teks

Gadamer se siening van die hermeneutiek het 'n belangrike wending gebring ten opsigte van die betekenis van die teks. Hy wys daarop dat verstaan of interpretasie van 'n teks uit die verlede te make het met die konteks waarin

die leser hom/haar bevind. Dit het die implikasie dat betekenis juis as veranderlik gesien word. Elke veranderende konteks waaruit die leser die teks lees het 'n invloed op die verstaan van die teks en dus die betekenis wat die leser aan die teks heg. Die teks het dus in beginsel 'n oneindige aantal betekenis. Verskillende predikers lê in verskillende tye klem op verskillende kante van 'n spesifieke teks (vgl. Gadamer 1975; Pieterse 2001:81).

Volgens Gadamer moet verstaan geskied van tekste uit die verlede wanneer die leser van vandag in hierdie historiese konteks 'n teks lees wat uit 'n ander historiese konteks ontstaan het. Dit is 'n probleem omdat daar 'n tydsgaping is wat leser en teks in hierdie historiese kontekste skei. Daar is dus 'n vreemdheid aan die teks vir die leser van ons eie tyd. Die leser (die subjek in die verstaansproses) en die teks (die objek in die proses) maak saam deel uit van 'n verstaansproses wat soos 'n sirkel tussen historiese kontekste geskied (vgl. Gadamer 1975; Pieterse 2001:81-82).

Elke historiese konteks vorm sy eie verstaanshorison. Betekenis en die begrip van die betekenis deur die leser verbind teks en leser met hul eie historiese verstaanshorisonne sodat die horisonne effens oor mekaar skuif en verstaan moontlik word. Die mens is dus deel van die historiese proses van verstaan. Op hierdie wyse vorm ons interpretasie vandag deel van die historiese proses van verstaan wat soos die skakels van 'n ketting aan mekaar verbind word. Ons staan dus in 'n tradisie van die verstaan van byvoorbeeld die tekste van die Bybel. Die tradisie het ons begrippe, sieninge en wyse van verstaan geslyp. As ons 'n teks gaan interpreteer maak ons deel uit van die teks wat ons gaan interpreteer. Gadamer is van mening dat alle verstaan en interpretasie op sigself al toepassing, *applicatio* is. Hermeneutiek in die sin van om 'n teks uit die verlede te verstaan is toepassingshermeneutiek (vgl. Gadamer 1975; Pieterse 2001:81-82).

Ricoeur sluit by Gadamer aan maar bou sy opvattinge verder uit en kom met nuwe insigte. Sy belangstelling in die hermeneutiek word gewek deur sy filosofiese soeke na die menslike vryheid en die aard van menswees. Hy maak 'n verskil tussen gesproke en geskrewe taal. Taalgebruik is 'n gebeurde

wat in die hede geskied. Wanneer 'n spreker praat, is dit 'n verbale uitdrukking van 'n bedoeling. Skrif is 'n fiksasie van gesproke taal. Ricoeur maak 'n deeglike analise van die verandering en oorgang van gesproke taal na geskrewe taal en die oorgang na die interpretasie van die teks (vgl. Ricoeur 1976; Ricoeur 1984; Pieterse 2001:83-85; Vos 1996a:59-61).

Elke teks word vooraf gegaan deur prefigurasië. Wanneer 'n mens met 'n verhaal in 'n teks te doen kry, is die ontstaan daarvan te wyte aan die werklikheid waarin handeling geskied wat vertelstof bied. Konfigurasië vind plaas wanneer die outeur dit opskryf, en wanneer die leser dit verstaan is dit refigurasië. Eintlik is die toe-eiening van die teks die voorwaarde vir die vind van betekenis in die teks. Sonder toepassing op die eie situasie het die teks vir 'n spesifieke leser nog geen betekenis nie. Om die teks toe te pas in jou eie omstandighede beteken nie dat dit "aangepas" word by jou nie. Intendeel, toepassing beteken dat die leser hom/haar moet oopstel vir die wêreld wat die teks aanbied. Verstaan geskied wanneer die leser die ander, vreemde, "self" van die teks ontvang uit die wêreld van die teks wat tot hom/haar aangebied word. Toepassing is die toe-eiening en ontvang van hierdie nuwe "self", of eiendomlikheid van die teks wat jou 'n ander siening van jou situasie gee, wat jou tot handeling beweeg, of jou 'n nuwe verhaal in jou konteks vanuit die verhaal van die konteks van die teks laat maak (vgl. Ricoeur 1984; Pieterse 2001:83-85; Vos 1996a:59-61).

Die hermeneutiese interaksie met die teks het 'n homileet nodig wat nie net deel word van die wêreld van die teks nie, maar ook deel is van die beleweniswêreld van die luisteraar. Sosioloë verseker ons dat die strukture van die moderne wêreld voortdurend verander. Die strukture is gebaseer op 'n hoë mate van differensiasie en individualisering. Verder word sterk klem geplaas op die kompetisie tussen individue. Vos (2005:289) wys daarop dat die beleweniswêreld van 'n mens omskryf kan word as die wêreld waarin 'n mens dink, beleef en glo. Dit is die manier waarop hulle die verhoudings in die gemeenskap ervaar.

Die homileet moet uit sy pad gaan om die luisteraars se ervaringswêreld so goed as moontlik te verstaan. Hy/sy moet ook die emosionele staat van die luisteraar verstaan (Vos 2005:291).

Wanneer 'n mens 'n preek maak, geskied dit as 'n hermeneutiese proses, of in ander woorde, 'n verstaansproses. Vanuit die perspektief van die prediking begin hierdie proses by die situasie van die gemeentelede. Die prediker moet die hoorders, hulle omstandighede, ervarings, behoeftes en probleme deeglik ken. Hy/sy moet dit eksistensiel ken. Dit beteken dat die prediker dit sy/haar eie moet maak. Dit moet 'n mens se hele wese deurdrenk. Die homileet moet die konteks van die mense deurleef ken. Sosiale analises moet deur die prediker en die gemeente van hulle eie gemeentlike situasies gemaak word (Pieterse 2001:19; Long 1994:109).

Hermeneutiek is volgens Paul Ricoeur ten diepste bestaansuitleg. “Hy ontwikkel 'n tekstuele antropologie, waar die vraag: ‘Wat beteken dit om mens te wees?’ vanuit die wêreld van die teks te beantwoord word ‘... the text is the mediation by which we understand ourselves’” (Vos 1996a:58).

Teksuitleg is nie 'n proses wat ons afhandel of 'n ontwikkelingsfase wat ons ontgroeï nie. Dit is 'n werklikheid waarmee ons altyd sal saamleef. Hierdie voortgaande uitleg impliseer dat betekenis ons bly ontwyk en dat die verstaansproses nooit afgesluit word nie (Vos 1996a:58).

Die opdrag om te preek kom uit die Bybel en die inhoud van die prediking is die blye boodskap van die Bybel. Die boodskap moet egter lewend, aktueel en tot die hoorder in sy/haar spesifieke omstandighede spreek. Die hoorder moet hulself en hul situasie in die boodskap van die preek herken. Die hermeneutiek, die proses van verstaan, help die prediker om die boodskap van die Bybel aktueel in die situasie van die gemeente te preek (Pieterse 2001:19).

Volgens Pieterse (2001:19-23) geskied die hermeneutiese proses in die prediking in die volgende stappe:

1. Die proses begin by die situasie van die gemeentede. Die prediker moet die hoorders in hul omstandighede, behoeftes en probleme goed ken.
2. Met die konteks in gedagte, word die spesifieke teks gekies waaroor gepreek gaan word.
3. Die teks wat ons met ons eie wêreld ontmoet, het egter ook 'n wêreld wat agter die teks lê. Dit lê nou voor ons in die Bybel in sy finale gestalte wat deur baie eeue gevorm is. Deur middel van eksegetiese metodes wat histories te werk gaan word baie lig op die teks gewerp. Die prediker moet deur eksegeese die boodskap van die teks probeer verstaan. Wanneer die prediker die boodskap van die teks vir die preek Sondag oordink, moet daar ook doelbewus aan die hoorders in die spesifieke gemeente waar gepreek gaan word, gedink word.
4. In die hermeneutiese proses moet die prediker hom-/haarself voortdurend verplaas in die wêreld van die gemeente na die wêreld van die teks en weer van die wêreld van die teks na die wêreld van die gemeente vandag. Die prediker as hermeneut is 'n boodskapper wat heen en weer tussen teks en konteks beweeg totdat die twee wêrelde oormekaar skuif en die boodskap van die teks deursigtig word binne die konteks van die gemeente. Dit is 'n proses van nadenke, gebed en meditasie. Hierdie is 'n proses wat nie in 'n dag plaasvind nie. Die boodskap van God wat in die teks is, is dinamies. Wanneer die prediker lank genoeg met die teks besig is, begin die teks om die prediker aan te spreek. Die teks deurlig die prediker se hele bestaan. Soms troos dit, soms kritiseer dit, soms roep dit tot bekering, soms leer dit en soms wys dit die koers aan. Wanneer die teks so met jou praat en iets aan jou doen, kan jy as getuie van jou ervaring met die teks dit gaan preek.

5. Met die boodskap van die teks helder in die prediker se gemoed, moet hy/sy nou 'n duidelike blikrigting, intensie of skopus vir die teks kry. Wat wil die teks doen of preek? Wanneer die boodskap van die teks met sy intensie duidelik neergeskryf is, kan die preekdoel neergeskryf word. So 'n preekdoel help om doelgerig te preek en die gemeente tot op 'n punt te neem waar die boodskap duidelik oorgedra kan word.
6. Dit is goed om 'n preektema neer te skryf wat duidelik sê waaroor die boodskap van die preek gaan. Dit vat die boodskap van die teks saam en pas dit op die gemeente toe.
7. Sodra die preektema daar is, kan 'n skema opgestel word wat as die basis van die preek kan dien.

Met hierdie stappe is die prediker besig om vanaf sy/haar eie situasie na 'n ontmoeting met die teks te gaan. Die boodskap van die teks, die intensie van die teks, die preekdoel en die preekskema help om noukeurig dit te sê wat die teks wil sê. Dit dra by om so suiwer moontlik die boodskap aan die gemeente oor te bring.

Kontemporêre homiletiek wys 'n verskeidenheid van insigte en handeling met verskillende voorveronderstellings. Op hierdie stadium is daar nie een teorie wat die homiletiese diskoers oorheers nie. Gedurende die eerste paar jaar van die nuwe milleneum het die homiletiek verder weg beweeg van die *logos* van die moderniste na die *poetics* van die post-modernisme en nog verder na die luisteraar. Dit gaan meer oor hoe geloof bepaal word by die luisteraar (Immink 2004:89).

Die basiese vraag bly egter dieselfde, naamlik: Hoe behoort ons die teks van die Bybel te lees? Wat is die rol van die menslike ervaring in die teologiese diskoers? Immink (2003:90) meen dat 'n prediker nie net eksegetiese en pastorale vaardighede nodig het nie, maar ook die vermoë om goed te

kommunikeer. Teorieë van taal, die retoriek en kommunikasie is daarom deel van die homiletiek. Die teologie kan egter nooit hieruit weggelaat word nie.

Die homiletiek word nou verweef tussen die teoretiese refleksie van die evangelie en die menslike wetenskappe. Die prediking van die Woord bring na vore die teenwoordigheid van die verlossende krag van God. Alhoewel prediking as 'n stuk taal en kommunikasie gesien word, is dit nou verweef met die opstandingsverhaal wat dit verkondig (Immink 2003:91-92).

6.2. Die hermeneutiek van die hoorder

In die verlede is die homiletiek ten opsigte van die hermeneutiek hoofsaaklik toegespits op die prediker se verstaan van die teks met die oog op die preek. Daar is baie min aandag geskenk aan die hermeneutiese proses wat tussen die boodskap van die preek en die hoorders afspeel. Die preek is gerig op die gemeente en deur die gemeente op die wêreld. Daarom is dit noodsaaklik dat die verstaan deur die hoorder van die preek in ag geneem moet word. Die hoorder van die preek interpreteer dit volgens vorige ervarings (Pieterse 1991:97).

Daar is min homiletici wat meer aandag aan die rol van die hoorder in die prediking gegee het as Lucy Atkinson Rose (1997). Sy lê klem op 'n "conversational homiletic that seeks to be communal, nonhierarchical, personal, inclusive and scriptural". Haar werk begin met kritiek teen die groot benaderings van die twintigste eeu wat sy as "traditional, sacred rhetoric, kerygmatic, en transformationi", beskryf (Rose 1997:112).

Die volgende leemtes is raakgesien (Rose 1997:89-91):

1. Die gaping wat veronderstel word tussen die gemeente en die prediker.
2. Die naïewe vertrouwe in die neutraliteit van die taal.

3. Die onkritiese aanname van die universele kwaliteit van waarheid.

In 'n poging om bogenoemde leemtes aan te vul het sy 'n metode van prediking voorgestel wat sy beskryf as “conversational” (Rose 1997:4). Met die “kerugmatiese” en “tradisionele” prediking is dit die prediker wat die waarheid moet bring en vir God moet praat. Dit veronderstel dat die prediking 'n eenrigting verkeer is waar die hoorder net stil sit en die ontvanger is. Deur na die prediking as 'n “conversation” te verwys, wil sy die gaping verminder. Sy herinner ons dat beide die leraar en gemeente deel is van die liggaam van Christus. Leraars behoort die gemeente in te trek by die interpretasie van die boodskap deur preekwerkgroepe (Rose 1997:101; vgl. Lose 2003:127).

Sonde het die kennis van die wêreld, onself en God verdraai. Daarom is daar geen absolute “waarheid” nie. In die plek daarvan word die volgende voorgestel: “Preaching is about tentative interpretations, proposals that invite counterproposals, and the preacher’s wagers as genuine convictions placed in conversation with the wagers of others” (Lose 2003:128-129).

Prediking is 'n interpretasie nie net as gevolg van ons beperkte kennis nie, maar ook omdat ons, onself nie kan losmaak van ons konteks, perspektief en self-belange, nie. In prediking gaan dit nie soseer oor die “waarheid” wat verkondig moet word nie, maar eerder daaroor om “betekenis” in die lewe te soek (Lose 2003:130; vgl. Joubert 2005:28-30).

Die hoorder selekteer en gee aandag aan sekere dinge wat die prediker sê. Dit beteken dat die hoorder deur filters kyk en luister en selektief onthou (net wat “pas” word ontvang). Dit waarvan kennis geneem word in die preek, word verder deur vrye assosiasie gekombineer met hul eie opvattinge en ervarings. Daar vind dus 'n soort reduksieproses by die hoorder van die preek plaas. Dit gebeur deurdat die hoorder 'n eie verstaan en toepassing maak na aanleiding van dit wat gehoor word, wat in sy/haar lewenswerklikheid sin maak en in lyn is met sy/haar eie waardesisteem en ervaringswêreld. Die resultaat hiervan is

dikwels 'n heel ander "teks" as die inhoud van die prediker se preek (Pieterse 1991:104).

6.3. Die hart van kommunikasie is dialoog

Prediking is 'n inter- en intra-menslike handeling of diskoers. Wanneer 'n mens oor prediking dink, is dit nodig om die psigo-sosiale struktuur van die diskoers in gedagte te hou. Die kommunikasie is altyd kontekstueel. Verder moet in gedagte gehou word dat die menslike diskoers funksioneer as *intermediar*. Die menslike diskoers speel dus 'n bemiddelende rol ten opsigte van die kommunikasie met God. Prediking is ook 'n dialogiese gebeurde. Homilete moet aandag gee aan die belewenisse, vrae en gelowe van die hoorders. Die hoorders moet 'n aktiewe rol in die prediking speel. Hy of sy voltooi die boodskap (Immink & Pleizier 2005:82; vgl. Nell 1996:183-184).

Prediking is dus die kommunikatiewe gebeurde wat plaasvind binne die konteks van die sakramente en liturgiese lewe van die kerk. Die taal van die prediking is altyd gekoppel aan die taal van die Skrif en die tradisie. Prediking behoort daarom verstaan te word as 'n teologiese diskoers. Prediking is Bybels wanneer dit getrou is aan die getuienis van die Bybel ten opsigte van God en sy verhouding met die wêreld soos geopenbaar in Jesus Christus. As kommunikatiewe gebeurde moet die preek ook dogmaties wees. Dogmaties in die sin dat dit verwoord wat die Christelike gemeenskap formuleer as waar omtrent God en die wêreld. Die taal van die preek moet nie verval in algemene waarhede omtrent God en die wêreld nie. Dit moet spesifiek aandag gee aan die gegewens van die teks (Chia 2005:146).

'n Preek is 'n kommunikasie gebeurde waar daar ten minste vier stemme op 'n teologiese wyse inmekaar geweef moet word (Cilliers 2002:32). Hierdie vier stemme is:

- Die stem van die prediker;
- Die stem van die Bybelse teks;

- Die stem van die gemeente;
- God se stem.

Prediking is 'n skakel van kommunikasie om God se boodskap na die gemeente te bring. Sweazey (1976:49-50) omskryf die kerugmatiese ketting soos volg:

1. Dit begin by God. Hy het kanale geskep waardeur Hy met die mens praat. Een hiervan is dat Hy boodskappers gebruik om hierdie boodskap te encodeer en verstaanbaar te maak vir die ontvangers. Die ontvangers se persoonlikheid kleur die beelde en konsepte sodat die boodskap vir hom/haar betekenis kry.
2. Nou is dit die taak van die boodskapper (profeet) om die boodskap om te sit sodat dit sy tydgenote aanspreek. Die profeet kan gebruik maak van verskillende literatuurvorms. Dink maar aan die Psalms en Paulus se briewe.
3. Die tydgenote het die boodskap aangegee deur die Bybel. Die Bybel is die bron waarvan die prediker vandag af werk.
4. Die prediker moet die boodskap soos in die Bybel gevind, encodeer en dit vir die gemeente in 'n preek bring.
5. Reg deur die Nuwe Testament is die ontvanger nooit in 'n doodloopstraat nie. Die boodskap word altyd ontvang met die doel om dit ook met ander te deel.

Die preek is 'n kommunikasiemiddel ten spyte van alle blokkasies wat daar in die kommunikasiekanale mag voorkom. In die gewone kommunikasieproses, wanneer mense gesels, word die rolle van sender en ontvanger gedurig gewissel. In 'n preek bly die prediker altyd die sender. Die prediker dekodeer die boodskap van die Bybel met behulp van die teologie, eksegeese en

hermeneuse. Die prediker kan moontlik beleef vanuit die konsentrasie van die gemeente dat daar kontak gemaak word met die hoorders, maar daar bestaan steeds 'n risiko dat hy/sy misverstaan kan word. Die prediker gebruik woorde om die boodskap oor te dra. Die keuse van elke woord is uiters belangrik, want daar kan maklik misverstande insluip wanneer woorde verkeerd verstaan word. Die liggaamstaal en gesigsuitdrukking van die prediker behoort die woorde te ondersteun. Die hele doel van die prediking is om die hoorder te oortuig, in te lig, toe te rus, te motiveer en/of te inspireer. Die boodskap moet nie net gehoor word nie, maar ook die hoorder se eie gemaak word, ten einde hul aan te spoor tot aksie (Müller 1983:91).

Afgesien van die gevare wat geen of gebrekkige terugvoering oplewer soos in die geval van 'n preek, aktiveer 'n monologiese medium mense nie maklik tot daad nie. 'n Moontlike oplossing hiervoor is nie manipulasie nie. 'n Prediker wat massa histerie, vrees of goedkoop sentiment gebruik vir sy eie doelwitte, is besig om kommunikasievaardighede te misbruik. Die prediker kry tog reaksie in die vorm van dit wat gedurende en ook na 'n erediens gebeur. Hier kan gedink word aan fronse, ander gesigsuitdrukkings en mense wat op hul horlosies kyk. Dit wat mense by die kerkdeure sê is ook belangrik. Op hierdie wyse kry die prediker tog terugvoer (Müller 1983:91-92; Sweazey 1976:50-56).

Müller (1983:93) meen egter dat massakommunikasie mense nie oorreed tot nuwe gesindhede of oortuigings nie, maar hoogstens dien om mense in hul bestaande oortuigings te versterk.

Cilliers (2002:35-36) noem vier aspekte wat kan bydra dat die prediking as deel van die kommunikasiegebeure kan skade lei:

- As die prediker sy of haar eie stem (of geselekteerde teologiese temas) liefhet bo enigiets anders. Dit smoor die prediker se stem sowel as die ander stemme in die preek en dit word 'n alleenspraak.

- As die preek bloot uit “korrekte eksegesi” van die Bybelteks bestaan word dit onmenslik. Dit is dan sonder die vlees-en-bloed-getuigenis van die prediker en die konteks van die gemeente – dikwels onder die illusie dat dit “net die Bybel is” wat verkondig word.
- As die stem van die gemeente oftewel die konteks, alle ander stemme oordonder. Op die oog af kan sulke preke aktueel klink, maar die uiteinde is dat die evangelie-vir-die-tyd verlore gaan.
- As die prediker “die stem van God” voorhou asof dit loodreg uit die hemel na ons toe kom, sonder enige menslike of kontekstuele verpakking. Die gevaar is dikwels dat sulke predikers geen teenpraak of teenstem duld nie, dat hulle nie leerbaar is nie en trouens dikwels hulle eie bedieningsonbevoegdheid agter ‘n waas van goddelikheid wil verberg.

Die prediker moet die ou-ou verhaal van die Bybel omskep in ‘n nuwe lied vir die hoorders (Dykstra 2001:109). Ten einde dit te kan doen moet daar tussen baie stemme onderskei word sodat daar ‘n ontmoeting tussen God en mens kan plaasvind waartydens die mense beleef dat hulle aangespreek word deur die prediking.

7. PREKE WAT MENSE AANSPREEK

Die meeste predikante wil graag preke preek wat mense in hul onmiddellike leefwêreld aanspreek. Dit is verantwoordelike hermeneutiek om die brug te slaan van die Bybelse leefwêreld na vandag se moderne leefwêreld (Van der Merwe 2005:27; Long 1988:15-16).

Wat is die geheim van prediking? Cilliers (2002:35) beskryf dit soos volg: “Die geheim van prediking is ten diepste ‘n pneumatologiese geheim.” Hy skryf dat die geloofsbelydenis waar is en net beaam kan word maar dit help metodologies nie veel nie. “Is dit nie juis die pneumatologie wat aan ons die

vryheid skenk om hierdie soeke en verwagting metodologies in te kleur nie? Gees en metode mag nooit tenoor mekaar staan nie.”

In die voorwoord van ‘n preekbundel “Geboorte en kindwees” staan die volgende:

Die prediking is in ‘n krisis, nie omdat daar nie moeite gedoen word met preke nie, ook nie omdat die preke swak voorberei is en sonder oortuiging gelewer word nie. Die prediking is in ‘n krisis omdat die vrae van die dag nie daarin aangespreek word nie. Dit waaroor die koerante skryf en waaroor die televisiedebatte gevoer word, vind nie werklik weerklank in die prediking nie. Daar is dus ‘n gebrek aan aktualiteit. Die dominees is ernstig en geïnspireerd, maar klim van die kansels af en kant nog wal is geraak. Baie van die vraagstukke van die dag, het nie in die Bybelse tyd bestaan nie en kom nie as sodanig in die Bybel aan die orde nie. Sulke Bybelse beginsels moet langs omweë gesoek en geaktualiseer word. Dit is ‘n moeisame pad en predikers kan nie altyd kwalik geneem word omdat hulle dit nie aandurf nie.

(Vos en Müller 1989)

Augustinus (Long 1988:20-25) het gevoel dat die preek sy doel bereik het wanneer hy die volgende kommentaar gehoor het: “I learned something today; I was moved by what you said: and I had to do something about it.” Hierdeur het hy dit duidelik gemaak dat daar ‘n lerende verantwoordelikheid vanaf die kansel is. Verder is dit ook goed as die emosionele behoeftes van die hoorders aangespreek word. Dit is wanneer mense aangemoedig word tot dissipelskap en om gehoorsaam lewensveranderinge te maak na aanleiding van ‘n preek.

Van der Merwe (2005:27) skryf dat die verkeer wat op die hermeneutiese brug loop, nou al weer net een rigting gaan. Die moderne leefwêreld storm in die

Bybelse teks in en sif links en regs – “Hierdie gedeelte praat met ons vandag”, “nee jammer, hierdie is regtig onprakties.” “Die punt was nooit dat ons kultuur die Bybel moes lees nie; juis andersom – die Bybel lees ons kultuur!”

Deur “kontemporalisties” te preek, kan ons vergeet dat die Bybel nie soseer met ons moderne kultuur wil praat nie, as dat dit ons moderne kultuur tot bekering wil bring. Ons moderne kultuur is nie net asemrowende tegnologiese ontwikkelinge nie. Dit is ook die gewelddadigste tydperk in mense heugenis en ‘n kultuur wat nog bitter weinig kon doen aan ongekende armoede (Van der Merwe 2005:27).

Nel (2001a:10) noem dat baie persone nie meer (gereeld) eredienste bywoon nie, omdat hulle voel dat die prediking volgens hulle net nie op standaard is nie. Baie mense het weggegaan en gaan weg uit gemeentes, as gevolg van die prediking. Baie het al teruggekom en kom terug as gevolg van die prediking. Dit is so dat die mense wat in die banke sit die beste weet hoe predikante preek en hoe effektief of oneffektief hulle kommunikeer. Die prediker is die enigste wat nadat hier baie oor gepraat is, iets hieraan kan doen. Prediking is die verantwoordelikheid van die prediker.

Van Wyk (2002:5) meen dat prediking meermale irrelevant is, omdat die prediker vashaak by die historiese tyd van die teks self of die prediker nie die lewêreld van die hoorder effektief in die Bybelteks laat meesprek nie. Die prediking behoort konkreet, relevant, eietyds en evangelies te wees, anders slaag dit nie daarin om mense in verwondering voor God te laat staan nie.

‘n Nuwe generasie jongmense en jong ouers van families met ‘n nuwe houding en lewensuitkyk sit deesdae in die kerke wanneer gepreek word. Hulle vra nie of iets waar is nie, maar of dit werk. Waarheid is relatief en daarom hang hulle ‘n individuele moraliteit aan. Die fokus is weg van die objektiewe en is voluit op die subjek – op die mens self met sy voorveronderstellings, gevoel, geloof en eie soort spiritualiteit (Pieterse 2005a:414).

Dit is dus geen wonder dat daar baie klem gelê word op die emosie en ervaring van die mens en al minder op die kennis van ons gereformeerde leer as die interpretasie van die onderwysing van die Skrif nie. Skriftuurlike kennis van God en onself, as 'n basis vir die prediking waarin die “sola-gratia-ervaring” van 'n ontmoeting met God as regverdigmakende God deur die geloof alleen gebeur, is besig om by moderne hoorders van die skerms te verdwyn. Onder die lidmate speel die emosionele en ervaringsgodsdienst dus 'n veel groter rol as die meer gereformeerde bedieningstyl wat die predikante in die gemeentes handhaaf (Pieterse 2005a:414).

Die veranderende lewensbeskouings en die tydgees het 'n invloed op die lees van die Bybel en die Skrifkennis van selfs kerklidmate. Die gesag van die Skrif word bevraagteken in teologiese kringe. Lidmate twyfel of die Skrif en die evangelie nog betroubaar is in die lig van hierdie diskussie wat ook in die koerante gevoer word. 'n Uitvloeisel van hierdie tydgees is die verminderende lees van die Bybel (Pieterse 2005a:415).

Die vraag is dus of die gereformeerde insig – dat kennis van God en van onself in ons toestand voor God 'n rol in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking speel – met hierdie tendens van verminderende Skrifkennis, nie onder druk kom nie. Godskennis is kennis wat voortvloei uit ons vertroue op God en gehoorsaamheid aan God. Dit is geloof wat opsoek is na verstaan. Ons kan God nie deurgrond nie, maar omdat ons op Hom vertrou, is daar 'n strewe na steeds dieper insig en begrip. Hierin speel die prediking 'n belangrike rol. Deur die prediking van die Woord en die werk van die Gees ervaar ons hierdie kennis as eksistensiële kennis. Ons verstaan die Skrif as boodskap dus as Christus alleen, genade alleen en geloof alleen as die heilsweg in ons ontmoeting met God in die prediking deur die werk van die Gees (Pieterse 2005a:416; vgl. Vos 1999b:126-127).

Ongeag die siening van die eksegetiese sal die teks van God se woorde, handeling en beloftes getuig, omdat ons bely dat die Gees daarin werksaam is en was. Deur die Gees sal God se woord deur hermeneuse en homilese 'n preek word waarin oor God gepraat word op so 'n wyse dat die gelowige

gemeente Hom in daardie gebeure kan ontmoet. Die ontmoetingsgebeure word dus ervaar deur die Gees wat teks en hoorder verbind en die heil in Christus toepas in die harte van die gelowiges.

8. PREDIKING EN ERVARING

Wat is ervaring? Dit is 'n vraag wat ons nie dikwels vra nie. In ons elke dag se lewe is ervaring net die teenswoordige. 'n Teoloog verbind hierdie vraag onmiddelik met die Bybelse teks. Dink maar aan die Emmausgangers wat van Jerusalem oppad was (Lukas 24:13-35). "Experience results from experience and creates new experience. So we can say, 'Experience is a way – the way from experience to experience'" (Grözinger 2005:1; vgl. Vos 1999b:126).

Ervaring bestaan uit tyd en ruimte. Hierdie tyd en ruimte is nie *quasi* leë ruimtes en leë spasies nie, maar aan spesifieke tyd en ruimte gekoppel. Gevolglik sou gesê kon word dat ervaring verbind word aan 'n spesifieke plek en gebeure. Hierdie spesifieke plek en gebeure skep dan sekere ervarings. Met die Emmausgangers in gedagte sou mens kon sê dat hulle van Jerusalem wou wegkom, want dit is die plek waar Jesus gesterf het. Die plek waar hulle hoop verloor het en gevoel het dat daar geen toekoms is nie. Hulle wil wegkom van die ervaring en soek na 'n nuwe, beter ervaring (Grözinger 2005:1-2).

Daarom sou gesê kan word dat prediking as die vorming van ervaring behoort te kyk na die plekke waar mense leef en na die gebeure waardeur mense geraak word. Ervaring is die verbintenis tussen ruimte, gebeure en taal. In hierdie sin sal interpretasie die verbintenis beteken. Interpretasie beteken om die ruimte en gebeure aan vorige ervarings te koppel. Een van die mees belangrikste maniere waarop ervarings gebou word, is stories en simbole (Grözinger 2005:2-3; Vos 1999b:126-127; vgl. Heitink 1993:254-255).

Prediking is ook 'n proses wat na nuwe ervarings soek. Nie die luisteraars of die predikers gaan onveranderd deur die proses nie. Prediking vorm en verander die uitkyk op die wêreld en die beeld wat ons van onself het. Hierdie is 'n voortdurende ervaring waar daar van die een ervaring na die volgende beweeg word. "Preaching seeks for new experience" (Grözinger 2005:4-5).

Nadat 'n mens kennis van God opgedoen het deur die Skrif, ervaar 'n persoon 'n geloofsontmoeting met Hom. Daar is dus 'n interaksie tussen geloof en ervaring. Calvin praat van twee leermeesteresse (*magistrae*) wat kennis van die drie-enige God verskaf: Skrif en ervaring. Dit beteken nie dat daar naas die Skrif nog 'n bron van Godskennis is nie. Dit beteken dat die Skrifkennis in die geloofsontmoeting in die erediens eksistensiële kennis is (Pieterse 2005a:418).

Gemeentes het 'n behoefte aan goed deurdagte prediking. Boodskappe moet geloofwaardig wees (Long 1989:20). Dit kan soms gebeur dat predikers vergeet dat hulle deel is van die liggaam van Christus vir wie hulle die boodskap moet bring en dat dit hulle is wat hom/haar toestemming gegee het om te preek (Long 1989:13).

In protestantse prediking word daar dikwels 'n groot klomp inligting weergegee. Mens sou dit lerende prediking kan noem. Hierdie prediking is baie kognitief en lê groot klem op die verstand van die mens. Hiermee saam is daar ook 'n emosionele en appellerende inslag waardeur mense opgeroep word tot bekering en 'n veranderende lewenshouding. Dit sal dan ook ruimte maak vir die emosionele sy van die mens (Dingemans 1991:194; vgl. ook Oskamp & Schuman 1998:78).

Die prediker gaan na die Bybel nie net as gelowige nie maar ook as teoloog, soekende na God se boodskap vir sy kerk (Long 1989:54). Die Bybel is aan 'n spesifieke groep mense in bepaalde omstandighede geskryf. Wanneer predikers na die Bybel gaan nie net om 'n preek te kry nie, maar ook om self

die stem van die Here te hoor, sal hulle ervaar dat hulle aangespreek word en dat hulle ook 'n boodskap vir die gemeente kry (Long 1989:55-56).

'n Preek kan die hoorders help om 'n gedeelte beter te verstaan sowel as om self iets daarvan te ervaar. Die belewenis ervaring word dikwels aangehelp deur spesiale "taal" soos om gebruik te maak van beelde, stories, gedigte of selfs stiltes (Long 1989:125).

Om te kan preek moet 'n predikant insig hê in die kultuur, sosiologie en ekonomie van die mense. Dit is nodig om te weet hoe hulle hul tyd verwyd as hulle nie in die kerk is nie, watter soort films sowel as televisie programme hulle kyk en die boeke wat hul lees. Verder moet die predikant as pastor die gemeente ken. Hy/sy moet weet wat die vreugdes, hartseer, probleme en nood van die mense is. Hiermee sou 'n preekwerkgroep natuurlik van groot hulp kan wees (Dingemans 1991:184-185).

Wagner (1983:97) het met sy navorsing rondom preekwerkgroepe bevind dat die lidmate wat betrokke is by die groepsbespreking beter na die preek luister, baie meer betrokke is by die preekgebeure en dus 'n dieper ervaring het.

Die prediker behoort ook te glo in die krag van die Woord. Iewers word die mens se woord en hul gematigde prediking verbind met die krag van die Woord van God. Op 'n spesifieke manier is daar woorde wat oorgeneem is uit die evangelie, hul Skrif-geleende taal, menslike ervaring en lewensverhale. Dit is alles deel van die voortgaande gesprek tussen God en die mens. Prediking is 'n spesifieke deel van die kommunikasie. Dit is deel van die lewende Woord. Prediking dra die belofte dat 'n mens in kontak kan kom met die lewende God deur die krag van die Heilige Gees (Stark 2005b:91). Dit beteken egter nie dat die prediker nie baie goed behoort voor te berei nie. Lloyd-Jones (1994:203) beskryf dit soos volg: "Zorgvuldige voorbereiding en de zalving van de Heilige Geest moeten nooit als alternatieven beschouwd worden maar moeten elkaar aanvullen."

9. PREDIKING IN 'N WÊRELD MET BAIE KONFLIK

Die wêreld waarin ons leef het baie konflik. Daar is geen deel van die samelewing wat daaraan ontkom nie, selfs nie eers die godsdiens en dan spesifiek die Christendom nie. Godsdiens saai dikwels die saad van kulturele-godsdiensstige-politieke of militêre konflikte (Song 2005:24).

Song (2005:27) is van mening dat dogmatiese, didaktiese en profetiese prediking in die verlede dikwels verkeerd verstaan is in die veranderende belewenisse van die wêreld van konflik. Die hart van Jesus se prediking was passie. Dink maar aan Johannes 3:16: “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”

Wat is die evangelie, die goeie nuus wat die Christelike kerk behoort uit te dra in 'n wêreld vol konflik van verskeie soorte: rasse, geslagte, sosiale, politieke, militêre en ekonomiese konflikte. Song (2005:27) meen dat die antwoord hierop “compassionate preaching” is wat spreek van 'n diepe liefde ook vir ongelowiges.

10. VERSKILLENDE BENADERINGS RAKENDE DIE PREDIKING

Die preek is by uitstek die kerklike handeling waarin daar oor God gepraat word. Die diskoerstipe van die preek bepaal die doel daarvan (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg 2004:102-103). Die volgende benaderings in homiletiese literatuur word aangetref:

1. **Kerugmaties:** Hier is die doel die verkondiging van die evangelie.
2. **Didakties:** Hier is die doel die lering aangaande die Skrif of Belydenis.

3. **Kommunikatief:** Hier word 'n korrelasie tussen die teks en die konteks nagestreef.
4. **Narratief:** Hier word 'n poging aangewend om die Bybelse narratief en die hoorder se narratief te verweef.

Stark (2005a) verskaf 'n fynere tipering – tipes hier:

1. “Tekstcentrische” en “applicatiecentrische” prediking: Hier word 'n hermeneutiese lyn gevolg van “die wêreld van die teks” en die “wêreld van die hoorder.” Dit gaan oor hoe die Skrif en die hoorder met mekaar in verband gebring word. “Tekstcentrische” prediking gaan van die veronderstelling uit dat die Bybelteks opsigself van belang is vir die hoorders vandag. Die belang word nie afhanklik gemaak van die ervaring van die hoorder nie, maar die Skrif bepaal die inhoud en die Heilige Gees kan van die uitleg gebruik maak om ervaring te bewerk (Stark 2005a:229-231). Met “applicatiecentrische” prediking word verstaan dat die betekenisgewing van die preek gekenmerk word primêr vanuit die toepassingsperspektief. Vir die betekenisgewing van die preek word die ervaring en situasie van die hoorder as uitgangspunt geneem. Raakvlakke met die eksistensiële ervaring van die hoorder is die toegangspoort (Stark 2005a:232).
2. “Kerygmatische”, “didactische” en “paracletische” prediking is die tweede lyn van tipering wat genoem word. Stark (2005a:234) noem dit die “teologies-reflexiewe lyn.” In die protestantse tradisie is die prediking altyd in 'n vorm van heilbemiddeling wat plaasvind onder die belofte van die werking van die Heilige Gees. Met die “kerygmatische” prediking word bedoel dat dit hier altyd gaan om die bekendmaking, bevestiging en verwerkliking van die aktuele betekenis van God se heilshandeling vir die hoorder (Stark 2005a:236). “Didactische” prediking het 'n onderwysende en rigtinggewende karakter. Dit rig mens op om te verstaan en die rigting wat God aandui in te oefen en na te volg (Stark 2005a:238).

Die inhoud van die Skrif word duidelik vir die hoorder. Dit gaan dus om Skrifverstaan. Die voorveronderstelling is dat geloof ook 'n leerproses is om die Skrif beter te verstaan (Stark 2005a:333). Die taalvorm sal hoofsaaklik “informatief”, “argumentatief” en “vertellend” wees. Onder “paracletische” prediking word verstaan dat dit 'n duidelike gerigte oproep of appél is. Die mens word gerig om daadwerklik op te tree (Stark 2005a:240).

Dit is nodig om na die vorm van die Bybelse teks te kyk wanneer daar gekyk word na die vorm van die prediking. Die narratief verskyn die meeste in die Bybel. Wanneer 'n teks in 'n storie-vorm is, is dit nie nodig om die storielyn uit te haal nie. Dikwels word dit gedoen en slegs die harde lerende feite weergegee. Hoe meer die prediking se vorm ooreenstem met die van die Woord, hoe groter is die kans dat dit die hoorders sal aanspreek (Greidanus 1988:18-19; vgl. Vos 1996d:40-43).

Navorsing toon dat lidmate steeds die verwagting het om God in die erediens te ontmoet. Ware kennis van God kan alleen verkry word deur die lees van die Skrif onder die verligting van die Heilige Gees. Om spekulasie te voorkom moet ons dus die Skrif as bron van kennis oor die God van die Bybel gebruik. Ons Godskennis is dus praktiese kennis waarin ons, in die geloofsomgang met God, Hom ervaar as by ons (Pieterse 2005a:417).

In die lig van die vermindering van geletterdheid in die Bybel en die groeiende gebrek aan kennis van die Skrif, is dit noodsaaklik dat ons meer klem op onderriggende (lerende of didaktiese) prediking sal lê. In die laaste dekades het die homiletiek goeie vordering gemaak met die besef dat kommunikasie belangrik is en dat die preekgebeure ten diepste 'n dialoog is tussen prediker en hoorder. Die preekgebeure is ook 'n dialoog tussen die boodskap van die teks en die hoorder deur die verbindingswerk van die Gees, dit wil sê deur nuwe insigte in kommunikasie en die hermeneutiek. Die wending na die hoorder was 'n wins wat ons help om die boodskap in die situasie en in die beleweniswêreld van die hoorder toe te pas. In die lig van die huidige situasie

van die Skrifkennis blyk dit egter dat die prediking, as onderrig of didaktiese prediking, verwaarloos is (Pieterse 2005a:418-419; Pieterse 2005b:111).

Lering is 'n bekende term in die Nuwe Testament. Die handeling word *didaskein* genoem en sou vertaal kon word met "to instruct by means of discourse with others." Dit kom ongeveer 'n 100 keer in die Nuwe Testament voor. Verder word die twee selfstandige naamwoorde: *didaché* en *didaskalia* ook aangetref. Dit beteken dit wat geleer word (Davis 1983:120).

Didaktiese prediking is van groot belang vir die familie-erediens. Lering en prediking vind plaas op God se bevel en in sy naam met die vaste sekerheid dat Hy daardeur werk (Davis 1983:121; Stark 2005a:333). Dit wil voorkom of die apostels nie weggedraai het van die *kerugma* (verkondiging) nie, maar verder beweeg het na die implikasies van die evangelie vir gelowiges deur die *didaché* (lering) (Davis 1983:123). Met lerende prediking word gepoog om kinders van die Here verder toe te rus (te leer) om hul geloof uit te leef.

Malan Nel (2005:30) beskou prediking as geloofsvorming en geloofsontwikkeling aan die hand van tekse. Hy noem dit lerende prediking en daarmee word bedoel dat prediking die vorming en ontwikkeling van geloof in die oog het, aangesien geloof nie 'n kwaliteit is wat ons vir eens en vir altyd besit nie; dit is 'n kwaliteit wat moet ryp word.

Onderrigtende of lerende prediking is nie dorre leerredes en slegs kognitief nie, maar is 'n uitleg van die Skrif op so 'n wyse dat die Bybelse boodskap verstaan word in sy bevrydende krag en sy implikasies vir die lewe van die gelowige. Prediking as onderrig is dus aktuele prediking (Stark 2005a:333; Pieterse 2005a:419).

Pieterse (2005a:419) meen dat didaktiese prediking 'n verklaring van die Skrif dat Jesus die Saligmaker is waarin die verstand, maar sekerlik ook die hart en siel, ten volle betrokke is. Dit gaan om die inwyding in die geheimenis van die geloof, maar ook om die alledaagse geloofsbestaan (vgl. Stark 2005a:333).

Preke wat kinders aanspreek

Kinders is baie sensitief vir die gehalte en krag van die erediens. Indien daar iets gebeur in die erediens, mense die krag van die Woord en Gees beleef, sal dit ook kinders aanspreek. Al verstaan hulle nie alles nie, sal hulle die krag van God se teenwoordigheid en sy werking ervaar.

Long (1989:194-195) is van mening dat daar geen rede vir kinderdienste is nie. Hy meen dat kinderpreek dikwels moralisties is. Volgens hom kan kinders in elke erediens betrek word en ervaar dat hulle aangespreek word, maar dit is 'n uitdaging. Daarom is daar verskeie gemeentes wat kies om afsonderlike dienste vir kinders aan te bied. Dit is makliker om die kinders te bereik deur die lofprysing en aanbidding. Tog behoort daar in elke preek ook elemente te wees wat kinders aanspreek (vgl. Clasen et al 2007:187; Heitink 2007:246).

Indien die kind se situasie in die erediens as belangrik beskou word, beteken dit nie dat die volwassenes na die kind moet oorbuig en toeskouers word van wat die kinders doen nie. Dit vra dat die plek van die kind in die verbondsgesin, wat deel uitmaak van die familie van God ook in die samekoms van God se familie, gerespekteer en ontwikkel word (De Klerk 2002:262-263).

Volgens Barnard (1988:366-369) sal boodskappe wat kinders en ouers raak, die volgende elemente bevat:

- **Aktualiteit:** God se spreke en boodskap moet onder mense werksaam word.
- **Direktheid:** Kinders is veral sensitief vir die egte en direkte boodskap. “'n Boodskap wat gestroop is van alle tierlantyntjies, aanplaksels en onnodige uitweidinge.”
- **Kreatiwiteit:** Dit beteken dat ou dinge op 'n nuwe en oorspronklike wyse so ingeklee en aangebied word dat dit nuut en vars is.

Om 'n boodskap eenvoudig te maak beteken nie dat dit vervlak word nie. Moeilike en diep geestelike waarhede moet op so 'n wyse gestel word dat dit vir almal, ook vir kinders, begryplik en deursigtelik word. Christus het so gepreek dat die boodskap eenvoudige en ongeleerde mense aangryp het. Daar behoort ook meer gekonsentreer te word op konkretheid as op abstraktheid. Baie geestelike waarhede van die Bybel is abstrak en dit is vir kleiner kinders moeilik om te verstaan. Abstrakte waarhede moet op 'n konkrete wyse gestel word (Barnard 1988:367).

Om kinders en jongmense aan te spreek moet die prediking in beeldryke vorm gegiet word. Visuele hulpmiddels help verder baie om die boodskap tuis te bring. Dit is ook noodsaaklik om die nood, behoeftes, stryd, vroeë en probleme van die kinders aan te spreek tydens die prediking. Die Bybel moet deurgetrek word na hul konkrete lewe (Barnard 1988:367-368; vgl. Brink & Brink 1999:24; Codrington & Grant-Marshall 2004:248-249, 131-132, 122).

Preke wat tieners en jongmense aanspreek

In die tyd waarin ons leef sal predikers met nuwe oë moet kyk na enkele teologiese waarhede wat rigting aan hul prediking kan gee, veral as hier gedink word aan die prediking vir die jeug. Dit is belangrik dat predikers na die Bybel met eksistensiële kennis van die jongmense se situasie en kennis van die tydsgewrig, asook die jeugkonteks waarbinne hulle beweeg, preek (Van Wyk 2002:246).

Die empiriese situasie dwing die prediker om 'n teologiese bestekopname te maak en met kreatiwiteit 'n getransformeerde bedieningspraktyk te ontwikkel. As die aannames korrek is, het ook die postmodernisme in 'n sekere gestalte die mens se denkklimaat begin bepaal. Dit hoef nie die kerk met wringende hande, 'n "gespanne bekromptheid" of moedlose verlaning na "die goeie ou dae" te laat nie. 'n Oormoedige houding van "voorwaarts-Christenstryders" is eweneens onvanpas. Die diskontinue geskiedenis en pluralistiese bewussyn

skep die geleentheid om die paradoks van die evangelie in die paradoks van die tyd (tussen modernisme en postmodernisme) te verkondig (Van Wyk 2002:246-247).

Elke tyd het sy eie uitdagings. Daarom moet in elke tyd nuut oor die evangelie gedink en gepraat word. Hiervan word dramatiese illustrasies in die kanon gevind. Die relevansie van die evangelie was al dikwels op die spel. Dit maak die stryd om sosiale analise en hermeneutiek egter nie minder moeilik nie. Hierin het die Heilige Gees, soos Christus belowe het, die kerk nog nooit in die steek gelaat nie (Wagner-Ferreira 2005:83).

Die doel van die prediking is om die tieners te betrek by die Bybelse gegewens. Geen kompromieë kan met Bybelse waarhede aangegaan word nie. Ou tradisies moet sonder skroom getoets word aan die Bybel en die hele Bybelse waarheid moet verkondig word (Wagner-Ferreira 2005:84).

Jeugprediking beteken nie oppervlakkige prediking nie. Oppervlakkige prediking het goeie korttermyn gevolge in 'n tyd van individualisme, maar bied geen vrede aan die soekende jongmens nie. Omdat die jeug nog vir God moet leer ken, moet die prediking aan die jeug vir hulle 'n ontdekkingstog wees waar hulle al hoe meer van God in hul lewens raaksien (Van Wyk 2002:248).

Jongmense vind prediking waarin 'n alleengeldende, allesoorkoepelende waarheid gekonstrueer word, verdag. Die prediking is 'n geleentheid om saam met die jongmense te kniel voor die Misterie, te vra na God en Hom te aanbid. Dit is 'n ander soort styl, nie 'n styl van absolute sekerheid nie. Predikers verkry nie beheer oor God met baie woorde oor Hom nie. Dit is 'n oop-styl, "open-ended" waarin alle voorbereiding en geleerdheid op die altaar kom en tot as verbrand word as dit moet. Dit is 'n styl met verwagting (hoop) dat God inderdaad iets in die prediking sal doen wat uitgaan van die oortuiging dat die prediking veel meer is as net religieuse praatjies. Die geheim van jeugprediking is 'n pneumatologiese geheim. Die stem van die

prediker, van die teks en die gemeente, word deur die Gees saamgesnoer om die stem van God te wees (Van Wyk 2002:249).

Van der Merwe (2005:27) meen dat die antwoord nie in die soort vernuwing van “how to” prediking is nie, maar in die herontdekking van die paradoks van die evangelie. Dit is om vir mense van ons tyd die “landskap” van die evangelie te wys, daardie “paradoksale landskap” waar mense die onsienlike sien, rus vind onder ‘n juk, regeer deur te dien, verhoog word deur verneder te word, wys word deur dwase vir Christus se saak te wees, krag te hê wanneer ons swak is, vry te wees deur slawe te wees, ens.

Vir die “X- en Millennium-generasies” is die klem juis op egtheid en integriteit. Dit is belangriker dat die boodskap vir hulle hoop moet bring as hoe die “hi-tech” opgedis is. Dit haal miskien so bietjie druk van die predikers af as hulle voel hulle hoef nie met die kontemporêre kultuur te kompeteer nie (Van der Merwe 2005:28).

Hierdie is egter nie ‘n verskoning vir vervelige prediking nie. Die evangelie is te opwindend om dit vervelig aan te bied. Van der Merwe (2005:28) stel die volgende kommunikasiepatrone van die “X- en Millennium-generasies” voor wat gebruik kan word in die prediking:

1. Oop einde
Jesus het dit so gedoen – ons kan ook. ‘n Preek kan maar met ‘n vraag eindig.
2. Ongemak
“X-ers” is gemaklik met die ongemak wat Jesus na hulle alledaagse lewe bring, al stem hulle nie noodwendig saam nie: “verkoop jou goed”, “wees lief vir jou vyande”, “wees altyd dankbaar”, “moenie worry nie.” Jesus het dit radikaal gestel. Los dit so!

Ervaringsleer behoort in hierdie tyd ‘n baie belangrike deel van die jeugbediening, die kategeese en prediking uit te maak. Dit beteken egter nie

dat daar wegbeweeg word van die Woord nie, maar dat hierdie hulpmiddels gebruik word om die boodskap oor te dra (Van der Westhuizen 2000:10; Opperman & Snyman 2005:1).

‘n Preek wat tieners aanspreek sal wat die toepassing betref, so ingerig wees dat dit aan jongmense lewensgetroue antwoorde vir hul lewe sal bevat. Saam hiermee beklemtoon Nel (1985:31) dat die prediking die bevrydende Woord van God moet indra tot verlossing van selfsug en groei in volwassenheid en diens.

11. DIE PERSOON EN PERSOONLIKHEID VAN DIE PREDIKER

Die volgende aanhaling gee ‘n besondere perspektief op prediking en die persoon van die prediker:

En ek ... wat dit op my geneem het om met julle te praat, dink julle daaraan wie ek is, en wat ek op my geneem het. Want ek het dit op my geneem om Goddelike dinge te verkondig – en ek is ‘n mens: geestelike dinge – en ek is vleeslik; ewige dinge – en ek is sterflik ... Na my maat ontvang ek wat ek aan julle bedien. Wanneer geopen word, wei ek saam met julle; wanneer die deur gesluit is, klop ek saam met julle.

(Cilliers 2002:34)

Die preek en die persoon van die prediker kan nie van mekaar losgemaak word nie. “Wie op die kansel staan, is ‘n mens van vlees en bloed, met ‘n eie geskiedenis, ‘n eie verhaal en ‘n eie worsteling met God. Wie op die kansel probeer om enigsins anders as haar- of homself te wees, maak van prediking iets anders as wat dit veronderstel is om te wees” (Van Wyk 2004:15-16).

Prediking is nie ‘n ek-lose gebeure nie. Maak nie saak hoe prediking gedefinieer word nie, daar is altyd iemand wat preek. Nel (2001a:14) skryf:

“Prediking is inderdaad ‘truth through personality’.” Hy beskou die prediking as die fasilitering van die dialoog tussen teks, hoorder en teks. Meer korrek sou dit moet wees: die dialoog tussen God en die hoorder soos deur die Gees, deur die teks heen, geskep en onderhou. Prediking staan en val by die verhouding. Hierdie verhouding word deur God geskep en onderhou. Maar hierdie verhouding word ook deur God, binne ‘n verhouding en deur ‘n persoon, geskep en onderhou (Nel 2001a:14-15).

Alvorens daar verder met die bespreking gegaan word, sal dit goed wees om eers duidelikheid te hê oor wat met die terme persoon en persoonlikheid bedoel word.

Persoon is “een van die talle terme wat dui op die uitvoerder van gedrag wat deur die psigologie bestudeer word. Van al hierdie terme is persoon en individu die mees neutrale ten opsigte van die psigofisiese probleem.”

(Gouws e.a. 1979:230)

Persoonlikheid is: “n Term wat in sy wydste betekenis dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van ‘n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore. Aangesien die persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie, dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op ‘n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe.”

(Gouws e.a. 1979:230)

Pieterse (1986:113-117) noem dat die prediker se kommunikasievernuuf, sy/haar gesindhede, kennis, kulturele agtergrond en die sosiale konteks

waarin hy/sy leef, 'n invloed het op die wyse waarop hy/sy die boodskap kodeer. Hy noem dat egtheid aan die kant van die prediker een van die belangrikste vereistes is vir goeie kommunikasie. Dit verhoog die geloofwaardigheid van die boodskap. Selfbekendstelling ("self-disclosure") speel hierin 'n belangrike rol. Die prediker moet nie skroom om iets van hom-/haarself te openbaar, van sy/haar menslikheid, stryd en ervaring met die geloof as mede-gelowige met die gemeente nie. Die egtheid van die prediker blyk veral deur sy/haar liggaamstaal. Mense let in die eerste plek nie op wat 'n mens sê nie, maar hoe hy/sy dit sê. 'n Egte persoon wat uit die hart praat, kommunikeer goed al is hy/sy nie so vlot nie. Die prediker moet hom-/haarself wees op die kansel. Dit is 'n beginsel van jouself gee ("self-exposure"). Om te preek beteken ook om jouself te gee en jou lewe te waag vir die boodskap wat jy bring.

Vos (1994a:42) gaan verder en noem dat in 'n preek elke swak- en sterkpunt van 'n prediker duidelik word. Niks kan weggesteek word nie, alles word sigbaar: sy/haar hermeneutiese en eksegetiese vaardighede, vermoë om die teks van toepassing te maak op die elke dag se bestaan, hantering van taal, kommunikatiewe vaardighede sowel as sy/haar empatie en verstaan van die gehoor.

Predikers kan ook soms bang voel vir hul hoorders. Heel waarskynlik oor dit wat reeds genoem is. Kritiek oor 'n persoon se prediking is soms moeilik om te hanteer. So sal 'n prediker wat tydens 'n preekwerkgroep baie negatiewe kommentaar gekry het, dalk nie gou weer so 'n groep op die been bring nie. 'n Bespreking van die preek kan ook maklik ontaard in 'n gesprek oor die prediker. Dit wil soms voorkom of predikers eerder verkies om op die kansel te staan as om self 'n luisteraar te wees (Stark 2005b:93).

'n Leraar in 'n groeiende gemeente het nie nodig om 'n charismatiese superster te wees nie. Daar is egter groeiende bewys dat 'n leraar van 'n groeiende gemeente 'n duidelike visie moet hê van waarvoor hy/sy glo dat God die gemeente geroep het (Arn 1997:43).

Sweazy (1976:235-236) meen dat 'n prediker sy/haar eie teologie duidelik moet kan omskryf om in staat te wees om die gemeente te begelei. Teologie kom van die Griekse woorde *theos* (God) en *leigon* (praat). Dit sou dus omskryf kan word as God-praat. Daar is vandag soveel strominge in die teologie wat groot verwarring kan veroorsaak. 'n Prediker wat onseker is kan nie leiding gee nie. Die gemeente het 'n prediker nodig wat die vreemde, moeilike woorde van die Bybel kan interpreteer in die bekende taal van die daaglikse lewe. Die teologie van 'n prediker word gewoonlik gevorm deur studies en self-ervaring.

In die Kerkspieël van 2004 (Schoeman & Bisschoff 2004:124-126) is 'n vraeboog aan predikante van die NG Kerk gegee en verskillende teologiese posisies is aan hulle voorgedra. Die verskillende tiperings is nie in die vraeboog gedefinieer nie, daarom moes respondente bloot op die "klank" van sekere woorde aandui wat hul posisie is. Op elke tipering kon die respondent antwoord met "beslis", "tot 'n mate" of "glad nie."

Watter van die volgende tiperings pas die beste by jou?	Beslis (%)	Tot 'n mate (%)	Glad nie (%)
Evangelies	64.3	32.2	3.5
Gereformeerd	82.2	16.1	1.7
Fundamentalisties	5.4	28.1	66.5
Liberaal	8.0	37.0	55.0
Pentekostalisties	1.9	23.5	74.6
Charismaties	6.1	38.9	55.0
Vernuwend	60.6	36.8	2.6
Nuwe Hervorming	2.4	8.7	88.8

Hiervolgens is daar 'n sterker aanduiding dat respondente hulle "glad nie" as deel van die "nuwe hervorming" (88.8%) beskou nie, terwyl respondente hulself eerder as Gereformeerd (82.2%) sien.

Hierdie tabel gee 'n goeie aanduiding van identiteit. Predikante beskou hulself tegelyk gereformeerd, evangelies en vernuwend (Schoeman & Bisschoff 2004:125-126).

Die spiritualiteit van die pastor en sy/haar taak as geestelike begeleier is nou met mekaar verweef. Die een voed die ander en die een loop uit op die ander. Elke predikant moet voortdurend bewus bly van die risiko om net beroepshalwe en professioneel met die Woord van God om te gaan. Daarom is aandag aan sy/haar spiritualiteit baie belangrik (Wagner-Ferreira 2005:82).

Predikante leef in 'n tradisie waar hul geleer en ingeoefen word om die Woord rasioneel te hanteer. Daarom is dit noodsaaklik om ook aan die ander elemente van omgang met die Woord aandag te gee. Die bekende "Lectio Divina" is hier van groot hulp (Bisschoff 2005:14). Dit behels die volgende vier sake:

1. Lectio – Die hardop lees van die Woord (verkieslik twee keer).
2. Meditatio – Om vrae soos: "Wat in die teks trek jou aandag en waarom?" te bepeins.
3. Oratio – Om dit wat jou tref in woorde van die hart vir God in gebed te sê.
4. Contemplatio – Om in stilte te sit. Laat die wete dat God jou dra, jou vul.

Vanuit hierdie bewuswees van God in sy/haar eie lewe is die predikant meer sensitief vir sy/haar reisgenote se omgang met die Here.

Die prediking kan nie geskei word van die persoon van die prediker nie. God werk deur mense. Ek kommunikeer. Nie net wat ek sê nie, maar wie ek is, kommunikeer. Persoonlikheid kommunikeer. Die totale mens wat "ek is", is

voortdurend by die preekgebeure betrokke. Natuurlik werk God deur die Heilige Gees in die prediker, maar die persoon van die mens is onlosmaaklik deel van die gebeure (Nel 2001a:39-41; Stott 1982:266).

Soms wil dit voorkom of daar spanning is tussen die menslike element en die Goddelike kant. Vir sommiges is die prediker se kommunikasievermoë die belangrikste faktor wat die hoorder oortuig. Ander weer lê klem op die Goddelike kant en is van mening dat prediking niks anders is as God se Woord waarvoor Hy alleen verantwoordelik is om dit doeltreffend te maak vir die hoorder nie (Joubert 2005:38-39).

Een van die versoekings waarvoor gemeentelidmers kan swig is om hulle priesterlike rol te verruil vir die van programmeerder. Gemeentes wil eerder leiers hê wat in 'n persoonlike, intieme verhouding met God is (Die Kerkbode 9 Junie 2006:8-9).

Geestelike leiers weet dat hulle verskil van sekulêre leiers omdat hulle voortdurend uit 'n bepaalde Kragbron leef. Om dus daaglik tydens tyd met God deur te bring in gebed en gemeenskap met Hom is ononderhandelbaar. Leraars behoort die werking van die Heilige Gees in hulle lewens te koester. Die feit dat hulle onder beheer van die Heilige Gees staan, gee selfbeheersing en emosionele balans in hul lewens. Dit is ook nodig dat goeie leiers beseft dat hul grootste funksie is om die beeld van Christus aan ander te vertoon. Hoewel hulle weet dat hul eie karakter en integriteit onverhandelbaar is, is hulle ook diep bewus van hul eie broosheid en daarom diep afhanklik van die Here. Predikante moet aan die een kant 'n leerbare gees hê, maar ook duidelike, helder koers aandui. Hulle moet goeie bestuurders wees maar veral geestelike leiers (Die Kerkbode 9 Junie 2006:9; vgl. Cilliers 2002:34).

Dit is noodsaaklik dat die prediker goeie selfkennis moet hê en moet weet wat sy/haar verhouding met die Here is. "Self-analysis gives one insight into one's strengths, limitations and biases" (Hogan 2005:103). Dit sal die prediker groter vryheid gee om sy/haar werk te doen, ongeag wat die beeld is wat die gemeente van hom/haar het en verwag.

12. BEELDE VAN DIE PREDIKANTE

Spore van die postmodernisme word oral in kerke en gemeenskappe waargeneem. Kerkgangers voel meer “homeless” in die “post-denominational era.” Kerkleiers erken dat hulle meer onseker is oor wat presies hul rol en verantwoordelikhede is in die tyd (Lose 2003:1-2).

Die meeste predikante het 'n idee van wie hulle is en wat hulle behoort te doen. Daar is dus bepaalde beelde of idees wat in die gemoed van die leraar leef van hoe hy/sy dink wat van hulle verwag word as predikante (Long 1989:23). Wat ookal die beeld is waaraan hulle vashou, dit het bepaalde invloede op die hele bediening. Homiletici het die volgende algemene beelde onder leraars geïdentifiseer:

- BoodsAPPER;
- Pastor;
- Verteller.

Die beeld van die boodskapper, beteken dat hoewel die prediker die woorde uiter van die preek, dit God is wat dit proklameer (bekend maak). Die doel van die prediking is dan om die Stem agter die stem van die prediker te hoor. By hierdie beeld is die geloof ingebou dat prediking baie meer is as wat dit op die oppervlakte lyk. Predikante se strewe behoort nie te wees om beter of mooier preke te lewer nie, maar eerder om meer getrou te wees aan die boodskap wat hulle vanuit die Skrif kry (Long 1989:25).

Die prediking van die pastor se perspektief is daarna om die hoorders voordelig te verander. Dit poog om mense te help om sin in die lewe te vind. Waar die boodskapper net getrou aan die teks wil bly, sal die pastor kommunikasie tegnieke bemeester om verandering by die hoorders uit te lok (Long 1989:31).

Die verteller is net so getrou aan die Woord soos die boodskapper en ter selfde tyd net so sensitief vir die mense se situasie soos die pastor. Om die twee deugde saam te voeg, gebruik die verteller dan verhale (Long 1989:37).

Die meeste leraars sal waarskynlik nie in een van die drie groepe ingedeel wil word nie, maar hulself eerder as 'n kombinasie van al drie sien. In sekere omstandighede sal dit waarskynlik beter wees om 'n boodskapper te wees, terwyl daar ander geleenthede is waar die verteller 'n groter effek sal hê. Verder voeg Long (1989:41) nog 'n beeld van die prediker hier by, naamlik die beeld van die prediker as getuie.

13. SKRIFBESKOING VAN DIE PREDIKER

Cilliers (2003:22) is oortuig daarvan dat daar niks is wat predikers se prediking so bepaal as juis hul Skrifbeskouing nie. Of predikers hierdie feit nou eksplisiet verwoord en uit hierdie oortuiging preek en of dit meer implisiet agter hul prediking lê, hierdie verband is daar en kan gewoonlik uit die prediking afgelees word.

Na die uitstorting van die Heilige Gees het Petrus begin preek. Die apostels het aangehou preek totdat evangeliste, herders en leraars by hulle oorgeneem het. Die inhoud van hierdie prediking was die woorde en dade van God se heilsweg met mense uit die Ou Testament, en die woorde en dade van Jesus Christus soos dit neerslag in die Nuwe Testament gekry het (Pieterse 2001:18).

Die prediking is vir baie lank tradisioneel beskryf as 'n beweging "van die teks na die preek." Die basiese gedagtegang hieroor was op die oog af redelik eenvoudig. Dit kan beskou word dat dit die prediker se taak is om die eeue oue kloof tussen die antieke Bybelse Teks en die huidige hoorder of leser te oorbrug. Dit word gedoen deurdat die prediker met korrekte eksegeese die sentrale boodskap of tema van die teks moet vasstel en met so min inmenging (inlegkunde) moontlik dit aan die hoorders oordra en op hulle van

toepassing maak. Dikwels word hierdie toepassing niks anders as 'n gedwonge analogie tussen historiese en kontemporêre situasies nie (Cilliers 2003:20; vgl. Vos 1999b:121).

Hierdie manier van prediking het dikwels 'n stereotipe moralistiese toevoeging wat daarmee gepaardgaan. So 'n preek kan dan ontaard in 'n geykte uiteensetting van beginsels, toepassing en ook vermaning (Cilliers 2003:20).

Predikers mag nooit agter die siening dat die Bybel die “onfeilbare Woord van God is”, wegkruip en so te lui wees om eksegeese te doen nie. Om te preek beteken dat daar harde, wetenskaplike, eksegetiese, linguistiese en hermeneutiese werk aan die teks gesit word. Die Bybel is die boek waarin God self in mensewoorde aan die woord kom. Daarom is die prediking van hierdie Woord nie net die deurgae van informasie oor die verlossing nie, maar deel van die verlossende handeling van God self. Iets van die wonder van die Skrifgeworde Woord en ook die Mensgeworde Woord skyn af op die prediking. In die werklikheid van die mensewoorde klink die werklikheid van God se Woord op. Dit beteken dat predikers die Skrif as menslike en goddelike dokument ten volle moet honoreer (Cilliers 2003:26-27; vgl. Vos 1999b:120-122; Lion-Cachet 1995:33-35).

Predikers tree op as tussenganger tussen God en mens. Long (1989:21) vra: “Can preaching really be learned?” Dit is 'n vraag of die vermoë om te preek nie 'n gawe is waarmee 'n mens gebore moet wees nie. Prediking vereis gawes soos 'n sensitiwiteit vir menslike nood, 'n onderskeiding tussen geloof en lewe, 'n oor wat luister na die Skrif, deernis, 'n groeiende geloof en die moed om die waarheid te vertel. Hierdie eienskappe kan nie in 'n klaskamer aangeleer word nie. Die wat dit egter het kan leer om dit in prediking te gebruik. In kort kan gesê word dat daar heelwat is van prediking wat ook aangeleer kan word.

Die doel van die prediking is om 'n ontmoeting tussen God en mens tot stand te bring. Hierdie ontmoeting vind plaas in die ruimte van die verbond. Wanneer mense die boodskap uit die Bybel hoor, kan mense 'n ervaring met

God hê. So 'n ontmoeting bring verlossing, heil, 'n nuwe lewe, nuwe hoop en inspirasie. Mense sien dan gewoonlik die lewe in 'n ander lig en 'n nuwe perspektief. Die mens sien die lewe deur God se oë (Pieterse 2001:18; vgl. Vos 1996c:145).

In die preek kom die persoon van die prediker se spiritualiteit ook na vore.

14. SPIRITUALITEIT

14.1. 'n Teologiese omskrywing van spiritualiteit

Die begrip “spiritualiteit” is vandag hoog in die mode. Die betekenis wat daaraan geheg word, is nie altyd sonder meer duidelik nie omdat dit nie altyd in dieselfde sin gebruik word nie. “It may cover all sorts of ideas and notions” (Van Dam 2005:12).

In die algemeen kan gesê word dat dit na die geestelike lewe van die mens in sy verhouding met God verwys. Spiritualiteit word ook gebruik as omvattende aanduiding van die beoefening van die omgang met God in gebed, meditasie, geestelik dissipline en 'n geheiligde lewenswandel (Jonker 1989a:288).

Spiritualiteit, of vroomheid, is 'n algemeen menslike verskynsel en hoegenaamd nie 'n spesifiek Christelike saak nie. Religieusiteit, mistiek, askese, ensovoorts, kom ook ver buite die kring van die Christendom voor. Dit mag selfs wees dat die vroomheidspraktyke binne 'n bepaalde gestalte van die Christendom sterker beïnvloed is deur hierdie algemene religieusiteit as deur die evangelie self. Deur die eeue heen is Christelike gemeenskappe en individuele gelowiges dikwels besonder bekoor deur sekere vorme van hierdie algemene godsdienstigheid. Hierdie ervarings word die bril waardeur die Bybel gelees word, met die gevolg dat hierdie soort vroomheid weer in die Bybel self ontdek is as die (normatiewe) gestaltes van die Christelike lewe self (Smit 1989:87; vgl. Rademeyer 2007:32-33).

Spiritualiteit is 'n baie moeilik-definieerbare term, omdat dit soveel verskillende betekenisse en assosiasies (positief en negatief) het. Dit verwys na begrippe soos: toewyding, aanbidding, mistiek, innerlikheid, vroomheid, godsdienstigheid, of sommer die Christelike of die geestelike lewe as geheel (Calitz 2004:63; Van der Spuy 2004). Spiritualiteit hou nie alleen verband met die vorm of styl van geloof nie maar vloei ook voort uit die inhoud daarvan (Wethmar 2004:1).

Jonker (1989a:288) gee die volgende as definisie vir spiritualiteit: “Die moderne begrip spiritualiteit verwys na vroomheid in hierdie sin, dit wil sê na die beleweniskant of ervaringskant van die religie, of nog breër gestel, na die subjektiewe kant van die religie. Ons sou dit kon weergee met geloofsbeleving, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk.”

McGrath (1999:4) beskryf die Christelike spiritualiteit soos volg: “Spirituality is a useful term to describe how, individually and collectively, we personally appropriate the traditional Christian beliefs about God, humanity and the world, and express them in terms of our basic attitudes, life style and activity.”

Wanneer daar oor spiritualiteit gepraat word, word daar onder andere gekyk na wat in die werklike ervaring van die mense gebeur. As dit oor die erediens gaan word daar nie gefokus op die geloofsinhoude wat oorgedra word nie, maar op die vraag wat in die teenwoordiges se ervaring gebeur. Die een kan die gebeure intens beleef, 'n tweede kan 'n rustige belewenis hê van wat aangaan en 'n derde kan in 'n sieleslaap gesus wees. Die diepste dimensie van die ervaringsvlak is dat God die Aanwesige en Besige is, aan die werk om elkeen individueel, en die gemeente, te omarm om sy beeld toenemend te vertoon. Afhangend van persoonlikheid en omstandighede het Hy in elke mens 'n unieke werkswyse (Nicol 2004:1).

Die kerk moet die noue verband tussen spiritualiteit en teologie, geloof en rede, kritiese teologie en geloof koester en as't ware in balans hou. Hierdie

fyn balans beklemtoon die vreugde van verstaan en gemeenskap met God (Le Roux 2004:1-4).

Volgens Smit (1989:87-90) word spiritualiteit bepaal deur te probeer vasstel wat die eiendomlike aksente, voorkeure, praktyke, prioriteite, ensovoorts van 'n spesifieke tradisie of gemeenskap is. Dit kan bepaal word deur na die volgende te kyk:

- Kyk na die verskillende religieuse oefeninge of handeling wat op die voorgrond tree.
- Kyk na die stempel wat siklus en gemeenskap op die betrokke vroomheid afdruk.
- Kyk hoe die verskillende vroomheidstipes fokus op die onderskeie Christelike simbole of leerstukke.
- Kyk na die religieuse motiewe wat as dryfvere of doelwitte funksioneer in die verskillende tipes spiritualiteit.
- Kyk na die wyse waarop die verskillende verhoudings waarin mens leef, beklemtoon, nagelaat of voorgestel word.

Wanneer 'n mens dan probeer om 'n bepaalde spiritualiteit te beskryf, kan dit klaarblyklik nie net gaan om die innerlike, eg persoonlike vroomheid nie. Die verskil is nie alleen van mens tot mens, binne dieselfde tradisie nie, maar ook ontoeganklik vir ander mense se waarneming en beoordeling. Dit lyk of dit eerder gaan oor die wyse waarop die Christelike lewenswyse as die omgang met God en die uitlewing daarvan in die alledaagsheid in 'n spesifieke tradisie of geloofsgemeenskap gestalte kry, vorm aanneem en sigbaar word (Smit 1989:86; Van Wyk 1995:245; Burger 1999:4-5).

Die reformasie het geensins die opruiming van die spiritualiteit van die Christelike kerk as sodanig beteken nie, maar eerder 'n suiwering daarvan. 'n Mens sou selfs kon sê dat die Reformasie gebore is uit 'n diep geestelike ervaring en nie in die eerste plek 'n teologiese beweging was nie. Dit was 'n nuwe vorm van spiritualiteit wat homself verstaan het as 'n suiwerder vorm van lewe voor die aangesig van God (Jonker 1989a:292; Schulze 1995:11-13).

Die reformasie is gebore uit Luther se worsteling om tot vrede te kom voor die aangesig van die toornige God. Al die Reformatore het dit op die ry af as 'n bekering ervaar om tot insig in die evangelie van Gods genade te kom. Hierdie nuwe insig in die evangelie het egter nie beteken dat hulle totaal buite die vroomheidstipe van die Christendom te staan gekom het nie. Trekke van die spiritualiteit van die Patres, Augustinus, die Middeleeue, die Katolieke Kerk, die mistiek en met name die *devotio moderna*, speel ook in die Protestantisme 'n rol. Bernhardus van Clairvaux met sy spesifieke vroomheid het byvoorbeeld 'n groot invloed op die gereformeerde tradisie uitgeoefen. In sy geheel is die protestantse spiritualiteit met duisend bande verbonde aan die hoofstroom van die algemeen-Christelike vroomheid (Jonker 1989a:292; vgl. Van Wyk 1995:242-244).

Calvyn se werk is heeltemal gerig op die bevordering van die ware godsvrug. Vir hom is geloof onbestaanbaar sonder vroomheid. Groot dele van die *Institusie* word gewy aan vrae wat die praktiese vroomheid raak. Gebed neem 'n belangrike plek by Calvyn in. Sy werke, veral ook sy kommentare, adem 'n gees in van vroomheid en diepe eerbied vir God (Jonker 1989a:292; vgl. Van Wyk 1995:243).

Die teologie van die Reformatore was nie naas hulle vroomheid, soos dit later in die serebrale era van die ortodoksie ontwikkel het nie, maar was in wese stigtelik en direk afgestem op die praktyk van die godsaligheid. Dit is hierdie soort klimaat wat ook in die Heidelbergse Kategismus waargeneem word (Jonker 1989a:292).

Wesenlik vir die reformatoriese vroomheid is die besef dat dit in ons vroomheid primêr om God gaan, nie in die eerste plek om onself nie. Die eer van God, die verheerliking van God, die aanbidding en lofprysing van God – dit is die hoofsaak waarom dit in die Christelike spiritualiteit gaan. Hierdie besef deel Luther en Calvyn met die ganse Christendom, veral met die mistiek wat altyd die aksent daarop laat val het dat die mens se hele strewe op God gerig moet wees. Die mens moet bereid wees om die eer van God te soek met die oorgawe van sy hele lewe, selfs al sou dit beteken dat Gods eer gedien sal word deur die verdoemenis van die mens vanweë sy sonde (Jonker 1989a:293-294; vgl. De Klerk 1999:28).

Die wonder van Gods openbaring is juis dat die eer van God en die heil van die mense nie teenoor mekaar staan nie, maar dat God tot sy eer wil kom in die redding en die heil van mense. Daarom ken die Reformasie nie 'n diens aan God wat losgemaak kan word van die evangelie van Gods genade nie. Juis hierdie evangelie van Gods genade maak die lof en aanbidding van God vreugdevol en vry. Volgens die evangelie van die genade is dit immers nie die mens wat deur sy toewyding of opofferings 'n toegang tot God soek nie, maar is dit God wat in sy uitverkiesende liefde Homself reeds in Christus aan ons geskenk het. Dit plaas al die elemente van die Christelike spiritualiteit binne 'n nuwe kader (Jonker 1989a:294; De Klerk 1999:28-29).

Die genadige inisiatief van God, veral ook die leer van die uitverkiesing, bring die regte ruggraat in die vroomheid. Dit maak dit vry van alle elemente in die strewe van die mistiek wat openlik of heimlik elemente van verdienstelikheid bevat het. Dit maak die mens ook vry van die drang tot die mistieke wegsyfering voor of eenwording met God. Dit vervul hom met heilige ontsag voor Gods genade en teenwoordigheid, maar gee hom ook die moed om as mens voor God te staan in dankbare beaming van Gods beloftes en om te rus in sy guns (Jonker 1989a:294; Vos 1996c:125).

Die beslissende verskil tussen die spiritualiteit van die mistiek en die reformatoriese vroomheid is dat daar by laasgenoemde geen sprake meer is van 'n Woordlose omgang met en selfs opgaan in God wat die kern van veel

van die mistieke vroomheid gevorm het nie. Hier staan die Skrif as die Woord van God tussen God en die mens. God kom deur sy Woord en Gees tot die mens. Wat in die meditasie van die reformatoriese gelowige gebeur, is nie 'n indaal in die dieptes van sy eie siel en die stilte nie. Dit is ook nie die luister na die innerlike lig van homself as 'n Goddelike vonk aanwesig nie. Dit is die luister na die Woord van die Skrif, nabid van die Skrif – nie 'n uitsien na buitengewone openbarings van die Gees of 'n konsentrasie op die innerlike openbarings nie (Jonker 1989a:294; vgl. Van Wyk 1995:248).

Op hierdie punt merk ons die verskil met die spiritualiteit van die Anabaptisme, wat hierin baie nader aan die Middeleeuse mistiek bly staan het. By die Anabaptisme is die innerlike lig 'n groot faktor. Nie die Woord alleen nie, maar die direkte openbaringe deur die Gees is vir die Anabaptis belangrik en self 'n bevestiging van die egtheid van sy omgang met God. Die letter maak dood, maar die Gees maak lewend – dit is vir die Anabaptis van buitengewone ervaringe, van wonders, van ingewings en visioene, van ekstase (Jonker 1989a:294-295).

Hier word ook die verskil met die spiritualiteit van die Katolieke tradisie waarin die priester en die kerklike liturgie bemiddelend is, uitgelig. Vir 'n Protestant staan die prediking sentraal in die heilsbemiddeling. Selfs die sakramente is sigbare woorde. Die liturgie kry in die Protestantisme 'n sober karakter, want dit draai om die Woord. Die Woord is egter ook teenwoordig in die huiskamer en binnekamer. Hierdie direkte toegang tot die Woord maak die hele religieuse en kerklike lewe anders. Die kerkgebou word anders gesien, nie meer as 'n heilige plek nie, maar as 'n vergaderplek. Die gebed hoef nie noodwendig daar plaas te vind nie. Dit kom ook in die huiskamer en die binnekamer. Die hele lewe word *coram Deo* geleef en die kerk as heilsinstituut word verander in die kerk as gemeenskap van die gelowiges (Jonker 1989a:295; Burger 1999:4-5). In God se teenwoordigheid, *coram Deo*, word skuld raakgesien en herken as versteuring en krenking van die verhouding met God en naaste (De Klerk 1999:28).

Binne die gereformeerde tradisie word daar ook aan die persoonlike belewingskant van die vroomheid aandag bestee. Naas die dorheid van die ortodoksie bloei daar reeds van vroeg af 'n sterk gevoelsmatige vroomheid op wat veral in Engeland met die praktiese aard van die Engelse godsdienssin verbonde raak. Dit kry beslag in die opkomende Puritanisme en oefen 'n wye invloed uit in Nederland, maar ook in ander Europese lande. In die tyd van die Dordtse Sinode is die *praxis pietatis* reeds wyd versprei, en dit vind ook neerslag in die Canones. Die konventikel-vroomheid bloei in die tyd na Dordt sterk op en dit vloei oor in die bewegings van die nadere Reformasie en latere Reveil wat 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en die spiritualiteite in ons land gehad het (Jonker 1989a:292).

14.2. Gereformeerde Spiritualiteit

In die gereformeerde spiritualiteit is daar altyd ruimte vir die persoonlike geloofservaring wat alleen dan sy Bybelse karakter behou wanneer dit gehandhaaf word in die lig van die heilswerklikheid wat Christus buite ons tot stand gebring het. Die bekende eksklusiwiteitsuitsprake van die Hervorming (*sola Scriptura, sola fide, sola gratia, solo Christo*) vorm in hul onderlinge verhoudinge die koördinate in terme waarvan 'n reformatoriese spiritualiteit teologies verantwoord kan word. In 'n teologiese beskrywing van die gereformeerde spiritualiteit het die leer oor die duidelikheid van die Skrif (*claritas scripturae*) en die daarmee korrelerende leer oor die geloof as integrasie van die onderling samehangende dimensie van kennis, vertroue en gehoorsaamheid steeds 'n belangrike rol gespeel (Wethmar 2004:III – IV; vgl. Burger 1999:2).

Die indruk bestaan soms by onkundiges dat gereformeerdes eintlik nie vroom mense is nie omdat dit vir hulle hoofsaaklik om die dogma gaan, veral om die leer van die soewereiniteit van God, die leer van die verlossing uit genade alleen en die leer van die uitverkiesing en verbond as die diepte dimensie daarvan (Jonker 1989a:291). Heitink (1993:254-255) meen egter dat religieuse ervaring altyd 'n religieuse verwysingskader veronderstel. Iemand

wat die Bybel as refleksiekader het, kan byvoorbeeld met Abraham identifiseer wat 'n radikale breuk gemaak het en ook op 'n bepaalde moment in sy lewe 'n religieuse deurleefde keuse maak. Die keuse kan meebring dat die persoon op die Bybelse belofte sal vertrou dat God hom sal seën. So word 'n bepaalde ervaring 'n religieuse ervaring.

Dit lyk van buite af asof hierdie dogmas daartoe lei dat gereformeerdes wel stoere verdedigers van die suiwere leer is, maar weinig ken van die vreugde van diegene wat daarop aandring dat die Christen 'n definitiewe krisis en breuk in sy lewe moet ken, 'n aanwysbare oorgang uit die duisternis na die lig en 'n bewuste ervaring van 'n moment van oorgawe aan God. Daardeur sou dit kom dat gereformeerdes so konserwatief, streng en wetties in leer en moraal word, stug en onwillig om oor eie geestelike ervarings te praat, formeel in hulle godsdiensoefeninge, gebede en liedere, en wegstrem van die openbaring van godsdienstige emosie en die blydschap van die geloof (Jonker 1989a:291; Heitink 1993:254-255).

In die gereformeerde teologie en spiritualiteit is daar egter ook plek vir bekering en egte, innige geloofsekerheid in 'n persoonlike verhouding met die Heer. Dit loop uit op die heiligmaking en die strewe tot gehoorsaamheid. Die wet kan hier as riglyn vir dankbaarheid gebruik word.

Sterk klem word daarop gelê dat die mens se hele lewe geleef moet word voor die aangesig van God, *coram Deo*. Daarom neem lof en aanbidding van God ook 'n sentrale plek in die gebed in. In die gereformeerde spiritualiteit is daar plek vir die gebed van die liefde in onderskeiding van die gebed van geloof, waarmee gesê is dat die gereformeerde spiritualiteit ruimte wil maak vir 'n verkeer van die mens voor die aangesig van God waarin hy wegkyk van homself en net in verwondering en aanbidding gerig is op God as die voorwerp van sy liefde (Jonker 1989a:294; Burger 1999:4-5; Van Wyk 1995:245).

As 'n lewe uit die genade is die gereformeerde spiritualiteit heeltemal gerig op die objektiewe heilsgawe van God in Christus. Dit beteken dat die heil

verstaan word as iets wat van buite onself kom en wat alleen uit genade, louter vanweë Gods vrye guns ontvang word. In die klassieke Nagmaalsformulier word dit meesterlik verwoord in die uitspraak dat ons nie na die nagmaal van die Here kom omdat ons meen dat ons in onself sonder sonde is nie, maar omdat ons ons lewe buite onself in Christus soek (vgl. ook Jonker 1989b; Jonker 1989a:295; Vos 1996c:104-105).

Dit beteken dat die heil vir die gereformeerde nie iets is wat in die eerste instansie in homself subjektief aanwesig is nie, maar iets is wat in Christus veilig en vas lê. Ons geloof, ons bekering, ons strewe na heiligheid is wel belangrik, maar dit is nie die grond van ons heil nie, maar die weg waarlangs ons begin lewe in die heil wat eens en vir altyd volmaak in Christus aan ons geskenk is en vir ons bewaar word. Die regverdiging en heiliging van die verlose is nie soseer iets wat analities vasstelbaar is in sy eksistensie nie, maar dit is oordele van God wat in Christus oor hom gevel is en daarom ten volle van hom geld (Jonker 1989a:295; vgl. Van Wyk 1995:38-39; Van der Ven 1990:18).

Hierdie kern van die reformatoriese vroomheid is uiteraard vir misverstand vatbaar, veral vir die misverstand dat dit 'n evangelie van goedkoop genade sou wees. Vir die reformatoriese verstaan van die heil is dit egter geensins die geval nie, omdat besef word dat die heil wat van buite deur Gods genadewerk ons deel word, natuurlik nie ons bestaan onaangeraak laat nie. Dit roep ons self op tot die hoogste aktiwiteit. Dit skakel ons verantwoordelikheid in. Dit verplig ons tot 'n aflê van die sonde en 'n opstaan tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Maar dit alles is die vrugte van die heil, nie die voorwaardes daarvoor nie. Dit beteken dat die spanning daaruit weg is. Die fokuspunt van die reformatoriese spiritualiteit is nie die eie geloof of bekering nie, maar die vrye genade van God (Jonker 1989a:295; De Klerk 1999:28-29).

Wanneer hierna gekyk word, kan die vraag gevra word: Watter spesifieke handeling of gebruike staan sentraal binne die gereformeerde spiritualiteit of vroomheid? Dit wil voorkom of dit nie oral dieselfde inhoud of gestalte het nie

en of daar verskeie aksente is. Tog lyk dit of die klem op die volgende val volgens Smit (1988:186):

- Die **Bybel** (en daarom ook die prediking, wat die gereformeerde liturgie, kerkgebou, kerkversiering, musiek en houding teenoor kuns beslissend gestempel het, asook op Bybelstudie in verskillende vorme, byvoorbeeld as teologie, in die kategismus en persoonlik.)
- **Gebed** (meestal vrye gebed, waarin skuldbelydenis en betuiging van afhanklikheid 'n groot rol speel, asook dank vir genade, krag en hulp, by Calvyn self grootliks geskoei op die Psalms.)
- **Lering** (wat dikwels 'n soort intellektuele karakter verleen het, maar waarin die uitleg van die wet van God, en gevolglik die navolging en gehoorsaamheid, insluitende die getrouheid in die alledaagse roeping, 'n belangrike plek ingeneem het.

Daar sou dus gesê kon word dat die gereformeerde spiritualiteit leef in die bewussyn dat mense voortdurend te make het met die lewende God self. In hierdie verband word ander gereformeerde denke verstaanbaar, waaronder die teokratiese ideaal, die aangetrokkenheid tot die koninkryksidee, die heerskappy van Christus oor die hele lewe en die belang van die alledaagse of wêreldse roeping van die gelowiges (Smit 1988:187-189).

Die geloof is vir die gereformeerde nie slegs 'n bepaalde deug nie, maar word ook verstaan as inbegrip van die subjektiewe kant van die godsdienst as geheel, die menslike korrelaat op die volheid van Gods genade. Dit kan die geval wees, omdat geloof vir die Protestant tegelykertyd (in negatiewe sin) die volkome leegheid van die mens vir Gods genade is, en (in die positiewe sin) die menslike daad van die omhelsing van Christus en al sy weldade is. Tot die geloof in albei hierdie betekenisse roep die Bybel ons op. Die geloof is 'n geheimenisvolle vereniging van passiwiteit en aktiwiteit, die rus in Gods genade en die opstaan in gehoorsaamheid op Gods bevel. Die geloof is

tegelyk 'n gawe en 'n opgawe. Daarom is dit 'n misverstand om te dink dat die gereformeerde spiritualiteit tot passiwiteit lei, of dat daar geen ruimte vir die appél in die gereformeerde prediking is nie. Die lewe uit die genade hef nie die verantwoordelikheid van die mens op nie. Inteendeel, die genade bevry die mens tot die regte verantwoordelikheid, naamlik tot die gehoorsaamheid van die geloof wat beteken dat die mens moet lewe uit die heil wat in Christus geskenk is (Jonker 1989a:296; vgl. De Klerk 1999:30).

Daarom dra die gereformeerde spiritualiteit wesenlik die karakter van geloofsbeleving, geloofservaring, geloofswandel en geloofsomgang met God. Die Heilige Gees werk die volle heil in die lewe van die gelowige uit, maar Hy doen dit langs die weg van die geloof waardeur ons aan Christus verbind word om in gemeenskap met Hom te lewe. Vroomheid is nie iets naas die geloof nie, maar die geloofsomgang met God en geloofsgehoorsaamheid self. Dit is 'n lewe uit geloof wat opkom uit die vernuwende werking van die Heilige Gees (Jonker 1989a:296; Vos 1996c:102).

Spiritualiteit het op die wyse ook alles te make met heiligmaking. By Calvyn is heiligmaking die doel waarop alles afstuur. Die uitverkiesing, die regverdiging, geskied met die oog daarop dat die gemeente van Christus heilig en onberispelik voor Hom in liefde moet lewe (Ef 1:3-4). Daarom is die verlossing deur geloof nie alleen 'n passiewe rus in die genade nie, dit is ook die aktiewe wandel in die weg van die bekering en heiliging. Dit is in hierdie verband dat ons die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit op 'n besondere wyse leer ken (Jonker 1989a:296-297; vgl. Vos 1996c:99-100).

Op die voetspoor van Calvyn verstaan die gereformeerdes die heiliging primêr as 'n lewe van boete, bekering, selfverloëning, die kruisiging van die self en die oordenking van die toekomstige lewe (Heidelbergse Kategismus, Sondag 33) (Handboek vir die Erediens 1991:212). Die rede hiervoor is die totale bedorwenheid van die menslike natuur. Die kwaad is nie iets wat in 'n eenmalige ervaring agtergelaat kan word nie. Dit neem 'n leeftyd om aan die sonde te sterwe (Jonker 1989a:296-297; Vos 1996c:99-100).

14.3. Verskillende vorme van spiritualiteit

In die gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk kan verskillende vorme van spiritualiteit voorkom. Die een behoort nie voorrang bo die ander te kry nie. Gemeentelede ervaar moontlik iets van al die spiritualiteite, maar daar is gewoonlik 'n oorwegende vorm van spiritualiteit by 'n persoon betrokke. Dit kan soos volg beskryf word (Du Toit 2000:168-170):

- **Evangeliese spiritualiteit**
Die Woord is die onfeilbare woord van God vir die mense. Daar word sterk klem op die lewe na die dood geplaas en die heiliging is vir hulle belangrik.
- **Charismatiese spiritualiteit**
Vir hierdie persone is die onmiddellike werk van die Heilige Gees baie belangrik en sang maak 'n groot deel van hul geloofsbeleving uit.
- **Sakramentele spiritualiteit**
Die Roomse, Ortodokse en Anglikaanse kerke maak deel uit van die spiritualiteit. Dit is gewortel in ou tradisies en gaan meer oor handeling as oor woorde. Die altaar en simboliese handeling is sentraal en hul lewens word dikwels volgens die sakramente georden.
- **Aktivistiese spiritualiteit**
Hierdie groep mense soek geregtigheid in die wêreld en dit is waarvoor hulle hul beywer.
- **Intellektuele spiritualiteit**
Vir hierdie gelowiges is die intellektuele integriteit van die kerk van groot waarde. 'n Kritiese gesindheid en selfs sinisme is kenmerkend van die mense en hul neem dikwels deel aan apologetiek

- **Asketiese spiritualiteit**

Geestelike dissiplines is 'n integrale deel van die mense se geloofservaring. Hulle hou van stiltes, afsonderings, eenvoud, gebed en meditasie. Om God te dien, is dit vir hul noodsaaklik om te onttrek uit die wêreld. Sterk klem word geplaas op die “eensame” ontmoeting met God.

14.4. Die spiritualiteit van die leraar

Om 'n leraar te wees verskil van enige ander profesie. Van Dam (2005:4) gee die volgende redes aan: “Because of an academic theological education and a spiritual hermeneutic and mystagogical competence.” Dit wil sê dat die leraar bemagtig en toegerus is om te luister na die Woord, die Skriftuurlike tradisies te koppel aan situasies wat nou relevant is en mense te lei om hulself oop te stel vir God wie hulle nie kan sien nie (vgl. Hendriks 2004:197).

'n Mens se herkoms en siening van sy-/haarself asook sy/haar kulturele konteks het 'n invloed op sy/haar spiritualiteit. Aan die een kant is die leraar die verteenwoordiger van piëteit. Dit word van hom/haar verwag om deur hul eie lewe te kan wys wat God kan doen in 'n mens se lewe. Aan die ander kant is die leraar self deel van 'n gesekulariseerde wêreld. Dan is daar ook die konteks van die kerk. Wanneer 'n leraar tuis is in 'n kerk mag dit ook 'n positiewe invloed op sy/haar spiritualiteit hê. 'n Negatiewe ervaring in die kerk kan juis die leraar dwing om nuwe rigtings in die spiritualiteit te ontwikkel (Van Dam 2005:7; Nel 2001a:14-15).

Die konteks of vorm waarin spiritualiteit uitgedruk word, kan in twee dimensies onderskei word:

1. The symbolic dimension of the relationship between God and man. (What sort of words and images do pastors

use in speaking about their relationship with God and about the question, who is God for them?)

2. The experiential side of spirituality. (In what way do pastors express their spirituality e.g. as to prayers (when, how, where) reflection, and involvement? Most pastors are more personal with God in the liturgy than in private prayer.

(Van Dam 2005:8)

Leraars raak diwels so oorlaai dat hul eie geestelike lewe daaronder ly. In 'n periode van uitbranding is die begeerte na God dikwels groter. Leraars behoort 'n keuse te maak sodat daar ruimte is vir hul eie geestelike groei (vgl. Dreyer 2003:86-87). Die Christelike tradisie se geestelike reis kan gekenmerk word deur drie fases:

1. 'n Mens moet eers vry kom van alle laste. Bekering van die ou weë is nodig (*via purgativa*).
2. Dan is daar 'n fase waarin die Bybel en tradisies nuut ontdek word (*via Illuminata*).
3. Die gevolg hiervan is dat 'n mens 'n lewe nader aan God leef (*via unitiva*) (Van Dam 2005:9-11).

Die spiritualiteit van die leraar het 'n besondere invloed op die prediking en die erediens. Juis daarom is dit noodsaaklik dat leraars tyd maak vir hul persoonlike spiritualiteit. Dit kan ook help om uitbranding te voorkom.

Na die bespreking van die konseptuele skrywe van die prediking en erediens sal daar vervolgens aan die empiriese navorsing aandag gegee word.

HOOFSTUK 3

KWALITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK

1. HOEKOM EMPIRIESE NAVORSING?

As wetenskap word die vak Praktiese Teologie vanuit 'n empiriese opvatting benader (Pieterse 1993a:52; Heitink 1993:105). Die studieveld is kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Hierdie kommunikatiewe verhouding is altyd verbind aan 'n spesifieke situasie. Die situasie kan verskil, maar behoort altyd in ag geneem te word (Pieterse 1990:235).

Binne die kommunikatiewe handeling is dit die ontmoetingsgestaltes van God en mens, en mens en mens, asook die oordrag en opbou van die Christelike geloof in kerk en samelewing wat bestudeer word. Uiteindelik moet hierdie studie die pastorale praxis bevorder in die lig van die eskatologiese dimensie van die Koninkryk van God. Alhoewel dit 'n Christelik-kommunikatiewe praxis vanuit 'n empiriese benadering bestudeer, is dit 'n teologiese vak met 'n eie teologiese identiteit. Hierdie empiriese benadering word vanuit 'n interpretatiewe paradigma beoefen. Interpretasie en verklaring kan binne 'n breë hermeneutiese raam maklik saamleef (Pieterse 1990:224-226; Pieterse 1993a:187).

Volgens Pieterse (1993a:25) werk die Praktiese Teologie as handelingswetenskap, met 'n empiriese metode (vgl. ook Heitink 1993:160-161, 212). In die teologie was daar tradisioneel basies drie metodologiese wyses waarop die teologie beoefen is, naamlik die histories-kritiese, literêr-kritiese en sistematies-kritiese metode. Die ontwikkeling in die Praktiese Teologie, na

die Tweede Wêreldoorlog, het 'n nuwe metode bygevoeg, naamlik die empiries-kritiese metode.

Empiriese ondersoekes geskied deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Noukeurigheid en geldigheid is van die uiterste belang. By die empiriese benadering is daar ruimte vir sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe ondersoekes binne die Praktiese Teologie, asook vir ander tipes, soos die teoretiese, historiese en literêre ondersoekes. Die empiriese metode is die sinvolste (Pieterse 1993a:25).

“In many forms of qualitative study, e.g. in grounded theory, the assumption is that data, carefully processed, can guide the researcher to understand specific phenomena and develop theory” (Alvesson 2002:2).

Alhoewel kritiek teen die benadering uitgespreek word, het daar in die laaste tyd al meer eenstemmigheid gekom. Wat vir die studie belangrik is, is Pieterse se poging om deur empiriese waarneming presies te probeer vasstel wat onder mense aangaan. Hierdie verskuiwing in die moderne homiletiek na die hoorders toe, is op die wyse bevorder (Van Wyk 2002:41).

Volgens Dreyer (1993:223-224) is daar drie redes waarom praktyk kennis (empiriese kennis) vir teorievorming in die praktiese teologie van belang is:

- Die eerste het te make met die feit dat kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie tyd-ruimtelik van aard is. Dit wil sê historiese, kulturele en sosiale veranderinge beïnvloed die kommunikatiewe praxis van die Christelike geloof.
- Tweedens is dit nodig vanweë die kloof wat daar tussen die normatief-etiese ideaal vir die kommunikatiewe praxis en die werklikheid van die konkrete situasie bestaan.
- Derdens is dit nodig wanneer daar aktief in hierdie praxis ingegryp moet word om dit nader aan die ideaal te bring.

In 'n persoonlike gesprek van die navorser met Prof. H. Pieterse het hy vertel dat Prof. J. Firt in 'n persoonlike gesprek met hom dit benadruk het dat 'n praktiese teoloog digby die praktyk moet teologiseer.

Vir die doel van hierdie proefskrif is die families se belewenis van die erediens noodsaaklik om te wete te kom. Daarom sal die families dus saamwerk om die eredienste nog meer te ontwikkel in 'n egte familie-erediens in die sfeer van die gereformeerde teologie. Dit is die hoofdoel waarom van kwalitatiewe empiriese navorsing gebruik gemaak is.

2. VERLOOP VAN DIE EMPIRIESE GEDEELTE VAN DIE NAVORSING

'n Kwalitatiewe ondersoek met onderhoude by families (gesinne) is gedoen. Die ondersoek het geskied volgens die interpretatiewe benadering in die kwalitatiewe ondersoek (vgl. Wester 1995:20). In die kwalitatiewe benadering is die doel onder andere om aanvanklike begrippe of konsepte volgens die betekenisverlening in die taal van die respondente uit hul leefwêreld verder te ontwikkel of tot nuwe teorievorming te kom (Wester 1995:17-18). In hierdie verruiming en vulling van die aanvanklike konsepte met 'n meer adekwate verhouding tot die werklike praktyk, moet die verstelde relasies van die konsepte tot teorie-vorming lei, wat 'n duideliker betrekking op die praktyk van die spesifieke konteks inhou (vgl. Wester 1995; Nell 1996:5-6).

'n Onwillekeurige steekproef is gedoen op die families in NG Gemeente A. Dit is 'n gemeente wat geleë is in 'n middelklas omgewing. Die gemeente is gekies, omdat daar 'n behoefte na vore gekom het na aanleiding van navorsing wat alreeds gedoen is (Wagner-Ferreira 2005). Met die gekose families is half-gestruktureerde onderhoude gevoer.

NG Gemeente A word verdeel in drie predikantsblokke en families uit al drie die blokke is by die ondersoek betrek. Die keuse vir die families wat vir onderhoude genooi is, is soos volg gedoen: Die eerste twee families

(besoekpunte), soos dit volgens die wykstelsel ingedeel is op die rekenaarprogram van die kerk, is vir 'n onderhoud genooi. Indien die eerste familie nie beskikbaar was nie, is die volgende op die lys gekontak.

Ten einde die vraag rondom die families te ondervang, behoort daar ten minste 2 generasies verteenwoordig te wees by elke familie. Daarom is besluit dat indien die familie (besoekpunt) net deur een generasie verteenwoordig word, die volgende familie op die lys wat uit ten minste 2 generasies bestaan, genader word vir 'n onderhoud.

Daar is met die familie 'n gesamentlike onderhoud gevoer. Die jongste kind is gevra om eerste te antwoord en daarna die ouer kinders waarop die ouers volg.

Met een van die eerste families waarmee 'n onderhoud gevoer is, was daar 2 kleuters wat nog nie in die skool was nie. Die inligting wat van hulle verkry is, was baie beperk. Daar was by 'n ander familie 'n kind van 7 jaar oud en ook sy bydrae was uiters beperk.

Na aanleiding hiervan, is besluit om met nog 'n familie 'n onderhoud te voer ten einde meer insette van die kinders te verkry. Daarom is daar met sewe families onderhoude gevoer in die NG Gemeente A.

Dieselfde ondersoek is ook by 'n ander NG Gemeente in 'n hoër middelklas omgewing gedoen. Die gemeente sal NG Gemeente B genoem word. NG Gemeente B is in 'n ander Ring as NG Gemeente A en ook nie betrokke by die Noordelike Sinode van die NG Kerk se taakspan vir families nie. Verder het die families met wie onderhoude gevoer is, ook uit 2 generasies bestaan. Die inligting wat vanuit NG Gemeente B verkry is, is vergelyk met dit wat in NG Gemeente A aangetref is. 'n Oordeelkundige steekproef is in NG Gemeente B geneem. Die leraar van NG Gemeente B is gevra om twee families aan te wys met wie onderhoude gevoer is.

3. LYS VAN KONSEPTE

Vir enige empiriese ondersoek moet daar vooraf, of ten minste aan die begin, begrippe geformuleer word met die oog op die empiriese ondersoek (Glaser 1978; Alvesson 2002:2). Waar daar egter bestaande teologiese teorieë vir die praktyk is moet daar vir verdere ondersoek altyd weer teologiese konseptualisering gedoen word waardeur rigting gegee word aan die vrae in die empiriese ondersoek.

Die vraagstelling vir die ondersoek is: Watter konsepte speel 'n sleutelrol by die inkleding van die erediens om dit as 'n familie-erediens in te rig met die uitsluitlike doel om die verskillende generasies wat die erediens bywoon 'n ontmoeting met God te laat beleef?

Vanuit die teologiese skrywes in die vorige hoofstukke, is die volgende konsepte gelys:

1. Verskillende generasies;
2. Preekwerkgroepe;
3. Persoon van die prediker;
4. Erediens as familie-erediens;
5. Prediking;
6. Musiek;
7. Gereformeerde spiritualiteit.

4. OMSKRYWING VAN DIE KONSEPTE

Die konsepte soos in hoofstuk 1 en 2 uiteengesit word hier weer kortliks gestel met die doel om die verband tussen die konseptualisering uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek aan te toon:

Verskillende generasies

Daar word baie navorsing oor die verskillende generasies gedoen. Volgens die generasie teorie word mense rofweg in generasies ingedeel op grond van karaktertrekke en kwaliteite. In verskillende wêrelddele word die groepe in verskillende tydgleuwe ingedeel.

Die klassifikasie is 'n veralgemening en daarom moet dit nie as die alfa en omega beskou word nie. So kan 'n generasie se belangstellings en behoeftes ook heelwat verskil, byvoorbeeld kinders van dieselfde generasie met sommige in die laerskool en ander in die hoërskool. Tog is dit sinvol om te veralgemeen, aangesien daar eienskappe en behoeftes is wat ooreenkom by spesifieke generasies. 'n Generasie beslaan normaalweg 'n periode van ongeveer 20 jaar.

Deur hierdie generasies se behoeftes van nader te bekyk word die prediker gehelp om hul leefwêreld en voorkeure ten opsigte van die erediens, en vir die doel van die studie spesifiek vir die familie-erediens, beter te verstaan. Verskillende generasies het dikwels uiteenlopende behoeftes en voorkeure. In die lig van die studie word hier spesifiek gedink aan musiek en sang, sowel as prediking.

Die generasies kan rofweg as volg ingedeel word:

GI:	Gebore tussen 1900 en 1920
Silent:	Gebore tussen 1920 en 1940
Boomer:	Gebore tussen 1940 en 1960
X'er:	Gebore tussen 1960 en 1980
Millennials:	Gebore tussen 1980 en 2000

Preekwerkgroepe

Kommunikasie vind plaas wanneer daar terugvoering aan die sender gegee word. Tydens die erediens is die kommunikasie hoofsaaklik in een rigting, naamlik van die prediker na die gemeente. Daar kan beperkte terugvoer plaasvind tydens die prediking deur die gesigsuitdrukkinge en liggaamstaal van die gemeente. Hierdie terugvoer is egter nie voldoende nie aangesien dit moontlik foutief “gelees” kan word deur die prediker.

Preekwerkgroepe help om die probleem aan te spreek. Dit kan verskeie vorms aanneem. Die prediker kan bloot ‘n uitnodiging rig aan enige persoon in die gemeente wat wil deelneem, om na die erediens agter te bly en die preek te bespreek. Hierdie metode sal waarskynlik nie baie suksesvol wees nie, omdat die groep dalk nie baie sal wissel nie. Dit kan die prediker onder ‘n wanindruk bring.

‘n Ander manier sou wees om op ‘n onwillekeurige wyse ‘n preekwerkgroep saam te stel wat verskillende generasies en belangegroepe in die gemeente verteenwoordig. Dit sal goed wees as verskillende families ook deel van die preekwerkgroep kan wees. Die preekwerkgroep kan ‘n preek wat reeds gelees is bespreek. Of hulle sou ook kan help met die aktualisering van die boodskap van die teks voor ‘n preek. Vir die bespreking van laasgenoemde kan die groep voorsien word van die preekteks en dalk enkele aantekeninge daarvoor. Die volgende vrae sou by so ‘n geleentheid bespreek kon word:

- Wat dink jy is die belangrikste boodskap van die teks?
- Watter verskil sal die boodskap aan jou maak?
- Hoe sal jy die boodskap toepas?
- Is daar iets waarmee jy verskil?
- Waaroor sou jy meer duidelikheid wil hê?

Mense wat deel is van ‘n preekwerkgroep raak aktief betrokke by die erediens. Hierdie gesprekke is dikwels vir die deelnemers ‘n besondere

geleentheid en die prediker kan dit ook gebruik om kennis oor te dra. 'n Spesifieke groep mense behoort nie permanent deel van 'n preekwerkgroep te wees nie. Hulle behoort van die begin af duidelik te verstaan dat hul betrokkenheid vir 'n beperkte tyd sal wees. Daarna behoort 'n nuwe groep lidmate weer by die preekwerkgroep betrek te word.

Persoon van die prediker

Die preekgebeure staan nooit los van die persoon en spiritualiteit van die prediker nie. Die leraar op die kansel is ook 'n mens van vlees en bloed, met 'n eie verhaal en worsteling met God. Al hierdie dinge het 'n invloed op hoe die prediker die boodskap van die Bybel kodeer.

Die egtheid van die prediker is een van die belangrikste vereistes vir goeie kommunikasie tydens 'n erediens. Dit kom duidelik in sy/haar liggaamstaal na vore. Die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die prediker dra by om 'n goeie verhouding met die lidmate te bou. Indien dit gebeur, het die boodskap wat die prediker bring groter trefkrag.

Tydens 'n preek en 'n erediens word die swak- en sterkpunte van 'n prediker duidelik. Daar is min wat weggesteek kan word. Die prediker se hermeneutiese en eksegetiese vaardighede, vermoë om die teks van toepassing te maak op die elke dag se bestaan, hantering van taal, kommunikatiewe vaardighede sowel as sy/haar empatie en verstaan van die gehoor, word alles sigbaar.

Die prediker behoort nie te skroom om iets van haar-/homself te openbaar nie. Hier kan gedink word aan sy/haar menslikheid en stryd sowel as ervaring met die geloof. Die egtheid van die prediker blyk veral deur sy/haar liggaamstaal. Mense let in die eerste plek nie op wat 'n mens sê nie, maar hoe dit gedoen word. 'n Egte persoon wat uit die hart praat, kommunikeer goed al is hy/sy nie so vlot nie. Predikers behoort hulself te wees op die kansel en moet ook bereid wees om iets van hulself te gee ("self-exposure").

Familie-erediens

Wanneer daar van 'n familie-erediens gepraat word, sny dit na twee kante toe. Aan die een kant raak dit die gemeente as die familie van God en aan die anderkant gaan dit om die biologiese familie.

Die familie is in die kerk belangrik, omdat God sy verbondsgenade in en deur families bekend maak. Vanwee die kompleksiteit van die samestellings van die huishoudings is besluit om eerder die woord “familie” as “gesin” te gebruik. Die familie, en dan spesifiek die ouers of versorgers van kinders, het die grootste invloed op die geloofsvorming van kinders. Die verantwoordelikheid van die kerk is om die ouers en versorgers in hierdie taak te ondersteun en waar moontlik die ruimte te skep om dit uit te bou.

Lidmate het steeds die verwagting om God in die erediens te ontmoet. Ware kennis van God kan alleen verkry word deur die lees van die Skrif onder die verligting van die Heilige Gees. Om spekulasie te voorkom moet ons dus die Skrif as bron van kennis oor die God van die Bybel gebruik. Ons Godskennis is dus praktiese kennis waarin ons, in die geloofsomgang met God, Hom ervaar as by ons.

Die liturgie word gebruik om die Christelike erediens mee aan te dui. Dit omvat al die woorde en handeling van die hele erediens. Dit sluit die preek, nagmaal en/of doop, gebede, ensovoorts in. Deur die liturgie word daar 'n gesprek tussen God en die mens teweeg gebring. God kom aan die woord deur die Skriflesings, die mens antwoord met gebed of die sing van 'n lied.

Vier fases kan in die verloop van die erediens onderskei word:

- Die aanloop of toetrede.
- Die Woorddiens.
- Die tafeldiens.
- Die afloop of uitsending.

Deur die liturgie word die prediking in verband geplaas. Liturgie bind die gemeente saam tot die gesamentlike aanbidding en aksie. Elke element van die liturgie in die erediens vervul 'n funksie en het 'n doel.

Prediking

Prediking is die hart van die evangelie. Dit is om die blye boodskap van die Bybel lewend en aktueel na die gemeente te bring. Die hoorders moet hulself en hulle situasie in die boodskap van die preek herken. Die gedeelte van die Bybel moet verstaan word in die konteks waarin dit tot stand gekom het, sodat die bedoeling van die teks verstaan kan word. Na die eksegeese kan die boodskap van toepassing gemaak word in die konkrete situasie van die gemeente.

In die lig van die feit dat mense die Bybel nie meer ken nie, behoort daar meer klem gelê te word op onderrigende, lerende of didaktiese prediking. Onderrigende of lerende prediking is nie 'n vervelige of ingewikkelde lesing wat net op die verstand gerig is nie. Dit dui op die uitleg van die Skrif op so 'n wyse dat die Bybelse boodskap verstaan word in sy bevrydende krag met sy implikasies vir die lewe van die gelowige in die tyd waarin ons leef.

Wanneer 'n mens 'n preek maak vind 'n hermeneutiese of 'n verstaansproses plaas. Die hermeneutiese proses kan in die volgende stappe saamgevat word:

1. Die proses begin by die situasie van die gemeentede.
2. Met die konteks in gedagte, word die spesifieke teks gekies waaroor gepreek gaan word.

3. Die teks wat ons met ons eie wêreld ontmoet, het egter ook 'n wêreld wat agter die teks lê. Deur middel van eksegetiese metodes wat histories te werk gaan word baie lig op die teks van die Bybel gewerp.
4. In die hermeneutiese proses moet die prediker hom-/haarself voortdurend verplaas van die wêreld van die gemeente na die wêreld van die teks en weer van die wêreld van die teks na die wêreld van die gemeente vandag.
5. Met die boodskap van die teks moet die prediker nou 'n duidelike blikrigting (intensie of skopus) vir die teks kry en kan die preekdoel neergeskryf word.
6. Dit is goed om 'n preektema neer te skryf wat duidelik sê waaroor die boodskap van die preek gaan.
7. Daarna kan 'n skema opgestel word wat as die basis van die preek kan dien.

Musiek en sang

Musiek en sang is 'n wesentliche deel van die erediens. Deur die loop van baie eeue het sang en musiek op verskillende maniere 'n baie prominente rol in die erediens gespeel. Die orrel het in die verlede 'n baie prominente plek in die NG Kerk ingeneem en doen dit vandag steeds in sekere gemeentes.

Vandag is dit egter nie meer vanselfsprekend dat net die liedboek se liedere gesing word en die begeleiding net met die orrel plaasvind in die gemeentes van die NG Kerk nie. Daar word dikwels 'n verskeidenheid liedere gesing en verskillende instrumente gebruik vir die begeleiding.

Die ideaal van die familie-erediens is om die verskillende generasies as familie van God saam in die erediens te betrek. Die blootstelling aan ander

spiritualiteite en generasies kan 'n positiewe effek op die hele gemeente hê. Dit wil voorkom of die integrasie van die verskillende musiekstyle 'n werkbare moontlikheid kan wees. Sodoende kan ouer mense nuwe musiek en liedere leer en die jonger mense die skatte van die kerk se tradisie leer ken en waardeer en met oorgawe sing.

Gereformeerde Spiritualiteit


Spiritualiteit is 'n baie moeilik-definieerbare term, omdat dit soveel verskillende betekenis en assosiasies (positief sowel as negatief) het. In die algemeen kan gesê word dat dit na die geestelike lewe van die mens in sy verhouding tot God verwys.

Gereformeerdes neem die Bybel ernstig op. Daarom is prediking as getroue Skrifuitleg die hart van die erediens. Gereformeerdes lees die Bybel as historiese en literêre dokument, ingebed in die kulturele wêreld van die Bybelse tyd. Dit versterk juis die belydenis dat die Bybel God se Woord in mensetaal is. Die kerklike gesag word Christologies en binne die kerkverband verstaan. Dit wil sê Christus is die enigste hoof van die kerk en kerkleierskap is posities van diens en nie van heers nie.

Die bekende eksklusiwiteitsuitsprake van die Hervorming (*sola Scriptura, sola fide, sola gratia, solo Christo*) vorm in hul onderlinge verhoudinge die koördinate in terme waarvan 'n reformatoriese spiritualiteit teologies verantwoord kan word. Binne hierdie parameters van die gereformeerde spiritualiteit kan verskeie vorme uitgekien word soos: die evangeliese-, charismatiese-, sakramentele-, aktivistiese-, intellektuele- en asketiese spiritualiteite.

5. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KONSEPTE

Die eerste skematiese voorstelling wil net aantoon hoe die konsepte mekaar beïnvloed.



6. VERHOUDINGS OF RELASIES TUSSEN DIE KONSEPTE

Op die familie-erediens het die volgende konsepte 'n invloed soos in hoofstuk 1 en 2 gestel:

1. Die verskillende generasies wat die erediens bywoon.
2. Preekwerkgroepe.
3. Persoon van die prediker.
4. Prediking.
5. Musiek en sang.
6. Gereformeerde spiritualiteit.

Binne hierdie konsepte is die konsep “gereformeerde spiritualiteit” 'n sentrale konsep as teologiese vertrekpunt. Verder is die familie-erediens ook 'n sentrale konsep, omdat dit die doel is wat bereik wil word met die studies.


Die invloed van die konsepte is nie net eensydig van aard nie. Dit wil sê dat bogenoemde konsepte nie net 'n invloed het op die familie-erediens nie, maar die familie-erediens het beslis ook 'n invloed op elkeen van die konsepte en op grond van die teorie-praksis wisselwerking ook op die sentrale teologiese konsep: “Gereformeerde spiritualiteit.”

Die verhouding tussen die verskillende konsepte sou ook op 'n ander manier voorgestel kan word. Daar word uitgegaan van die standpunt dat die familie-erediens die hoofkonsep is waarom dit gaan in hierdie studie. Elke ander konsep is daarop ingestel om die ideaal van die familie-erediens te ondersteun. Aan die ander kant is dit die gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk (as sentrale teologiese konsep) wat 'n definitiewe invloed het op die persoon van die prediker. Wie en wat die prediker is, bepaal in 'n groot mate die inhoud van die boodskap wat die prediker sal bring.

Die prediking leer en begelei die gemeentelede op hul pad van geloofsgroei en het sodoende 'n invloed op die lede van die preekwerkgroep en elke mens

van watter generasie ook al die erediens mag bywoon. Aan die ander kant word die musiek en sang, sowel as die keuse van die liedere, ook beïnvloed deur die gereformeerde spiritualiteit. Gereformeerdheid kan saamgevat word deur die vier sola's: *sola Scriptura, solo Christus, sola gratia en sola fide*. Die lofprijsing en aanbidding in die vorm van musiek en sang behoort dus hierdeur bepaal te word.

Die volgende skematiese voorstelling dui die invloed wat die verskillende konsepte op mekaar het aan met die familie-erediens as die sentrale konsep en die gereformeerde spiritualiteit as die teologiese vertrekpunt.



7. VRAE MET DIE OOG OP DIE HALFGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE

Die empiriese ondersoek is gedoen aan die hand van 'n aantal vrae wat voortvloei uit die konseptualisering en wat aan die families gevra is. Die volgende vrae is gebruik:

1. Hoe behoort 'n erediens ingerig te word om families aan te spreek?
Families bestaan uit verskillende generasies / ouderdomsgroepe.
(Hoe behoort ons op 'n Sondagoggend of –aand kerk te hou sodat almal (kinders, ouers, ooms en tannies) voel dat die Here met hulle gepraat het?)
2. Wat sou die invloed van 'n preekwerkgroep wees op die erediens?
'n Preekwerkgroep kom bymekaar en bespreek saam met die dominee die preek wat 'n Sondag in die kerk gepreek gaan word of wat hy/sy gepreek het.
(Dink jy dit sal help as daar 'n groepie mense is, kinders en ouer mense, wat saam met die dominee oor Sondag se preek gesels?
Dink jy dat dit sal help dat ander mense die preek beter sal verstaan?
Hoekom sê jy so?)
3. Wat beteken die liturgie in die erediens vir jou?
Die liturgie is 'n gesprek tussen God en die gemeente wat op 'n Sondagoggend in die erediens plaasvind.
Dink hier spesifiek aan die verootmoediging voor God, musiek en sang sowel as die prediking.
Watter tipe preke spreek jou meer aan, onthou jy beter?
Met watter tipe musiek wil jy die Here in die kerk loof en aanbid?
Voel jy dat jy deur die liedboekliedere jou gevoel (hartseer, blydschap, woede, skuld, opgewondenheid) vir die Here kan uitdruk in die erediens?
Hoe moet die begeleiding plaasvind?

Watter invloed het die liedere wat gesing word en die begeleiding op die erediens?

(Hou jy van die volgorde van die erediens op 'n Sondag?

Van watter preke hou jy die meeste? Hoekom?

Van watter tipe musiek hou jy die meeste?)

4. Hoekom is jy in die NG Kerk? Wat is vir jou belangrik van dit wat in die kerk gebeur?

(Hoe belangrik is dit vir jou dat die Bybel 'n belangrike plek in die kerk moet hê?)

5. Op watter manier word die erediens deur die persoon van die leraar beïnvloed?

Watter rol speel die persoon van die dominee in die erediens?

(Dink jy dat dit saak maak wie die dominee is wat preek? Hoekom?)

Die vrae tussen die hakkes is 'n poging om die vrae meer toeganklik / verstaanbaar te maak vir 'n laerskool kind.

8. AGTERGROND INLIGTING VAN RESPONDENTE

In 'n poging om die resultate van die hele familie deur te gee, gaan daar onderskeid gemaak word tussen die response van die ouers (vaders en moeders), tieners en kinders. Tieners word hier beskou as kinders wat in die hoërskool is en die woord kinders word gebruik om laerskool leerders te omskryf. Nie **alle** response word hier gestel nie (dit word onder punt 10 meer breedvoerig gedoen). Hier word slegs 'n breë agtergrond van die families gegee.

Agtergrond gegewens van die respondente van NG Gemeente A

Die gegewens is gelys na aanleiding van die predikantswyke en die volgorde soos dit in die verskillende wyke na vore kom.

Familie 1

Die eerste indrukke toe ek by die familie aan huis kom, was dat hierdie huishouding op ge-oliede wiele loop. Die moeder het as jong dogtertjie saam met haar ouers vanuit Nederland na Suid-Afrika geïmmigreer. Sy het in 'n huis groot geword waar haar familie na die Rooms Katolieke Kerk gegaan het. Op skool het sy saam met die ander kinders Bybelonderrig ontvang en nooit gevoel dat dit wat sy daar leer in stryd is met haar geloof nie.

Nadat sy en haar man getroud is, het sy besluit om 'n lidmaat van die NG Kerk te word. Hulle was van mening dat dit nie goed sal wees om die kinders elke tweede week na 'n ander kerk toe te laat gaan nie. Sy vind veral aanklank by die eredienste waar die formele liturgie gevolg word. Sy en haar man is albei hoërskool onderwysers.

Dit was vir haar 'n ontugtering toe sy eendag na 'n erediens met haar kinders gesels en uitvind dat hulle nie aanklank vind by die liedere van die liedboek en die begeleiding met die orrel nie. Sy is 'n Engelse onderwyseres en kon nie glo hoe min haar kinders van die woorde van die liedere in die liedboek verstaan nie.

Die vader is wyd belese en op datum met die hele debat aangaande die opstanding van Jesus en die situasie by die teologiese fakulteit van die NG Kerk.

Dit is opvallend op watter besondere positiewe wyse die kinders elk 'n bydrae maak. Die middelkind is bietjie skaam en teruggetrokke, maar stel tog duidelik waarvan hy hou of nie.

Hierdie gesin het voorgestel dat die teksgedeelte waaroor die preek handel op die aankondigings geplaas word. Dit sal veral die kinders help om die boodskap van die preek beter te onthou. Die skyfies van die data-projektor wat op die bord vertoon word, behoort 'n bietjie langer te verskyn aangesien kinders stadiger lees.

Hierdie gesin is baie betrokke in die gemeente. Die moeder is 'n kategeet en hul woon gereeld die eredienste soggens en saans by.

Na aanleiding van die verskillende vorme van spiritualiteit wat in die vorige hoofstuk bespreek is, sou die ouers se spiritualiteit as sakramenteel beskryf kan word, terwyl die kinders dalk eerder na die charismatiese kant neig.

Biografiese gegewens van familie 1

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	23/6/62	BSc, HOD	Onderwyser
Moeder	4/1/63	MA, HOD	Onderwyser
Tiener	26/7/92	Graad 8	Skolier
Kind	18/8/94	Graad 6	Skolier
Kind	20/12/97	Graad 3	Skolier

Familie 2

Die huis en die tuin van die gesin is pynlik netjies. Die aand toe ek die onderhoud met die gesin gaan voer het, was die vader juis besig om die tuin nat te spuit. Die vader het verskeie kere beklemtoon dat wat hy sê net sy eie mening is en dat ander mense anders oor die saak kan voel.

Die vader hou baie van 'n baskitaar, maar vind aanklank by 'n meer formele erediens waar "die wet gelees en die belydenis van geloof gedoen word". Vir

die moeder is die sang en musiek belangrik, maar sy voel ook dat 'n mens nie te veel moet sing nie. "Afwisseling is belangrik" en die erediens moet nie "te styf" wees nie.

Die familie is baie betrokke in die gemeente. Hulle is deel van die gasvryheidsbediening en bedien tee en koffie na die erediens soggens. Die familie is gewoonlik op 'n Sondagoggend saam in die erediens. Vanuit die gesprek het dit geblyk dat die moeder baie graag by 'n omgee-groep betrokke wil raak en al verskeie pogings aangewend het om die gesin te laat inskakel, maar die vader voel dat hy nie 'n "omgee-groep mens" is nie.

Op die oog af lyk dit of hierdie gesin 'n evangeliese spiritualiteit het. Die Bybel is vir hul baie belangrik. Die vader se spiritualiteit sou dalk self as asketies beskryf kan word, want hy het 'n duidelike behoefte uitgespreek dat hy ook stiltes in die erediens verkies. Die tiener hou van die orrelmusiek in die erediens soggens en geniet ook die aand se jeugdiens waar die orkes die begeleiding doen.

Biografiese gegewens van familie 2

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	16/3/58	Nasionale Diploma	Omgewing gesondheidspraktisyn
Moeder	14/11/54	Matriek	Kleuterskool Assistent
Tiener	15/5/90	Graad 10	Skolier

Familie 3

Wanneer 'n mens die huis binne kom, is jy dadelik bewus daarvan dat hier klein kindertjies in die huis is. Speelgoed is sigbaar en vrolike kindergeluide vul die huis. Vir die twee jong dogtertjies was die bandopnemer baie interessant, maar dit was 'n gesukkel om hulle te laat praat. Hulle het meestal

net die koppies geknik of baie sag gepraat sodat die stemmetjies nie hoorbaar op die bandopnemer was nie. Hulle het dit tog duidelik gestel dat hulle van die Bybel en prentjies hou.

Die moeder het 'n behoefte uitgespreek om deel te wees van die erediens hoewel haar kinders baie klein is. Sy is baie betrokke in die gemeente en ook die voorsitster van die vroue-bediening. Met die vraag hoe die familie-erediens ingerig behoort te word, het sy onmiddelik gevra van watter ouderdom daar gepraat word.

Die vader is ook baie betrokke in die gemeente en die voorsitter van die Exodus-groep. (Hulle reël kampe vir families met tente en karavane.) Beide die ouers hou van preke waarin hul iets kan leer. Die moeder was in die Gereformeerde Kerk voor hul troue en die gereformeerde leer is vir beide ouers baie belangrik. Hierdie familie se spiritualiteit sou beskryf kon word as 'n intellektuele spiritualiteit. Hulle ken mense wat meer na die charismatiese spiritualiteit neig en hulle het tydens die gesprek hul kommer uitgespreek dat hierdie mense in 'n krisis heel waarskynlik "hul geloof sal verloor."

Biografiese gegewens van familie 3

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	15/4/72	M Com	Finansiële Adviseur
Moeder	16/7/73	B Pharm	Tuisteskepper
Kind	2/1/01		Kleuter
Kind	6/9/02		Kleuter

Familie 4

Na verskeie probeerslae is daarin geslaag om 'n afspraak met die familie te maak. Die moeder is 'n verpleegkundige en werk skofte, verder neem die tiener aan baie na-uurse aktiwiteite deel. Die familie woon gereeld soggens die erediens by. Die tiener het dit duidelik gestel dat sy die oggendediens bywoon ter wille van haar ouers, ten spyte van die feit dat sy voel dit spreek haar nie eintlik aan nie. Die saamwees en verhouding met haar ouers is vir haar belangrik.

Die vader het vertel hoe hy as tiener deur sy ouers aangemoedig is om ook ander kerke te besoek, maar hy verkies die NG Kerk. Die tiener besoek ander kerke saam met haar maats. Haar moeder noem dat die tienerdogter haar belydenis van geloof eers in die NG Kerk moet aflê, sou sy daarna besluit om lidmaat van 'n ander kerk te word, sal dit haar vry staan om dit te doen.

Vir hierdie familie is persoonlike kontak met die leraar/s baie belangrik. Hulle voel ook dat daar meer moeite gedoen moet word om mense by die erediens te verwelkom en om met die mense by die teedrinkery te gesels. Die vader was lank siek en in die hospitaal. Hy kon vir byna ses maande nie 'n erediens bywoon nie. Die familie voel dat daar meer moeite gedoen moet word om mense terug te verwelkom na 'n tydperk van afwesigheid by die eredienste. Dit sal 'n gevoel van samehorigheid kweek in die gemeente. Voor die vader se gesondheidsprobleme het hy 'n geruime tyd op die kerkraad gedien.

Die familie het gevoel dat daar vernuwe behoort te word, maar dat daar nie te veel "nuwe goed ingebring" moet word nie. Die "nuwe en ou goed" moet gekombineer word.

Biografiese gegewens van familie 4

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	25/8/56	Diploma Gevangenisbestuur	Pensioenaris (Voorheen Luitenant-Kolonel in Korrektiewe dienste)
Moeder	30/1/56	Diploma	Verpleegkundige
Tiener	14/11/90	Graad 10	Skolier

Familie 5

Dit is 'n hartlike en vriendelike familie wat die navorser buite kom groet en innooi. Die vader stel dit duidelik dat hulle 'n praktiese familie is wat baie van stories hou. Hy stel voor dat indien 'n lang preek gepreek word, daar dalk 'n lied in die middel van die preek gesing kan word om 'n mens net 'n "breek" te gee. Daarna kan 'n mens weer beter konsentreer. Hy voel dat die leraar makliker, plat Afrikaans moet gebruik sodat die boodskap meer verstaanbaar kan wees.

Die moeder hou van 'n erediens met 'n vaste liturgie. Sy hou van "geordenheid" en nie van "hande klap" nie. Die orrelbegeleiding is vir haar mooi, sy hou nie van ghitare vir begeleiding nie. Verder is dit ook vir haar belangrik dat die erediens "interessant" moet wees.

Aanvanklik is die kinders skaam, maar na 'n rukkie het hul lekker saam gesels. Die familie is kerklik mee-lewend. Vir hierdie familie is dit belangrik dat die prediker behoorlik opgelei moet wees. Hulle voel nie so positief oor die predikers van ander kerke wat nie goed opgelei is nie.

Hierdie familie se spiritualiteit sou as intellektueel beskryf kon word.

Biografiese gegewens van familie 5

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	5/3/62	N 6	Sinjale Ingenieurstechnikus
Moeder	17/11/66	Matriek	Senior Finansiële Klerk
Tiener	15/3/92	Graad 8	Skolier
Kind	27/6/95	Graad 6	Skolier

Familie 6

Die moeder is 'n enkelouer, geskei. Sy is baie betrokke by die kerk en gewoonlik elke oggend en aand in die erediens. Verder is sy 'n kategeet en deel van 'n musiekgroep. Sy is 'n onderwyseres by 'n Christelike privaatskool waar haar kinders skoolgaan. Hier kom hulle in aanraking met mense wat aan verskeie kerke behoort en dikwels 'n meer charismatiese spiritualiteit het.

Die dogter gesels land en sand aanmekaar. Sy is deel van die drama-groepie by die kerk. Sy kom baie volwasse voor en dit lyk of sy duidelik weet waarvan sy hou en waarvan nie. Die seun is baie teruggetrokke en neem nie baie deel aan die gesprek nie. Hy noem dat dit vir hom lekker is as daar prentjies in die preek is en as die kinders tydens die erediens gevra word om met sekere take te help. Sy sussie moes een keer die dominee met blokkies help en hy kan dit nog onthou.

Hierdie familie se spiritualiteit sou 'n mens as 'n charismatiese spiritualiteit kan beskryf. Hulle het 'n sterk behoefte om hul geloof meer sigbaar uit te leef deur byvoorbeeld hande in die lug te steek en hande te klap. Musiek is vir hulle baie belangrik en speel 'n groot rol in hul lewens.

Biografiese gegewens van familie 6

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Moeder	16/7/66	B Bibl (Hons)	Onderwyseres
Kind	12/1/95	Graad 5	Skolier
Kind	7/4/98	Graad 2	Skoier

Familie 7

Die afspraak met die familie het plaasgevind net nadat die dogter haar matriek eindeksamen geskryf het. Die moeder was voor haar troue in die AGS Kerk. Na hul kinders se geboorte het sy besluit om te katkiseer in die NG Kerk sodat hul kinders een geestelike tuiste kon hê. Sy hou daarvan om “te sing saam met ‘n orkes.”

Beide ouers was in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens, maar die vader het intussen van werk verander en is nou by ‘n private sekuriteitsmaatskappy werksaam.

Hierdie familie se spiritualiteit kon beskryf word as charismaties. Verskeie kere het hul genoem dat daar beslis na die “liedere skat van die NG Kerk gekyk sal moet word.” Hulle is van mening dat die liedboek die jongmense nie aanspreek nie. Hulle het baie klem gelê op die belangrikheid van musiek tydens die erediens en dat daar gekyk moet word om ook ander instrumente as net die orrel te gebruik vir lofprysing. Hulle meen dat die liedere en musiek “nie vinnig genoeg ontwikkel saam met die jeug nie.” So het die matrikulant genoem dat daar “gees” moet wees (die regte atmosfeer) en musiek vir jongmense tydens die erediens.

Biografiese gegewens van familie 7

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	6/6/67	Nasionale Diploma	Privaat sekuriteit
Moeder	9/10/67	Nasionale Diploma	SAPS Superintendent
Tiener	15/10/88	Graad 12	Student
Tiener	16/3/92	Graad 8	Skolier

Agtergrond gegewens van die respondente van NG Gemeente B

Familie 1

Die moeder se broer is 'n leraar en sy het baie simpatie met die leraars wat op 'n manier almal tevrede moet stel. Sy is oortuig daarvan dat die eise wat aan die liturg gestel word nie realisties is nie. "Entertainment moenie mense kerk toe bring nie." Die atmosfeer is vir haar belangrik, dit moet nie te formeel wees nie.

Vir die vader is die prediker nie net die leraar nie, maar hy/sy dra ook die beeld van die gemeente uit. Hy meen dat daar in die kerk "wegbeweeg moet word van die stereotipe al skop die ouer mense daarteen." Dit is belangrik om jonger mense "meer betrokke te kry en te akkommodeer."

Hierdie familie is kerklik baie meelewend. Vir hulle is kerk toe gaan "n gesinsding." Die een tiener speel in die tienerorkes. Aktuele en lerende boodskappe was een van die groot behoeftes wat hierdie familie uitgespreek het.

Opvallend tydens hierdie gesprek was die feit dat die ouers en kinders ruimte maak vir mekaar se musieksmaak. Die ouers is bewus daarvan dat die jongmense 'n ander musieksmaak as hulle het en voel dat daar ruimte vir

hulle voorkeure gemaak moet word tydens die erediens. Die tieners hou van die liedboek en orrelmusiek, maar meen dat ander liedere en musiekinstrumente ook in die erediens gebruik kan word.

Die een tiener het dit baie duidelik gestel dat die boodskappe tydens die preek “verstaanbaar moet wees, in maklike eenvoudige taal.” Hy meen dat predikante baie keer goed preek, maar dat tieners hul “woordeskat” nie verstaan nie. In so ‘n geval kan dit gebeur dat tieners voel dat dit nie die moeite werd is om kerk toe te gaan nie, want hulle verstaan nie die boodskap nie.

Biografiese gegewens van familie 1

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	26/2/56	M Landbou	Landboukundige
Moeder	13/9/58	B Soc C	Maatskaplike werker
Tiener	20/5/88	Graad 11	Skolier
Tiener	3/8/90	Graad 10	Skolier

Familie 2

Hierdie is ‘n rustige familie en ‘n mens kan sien dat hul lief is vir die natuur. Ten spyte van hul baie besige program, is hul bereid om met die navorser op ‘n Saterdagmiddag in gesprek te tree. Die moeder is ‘n tuisteskepper, maar bedryf ook webtuistes vanaf haar huis. Sy is ‘n kategeet en baie betrokke in die kerk. Die vader is ‘n dosent aan die universiteit van Pretoria.

Vir die vader is dit belangrik dat “die kerk nie te veel agteroor moet buig met dromme en goed nie.” Die “crux” is dat die dominee se preek van so ‘n aard moet wees dat dit die aandag van die kinders hou. Hierby voeg hy dan by: “Nie almal kan dit doen nie.”

Die moeder en kinders is van mening dat daar ook ander liedere (“gospel”) as die in die liedboek gesing behoort te word. Dit spreek die jonger geslag meer aan. Die ouers hou van die liedboek, maar voel dat daar melodieë in is wat “totaal onsingbaar is.”

Die familie voel dat ‘n preekwerkgroep werkbaar kan wees om die boodskap van die preek meer te aktualiseer. Hulle meen dat daar dalk praktiese probleme kan wees om ‘n groep mense op dieselfde tyd iewers te ontmoet. Mense se programme is baie vol.

Biografiese gegewens van familie 2

Lid	Geboortedatum	Kwalifikasie	Beroep
Vader	16/4/47	DSc	Dosent: UP
Moeder	18/4/69	BSc	Tuisteskepper
Kind	26/4/96	Graad 4	Skolier
Kind	20/2/98	Graad 2	Skolier

9. RESULTATE VOLGENS ELKE KONSEP

Tabel 1: Musiek en sang

(Vraag 1: Hoe behoort ‘n erediens ingerig te word om families aan te spreek?

Asook

Vraag 3: Wat beteken die liturgie in die erediens vir jou?)



Respon- dente	Respons	Gemeente A		Gemeente B	
		Getal	Persen- tasie	Getal	Persen- tasie
Vaders	Musiek en sang is belangrik	2	33.3	1	50.0
	Hou van orrel	4	66.7	2	100.0
	Hou van die liedboek (net sekere liedere)	5	83.3	2 (1)	100.0 (50.0)
	Hou van ander liedere as liedboek	2	33.3		
Moeders	Musiek en sang is belangrik	3	42.9	2	100.0
	Hou van orrel (Orrel en orkes)	4 (1)	57.1 (14.3)	2	100.0
	Hou van die liedboek	5	71.4	2	100.0
Tieners	Musiek en sang moet jongmense aanspreek	3	50.0	2	100.0
	Hou van orrel	2	33.3	2	100.0
	Hou van orkes	4	66.7	2	100.0
	Liedboek "spreek" hulle nie aan nie	4	66.7		
	Hou van liedboek			2	100.0
Kinders	Lekker sing	2	66.7		
	Vinniger sing			2	100.0
	Hou van orrel	2	50.0	1	50.0
	Hou van orkes	3	75.0		
	Hou van die liedboek (net sekere liedere)	2 (1)	50.0 (14.3)		
	Hou nie van die liedboek nie	2	50.0	1	50.0
	Hou van ander "gospel" liedjies			1	50.0

Nadat ek die eerste vraag gevra het by 'n familie het die moeder spontaan uitgeroep: "In dieselfde diens? Dis 'n 'challenge'!" Hierdie woorde omskryf 'n familie-erediens uitstekend. Dit is 'n uitdaging om die hele familie in 'n familie-erediens te bereik!

Hoewel dit 'n uitdaging is om mense van verskillende generasies in 'n gesamentlike familie-erediens te bereik is dit ook baie belangrik dat die fokus nie van die ontmoetingsgebeure met God weggeskuif moet word nie. So het 'n moeder dit duidelik gestel dat die kerk mense moet "akkommodeer, maar dit moet nooit oor 'entertainment' in die kerk gaan nie."

Die ouerpaar met die kleuters het die vraag gevra hoe oud die kinders moet wees voordat hulle in die familie-erediens betrek gaan word. "Word hier gepraat van hoër- of laerskool kinders? Sou hulle voorskoolse kinders ook betrek?" Hulle sowel as 'n ander familie met 'n dogtertjie van 8 het dit duidelik gestel dat die hele erediens kort moet wees, nie net die prediking nie. Predikers moet nie "onnodige tyd probeer opmaak deur oor al die dele van die liturgie te preek of die preek onnodig uit te rek nie."

Die vader van die kleuters het die volgende bydrae gemaak: "Die kind moet betrokke wees, maar van wanneer af verstaan hulle? Hoe meer hulle blootgestel word, hoe beter." Met hierdie bydrae het hy dit duidelik gestel dat die kind van kleins af deel van die erediensgebeure behoort te wees. Die gemeente behoort ook begrip vir kleuters te hê en tog het 'n ander moeder genoem dat die kindertjies "nogal steurend" kan wees.

Die moeder van die kleuters het die voorstel gemaak dat die "admin" (soos sy na die aankondigings verwys het) aan die einde van die erediens gedoen behoort te word, aangesien die kinders die eerste rukkies stil sit omdat die kerk en die mense nog "vreemd" vir hulle is. Die ouers het ook 'n behoefte om die erediens by te woon en voel dat hul kinders geleer moet word om die eredienste by te woon en stil te sit. Die vader van die kleuters het opgemerk dat mense dit "wil makliker maak vir die kinders, maar hulle moet ook leer."

Soveel as 53.3% van al die ouers met wie onderhoude gevoer is, het genoem dat die musiek en sang 'n belangrike rol in die familie-erediens speel. Die musiek en sang moet veral die jongmense aanspreek. Soos een van die vaders dit gestel het: “Akkommodeer die jongmense met hulle musieksmaak.” 'n Ander vader het saamgestem hiermee en gesê: “Jazz die musiek op.”

Dit wil voorkom of die liedboek en die orrel baie van die tieners en kinders nie aanspreek nie. Soos die een moeder, die onderwyseres in tale dit gestel het: Sy het “nooit besef dat die woorde en taalgebruik van die ouer liedere vir hulle so ontoeganklik is nie. Dit is seker eintlik logies. Hulle ken nie die idiomatiese taalgebruik nie en voel daarom dat hulle nie kan kontak maak met God nie.” Verder is daar ook heelwat gemaak van die feit dat die tieners en kinders ervaar dat die woorde en die melodieë van die liedboekliedere nie vir hul ooreenstem nie. Hulle wil “vinniger” sing op “vroliker wysies.” (Die melodie van die lied is vir hulle nie opgewek genoeg nie.)

Dit was interessant om te sien dat 87.5% van die vaders van die liedboek hou. Net een vader is nie ten gunste van die liedboek nie. Verder was daar 25.0% wat duidelik genoem het dat hulle van die ou liedjies en die halleluja's ook hou.

Dit was opvallend dat die ouers werklik 'n begeerte het om hulle kinders van die Here te leer en ook te laat leer. Hulle wil die erediensgebeure met hul kinders deel en baie graag hê dat hulle kinders daarvan moet hou om kerk toe te gaan. Sommige ouers voel so sterk hieroor dat hulle bereid is om hul eie voorkeure op die agtergrond te skuif om hul kinders te akkommodeer.

Daar was net een vader wat baie sterk gevoel het dat die orrel die instrument is waarmee die Here geloof en prys moet word. “Moenie die kerk te veel agteroor buig met dromme en goed nie. Kerk moet tog net kerk bly en nie word soos die wêreld nie.”

Tabel 2: Preekwerkgroep

(Vraag 2: Wat sou die invloed van 'n preekwerkgroep wees op die erediens?)

Respon- dente	Respons	Gemeente A		Gemeente B	
		Getal	Persen- tasie	Getal	Persen- -tasie
Vaders	Positief	6	100.0	2	100.0
	Lidmate sal daaruit leer	2	33.3		
Moeders	Positief	7	100.0	2	100.0
	Hulle sal die boodskap beter verstaan	3	42.9	1	50.0
	Mense sal deel voel van die erediens	2	28.6		
Tieners	Positief	6	100.0	2	100.0
	Boodskap beter verstaan	2	33.3	1	50.0
	Help leraar om leefwêreld van die gemeente te verstaan			2	100.0
Kinders	Positief	6	100.0	1	50.0
	Hulle sal die boodskap beter verstaan	3	50.0		

Al die respondente met die uitsondering van een kind was van mening dat 'n preekwerkgroep 'n positiewe bydrae tot die erediens kan lewer.

Van die ouers het 40.0% gemeen dat hulle self iets uit 'n preekwerkgroep sal kan leer en self die boodskap van die preek beter sal verstaan. Daar is ook gevoel dat deelname aan 'n preekwerkgroep mense "groter eienaarskap vir die eredienste sal laat aanvaar."

Al die tieners was ook positief oor 'n preekwerkgroep. Hulle was van mening dat die preekwerkgroep hulle sal help om die boodskap beter te verstaan en ter selfde tyd kan dit ook die leraar help om die leefwêreld van die tieners beter te verstaan.

Daar was drie moeders wat van mening was dat die preekgroep 'n baie goeie idee is, maar hulle het gewonder hoe “prakties uitvoerbaar” dit is. Hulle is al drie beroepsvroue en was besorg daarvoor dat dit moeilik kan wees om “mense met hul besige programme, bymekaar te kry.” Die een moeder het die voorstel gemaak dat 'n mens dalk deur middel van die internet deel kan wees van 'n preekwerkgroep.

Tabel 3: Liturgie

(Vraag 3. Wat beteken die liturgie in die erediens vir jou?)

Responde	Respos	Gemeente A		Gemeente B	
		Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Vaders	Hou van die liturgie	3	50.0	2	100.0
	Hou van afwisseling	2	33.3	2	100.0
Moeders	Hou van die liturgie	6	85.7	2	100.0
	Meer variasie	2	42.9		
Tieners	Hou van die liturgie	4	66.7	2	100.0
Kinders	Hou van liturgie	2	50.0		
	Verstaan nie die liturgie nie			1	50.0

Die positiewe reaksie op die liturgie was verrassend. 86.7% van die ouers en 75.0% van die tieners hou van die liturgie. Een moeder het genoem dat die liturgie vir haar “mooi” is en dat dat sy “verlore voel sonder die liturgie.” 'n Ander moeder het weer gesê dat “al die elemente van die liturgie daar moet

wees.” Sy “hou van roetine.” Daar was ook twee ander moeders wat genoem het dat hulle van die liturgie hou, maar dat ’n mens versigtig moet wees dat dit nie ’n gewoonte raak nie.”

Die een tiener (seun) het vertel dat die liturgie hom “laat tuis voel.” Dis hoe die “kerk moet ‘operate’.” ’n Ander tiener (meisie) het genoem dat sy werklik beleef dat die “liturgie met haar praat, maar dat verandering ook goed is.” Hierdie gedagte het by verskeie ander respondente na vore gekom. Daar is ’n behoefte aan “afwisseling” of “variasie” in die liturgie. Op hierdie manier sal die “erediens interessant bly.”

Die een familie wat nie van die liturgie hou nie, het gevoel dat dit “net tradisie” is wat ’n mens “outomaties soos ’n resitasie” doen en dat dit “nie deurdring nie.” Een vader het erken dat daar ’n “stuk tradisie verbonde” is aan die liturgie en ook gemeen dat dit goed is en ’n mens “iets wil hê om aan vas te hou.” Saam hiermee het hy ook genoem dat die prediker die “eksakte orde kan verander binne die konteks van die erediens.” ’n Ander vader het genoem dat “’n mens moet aanpas”, maar die “basis bly tog dieselfde.”

Daar was net een kind wat dit duidelik gestel het dat hy die liturgie “nie verstaan nie.”

Tabel 4: Prediking

(Vraag 1. Hoe behoort 'n erediens ingerig te word om families aan te spreek?

Asook

Vraag 3. Wat beteken die liturgie in die erediens vir jou?)

Respon- dente	Response	Gemeente A		Gemeente B	
		Getal	Persen- tasie	Getal	Persen- tasie
Vaders	Hou dit kort	2	33.3		
	Visuele hulpmiddels (tegnologie)	3	50.0	1	50.0
	Preek moet goeie struktuur hê	3	50.0		
	Lerende prediking	2	33.3	2	100.0
	Makliker taal	1	16.7	1	50.0
	Gebruik stories	2	33.3		
Moeder s	Kort, kragtige preke	3	42.9	1	50.0
	Betrek kinders meer	1	14.3	2	100.0
	Makliker taal	2	28.6	1	50.0
	Kort samevatting aan begin	2	28.6		
	Lerende prediking	1	14.3	1	50.0
	Visuele hulpmiddels	2	28.6		
	Hou van stories	2	28.6		
Tieners	Beelde en stories	5	83.3		
	Hou van humor	2	28.6		
	Aktuele prediking	2	28.6		
	Eenvoudiger taal			1	50.0
Kinders	Beelde en prente	4	100.0	1	50.0
	Hou van stories	3	75.0		
	Korter preke	2	50.0	1	50.0
	Skryf en teken	1	25.0	2	100.0

45.5 % van al die respondente het genoem dat visuele hulpmiddels noodsaaklik is vir 'n familie-erediens. “Gebruik die tegnologie” was 'n paar van die ouers se reaksie. 75% van die kinders het genoem dat hulle preke met beelde, prente en aktiwiteite beter onthou. Dit onderstreep weereens dat mense vandag baie ingestel is op die visuele. Een kind het gesê dat die leraar prentjies moet wys wat “iets beteken.” 'n Ander kind het gevra dat die “prenties” en “geskryf” langer op die skerm van die data-projektor vertoon moet word. Sy het nog nie “klaar gelees nie, dan vat hulle dit al weg.” 'n Tiener het ook versoek dat die tema saam met die Skrifgedeelte op die aankondigings aangebring word “sodat mens dit kan sien en beter kan onthou.” Op hierdie manier sal hy iets hê wat hom by die huis ook sal herinner aan Sondag se preek. Twee ander tieners het genoem dat hulle van die prentjies hou, maar dat die leraars tog “ander” prentjies moet kry, want die oues raak “afgesaag.”

Verskeie respondente, waaronder veral die moeders met die kleiner kinders was, het genoem dat “korter preke” 'n vereiste is vir 'n familie-erediens. 'n Moeder het genoem dat sommige preke “te lank” is en dat die prediker “ook die grootmense verloor.” Een vader het baie sterk daarvoor gevoel dat die preke korter behoort te wees en dat die predikante “nie moet probeer om tyd op te maak nie.” Hy ervaar soms dat die preek nou “op 'n logiese punt is” en “afgesluit” moet word, maar dan “gaan die prediker weer aan.” Een kind het spesifiek genoem dat die “kerk te lank raak.”

Wanneer die predikant “hoogdawerend preek verstaan die kinders nie” het 'n moeder opgemerk. Dit het 'n kind beaam met haar opmerking: “Dominee moet nie groot woorde gebruik nie.” Die tieners het hierby aangesluit en genoem dat die preek “verstaanbaar moet wees”, “makliker taal” gebruik moet word en dat daar “meer verduidelikings” behoort te wees. Die vaders het dit ook ondersteun. Een vader het genoem dat hy nie “'n proefskrif” of “'n geskiedenisles soek” in 'n preek nie. Hy “soek 'n geestelike ervaring.”

Daar is ook die behoefte by veral die ouers dat die preke 'n sterk lerende karakter moet hê. Een moeder het genoem dat “mens goed lees wat jy nie verstaan nie.” Sy het ook gesê dat sy “meer wil leer van die Bybel.” 'n Vader het dit “verduidelikende prediking” genoem. Preke waar “Skrifuitleg plaasvind” en “realistiese lyne getrek word na vandag”, het hy bygevoeg. Tieners het veral die behoefte uitgespreek om preke te hoor wat aktuele onderwerpe aanspreek. Die ouers het ook hiermee saamgestem, soos een dit gestel het: Die preke moet “prakties” wees en “vandag se lewe” aanspreek. 'n Ander een het genoem dat die prediker “praktiese aktuele voorbeelde” moet gebruik.

Daar was twee families wat die voorstel gemaak dat daar 'n “kort opsomming van die boodskap aan die begin van die preek” vir die kleiner kinders gegee behoort te word. Hier moet groot klem op die visuele gelê word. Een ouerpaar het selfs die voorstel gemaak dat 'n pop die (kort opsommende) boodskap aan die kinders kan bring en bygevoeg dat “die grootmense dan ook sommer die boodskap beter sal verstaan.”

Die respondente het genoem dat hulle baie van stories hou. Een kind het gesê dat sy van stories hou “wat mens goed kan leer.”

Daar was drie moeders wat gevoel het dat die kinders meer tydens die erediens betrek moet word. Dit is bevestig deur 'n kind toe sy vertel het hoe sy een preek baie goed kan onthou waar die dominee haar vorentoe geroep het om “hom te help met die blokkies.”

Tabel 5: NG Kerk

(Vraag 4. Hoekom is jy in die NG Kerk?)

Responde- dente	Respons	Gemeente A		Gemeente B	
		Getal	Persen- tasie	Getal	Persen- tasie
Vaders	Groot geword in kerk	6	100.0	2	100.0
	Hou van die leer			2	100.0
	Is ontuis in ander kerke	2	33.3		
Moeders	Groot geword in kerk	4	57.1	2	100.0
	Na troue oorgekom	3	42.9		
	Hou van die leer	2	28.6	1	50.0
	Ontuis elders	1	14.3	1	50.0
Tieners	Ouers is in kerk	6	100.0	2	100.0
	Bybel is belangrik	4	66.7	2	100.0
Kinders	Ouers is daar	4	100.0	2	100.0

Die meerderheid van die respondente het in die NG Kerk groot geword. Die 3 moeders wat na hulle troues na die NG Kerk oorgekom het, het dit gedoen omdat hulle “tuis voel” in die kerk. Die een moeder het genoem dat haar “basiese geloof aangespreek” word in die NG Kerk.

Dit was interessant dat verskeie respondente genoem het dat hulle al in ander kerke was en “ontuis” daar voel. 33.3% van die ouers het dit duidelik gestel dat hulle aan die NG Kerk behoort omdat hulle hulself met die “lering” van die kerk kan vereenselwig. Die een vader het genoem dat hy al verskeie kerke besoek het, maar nie met hulle “saamstem nie.” ‘n Ander vader het ook genoem dat hy oortuig is daarvan dat mense meer moet “hoor wat gereformeerd is.”

Tabel 6: Persoon van die prediker

(Vraag 5. Op watter manier word die erediens deur die persoon van die leraar beïnvloed?)

Respon- dente	Respons	Gemeente A		Gemeente B	
		Getal	Persen- tasie	Getal	Persen- tasie
Vaders	Het 'n invloed	4	66.7	2	100.0
	Aanbieding is belangrik	3	50.0		
Moeders	Persoon het 'n invloed	4	57.1	2	100.0
	Vind meer aanklank by sekere predikers	6	85.7	1	50.0
Tieners	Maak nie saak nie (3 het voorwaardes hieraan gekoppel)	4	66.7	2	100.0
	Verstaan sekere predikers beter	2	33.3		
	Egtheid is belangrik			2	100.0
Kinders	Maak nie saak nie	3	75.0		
	Maak saak	2	50.0	2	100.0
	Verstaan party dominees makliker	2	50.0	2	100.0

Een vader het gereageer deur te sê: “Dit maak saak. ‘n Mens kan onderskei tussen die persoon en die boodskap, maar kan dit nie skei nie.” ‘n Moeder het gevoel dat die persoon van die prediker ‘n “baie groot rol speel” in die prediking. ‘n Ander moeder het genoem dat ‘n “sekere dominee sekere maniere het” en daar is ander met ‘n “ander geaardheid.” Selfs van die respondente wat gevoel het dat die leraar “net die boodskapper is” het bygevoeg dat hulle “meer aanklank” by sekere predikers vind. Daar was een moeder wat ernstig gevoel het dat die dominee “ook ‘n mens is” en dat “hy as persoon verdwyn”, want dit “gaan oor God se boodskap.”

Vanuit die respondente was 80.0% van die ouers oortuig daarvan dat die persoon van die predikant 'n invloed het op die prediking. 77.8% van die moeders het ook genoem dat hulle meer aanklank vind by sekere persone.

Een vader het gesê dat die “leraar moet weet wie hy is.” Hy het 'n “hekel aan iemand wat aansitterig is.” So 'n leraar se “maniertjies sit jou af.” 'n Ander vader het opgemerk dat die leraar “meer opreg en eerlik” moet wees. Egtheid is ook veral vir die tieners belangrik.

Die tieners se respons was interessant. Hoewel hulle gesê het dit nie saak maak wie preek nie, het hulle voorwaardes hieraan gekoppel. Een het gemeen hy moet “net die boodskap kan verstaan.” Die ander een het gesê dat dit 'n “goeie boodskap moet wees” en die derde het gesê dat “die prediker 'n passie moet hê” vir dit wat hy/sy doen. Nog 'n tiener het genoem dat enige een kan preek, maar die persoon moet net “wakker wees.” Die tieners het ook gevoel dat sommige leraars se preke “makliker en meer verstaanbaar” is.

10. SAMEVATTING

Vanuit die gesprekke wat met die 3 kinders tussen die ouderdom van 4 en 7 jaar gevoer is, is beperkte inligting verkry. Dit het bevestig dat hierdie kindertjies nie altyd ewe veel verstaan nie. Hulle bydrae tot die navorsing, kan soos volg saamgevat word: Hulle hou van die Bybel en prentjies. Verder geniet hulle dit om te sing.

Tog behoort hierdie kinders deel te wees van die familie-erediens. Om die 2 kleuters se vader aan te haal: “Hoe meer hulle blootgestel word, hoe beter.” Kinders leer deur middel van assosiasie (waarnemingsleer), versterking (kondisionering) en nabootsing. Hulle leer veral deur nabootsing van 'n rolmodel sekere gedrag aan (Freedman, Sears & Caelson 1981:9; Louw 1982:186; Viljoen 1995:620). So behoort die klein kindertjies saam met hul ouers die familie-erediens by te woon om te sien hoe hul ouers en ander

volwassenes God aanbid met sang en musiek, asook hul hoofde buig in gebed. Hulle sal deur middel van nabootsing dan leer om dieselfde te doen. Volgens die behavioristiese teorie van die sielkunde is die menslike gedrag die resultaat van omgewingsinvloede, ervarings en leerprosesse wat hulle deurgemaak het en die vermoë om hierdie ervarings te veralgemeen en in nuwe situasies toe te pas (Louw 1982:186; vgl. Vos 1996d:303).

Dit is ook belangrik dat kinders (selfs kleuters) saam met die ander lede van die geloofsfamilie in die kerkgebou behoort te wees, want gedrag word ook beïnvloed deur die “eksterne omgewing.” “Learning approaches emphasize the events previously associated with a stimulus, or the past reinforcement contingencies operating on a response, or the role models a person has been exposed to. All of these are external to the individual. Learning approaches are less concerned with such subjective states as emotions or perceptions of the situation” (Freedman, Sears & Caelson 1981:10-11).

Vanuit die empiriese ondersoek het dit ook duidelik geword dat die families ter wille van die onderlinge verhoudings bereid is om saam kerk toe te gaan. Daar was twee tieners wat dit duidelik gestel het dat hulle die gebeure in die erediens “verduur”, omdat hulle saam met hul ouers kerk toe gaan. Dit is wat hulle geleer het en doen dit steeds. Dit wil voorkom of hierdie tieners wat van kleins af saam met hul ouers in die kerk is ook meer buigsaam is ten opsigte van die musiek en ander liturgiese elemente van die erediens.

Dit is opmerklik dat daar nie ‘n noemenswaardige verskil was in die response van die gemeentes nie, ten spyte van die verskil in die omgewing, ouderdom, geslag, opleiding en kwalifikasie. NG Gemeente A is geleë in ‘n middelklas omgewing en daar kan ook huishoudings wees wat ‘n laer middelklas inkomste het. NG Gemeente B is in ‘n middelklas tot hoër middelklas omgewing. Die response wat vanuit NG Gemeente B verkry is, het dit wat in NG Gemeente A na vore gekom het, net bevestig.

HOOFSTUK 4

WISSELWERKING TUSSEN TEOLOGIESE KONSEPTUALISERING EN EMPIRIESE RESULTATE WAT UITLOOP OP 'N VOORGESTELDE PRAKTYKTEORIE

1. WISSELWERKING TUSSEN TEORIE EN PRAKTYK

Vervolgens sal die wisselwerking tussen die teologiese konseptualisering en die resultate van die empiriese ondersoek hanteer word. Dit geskied volgens die kritiese wisselwerking tussen teorie en praxis soos ons dit in die praktiese teologie hanteer. Die empiriese resultate sal moontlike verstellings op die konseptuele raamwerk voorstel (Pieterse 1993b:171-176; Heitink 1993:147-152, 164).

Musiek en sang

Aan die basiese konseptualisering in hoofstuk 2, 5.5 en 5.6 kan vasgehou word oor die geweldige invloed wat musiek en sang tydens die familie-erediens het.

Die afgelope aantal jare kan verskillende invloede op die musiek en sang van die NG Kerk opgemerk word. Hieronder word 'n paar genoem (Serfontein 2005:21-22) :

1. Die “praise & worship” beweging lê klem op die ervaring van die Gees en gaan gepaard met emosionele en deelnemende aanbidding, asook die gebruik van die hele liggaam (vgl. Barnard 2006:47-51).

Willow Creek is bekend vir die “seeker-beweging” en poog om relevant te wees vir mense buite die kerk deur iets te bied wat die hoorder reeds ken (multimedia, die kunste, kontemporêre musiek en tematiese prediking). Die “seeker-beweging” lei in ‘n groot mate tot die relativering van liturgiese tradisie en fokus op die vraag: “Will the liturgy help unbelievers to Christ?” (vgl. Long 2001).

2. “Worship” musiek het sedert 1970 ook die musiek en sang beïnvloed. Dit is gevorm deur populêre musiekstyle wat kom van kommersiële platemaatskappye, liedjieskrywers, vervaardigers en uitgewers. Hierdie musiek is in ‘n noue assosiasie met die populêre kultuur en is gewild onder die jeug.
3. Ander strominge wat ook moontlik ‘n invloed het op die “aanbidding” in die hoofstroomkerke word kortliks genoem:
 - Etniese en kulturele verskuiwings in die Protestantse wêreld vra vir liturgiese inkulturasie.
 - Die Post-Modernisme, met sy klem op ervaring en beeldkultuur, stel bepaalde eise aan “worship.”
 - Die populêre kultuur stel ‘n standaard waaraan kerke moeilik voldoen, maar waarmee die kerk tog moet probeer aanklank vind ten einde geloofwaardig te wees vir baie mense.
 - Die tendens van verskillende generasies in die kerk, elk met sy kenmerkende Godsbeeld en wêreldbeeld, vra vir ‘n teologie van diversiteit.

Vanuit die empiriese ondersoek was die invloed van bogenoemde strominge duidelik sigbaar. Daar is veral onder die tieners en kinders 'n behoefte dat die musiek en sang met 'n orkes gedoen moet word. Populêre liedere spreek hulle meer aan as die liedere van die liedboek. Die taal van sommige van die liedere in die liedboek is nie die taal wat die kinders “meer praat en verstaan nie.” Daar was enkele tieners en kinders wat van die liedere in die liedboek hou. Die woorde wat hulle gebruik het, was: “party liedere”. Die orrelmusiek is vir baie van hulle te stadig. Sommige beleef die musiek (die melodie van die lied) as “hartseer” wat nie ooreenkom met die lofuitinge van die liedere se woorde nie.

Bogenoemde stem ooreen met die literatuurstudie ten opsigte van die kritiek wat teen die erediens uitgespreek is. “Die sang word beskryf as te dood. Dit is veral die melodie wat uit die gryse verlede kom. Die tempo is te stadig en uit pas met die sang wat veral die jongmense aan gewoond is om elke dag te sing” (Beukes 1987:2-3; Beukes 1994:148-149; Brink & Brink 1999:161).

In teenstelling met die tieners wat met 'n orkes die Here wil loof en aanbid, het die meeste van die ouers genoem dat hulle daarvan hou om meer “formeel” oor God te sing. Hulle hou van die liedboek en die orrelmusiek. Maar soos die een vader dit duidelik gestel het: “Die jeug met hulle musieksmaak moet ook geakkommodeer word.”

Die een moeder het genoem dat sy “met haar hele lyf wil sing” en ervaar dat sy dit nie altyd in “die gemeente kan doen nie.” Dit stem ooreen met die “praise & worship” beweging wat klem lê op die deelnemende en emosionele lofprijsing waarby die hele liggaam betrokke is. In teenstelling hiermee was daar 'n vader wat baie ernstig daarvoor was dat hy nie “van die hande opsteek” hou nie. Hy wil net “doodstil sit.” Hierdie twee aanhalings gee 'n aanduiding van die diversiteit waarmee 'n mens te make het binne die familie-erediens. Dit kan ook 'n aanduiding wees van die verskillende vorme van spiritualiteit wat onder gemeentelede waargeneem word. Die vrou het waarskynlik 'n meer charismatiese spiritualiteit, terwyl die man dalk 'n asketiese spiritualiteit het.

Dit is goed om in gedagte te hou dat musiek en sang die kind die geleentheid bied om hom- of haarself uit te druk. Musiek en sang bevorder ook die bediening van die evangelie aan die kind en gee die nodige afwisseling wat die kind se konsentrasiespan weer verleng (Van Tonder 2006:53).

In 'n familie-erediens waar die verskillende generasies in een gesamentlike erediens is, speel die musiek en sang 'n baie belangrike rol. Verskeie respondente het die belangrikheid daarvan in die familie-erediens uitgelig.

Dit wil voorkom of Long (2001:11-12) 'n werkbare model op die tafel plaas. Sy voorstel is dat daar 'n totale **integrasië** van die musiek en sang van die verskillende generasies behoort plaas te vind. Dit klop met die resultate van die empiriese ondersoek. **Hierin lê die verruiming van hierdie konsep teenoor die aanvanklike formulering.** Long is van mening dat die sogenaamde “blended worship” waar daar voortdurend van die tradisionele na die jeug-musiek beweeg word nie 'n goeie opsie is nie. Deur integrasië van die verskillende musiekstyle kan ouer mense nuwe musiek en liedere leer en die jonger mense die skatte van ons tradisie leer ken en waardeer sodat alle liedere met oorgawe gesing kan word (Pieterse 2006b:1).

In 'n familie-erediens behoort daar baie van musiek en sang gebruik gemaak te word. Die musiek en sang behoort die erediens van begin tot einde by elke element van die liturgie aanmekaar te weef. Dit kan plaasvind met behulp van verskeie musiekinstrumente en musiekstyle. Dit is so dat nie almal van alle musiekstyle hou nie, maar ter wille van die eenheid van die liggaam van Christus kan mense geleer word om ruimte te maak vir mekaar en 'n diversiteit van liedere te sing (Long 2001:61-64).

Die preekwerkgroep met verskillende generasies

Uit die konseptualisering in hoofstuk 2, 1.6 kan vasgehou word aan die belang van preekwerkgroepe vir deelname van die gemeentelede. Vanuit die konseptualisering van hoofstuk 1, 9 kan vasgehou word aan die behoeftes van die verskillende ouderdomsgroepe wat die familie-erediens bywoon vanuit die generasie teorie.

Tydens die onderhoude wat gevoer is, was daar 'n verrassende sterk gevoel van byna al die respondente wat meen dat 'n preekwerkgroep 'n goeie idee is en dat hulle as familie deel sal wil wees daarvan. (Daar was net een kind, van al die respondente, wat nie wou deelneem nie.) Dit onderstreep die sterk behoefte wat mense het om deel te wees van die erediensgebeure.

Die empiriese navorsing het aangetoon dat die respondente meen dat hulle 'n bydra kan lewer met die “aktualisering van die boodskap” en “self ook iets kan leer” in die proses. Van die tieners het ook gevoel dat dit die leraar die geleentheid gee om “ter selfde tyd ook die gemeente beter te leer ken.” Daar is ook respondente wat gemeen het dat dit gemeentelede meer “eienaarskap” vir die gemeente sal gee.

Vanuit die teologiese skrywes is dit duidelik dat daar 'n wending na die hoorders van die preek is. Dit veroorsaak 'n besondere aktuele, konkrete en bevrydende prediking. Talle homiletici (byvoorbeeld: Van der Laan, Pieterse, Dingemans en Vos) het die implikasies hiervan uitgewerk en begin met preekwerkgroepe (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg 2004:92).

Preekwerkgroepe (Pieterse 1986:135; Wagner 1983:97) kan die kommunikasievermoë van die preek verhoog en verbeter. Predikers weet dikwels nie presies wat die vlak van kennis, verstaan, assosiasies en interpretasies van gemeentelede is nie. Daarom vind predikers dit moeilik om vir die gemeente die teks toe te pas en konkreet te maak (Pieterse 1986:131).

Volgens Pieterse (2001:19-23) geskied die hermeneutiese proses deur verskillende stappe. Dit begin by die situasie van die gemeentelede. Die prediker moet die hoorders in hul omstandighede goed ken. Met die konteks in gedagte, word die spesifieke teks gekies waaroor gepreek gaan word. Alreeds by hierdie eerste stappe van die hermeneutiese proses kan die preekwerkgroep vir die prediker van onskatbare waarde wees.

Bogenoemde word onderskryf deur die empiriese navorsing waar verskeie respondenten nie net gevoel het dat hulle die prediker kan help om as familie die boodskap te aktualiseer nie, maar dat hulle self ook iets kan leer in die proses. Die preekwerkgroep gee die leraar die geleentheid om met die groepie lidmate wat by die preekwerkgroep betrokke is, 'n nuwe pad te loop en hul te begelei op 'n beter verstaan van die Woord.

Mense wat deel is van 'n preekwerkgroep word opgewonde oor die preek en raak aktief betrokke by die erediens (vgl. Wagner 1983). Die preekwerkgroep bevorder ook die bewuste aandagtige luister van lidmate. Verder word lidmate se denke verbreed en verhelder deur die gesprekke in die preekwerkgroep (Sweazy 1976:56).

Twee van die moeders het bogenoemde onderstreep deur te noem dat "mense meer deel sal voel van die erediens" wanneer hulle deel is van 'n preekwerkgroep. Die een het verder gegaan en genoem dat sy ook sal wil hoor wat van haar vriende se bydraes tot die aktualisering van die boodskap is en twee keer sal dink voordat sy dan 'n "erediens sal mis."

Van Wyk (2002:100; vgl. Pieterse 1991) wys daarop dat dit vandag die tendens is dat daar gesoek word na 'n prediking wat niemand uitsluit nie. Die boodskap moet tot almal in die gemeente en daarbuite kom. Dit beteken dat die gemeente as deelnemers aan die preekgebeure beskou moet word (vgl. Nell 1996:144-147).

In 'n artikel in die *Beeld* (28 Mei 2007, bl 14) word verslag gedoen van 'n navorsingsmaatkappy, Instant Grass. Hulle het bevind dat jeugdiges "meer

gehoor wil word en by besluite wat die regering neem, betrokke wil wees.” Hieruit blyk die behoefte van jongmense om betrek te word by besluitneming tot by die hoogste gesag. ’n Preekwerkgroep kan vir jongmense ’n geleentheid bied om meer betrokke te wees by die besluitneming rondom die erediens.

Wanneer verskillende generasies saam deel gemaak word van die preekwerkgroep word die hele familie betrek by die erediens. Op die wyse word verseker dat die behoeftes van die verskillende generasies aangespreek word en niemand uitgesluit word nie. By so ’n gespreksgeleentheid kan die verskillende generasies die geleentheid kry om mekaar beter te leer ken en sodoende kan daar verhoudings gebou word. Dit kan op sy beurt weer groter begrip vir mekaar se bedieningsvoorkeure bewerkstellig.

Die teologiese konseptualisering en die empiriese navorsing ondersteun beide die groot waarde wat ’n preekwerkgroep aan ’n familie-erediens kan toevoeg. Die empiriese navorsing het hier die teologiese konseptualisering verhelder. In die versterkte praktykteorie word preekwerkgroepe met families (gesinne) op ’n gereelde basis as noodsaaklik voorgestel. Hierdie voorstel is oorspronklik ten opsigte van die literatuur en is ’n belangrike saak wat uit die studie na vore kom.

Persoon van die prediker

Vanuit die konseptualisering in hoofstuk 2, 11 kan vasgehou word aan die groot invloed wat die persoon van die prediker het op die erediensgebeure.

Prediking is nie ’n ek-lose gebeure nie. Maak nie saak hoe prediking gedefinieer word nie, daar is altyd iemand wat preek. Die prediker moet ’n volwasse persoonlikheid hê en ook geestelik volwasse wees (Nel 2001a).

Vanuit die empiriese ondersoek het die belangrikheid van die persoon van die prediker se invloed op die erediens en prediking geblyk uit onder andere die

volgende opmerking: “’n mens kan onderskei tussen die persoon en die boodskap, maar kan dit nie skei nie.” Die respondente het gevoel dat die persoon van die prediker ‘n “baie groot rol speel” in die prediking. Van die respondente het gevoel dat die persoon van die leraar nie so ‘n groot invloed behoort te hê op die erediens nie en dat hy/sy “net die boodskapper is.” Tog is ook bygevoeg dat hulle “meer aanklank by sekere predikers vind.”

Pieterse (1986:113-117) noem dat die prediker se kommunikasievernuif, gesindhede, kennis, kulturele agtergrond en sosiale konteks ‘n invloed het op die wyse waarop hy/sy die boodskap kodeer. Hy noem dat egtheid aan die kant van die prediker een van die belangrikste vereistes vir goeie kommunikasie is. Dit verhoog volgens hom die geloofwaardigheid van die boodskap.

Dit is bevestig tydens die empiriese navorsing. Die een vader het dit duidelik gestel dat die prediker tog nie “pretensieus en aansitterig” moet wees nie. So ‘n leraar se “maniertjies sit jou af.” ‘n Ander vader het opgemerk dat die leraar “meer opreg, eerlik” moet wees. Egtheid was die een eienskap van die leraar wat die tieners uitgelik het as noodsaaklik.

Die prediking kan nie geskei word van die persoon van die prediker nie. God werk deur mense. Die prediker kommunikeer. Nie net wat gesê word nie, maar wie die prediker is, kommunikeer. Die totale mens is voortdurend by die preekgebeure betrokke. Natuurlik werk God deur die Heilige Gees in die prediker, maar die persoon van die mens is onlosmaaklik deel van die gebeure (Nel 2001a:39-41; Stott 1982:266).

Vanuit die empiriese navorsing was 80.0% van die ouers oortuig daarvan dat die persoon van die predikant ‘n invloed op die prediking het. Die tieners se respons was interessant. Hoewel hulle gesê het dit nie saak maak wie preek nie, het hulle dit duidelik gestel dat ‘n mens “die boodskap moet kan verstaan” sowel as dat dit ‘n “goeie boodskap moet wees” en dat “die prediker ‘n passie moet hê” vir dit wat hy/sy doen.

Met die empiriese navorsing het 4 van die 9 families sterk klem daarop gelê dat hulle 'n behoefte het aan persoonlike kontak met die leraar. Die kontak het gewissel van 'n handdruk by die deur tot 'n paar tieners wat genoem het dat hulle dit geniet om die leraar beter te leer ken op kampe. Dis ook vir hulle belangrik dat die leraar self by die tieners betrokke moet wees.

Bogenoemde het die belangrikheid van persoonlike verhoudinge en omgang wat in die pastoraat met gemeentelede opgebou en onderhou word, beklemtoon. Dit bevestig net wat in die teologiese konseptualisering na vore gekom het. Die prediker wat die mense se nood en behoeftes ken, is onontbeerlik (Pieterse 2001:19-20; Pieterse 1994:46; Stark 2005b:95).

Die empiriese ondersoek het die teologiese konseptualisering soos aanvanklik geformuleer verruim en die belangrikheid van die persoon van die prediker as 'n geestelike volwasse persoon verder onderstreep.

Aard van die Prediking

Vanuit die konseptualisering in hoofstuk 2 onder punte 6, 7, 8, 9 en 10 kan vasgehou word aan die belangrikheid van die aard van die prediking tydens die familie-erediens.

Wanneer 'n mens 'n preek maak, geskied dit as 'n hermeneutiese proses, of verstaansproses. Vanuit die perspektief van die prediking begin hierdie proses by die situasie van die gemeentelede (Pieterse 2001:19; Long 1994:109). 'n Preek is meer as die oordra van religieuse informasie of die woorde op 'n geskrewe manuskrip. Dit is eerder Woordgebeure en God se stem wat gehoor word in 'n preek (Cilliers 2002:37). Die prediking is die hart van die evangelie. Dit dra die woorde en dade van God oor aan die mense van elke tyd en konteks (Pieterse 2001:18).

Die gereformeerde siening van die preek is dat dit die verkondiging van die Woord van God is binne die gemeente (Pieterse 1988:73; vgl. Stark 2005a).

Hier het 'n mens te doen met die hermeneutiese proses, wat die beweging van die inherente dinamiek van die preekteks van die Skrifgeworde Woord tot die verkondigde Woord, begelei. Dit is die ontsluiting van die boodskap van die preekteks in die taal en situasie van die konkrete gemeente op so 'n wyse dat die Woord van God in die teks aan die woord kom en deur die gemeente gehoor en geglo word (Pieters 1986:15-16).

Die hermeneutiese interaksie met die teks het 'n homileet nodig wat nie net deel word van die wêreld van die teks nie, maar ook deel is van die belewenis wêreld van die luisteraar. Vos (2005:289) omskryf die belewenis wêreld van 'n mens as die wêreld waarin 'n mens dink, beleef en glo. Dit is die manier waarop hulle die verhoudings in die gemeenskap ervaar.

Bogenoemde is bevestig deur die tieners wat veral die behoefte uitgespreek het om preke te hoor wat "aktuele onderwerpe" aanspreek. Die ouers het hiermee saamgestem, soos hulle dit gestel het: Die preke moet "prakties" wees en "vandag se lewe" aanspreek met "praktiese aktuele voorbeelde" wat in die preek gebruik word. Een van die grootste punte van kritiek teen die erediens wat vanuit die literatuur na vore gekom het, is dat dit die moderne mens ervaar dat hul dikwels nie aangespreek word nie.

Verder beleef mense dat die taal wat tydens die erediens gebruik word nie dieselfde is as dit wat hulle elke dag praat nie. Dit is dikwels onverstaanbaar. Die lidmaat luister na onder andere die preek, maar "hoor" nie wat die prediker sê nie, omdat hulle die taal nie verstaan nie (Beukes 1987:2-3; Beukes 1994:148-149; Du Plessis 2004:4-6; Brink & Brink 1999:161).

Hierdie het baie sterk na vore gekom tydens die empiriese ondersoek. Die respondente het gevoel dat wanneer die predikant "hoogdawerend preek die kinders nie verstaan nie." Dit het 'n kind beaam met haar opmerking: "Dominee moet nie groot woorde gebruik nie." Die tieners het hierby aangesluit en genoem dat die preek "verstaanbaar moet wees" en "makliker taal" gebruik moet word tydens die preek. Dit sal ook help as daar "meer

verduidelikings” is. Die vaders het dit ook ondersteun. Soos hulle dit gestel het: Die preek moet nie “n proefskrif” of “n geskiedenisles” wees nie.

Hierdie response het onderstreep wat Van Wyk (2002:5) meen een van die redes is hoekom prediking meermale irrelevant is. Volgens hom kan dit wees dat die prediker vashaak by die historiese tyd van die teks of nie die leëwêreld van die hoorder goed genoeg ken nie. Hieruit blyk duidelik dat die prediking konkreet, relevant, eietyds en ewangelies moet wees, anders slaag dit glad nie daarin om mense in verwondering voor God te laat staan nie.

Daar is ook die behoefte by die respondente, veral by die ouers, dat die preke ‘n sterk lerende karakter moet hê. Een moeder het genoem dat “mens goed lees wat jy nie verstaan nie.” Sy het ook gesê dat sy “meer wil leer van die Bybel.” ‘n Vader het dit “verduidelikende prediking” genoem. Preke waar “Skrifuitleg plaasvind” en “realistiese lyne getrek word na vandag”, het hy bygevoeg.

Hierdie bevestig die teologiese konseptualisering waar gemeen word dat daar sterk klem op lerende prediking behoort te wees (Pieterse 2005a:418-419; Pieterse 2005b:111). Onderrigende prediking is ‘n uitleg van die Skrif op so ‘n wyse dat die Bybelse boodskap verstaan word en van toepassing gemaak word op die lewe van die gelowige. Prediking as onderrig is dus aktuele prediking (Pieterse 2005a:419).

Van die moeders en kinders het gevoel dat kinders meer tydens die erediens betrek behoort te word. Dit is bevestig deur ‘n kind toe sy vertel het hoe sy een preek baie goed kan onthou waar die dominee haar vorentoe geroep het om “hom te help met die blokkies.” 45.5% van al die respondente het genoem dat visuele hulpmiddels noodsaaklik is vir ‘n familie-erediens. “Gebruik die tegnologie” is gesê. 75% van die kinders het genoem dat hulle preke met beelde, prente en aktiwiteite beter onthou. Dit onderstreep weereens dat mense vandag baie ingestel is op die visuele.

Dit bevestig wat die teologiese konseptualisering uitgewys het naamlik dat visuele hulpmiddels in ons tyd met groot vrug in die erediens aangewend kan word. Die trefkrag van illustrasies in die preek kan moeilik oorskat word. Met navorsing wat Wagner (1983:76-101) in 1982 rondom preekwerkgroepe gedoen het, was een van die vrae wat gevra is: “What specific point can you personally take with you from this sermon?” Die antwoord hierop was telkens die een of ander vorm van illustrasie (hetsy dit simbole, metafore of rituele was). Du Plessis (2004:101) noem hieronder: skryfborde, videos, elektroniese skerms en truprojektors. Die “nuwe taal van kommunikasie” word dit genoem. Mense dink in terme van prentjies en daarom behoort die elektroniese media, met inbegrip van beelde en klank, meer gebruik te word (Uys 2005:74-75). Uys (2005:98) is ook van mening dat die tradisionele Gereformeerde liturgie voortdurend verryk behoort te word met visuele en nie-verbale kommunikasie komponente.

Vir ’n familie-erediens moet die hele erediens en in die besonder die preek kort wees. Van die ouers het genoem dat sommige preke “te lank” is en dat die prediker “ook die grootmense verloor.” Een vader het baie sterk daarvoor gevoel dat die preke korter behoort te wees en dat die predikante “nie moet probeer om tyd op te maak nie.” ’n Kind het ook genoem dat die “kerk te lank raak.”

Dit word in die teologiese konseptualisering uitgelig dat die kinders se luistervaardighede en aandagspan uiters beperk is. Lang toesprake en preke werk nie vir hulle nie. Baie van die boodskappe wat na hulle kom in die alledaagse lewe is in prentjies met baie kleur, beweging en klank. Vir hulle is die wêreld kleurryk en hulle leef in ’n tyd waar daar so baie dinge is wat aanspraak maak op hulle aandag dat doodgewone woorde moeilik ’n indruk op hulle maak (Brink & Brink 1999:24).

Van die tieners het genoem dat hulle van die prentjies hou, maar dat die leraars tog “ander” prentjies moet kry, want die oues raak “afgesaag.” Die literatuur het ook uitgewys dat die kinders vandag oorgestimuleerd is. Baie van hulle ly aan die “klaar gesien – klaar gedoen” (“been there, done that”) –

mentaliteit en raak oor bitter min meer opgewonde (Brink & Brink 1999:26). Daarom behoort ou dinge op 'n nuwe en oorspronklike wyse ingeklee en aangebied te word.

Die empiriese ondersoek het die teologiese konseptualisering verruim. In die verstelde praktykteorie is die gebruik van visuele hulpmiddels in die beeldkultuur van die elektroniese media van ons tyd vir die familie-erediens noodsaaklik.

Die **reikwydte** van die prediking behoort nie slegs die individue en die families sowel as die gemeente se situasie aan te spreek nie, maar ook hulle rol in die samelewing (vgl. Heitink 1993). **Verdere ondersoek** sal egter nodig wees binne die benadering van die familiebediening oor hierdie saak. Die Suid-Afrikaanse samelewing is uitermate kompleks met skreiende probleme wat diepgaande ondersoek benodig wat nie deur hierdie studie gedek word nie. **Die probleem van 'n grootskaalse individualisering van die geloof en spiritualiteit in die NG Kerk vra om 'n dringende ondersoek. Dit is 'n groot hindernis vir die kerk se presensie in die samelewing.**

Liturgie

Vanuit die konseptualisering in hoofstuk 2 onder punt 2, 3 kan vasgehou word aan die liturgie vir die familie-erediens.

Barnard (1981:51-52) meen dat die woord liturgie gebruik word om die Christelike erediens mee aan te dui. Die liturgie omvat al die woorde en handeling van die volle erediens. 'n Hedendaagse omskrywing van die Reformatoriese liturgie vind ons by verskeie skrywers (Müller 1999:56-57; Oskamp & Schuman red 1989; Barnard 2006; Long 2001; Clasen et al 2007). Daar is ekumeniese konsensus dat die erediens gekommunikeer word deur vier fases van die verloop van die erediens (Long 2001:47; Clasen et al 2007:13). Hierdie fases is:

- Die aanloop of toetrede;

- Die Woorddiens;
- Die tafeldiens;
- Die afloop of uitsending.

Vernuwing in die erediens kan moontlik hanteer word deur die beste uit die nuwe beweging te integreer in die tradisionele, dog ekumenies-vernuwende dienste sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis van die kerk te verwerp. Die een ononderhandelbare teologiese uitgangspunt van die reformatoriese erediens is dat die gemeente na die erediens kom om God te ontmoet. Daarom moet die onderliggende narratief van die erediens, naamlik die verhaal van die evangelie, nie prysgegee word nie. God se aktuele Woord volg in die preek op so 'n wyse dat die siutasie van die gemeente en die vrae van die dag aangespreek word en nuwe moontlikhede oopgebreek word. Verder is sang en musiek veral vir die jonger generasies van groot belang. Daarom behoort die erediens deur sang en musiek gedra te word (Pieterse 2006b:1; Long 2001).

Wat in die liturgie ingesluit of weggelaat word, kan nie na willekeur besluit word na gelang van die individu se smaak nie. Dit is nie maar om't ewe watter veranderinge ons in die erediens aanbring van Sondag tot Sondag nie. Met klein liturgiese veranderinge kan teologiese sieninge en beelde van God "ingesmokkel" word wat nie strook met die gereformeerde belydenis nie (Van der Merwe 2004:1-3).

Die positiewe reaksie op die liturgie was verrassend. 86.7% van die ouers en 75.0% van die tieners hou van die liturgie. Een moeder het genoem dat die liturgie vir haar "mooi" is en dat dat sy "verlore voel sonder die liturgie". 'n Ander moeder het weer gesê dat "al die elemente van die liturgie daar moet wees." Sy "hou van roetine." Daar was ook respondente wat van die liturgie hou, maar tog gemaan het dat 'n mens versigtig moet wees dat dit nie "'n gewoonte raak nie."

Die tieners se reaksie was dat die liturgie hul “laat tuis voel.” Dis hoe die “kerk moet ‘operate’.” ’n Ander tiener het genoem dat sy werklik beleef dat die “liturgie met haar praat, maar dat verandering ook goed is.” Hierdie gedagte het by verskeie ander respondente ook na vore gekom. Daar is ’n behoefte aan “afwisseling” of “variasie” in die liturgie. Op die manier sal die “erediens interessant bly.”

’n Familie wat nie deur die liturgie aangespreek word nie, het gevoel dat dit “net tradisie” is wat ’n mens “outomaties soos ’n resitasie” doen en dat dit “nie deurdring nie.” Een vader het gemeen dat daar ’n “stuk tradisie verbonde” is aan die liturgie en ook gemeen dat dit goed is, want ’n mens “wil iets hê om aan vas te hou.” Saam hiermee het hy ook genoem dat die prediker die “eksakte orde kan verander binne die konteks van die erediens.” ’n Ander vader het genoem dat “’n mens moet aanpas”, maar die “basis bly tog dieselfde.”

Marcel Barnard meen dat die populêre kultuur nie net gedupliseer kan word in die erediens met die liturgie nie. In ’n dialektiese aansluiting by die eietydse populêre kultuur moet ’n eie inkleding van die estetiese en die artistieke in die liturgie ruimte skep vir die ontmoeting met God (vgl. Barnard 2006:75). Die konsep van die liturgie is deur die empiriese navorsing verryk.

Gereformeerde Spiritualiteit

Vanuit die konseptualisering in hoofstuk 2, 14 kan vasgehou word aan die belangrikheid van die Gereformeerde Spiritualiteit vir die familie-erediens.

Piet Naudé (Die Kerkbode 10 Junie 2005:11) het ’n artikel geskryf waarin hy poog om ’n duidelike en verstaanbare profiel te teken van ’n gereformeerde verstaan van die evangelie. Dit word in die volgende saamgevat:

- ***Sola Scriptura*** (“net die Skrif”)
- ***Solo Christus*** (“net Christus”)

- ***Sola gratia*** (“genade alleen”)
- ***Sola fide*** (“geloof alleen”).

Vanuit die vraeboog aan predikante van die NG Kerk vir die Kerkspieël van 2004 (Schoeman & Bisschoff 2004:124-126) is verskillende teologiese posisies aan predikante voorgehou. Die resultate wys daarop dat daar ‘n sterker aanduiding is dat respondente hulle “glad nie” by die “nuwe hervorming” (dit is ‘n liberale teologie) (88.8%) sien nie, maar dat hulle hulself eerder as gereformeerd (82.2%) sien. Hierdie tabel gee ‘n goeie aanduiding van identiteit. Predikante beskou hulself tegelyk gereformeerd, evangelies en vernuwend (Schoeman & Bisschoff 2004:125-126).

Vanuit die empiriese ondersoek was dit duidelik dat die meeste van die respondente in die NG Kerk met ‘n gereformeerde spiritualiteit groot geword het. Drie van die moeders het nadat hul getroud is, lidmate van die NG Kerk geword. Hulle gee die rede hiervoor aan dat hulle gemaklik voel met dit wat daar “geleer” word. Verskeie respondente het ook alreeds ander kerke besoek, maar voel nie “gemaklik” daar nie. Sommige stel dit duidelik dat die “gereformeerde beginsels” vir hulle belangrik is, terwyl ander dit nie altyd so duidelik kan omskryf nie, maar tog ‘n ongemak het met sekere praktyke in ander kerke. Dit is waarskynlik op grond van die verskuiwing in die liturgie in die rigting van die “evangelical spirituality” (Barnard 2006:27; vgl. Oskamp & Schuman 1998).

Daar is ‘n algemene siening in die NG Kerk dat wanneer daar van ‘n nuwe styl van musiek en sang gebruik gemaak word, die diens meer charismaties of evangelikaals ingerig moet word. Die respondente van die onderhoude het die teendeel aangetoon.

Die resultate toon aan dat die NG Kerk nie sy reformatoriese karakter hoof prys te gee om ‘n ware familie-erediens aan te bied waar die Here in ‘n nuwe styl aanbid word nie. Die musiek en sang, liturgie en aard van

die prediking kan binne die reformatoriese karakter van die NG Kerk vernuwe word. Dit is 'n belangrike bevinding van hierdie studie.

Die Familie-erediens

Die familie-erediens is die sentrale konsep in hierdie studie. Die navorsingsvraag waarmee hier gewerk word is op watter wyse die erediens ingeklee behoort te word sodat dit die hele familie aanspreek. Hierdie familie bestaan gewoonlik uit verskillende generasies.

Die familie-erediens verkry 'n **nuwe, dinamiese dimensie** waarin die liturgie en die prediking **verlewendig** word met die funksionering van die verrykte konsepte soos hierbo beskryf.

Die nuwe styl van musiek en sang waarin die klassieke liederes en melodieë gesing word, saam met 'n diversiteit van musiek instrumente, verskaf 'n nuwe dinamiese atmosfeer. Dit bevestig Long se bevindinge:


It was here that the worshipers in the vital congregations heard the sounds of tambourines and drums, guitars and brass, violins and cellos, organs and banjos. Anybody passing by outside these churches during the last part of Sunday worship, would like the elder brother in Jesus' parable, have heard the unmistakable sounds of music and dancing and feasting coming from inside the house. Why is this so? Because the good news has been proclaimed, the dead have come to life, the lost have been found, and, as the father of the prodigal son put it 'We had to celebrate and rejoice.'

(Long 2001:96)

In die konseptuele raamwerk wat nou voorgestel word, word aangedui hoedat die verruimde en verrykte konsepte wat die praktykteorie vir die familie-

erediens uitmaak in hul relasies tot mekaar funksioneer. Hiermee is die doelstelling van die ondersoek soos in hoofstuk 1, paragrawe 3 en 4 beskryf, bereik.

2. VOORGESTELDE PRAKTYKTEORIE: RAAMWERK



3. WERKING VAN DIE KONSEPTE EN HUL RELASIES

Die familie-erediens word beïnvloed deur elkeen van die konsepte. Daar is 'n interaksionele relasie tussen die konsepte. Die dinamiese interaksie tussen die verruimde en verrykte konsepte in hul relasies vorm die **vernuwende kragveld** van die lewende stem van die evangelie in die familie-erediens deur die woordgebeure en die werking van die Heilige Gees waarin God ontmoet word (vgl. Cilliers 2004a). Die gereformeerde spiritualiteit sal dus op 'n nuwe manier verryk moet word om die familie aan te spreek veral ten opsigte van die nuwe styl van musiek en sang, die visionele aard van die woordgebeure van die preek en die preekwerkgroepe met families, maar sal steeds binne die kader van die reformatoriese teologie bly.

Hierdie praktykteorie behoort 'n riglyn te bied vir die bereiking van die hele familie in die liturgie en prediking.

4. SLOT

In hierdie studie is die volgende probleem ondersoek: In die lig van die gereformeerde teologie bestaan daar nie riglyne om die erediens so in te klee dat dit die behoeftes van die verskillende generasies in 'n familie-erediens (een gesamentlike erediens) aanspreek nie.

Die metode van teologiese konseptualisering en empiriese ondersoek is gevolg. Die resultate uit die ondersoek het gelei tot 'n verstelde praktykteorie waarin die probleem op 'n beter basis aangepak kan word deurdat dit 'n riglyn bied vir die bereiking van die hele familie (gesin) in die familie-erediens.

5. VELDE VIR VERDERE NAVORSING

In hierdie ondersoek kon slegs 'n basis gelê word vir die inkleding van 'n familie- of gesinserediens in die konteks van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika waar enkele gemeentes op hierdie weg begin beweeg. Die beskrywing van die verskillende konsepte wat as faktore 'n interaktiewe rol speel in die teoretisering oor so 'n soort erediens in die huidige tydsgewrig, kan slegs die familie-erediens op 'n goeie teoretiese basis aan die gang kry.

Verdere navorsing sal gedoen moet word oor die vraag hoe so 'n erediens 'n rol kan speel in die bewusmaking en aktivering van die familie (of gesin) oor die rol van die gemeente in die samelewing in ons situasie. Die volgende sake kom dan na vore:

1. Die gemeente as missionêre gemeente. In ons konteks word die roeping van die gemeente as missionêre gemeente binne die eie omgewing al hoe belangriker. Ons sendingvisie was altyd na ander omgewings en ander lande. 'n Siening van die gemeente as missionêre gemeente in eie omgewing is uiters belangrik (vgl. Barth 1939; Bosch 1991; Nel 2002; Bentley 2007). Die gemeente as familie gemeente se erediens kan in hierdie bewusmaking, om as 'n hele gesin in hierdie visie betrokke te raak, 'n groot rol speel. Die veld verdien verdere ondersoek.
2. Die gemeente se diensgestalte. Hierdie veld oor die diens aan mekaar, aan die naaste en in ons siening van evangelisasie sal in die familie gemeente ondersoek en aangespreek moet word (vgl. Armstrong 1979; Gibbs 2000).
3. 'n Familie gemeente wat hiertoe opgevoed en geïnspireer word sal beter in staat wees om betrokke te raak by die samelewingsprobleme van MIV-Vigs, armoede, geweld en versoening. Dit is uiters belangrik

dat ons kinders en jeug van kleins af in die erdiens hieraan blootgestel word.

BIBLIOGRAFIE

Alvesson, M 2002. *Postmodernism and Social Research*. Buckingham: Open University Press.

Ammerman, N T & Roof, W C 1995. *Work, family, and Religion in contemporary society*. New York: Routledge.

Armstrong, R S 1979. *Service Evangelism*. Philadelphia: Westminster.

Arn, C 1997. *How to start a new service*. Michigan: Baker Books.

Atkinson, J C 2005. Family as domestic church: developmental trajectory, legitimacy, and problems of appropriation. *Theological Studies* 66(3):592 – 604.

Barna, G 2006. *Revolution*. Vereeniging: Christian Art Publishers.

Barnard, A C 1981. *Die Erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Barnard, A C 1988. Erediens en prediking met die oog op die bereiking van kinders. *NGTT* 30:351-370.

Barnard, M & Schuman, N 2002. *Nieuwe wege in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg*. Zoetermeer: Meinema.

Barnard, M 2006. *Liturgie voorbij de Liturgiese Beweging*. Zoetermeer: Meinema.

Barth, K 1939. *The Church and the Political Problems of our day*. New York: Charles Scribner's Sons.

Bentley, W 2007. The Notion of mission in Karl Barth's Ecclesiology. Unpublished PhD thesis. University of Pretoria.

Beukes, M J du P 1987. Vernuwning in die erediens. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3 Perspektiewe op die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Beukes, M J du P 1994. *Erediens II*. Pretoria: Kital.

Bisschoff, J 2005. Die predikant as geestelike begeleier en sy/haar spiritualiteit ... die impak van Gideon van Dam. *Kruisgewys 5(2):13-14*.

Bosch, D 1991. *Transforming Mission*. Maryknoll, New York: Orbis.

Bosman, H & Mouton, E 2003. OT en NT perspektiewe of Familie-wees. Ongepubliseerde referaat gelewer op 3 April 2003.

Brink, V & Brink, T 1999. *Ouerskap in die millennium*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

Brown, M L 1999. *Moderne prediking misluk! Oproep om te ontwaak*. Kaapstad: ASC Boekdrukkers Bpk.

Burger, C 1983. Gemeentes is die kragveld van die Gees oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus. *Gemeente en Bediening 4*. Bloemfontein: CLF Drukkers.

Burger, C 1997. *Familie van God! ... waar gelowiges tuiskom in 'n koue, harde wêreld*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C 1999. Erediens in Gereformeerde Styl. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 14(1):1-21*.

Calitz, C J 2004. 'n Praktiese Teologiese ondersoek na ... Die vrye lied as 'n wesentliche deel van die Gereformeerde kerklied in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Caruana, V 2005. *Gee jou kind 'n voorsprong in die lewe*. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy.

Chia, R 2005. God, language and preaching, in Gröisinger & Soon (ed) 2005:133-151.

Cilliers, J 2002. Die geheim van die prediking: een-stemmigheid op die kansel. *NGTT 43:32 – 38*.

Cilliers, J 2003. Die verhouding tussen Skrifbeskouing en prediking. *NGTT 44:20 -27*.

Cilliers, J 2004a. *Die lewende stem van die evangelie*. Stellenbosch: Sun Press.

Cilliers, J 2004b. Estetika as uitbeelding van die publieke kerk: Liturgie op soek na beelde (1). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 19:1 – 15*.

Clasen, F et al 2007. *Vir die erediens 'n handleiding*. Wellington: Bybel-Media.

Codrington, G & Grant-Marshall, S 2004. *Mind the gap!* Johannesburg: Penguin Books (South Africa).

Codrington, G 2005. Generations @ Church.
<http://www.futurechurch.co.za/?itemid=49>

Conradie, E M & Pauw, J C 2002. Dialogiese, ekologiese en teologiese perspektiewe ten opsigte van 'n verbruikerskultuur ("consumerism"). *NGTT* 43:407 – 421.

Davis, H G 1983. *Design for preaching*. Philadelphia: Fortress Press.

De Klerk, B J 1999. Skuldbelydenis en versoening as kommunikatiewe handeling in die liturgie van die samekoms en van die lewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(1):23-45.

De Klerk, B 2002. Liturgiese verdieping van die erediens op grond van kinders se deelname. *In die Skriflig* 36(2):261-279.

De Vries, M 1994. *Family-based youth ministry*. Illinios: Inter Varsity Press.

Die Beeld 22 Oktober 2005. Dwelms, geweld word Afrikaner-probleem toe groep nie dink, bl 1.

Die Beeld 28 Mei 2007. Jeug wil meer inspraak hê. 'Geld nie meer hul hoofprioriteit', bl 14.

Die Kerkbode 22 April 2005. Wanneer is vernuwing, vernuwing?, bl. 7.

Die Kerkbode 10 Junie 2005. 10 stellings oor gereformeerde identiteit, bl. 11.

Die Kerkbode 9 Junie 2006. Daar is niks soos die familie as die familie reg werk nie, bl 9.

Die Kerkbode 9 Junie 2006. Uitdagings en geleenthede vir plaaslike gemeentes. Uitdaging 7: Geestelike leierskap bl. 9.

Die Kerkbode 23 Junie 2006. Uitdagings en geleenthede vir plaaslike gemeentes. Uitdaging 8: Die vestiging van 'n kinderbediening, bl. 9.

Die Kerkbode 13 Oktober 2006. Uitdagings en geleentheid vir plaaslike gemeentes. Uitdaging 13: Om in die “stad” te oorleef, bl 10.

Die Kerkbode 27 Oktober 2006. Vuurhoutjie. Hervorming: Bybel, tradisie, konteks, bl 6.

Die Kerkbode 8 Desember 2006. Die grootste gevaar ... Fundamentalisme of Liberalisme, bl 7.

Die Bybel 1985. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder die hoorders ... Een hermeneutiese homiletiek*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.

Dorey, P 2005. Diakroniese perspektiewe op die huwelik. *Old Testament Essays* 18(3):542-566.

Draft 5-year integrated strategic plan for families 2005 -2010 (Second draft) February 2006 (1). Department of Social Development. Directorate: Families and VEP.

Dreyer, D 2003. *Leef jou gemeente regtig?* Wellington: Lux Verbi.BM.

Dreyer, J S & Pieterse, H J C (reds) 1993. *Die moderne gemeente en haar funksionering*. Pretoria: Verba Vitae.

Dreyer, J S 1993. Die moderne gemeente en haar prediking. Die belang, aard en benutting van praktykkennis, in Dreyer & Pieterse (reds) 1993:221-247.

Dreyer, Y 2004. A public practical theological theory for religious education of secularised youth. Ongepubliseerde lesing.

Dudley, C S & Ammerman, N T 2002. *Congregations in Transition. A Guide for Analyzing, Assessing, and Adapting in Changing Communities.* San Francisco: Jossey-Bass.

Du Plessis, I 2004. *Multisensoriese Liturgie.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Du Toit, A & Prins, J M G 1999. Metodologiese uitdagings in navorsing oor geloofsvorming by kleuters. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(1):63-73.

Du Toit, A B 1984. *Room van die Romeine.* Wellington: Bybelkor.

Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF – Uitgewers.

Dykstra, R C 2001. *Discovering a Sermon. Personal Pastoral Preaching.* St. Louis: Chalice Press.

Elliot, F R 1986. *The family: Change or continuity?* Houndmills: The Macmillan Press Ltd.

Elliot, M B 2000. *Creative Styles of Preaching.* Louisville: Westminster John Knox Press.

Feenstra, J G 1981. *Leer en lewe.* Pretoria: Sacum Beperk.

Fields, D 1998. *Purpose driven Youth Ministry. 9 Essential Foundations for Healthy Growth.* Michigan: Zondervan Publishing House.

Focus on the family April 2005. Open House, bl. 24-26.

Freedman, J L, Sears, D O & Carlsmith J M 1981. *Social Psychology.* Engeland Cliffs: Prentice-Hall Inc.

Freudenburg, B & Lawrence, R 1998. *The family friendly church*. Colorado: Group Loveland.

Gäbler, C 1985. *Handboekje over leren geloven met jonge kinderen*. Delft: Uitgeverij Meinema.

Gäbler-Kaindl, C 2000. *Kinder im Gottesdienst. Theorie und Praxis generationenübergreifenden Feierns*. Stuttgart.

Gadamar, H-G 1975. *Truth and Method*. London: Sheed and Word

Gibbs, E & Coffey, I. 2000. *Church Next. Quantum Changes in how we do Ministry*. Downers Grove, Ill: Intervarsity Press.

Glaser, B G 1978. *Theoretical Sensitivity. Advances in the Methodology of Founded Theory*. San Francisco.

Gouws, L A et al 1979. *Psigologiewoordeboek*. Pretoria: Sigma Press.

Greidanus, S 1988. *The Modern Preacher and the Ancient Text. Interpreting and Preaching Biblical Literature*. Leicester: Inter-Varsity Press.

Grösjinger, A & Soon, K H (ed) 2005. *Preaching as shaping experience in a world of conflict, Studia Homiletica 5*. Gospel Works.

Grösjinger, A 2005. The way of experience, in Grösjinger & Soon (ed) 2005:1-6.

Handboek vir die erediens 1991. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Hanekom, B 2000. *Hoe leer ons kinders glo?* Wellington: Lux Verbi.BM.

Hanekom, B & Esterhuizen, A 2005. (Nuwe) Gemeente Ontwikkeling vir 'n nuwe tyd. *Kruisgewys* 5(1):21-22.

- Heitink, G 1993. *Practische Theologie geskiedenis – teorie – handelingsvelden*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Heitink, G 2003. *Tussen 'oprit 57' en 'afrit 03' de weg, het landschap en de praktische theologie*. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Heitink, G 2007. *Een kerk met karakter. Tijd voor heroriëntasie*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Hendriks, H J 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels & praktyk van gemeente vernuwing*. Wellington: Hugenote Uitgewers.
- Hendriks, H J 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Heyns, J A 1981. *Dogmatiek*. Kaap: Nasionale Boekdrukkery Goodwood.
- Heyns, J A 1982. *Teologiese Etiek 1*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel Transvaal.
- Hogan, L L 2005. The individual in relation to public preaching, in Grösinger & Soon (ed) 2005:100-108.
- Human, H 2005. God se visie vir Waverley Gemeente. Ongepubliseerde bydra.
- Hybels, B 2004. *Courageous Leadership*. Cape Town: Struik Christian Books.
- Immink, F G 2003. *In God geloven. Een praktisch-theologische reconstructie*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Immink, F G 2004. Homiletics: The current debate. *International Journal of Practical Theology* 8:89-121.

Immink, G & Pleizier, T 2005. Research in Homiletics, in Gröninger & Soon (ed) 2005:80-89.

Jonker, W D 1989a. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *NGTT* 30:288 - 299.

Jonker, W D 1989b. *Uit vrye guns alleen*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Joubert, J 2003. The function of the decalogue in liturgy. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 18:43 -83.

Joubert, S 2000. *Wees Geestelik Fiks. 'n Oefenprogram vir derde-millennium-Christene*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joubert, P 2005. Prediking in 'n postmoderne konteks. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Kloppers, E 2003. Die erediens as 'n omvattende kunswerk – as Gesamtkunstwerk. *NGTT* (44):80 – 87.

Kock, S 2005. Homoetical experience in China, in Gröninger & Soon (ed) 2005:163-171.

König, A 1986. *Die doop as kinderdoop en grootdoop*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Lamanna, M A & Riedmann A 1991. *Marriages and Families making choices an facing change*. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Le Roux, J 2001. *Regtig! Reguit! Radikaal! Wegwysers vir tieners om te leef vanuit Jesus se opstandingskrag*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Le Roux, J 2 Februarie 2004. Verhouding Teologie en Spiritualiteit. Ongepubliseerde lesing by Predikante Konferensie.

Lion-Cachet, F N 1995. Die spektrum en dinamiek van die Gereformeerde teologie. *In die Skriflig* 29(1&2):29-46.

Lloyd-Jones, D M 1994. *Prediking en predikers*. Utrecht: Uitgeverij "De Banier".

Long, T G 1986. *The Senses of Preaching*. Atlanta: John Knox Press.

Long, T G 1989. *The Witness of Preaching*. Louisville: Westminster / John Knox Press.

Long, T G 1994. The Biblical writers as poets and artists, in Vos (ed) 1994b:101-127.

Long, T G 2001. *Beyond the Worship Wars. Building Vital an Faithful Worship*. The Alban Institute.

Lose, D J 2003. *Confessing Jesus Christ. Preaching in a Postmodern World*. Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Louw, D A 1982. *Inleiding tot die Psigologie*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Louw, D J 1989. *Gesinsverryking*. Pretoria: Academica.

Louw, D J 2005. Geloofsvolwassenheid en Christelike spiritualiteit binnde die knyptang van prestasiedruk tydens vroegbejaardheid. *In die Skriflig* 39(3):423-439.

Malaka, D 2005. Families are the core of Society: Sustain and strengthen family life - a partnership initiative in *Report: International Conterence 01-04 March 2005, Durban – South Africa 2005:10 - 16*.

Manual for Marriage Preparation and Marriage Enrichment. February 2007. Republic of South Africa: Department: Social Development.

Marais, F & Marais, A 2002. *Familie is 'n werkwoord*. Wellington: Lux Verbi BM.

Marais, F 2002. Die driejaar Familiële gemeente-proses in 'n neutedop. Ongepubliseerde brief op 18 Julie 2002 aan deelnemende gemeentes aan die Familie-Gemeente Projek.

Marais, JF s.j. Riglyne vir gespreksvoering oor families. Ongepubliseerde gespreksdokument oor familie-konsensus.

Marais, W 2001. *Aktuele sake*. Goodwood: NBD.

McGarth, A E 1999. *Christian Spirtuality*. Australia: Blackwell Publishing.

Merton, T 1981. *Meditation on liturgy*. London & Oxford: Mowbray.

Mueller, C & Graf, C 2005. Homiletics as Theological discipline, in Grösinger & Soon (ed) 2005:62-79.

Müller, J 1983. Die homilie as wyse van eietydse prediking. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie Afdeling B.

Müller, J 1987. Vastheid, variasie en kreatiwiteit in die liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3 Perspektiewe op die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Müller, J 1990. *Die erediens as fees*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Müller, J 2002. *Gesinne van binne*. Bloemfontein: CLF Drukkers.

National Family Policy (Final Draft Version), February 2006. Department of Social Development. Pretoria.

Naudé, P 2004. *Drie maal een is Een*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Naudé, P 2006. Om na God te luister ... *Kruisgewys 5(3):5-6*.

Nell, I A 1996. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die vormgewing van die preek. Ongepubliseerde DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Nel, I 2005. Die prediker as Skrifgeleerde! *Kruisgewys 5(1):20-30*.

Nel, M & Thesnaar, C 2006. Theologically informed and culturally relevant youth ministry. *Practical Theology in South Africa 21(2):90-112*.

Nel, M 1982. *Jeug en Evangelie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Nel, M (ed) 1985. *Kerkjeug antwoord*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Nel, M 2001a. *Ek is die verskil*. Bloemfontein: CLF Drukkers.

Nel, M 2001b. *Jeug-bediening 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Bloemfontein: CLF-Drukkers.

Nel, M. 2002. Die missionêre koers van 58 gemeentes in Suid-Afrika. 'n Empiriese verslag. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1):54-75.

Nel, M 2004. As ons gemeentes wil opbou, moet ons anders lei. *Kruisgewys* 4(1): 27-28.

Nel, M 2006. *Stories van Hoop. Gemeentes wat in hulle konteks 'n verskil maak en hoop bring*. Vereniging: CUM Uitgewersmaatskappy.

Nel, M J 2006. "Wie is my moeder en my broers?" – Familiële gemeentes in die lig van die Nuwe Testament. Ongepubliseerde lesing.

Newton, M 1995. *Adolescence: Guiding youth through the perilous ordeal*. New York: WW Norton & Company, Inc.

Nickols, L 2004. Liturgie vir die kleuterkerk met die oog op 'n Godsbeleving. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Nicol, M 2005. *Ein anderins Bild setzen. Dramaturgische Homiletik*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Nicol, M & Deeg, A 2005. *Im Wechselschritt zur Kanzel. Praxisbuch Dramaturgische Homiletik*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Nicol, W 2004. Die meditatiewe spiritualiteit. Ongepubliseerde lesing by Predikante Konferensie gehou op 2 Februarie 2004 te Pretoria.

Olson, R P & Leonard, J H Jr 1996. *A new day for family ministry*. Alban Institute.

Opperman, R & Snyman, F 2005. *Ervaringsleer kook*. Pretoria: Groep 7 Drukkers en Uitgewers BK.

Oskamp, P & Schuman, N (eind. red.) 1998. *Die weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Osiek, C & Balch, D L 1997. *Families in the New Testament World, Households and House Churches*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Pecklers, K S J (ed) 2003. *Liturgy in a postmodern world*. London: Continuum.

Perdue, L G et al 1997. *Families in Ancient Israel*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Peters, T 1996. *For the Love of Children. Genetic Technology and the Future of the Family*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Pieterse, H J C & Wester, F 1995. *Communication style. Desmond Tutu's message. A qualitative analysis*. GA Kampen: Kok Pharos Publishing House.

Pieterse, H J C, Greyling, S & Janse van Rensburg, H 2004. Die implikasies van P. Ricoeur se handelings-teorie vir die homiletiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika (19):89-115*.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en Prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 1986. *Verwoording en Prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H J C 1988. *Die Woord in die werklikheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 1990. A Dialogical Theory of Communication from a Practical Theological Perspective. *The Evangelical Quarterly. An International Review of Bible and Theology* 62(3):223-240.

Pieterse, H J C 1991. *Gemeente en Prediking*. Halfweg House: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 1993a. Die probleem van normatiewiteit en rasionaliteit in die beoefening van Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(2):197-203.

Pieterse, H J C 1993b. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, H J C 1994. A word being heard, in Vos (ed) 1994b:2-16.

Pieterse, H J C 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: Unisa Uitgewers.

Pieterse, H J C 2005a. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig* 39(3):409-422

Pieterse, H J C 2005b. Hoe kom God aan die Woord in die prediking? 'n Vaste vertrouwe op God se beloftes is teologies noodsaaklik. *Practical Theology in South Africa* 20(2):110-128.

Pieterse, H 2006a. Opponerende beweginge in die veld van die liturgie – 1 November 2006. <http://www.teo.co.za>.

Pieterse, H 2006b. Opponerende beweginge in die veld van die liturgie III – 15 November 2006. <http://www.teo.co.za>

Potgieter, J 2003. *Waardes wat werk. Wenwenke vir almal wat by jongmense betrokke is*. Wellington: Lux Verbi. BM.

Pretorius, W A 2005. Wat doen ons aan ons kinders? – Wie dra wat oor na die volgende geslag? *Practical Theology in South Africa* 20(2):129-139.

Rademeyer, Y 2007. 'n Prakties-teologiese ondersoek na meditatiewe liturgie in die post-moderne konteks. Ongepubliseerde MDiv-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Report: International Conference 01-04 March 2005, Durban – South Africa. Republic of South Africa: Department Social Development.

Ricoeur, P 1976. *Interpretation Theory: Discourse and the surplus of meaning*. Forth Worth, Texas: The Texas University Press.

Ricoeur, P 1984. *Time and narrative. Deel 1*. Chicago: University of Chicago.

Rose, L A 1997. *Sharing the Word: Preaching the roundtable church*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Schoeman, K & Bisschoff, J. Kerkspieël 2004. Verslag van die sewende wetenskaplike opname van die Ned Geref Kerk in Maart 2004 in opdrag van die Algemene Sinode.

Schulze, L F 1995. Inleiding in die grondslag van die gereformeerde teologie. *In die Skriflig* 29(1&2):5-28.

Search Institute Assest list

<http://www.search-institute.org/assests/individual/>

Seifert, K L & Hoffnung, R J. 1987. *Child and adolescent development*. Boston: Houghton Mifflin Company.

Serfontein, A 2005. Lof en aanbidding vernuwing in hoofstroom kerke. *Kruisgewys* 5(1):21-22.

Simmel, G 1971. *On Individuality and Social Forms*. Chicago: The University of Chicago Press.

Smit, D J 1988. Wat is Gereformeerde Spiritualiteit? *NGTT* 29:182 -193.

Smit, D J 1989. Kan Spiritualiteit beskryf word? *NGTT* 30:83 - 94.

Song, C S 2005. Preaching as shaping experience in a world of conflict, in Gröisinger & Soon (ed) 2005:20-41.

Stackhouse, M L 1997. *Covenant & Commitments. Faith, Family, and Economic Life*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Stark, F 2005a. *Proeven van de preek. Een praktisch-teologisch onderzoek naar de preek als Woord van God*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Stark, F 2005b. Empirical research in the field of Homiletics: asking for the hearers' voice, in Gröisinger & Soon (ed) 2005:90-99.

Strange, W A 1999. *Kinderen in de vroeg-christelike kerk*. Heerenveen: Uitgeverij Barnabas.

Stott, J R W 1982. *I believe in preaching*. London: Hodder and Stoughton.

Strommen, M P & Hardel, R A. 2000. *Passing on the faith*. Winona: Saint Mary's Press Christian Brothers Publications.

Sweazey, G E 1976. *Preaching the Good News*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Sweet, L 1999. *SoulTsunami. Sink or swim in new millennium culture.* Michigan: Zondervan.

Thesnaar, C 2003. Familiebediening – die sleutel tot effektiewe jeugbediening. *Kruisgewys 3(1):18-20.*

Thompson, J D & Van Houten, D R 1970. *The Behavioral Sciences An Interpretation.* Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.

Van Dam, G 2005. *Beyond expression. Approaching the Divine on spiritual guidance for and by pastors.* Lynwood Ridge: Dutch Reformed Church.

Van der Merwe, J 2004. Lewende Erediens – Gedagtes oor praktiese erediensvernuwing. Ongepubliseerde lesing, Universiteit van Oranje Vrystaat gehou op 3 Februarie 2004.

Van der Merwe, J 2005. Eietydse prediking? *Kruisgewys 5(1):27-28.*

Van der Spuy, D 2004. Die Charismatiese spiritualiteit. Ongepubliseerde lesing by Predikante Konferensie gehou op 2 Februarie 2004 te Pretoria.

Van der Ven, J A 1990. *Entwurf einer empirischen Theologie.* Kampen/Weinheim: Kok/Deutscher Studeen Verlag

Van der Watt, S & Thesnaar, C 2005. Verslag aan die Algemene Jeugkommissie van die NGK oor die AJK Familie-Gemeente Projek, in samewerking met BUVTON en die Hugenote Kollege op 16 Mei 2005.

Van der Westhuizen, Z 2000. Die eise wat die postmoderne leefwêreld stel aan die kerk se jeugwerk. Ongepubliseerde lesing.

Van Tonder, B J 2006. Prediking binne die konteks van die hedendaagse gesinserediens. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Van Wyk, C & Simpson, N 2006. *God praat leef luisteryk vir begeleiers*. Wellington: Bybelmedia.

Van Wyk, J H 1995. Die relevansie van die gereformeerde teologie vir vandag. *In die Skriflig* 29(1&2):241-267.

Van Wyk, R P 2002. Prediking aan die jeug in 'n eietydse situasie. Ongepubliseerde DTh-proefskrif, UNISA.

Van Wyk, R 2004. Jeugpredikers is grot-ontdekkers. *Kruisgewys* 4(1):15-16.

Venter, L 2004. As tieners die kerk begin nodig kry. *Kruisgewys* 4(1):12-13.

Victor, K 1996. Nogeens! Die kind se plek is in die erediens! *NGTT* 37(2):238-256.

Viljoen, D J 1995. Die dooplidmaatbediening van die Nederduiste Gereformeerde Kerk 1962 tot 1990. Deel 2. Addendum tot sy proefskrif vir sy DD-graad, Universiteit van Pretoria.

Vos, C & Müller, J 1989. *Geboorte en kindwees*. Pretoria: Orion.

Vos, C J A & Pieterse, H J C 1997. *Hoe lieflik is U woning*. Pretoria: RGN Uitgewers.

Vos, C J A 1994a. The rhetorical mode in preaching, in Vos (ed) 1994b:42-83.

Vos, C J A (ed) 1994b. *Proclaim the gospel*. Pretoria: Etoile.

Vos, C J A 1996a. Homiltiese flitse in die hermeneutiese speël van Paul Ricoeur (1). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(1):58-67.

Vos, C J A 1996b. Homiltiese flitse in die hermeneutiese speël van Paul Ricoeur (2). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(1):68-78.

Vos, C J A 1996c. *Die volheid daarvan I. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Vos, C J A 1996d. *Die volheid daarvan II. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Vos, C J A 1999a. Die towertyd van liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(1):99-126.

Vos, C J A 1999b. The composition of a sermon. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(2):120-128.

Vos, C J A 2005. *Theopoetry of the Psalms*. Pretoria: Protea Book House.

Vos, C J A 2006. Cas Vos se rede. Ongepubliseerde lesing gehou op 31 Januarie tydens die opening van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria.

Vosloo, R 2006. 9.5 Stelling oor luister en vernuwing. *Kruisgewys* 5(3):7.

Van der Watt, J G 2000. *Family of the King. Dynamics of Metaphor in the Gospel according to John*. Leiden: Brill.

Wagner, S J 1983. *Active listening: A tool for increasing sermon effectiveness*. DMin thesis, Drew University, Madison, NJ.

Wagner-Ferreira, E C 2005. 'n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoefte van die tieners in die NG Gemeente Waverley met

spesifieke verwysing na die erediens. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Wepener, C J 2003a. Liturgie en versoening voor die reformasie: 60 – 312 AD. *Praktiese Teologie in SA 18(1):231 – 252.*

Wepener, C 2003b. Liturgie en versoening voor die reformasie: 312 - 600 AD. *Praktiese Teologie in SA 18(2):194 – 208.*

Wepener, C 2004. Liturgie en versoening voor die reformasie: 500 - 1550 AD. *Praktiese Teologie in SA 19:137 - 150.*

Wepener, C 2006. Vergeet om te luister (in die liturgie). *Kruisgewys 5(3):35-36.*

Wester, F. 1995. Derde Druk. *Strategieën voor kwalitatief onderzoek.* Bussum: Countinho.

Wethmar, C 2004. Die tradisionele Gereformeerde beskouing. Ongepubliseerde lesing by Predikante Konferensie gehou op 2 Februarie 2004 te Pretoria.